’n Sterk verhouding bestaan dus tussen demokrasie en vertroue. Dit is egter ’n komplekse en multidimensionele verhouding waar vertroue en wantroue gebalanseer word deur etiese beginsels en demokratiese meganismes soos stemregte, vryheid van spraak, assosiasie en die verdeling van magte, waardeur die vertrouensverhouding voortdurend gekonfronteer word (Warren, 1999:2). Politieke vertroue lei tot goeie regering, wat weer lei tot politieke legitimiteit. Dus word legitimiteit deur die kieserskorps aan die regering toegesê. Blind definieer hier die primêre determinante van legitimiteit as sosiale vertroue, ekonomiese doeltreffendheid en goeie politieke regering wat demokratiese regte ondersteun (Blind, 2006:16-17). Die staat het dus ’n verantwoordelikheid teenoor die kiesersgemeenskap om sy pligte uit te voer in ooreenstemming met die sosiale kontrak wat kiesers met die regerende party sluit, en in lyn met verkiesingsbeloftes. In die geval van postkoloniale demokrasieë waar demokratisering die gevolg is van ’n dekades lange stryd teen outoritêre oorheersing, vervat die sosiale kontrak beloftes van vryheid, gelykheid en ekonomiese voordele. Hierdie regerings kom tot stand met hoë geloofwaardigheid en legitimiteit en met kiesersverwagtinge van uitgebreide ekonomiese en sosiale transformasie. Vertroue in die nuwe leiers is dus aanvanklik hoog. Die doelwitte is egter

² In die studie verwys die term: “transformasionele demokrasie” na ’n demokrasie wat tot stand gekom het as gevolg van ’n bevrydingstryd, en getransformeer het vanaf ’n outokratiese of koloniale regime na ’n konstitusionele demokrasie.

simbolies en aspirasioneel en die uitdaging vir die bevrydingsregering³ is dan om die transformasionele beloftes te realiseer in werklike politieke verandering en sosio-ekonomiese welvaart (Clapham, 2012:4).

Die stabiliteit van die demokrasie word egter in gevaar gestel wanneer daar erosie van kiesersvertroue voorkom. Volgens Blind (2006:5) het kiesersvertroue 'n direkte invloed op die legitimiteit en stabiliteit van demokrasie. Blind (2006:4) omskryf een van die primêre redes vir die afname in kiesersvertroue as kwessie- of taakgerig. Kiesers se vertroue in die regering word beïnvloed deur 'n positiewe of negatiewe perspektief rakende regeringsbeleid en die implementering daarvan. Vertroue sluit die kieser se evaluasie van die suksesse of mislukkings van die totale politieke sisteem of regering, as instansie, in. Volgens Putnam (1994:9) word kiesersvertroue gebou deur 'n regering wat responsief en doeltreffend is. Eerstens word die afname in kiesersvertroue dus, op 'n makro- of institusionele vlak, hoofsaaklik aangedryf deur die negatiewe persepsie wat kiesers het van die uitvoering van regeringsbeleid en -proses. Hier word verwys na mislukte sosio-ekonomiese programme en beloofde doelwitte wat nie bereik is nie. In die geval van transformasionele demokrasieë is die oorskakeling van vryheidsbeweging na 'n doeltreffende en verteenwoordigende demokratiese regering, as 'n reël, nie onmiddellik suksesvol nie (Clapham, 2012:8), aangesien die uitdagings van demokratiese staatsbestuur dikwels bots met die vereistes en beginsels van die oorspronklike vryheidstryd. Oor 'n tydperk word die simboliese doelwitte vervang deur die behoefte aan meer tasbare, materiële resultate en 'n verskuiwing vind plaas in die kieserspubliek se verwagtinge. Die bevrydingsregering word dus ook dan toenemend beoordeel op prestasie en resultate.

Tweedens word kiesersvertroue ook verbind met 'n individuele of persoonlike komponent (Blind, 2006:4). Kiesers se vertroue in die regering word bepaal deur die vertroue wat die kieser in sekere individuele politieke leiers binne die regeringsopset het. Volgens Citrin (soos aangehaal deur Blind, 2006:4) vertrou of wantrou kiesers die regering vanweë 'n individuele of persoonsgerigte perspektief wat die kieser teenoor sekere politieke leiers binne die regeringsopset het. Warren (soos beskryf deur Blind, 2004:5) verwys ook na die psigologiese komponent inherent in kiesersvertroue. Kiesers wys sekere morele waardes en eienskappe toe aan 'n regering, politieke instansie en individuele politieke leiers. Hier word etiese faktore, soos eerlikheid en integriteit, in ag geneem. Vertroue in die regering beteken dus regeringsinstansies en politieke leiers se gedrag, openbare optrede en kommunikasie word gemeet teen ideologiese en morele standaarde soos opregtheid, regverdigheid en bekwaamheid. In die geval van 'n transformasionele demokrasie eien leiers hulself dikwels die reg toe om te regeer. Ramphela (2012) staaf hierdie stelling as volg:

³ Verskeie lande in Afrika dien as voorbeeld, soos Ghana, Zimbabwe, Angola, Rwanda, Eritrea en ander. Clapham (2012:3) beklemtoon: *"Nowhere in Africa, however, has a liberation movement transformed itself seamlessly into a national government"*.

“The equality principle within a democracy is often undermined by a sense of entitlement to govern because one was once, and in sentiment remains, a member of the liberation movement on the one hand and a person aggrieved by old regimes on the other.”

Die voormalige leiers van bevrydingsbewegings beskou hulself as die natuurlike leiers van regerings in die post-bevrydingsera. Hierdie ingesteldheid lei tot die magismisbruik, nepotisme en wanadministrasie en eindelik tot die afbreuk aan vertroue in dieselfde leiers wat gedurende die vryheidstryd as helde vereer was.

Derdens word politieke doeltreffendheid ook as 'n belangrike komponent van kiesersvertroue uitgewys. Volgens Lane (soos aangehaal deur Harder, 2008:1) bestaan politieke doeltreffendheid uit twee elemente: 1) interne politieke doeltreffendheid, wat die kieser se vertroue in die regering behels en die oortuiging dat hy/sy politieke gebeure kan beïnvloed en 2) eksterne politieke doeltreffendheid, wat verwys na die persepsie wat die kieser het van die responsiwiteit van die verkose verteenwoordiger teenoor openbare kwessies. Lae politieke doeltreffendheid impliseer lae vlakke van kiesersvertroue en dit het weer 'n hoë korrelasie met sekere tendense in kiesersgedrag en veral stempatrone en stemopkoms. Wanneer kiesers glo dat hul stem werklike verandering kan meebring en hulle as agente van verandering kan optree, is kiesergetalle tydens verkiesings hoër.

Vierdens kan die erosie van kiesersvertroue in ontwikkelingsdemokrasieë ook toegeskryf word aan verskuiwings wat plaasvind in die langtermyn politieke landskap, soos die kiesers se veranderende sosio-ekonomiese behoeftes en ideologiese instelling. Hierdie veranderinge vind veral plaas as gevolg van verstedelikingsprosesse, verbetering van opvoedingsvlakke en die vestiging van 'n sterker middelklas (een van die uitvloeisels van verstedeliking). Clapham (2012:10) noem dit “generational changes”, oftewel die veranderende waardes en behoeftes in die gemeenskap, wat aan die daarstelling van 'n jonger kiesersgenerasie toegeskryf kan word. Hierdie vrygebore (“born free”)⁴ generasie toon geen of min belangstelling in politieke retoriek wat verwys na 'n historiese vryheidstryd nie.

Vertroue word dus 'n omvattende aanwyser van burgers se persepsie van die regering. Keele (2004:29) noem kiesersvertroue die “barometer” van politieke prestasie en van regeringsreaksie teenoor openbare behoeftes. Ramphele (2012) onderskei tussen vryheidspolitiek en demokratiese politiek en beklemtoon dat die transformasie na 'n ware oop gemeenskap en 'n veelparty-demokrasie 'n paradigmaverskuiwing behels, wat beteken dat die leiers vryheidspolitiek moet aflê ten gunste van werklike sosio-ekonomiese hervorming, waar die behoeftes van landsburgers, in plaas van die leier, sentraal geplaas word in die politieke proses.

⁴ Die benaming “born free” oftewel vrygebore word gegee aan 'n persoon wat ná die einde van die apartheids-era gebore is, of grootgeword het (Collins Dictionary, 2016).

Die doel van die studie is dus om kiesersvertroue as verskynsel in die Suid-Afrikaanse demokrasie te ontleed, teen die agtergrond van 'n neo-liberale⁵ demokrasie met die vereistes en eienskappe van 'n ontwikkelingsstaat. Die historiese erfenis van apartheid en koloniale regerings in Afrika en die transformasie na demokrasie, die bevrydingstryd en die impak van die vryheidspolitiek met sy verouderde politieke vryheidsagenda, sal ontleed word as deel van die komplekse aard van kiesersvertroue in die plaaslike milieu. Daar sal ook spesifiek klem gelê word op die sosio-ekonomiese verantwoordelikheid en rol van die staat as legitieme uitvoerder van historiese verkiesingsbeloftes en beloofde ontwikkelingsinisiatiewe (die sosiale kontrak). Die toename van kiesersvertroue in die eerste dekade (1994 tot 2004) sal geklompstaposisioneer⁶ word met die waarneembare erosie van kiesersvertroue in die tweede dekade (vanaf 2005 tot 2017), en die moontlike oorsake daarvan sal ontleed word.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Ofskoon dit debatteerbaar is, kan die Suid-Afrikaanse politieke bestel in vele opsigte beskryf word as 'n ontwikkelingsdemokrasie, waar die regering pro-aktief betrokke moet wees by ontwikkelingsinisiatiewe ten bate van die bevolking. Fritz en Menocal (2007:533) definieer 'n staat as ontwikkelingsstaat wanneer die regering die visie, leierskap en kapasiteit besit om positiewe transformasie binne 'n bepaalde tydperk teweeg te bring.

In die geval van Suid-Afrika (SA) was die eerste dekade van konstitusionele demokrasie gekenmerk deur optimisme oor die land se politieke toekoms. Ondersteuning vir regeringsliggame, sosio-ekonomiese programme en politieke leiers, op nasionale en plaaslike regeringsvlakke, was sterk. In 1994 is die regerende party, die African National Congress (ANC), met 'n meerderheid van 62,65% op nasionale vlak verkies (ANC, 1994b). Tot en met 2004 is steun vir die regerende party gekenmerk deur 'n geleidelike toename (7,31%) na 69,69% (IEC, 2004). In die plaaslike verkiesings van 2000 en 2006 is daar ook 'n toename in regeringsteun op munisipale vlak van 6,9%. Hierdie toename in steun kan toegeskryf word aan suksesse behaal met regeringsprogramme soos, onder andere, die Heropbou- en Ontwikkelingsplan (HOP) en die Growth and Redistribution Program (GEAR) soos gerapporteer in die ANC verkiesingsmanifes (ANC, 2004). In die manifes word uitgebreide verbeterings in terme van algemene dienslewering, behuising, gesondheidsdienste en die onderwys as suksesse uitgelig, met ook aansienlike toename in welvaarttoelae. Ekonomiese groei teen 'n tempo van 2,8% per jaar (ANC, 2004) en die totstandkoming van 'n swart, goedopgeleide middelklas dra by tot sosiale kohesie en politieke

⁵ Harvey (in Thorson, 2009:12) definieer neo-liberalisme as: *"a theory of political economic practices that proposes that human well-being can best be advanced by liberating individual entrepreneurial freedoms and skills within an institutional framework characterised by strong private property rights, free market and free trade. The role of the state is to create and preserve an institutional framework appropriate to such practices"*.

⁶ Jukstaposisioneer: die handeling van naas mekaar plaas (HAT, 1992) vir die doeleindes van vergelyking of kontras (Vocabulary.com Dictionary, 2016).

stabiliteit. SA word ook in die internasionale gemeenskap op diplomatieke, politieke en ekonomiese gebied suksesvol geherintegreer.

In die dekade sedert 2004 wil dit egter voorkom asof kiesersvertroue in die regerende party begin taan. Sedert die nasionale en plaaslike verkiesing van onderskeidelik 2009 en 2011, is daar duidelike tekens dat kiesersteun vir die regerende party se beleid- en implementeringstrategieë geleidelik besig is om af te neem. Die ANC behaal in die nasionale verkiesing van 2009 slegs 65,90% van stemme, wat 'n afname van amper 4% verteenwoordig sedert 2004 (IEC, 2009). Met die 2014 verkiesing daal die ANC se meerderheid met 'n verdere 3,75% tot 62,15%. (IEC, 2014a). Op provinsiale vlak word die ANC in 2009 in die Wes-Kaap deur die DA verslaan (ISS, 2014). In 2014 neem steun vir die ANC in Gauteng ook af, waar die regerende party slegs 54,92% van die stemme verkry – 'n 10%-afname sedert 2009 (IEC, 2014a). Vertroue in die ANC begin ook op plaaslike regeringsvlak 'n afwaartse neiging toon wat manifesteer in die 2011 plaaslike verkiesings met 'n oorhoofse daling in steun vir die ANC van ongeveer 3% tot 63,65% (IEC, 2011). ANC-lidmaatskap het ook in die bestek van drie jaar (2012-2015) met 37 % afgeneem (ANC, 2015).

Die uitslae van die 2016 plaaslike verkiesings versterk die argument dat daar 'n beduidende afname in kiesersvertroue voorkom. Martin en Moss (2016) rapporteer ná die munisipale verkiesing in Augustus die volgende statistieke: Die ANC verloor landswyd ongeveer 8% steun vanaf 61,95% in die 2011 plaaslike verkiesing tot 53,91% in 2016 en word verslaan in 16 munisipaliteite. In al nege provinsies verloor die ANC steun, behalwe in KwaZulu-Natal waar steun slegs met 1% toeneem. Kiesersdeelname neem ook af in sekere metro-gebiede soos Gauteng waar 22% minder stemme uitgebring word as in 2011 en dus 'n weerspieëling gee van die huidige apatie wat onder kiesers in verskeie areas voorkom. Die OVK (IEC, 2014c:36) rapporteer in hul oorsig van 2014 se nasionale verkiesingsuitslae dat Suid-Afrikaners onder andere: 1) toenemend besorg is oor die funksionering van die demokrasie; 2) voel dat die demokratiese realiteit/uitkoms tekortskiet teenoor die ideaal; 3) voel dat kiesers redelike lae vertroue openbaar in politieke instansies soos nasionale en plaaslike regering, parlement en politieke partye; en 4) krities is teenoor huidige politieke leierskap. Die OVK-verslag (IEC, 2014c:1) noem verder dat institusionele vertroue (in die oorhoofse politieke sisteem) 'n jaar- ná-jaar afname toon. Vertroue in die nasionale regering neem vanaf 61% in 2009 af tot 44% in 2013. Slegs 44% van kiesers vertrou hul provinsiale regering en ongeveer 'n derde (34%) vertrou hul plaaslike regerings. Net ongeveer 25% van kiesers het vertroue in hul politieke partye (IEC 2014c:1). Hierdie tendens word in 2016 se munisipale verkiesingsuitslae weerspieël waar die ANC in 27 munisipaliteite minder as 50% stemme behaal (Nhlabati, *et al.*, 2016:4).

Dit is dan ook die kerndoelwit van hierdie navorsing om vanuit 'n holistiese oogpunt die aard, oorsake en gevolge van die erosie in kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse politieke landskap in

oënskou te neem. Eerstens word die huidige Suid-Afrikaanse demokrasie ontleed teen die agtergrond en konteks van vryheidsideologieë en strydpolitiek in Afrika en die komplekse oorgang van bevrydingsbeweging na demokratiese regering. Die kwynende relevansie van historiese strydpolitiek word ook as 'n moontlike oorsaak vir die afname in kiesersvertroue bespreek. Tweedens word daar in die navorsing gefokus op die prosedurele en substantiewe verpligtinge wat die staat teenoor die bevolking het (die sosiale kontrak). Voortvloeiend, en derdens, sentreer die navorsing rondom die hoë vlakke van kiesersvertroue in die dekade 1994 tot 2004 en die omvang van, en moontlike redes vir, die geleidelike afname in kiesersvertroue in die regerende party ná 2004. Daar word spesifiek verwys na die stand van grondwetlike regte soos sosio-ekonomiese ontwikkeling, algemene dienslewering en die wyse van besteding van staatsfondse, sowel as vertroue in politieke leierskap, as moontlike oorsake van politieke onstabilliteit en ontevredenheid onder kiesers. Ter afsluiting, word die navorsing vernou tot 'n vooruitskouing van die ontvouing van die politieke landskap ná afloop van die Augustus 2016 plaaslike verkiesings in Suid-Afrika. Die probleemstelling kan dus in die volgende kernvraag saamgevat word: Tot watter mate kan die merkbare erosie in kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse regering toegeskryf word aan die ideologiese migrasie van kiesers weg van historiese bevrydingspolitiek, die ondoeltreffende implementering van regeringsbeleid, voortgesette sosiale ongelykhede en die afname in geloofwaardigheid van politieke leiers?

1.4 TEORETIESE ONDERBOU VAN DIE NAVORSING

In die studie word spesifiek gekyk na die faktore wat kiesersvertroue binne 'n ontwikkelingsdemokrasie, soos Suid-Afrika, beïnvloed en die onderliggende redes vir wisselende en selfs dalende vlakke van kiesersvertroue tussen die twee tydperke 1994 tot 2004 en 2005 tot op hede. Om die teoretiese grondslag van hierdie studie te ondersteun, word verskillende ideologieë en benaderings tot demokratiese prosesse, die rol van die staat en die eienskappe van kiesersvertroue bespreek, veral met betrekking tot ontwikkelende demokrasieë, waar die regering 'n meer ingrypende en verantwoordelike rol speel in die uitvoering van regeringsprogramme en beleid. Teorieë rondom transformasie in postkoloniale demokrasieë, word ook in verband gebring met kiesersvertroue.

1.4.1 Teorieë oor demokrasie

Verskeie teorieë oor demokrasie word bespreek. Die begrip demokrasie word omskryf en elemente van demokrasie, wat vertroue bevorder, word uitgelig. Warren (1999:158) beskryf die kern van die demokratiese gemeenskap as een met gedeelde waardes, 'n gemeenskaplike politieke kultuur, volkome gelykheid, en 'n gemeenskaplike doelwit. Morlino (2002:4) beklemtoon magsdeling, deelname, gelykheid voor die reg, burgerskap, politieke gemeenskap, vryheid, sowel as sosio-ekonomiese welsyn van burgers as integrale eienskappe van 'n stabiele

demokrasie. Teorieë wat handel oor die vertrouensverhouding tussen regering en landsburgers as waarborg vir 'n legitieme, stabiele demokrasie, word ook beklemtoon. Ter aansluiting hier, onderskryf Inglehart (1999:96-109) ekonomiese ontwikkeling, subjektiewe welsyn van kiesers en verskeie kulturele faktore as imperatief tot die langtermyn stabiliteit van die demokrasie. Liberale demokratiese benaderings word in verband gebring met die regte, vryhede en welsyn van burgers binne die demokrasie, soos die beskerming van die individu deur die grondwet (Heywood, 2013:32,338), en oppergesag van die reg (Blind, 2006:16). Die sosiale kontrakteorie word beklemtoon as die basis van demokratiese ideologie en die verskillende teoretiese benaderings tot die sosiale kontrak word onder die soeklig geplaas deur Nyamaka (2011), Rauth (2008) en Fieser en Dowden (2017). Zybrands (2014:139) beklemtoon dat die mandaat wat aan die politieke verteenwoordiger gegee word ten alle tye die belange van die kiesersgemeenskap moet bevorder en beklemtoon die aanspreeklikheid en toerekenbaarheid van verkose verteenwoordigers. Dahl (in Krouse, 1982) klassifiseer moderne demokrasie as 'n "polyarchy" (veelhoofdige regering) met klem op soewereiniteit, gelykheid, meerderheidsregering en deelname. Dahl (1999:9) bespreek ook die globale tendens rondom die afname in vertroue in moderne demokratiese institusies en die paradoks wat daardeur geskep word, aangesien demokrasie universeel steeds as die verkose vorm van moderne regering beskou word. Moderne teoretiese beskouings oor demokrasie lig die prosedurele en substantiewe aspekte van demokrasie uit en onderskei tussen demokratiese prosesse en institusies, teenoor die menslike, of deelnemende aspekte van demokrasie (De Jager, 2015). Diamond en Morlino (2004) sluit hierby aan in hul bespreking rondom die vereistes vir 'n "kwaliteit" demokrasie en beklemtoon prosedurele vereistes soos vertikale en horisontale toerekenbaarheid, en substantiewe kwaliteite soos respek vir burgerlike en politieke vryhede. Al die bogenoemde teorieë word direk in verband gebring met die studie.

Die verhouding tussen demokratiese regering, ekonomiese groei en sosiale kapitaal word deur Keele (2004:3-8) uiteengesit. Blind (2006:17) onderskryf die belangrikheid van betroubare institusionele strukture en 'n markgerigte ekonomie. Volgens hierdie teorieë beïnvloed die distribusie van rykdom die aard van die staat en die struktuur van die gemeenskap (Heywood, 2013:33). Demokrasie word ook as 'n dinamiese proses ontleed en die eienskappe van transformasionele, welvaart- en ontwikkelingsdemokrasieë word uitgelig (Meyer & Van der Elst, 2014:79, 81, 82). Hierdie teorieë is toepaslik waar postkoloniale demokrasieë tot stand kom en beduidende ongelykhede op ekonomiese en sosiale vlak oorkom moet word. Neo-liberale teorieë, soos bespreek deur Thorson (2009:2-25), en sosiaal-demokratiese teorieë, soos uitgelig deur Berman (2005:2-38) word ook aangeraak.

Teorieë rondom bevrydingsideologieë en die totstandkoming van postkoloniale demokrasieë in Afrika vorm 'n belangrike deel van die teoretiese basis van die studie. Nelson (2012:534, 535), haal drie toonaangewende teoretiese benaderings van Welzel (2006) aan in die studie van

demokratisering en die suksesvolle oorgang na demokrasie. Eerstens word die politieke-kultuur teorie onderskei, wat die standpunt ondersteun dat die sukses van demokratisering primêr bepaal word deur die ingesteldhede van die burgers jeens die proses. Tweedens noem hy die elite-keuse teorie wat voorstaan dat die sukses of mislukking van 'n demokratiseringsproses grootliks bepaal word deur die wyse waarop die elite die proses hanteer en bestuur, en derdens word strukturele teorieë voorgehou wat die sukses of mislukking van die proses beskou as 'n funksie van die gemeenskap se makrostrukturele eienskappe soos, onder andere, vlakke van sosio-ekonomiese ontwikkeling en interne sosiale en etniese verdelings. Melber (2003, 150-154) behandel die uitdagings betrokke by die oorgang van bevrydingsbeweging na legitieme regering in 'n postkoloniale demokrasie en (Clapham, 2012:3) maak die stelling dat die leiers van bevrydingsbewegings nie daarin slaag om suksesvolle demokratiese regerings te vorm nie. Aspekte soos politieke en ekonomiese gelykheid, legitimiteit, die sentrale belang van 'n grondwet wat regte en vryhede beskerm, verteenwoordigende institusies en 'n kompeterende veelparty sisteem, word in verband gebring met die huidige beperkings en geleenthede van demokratiese regering in Afrika (Southall, 2003:59, 60).

1.4.2 Teorieë oor die rol van die staat

Teorieë oor die rol van die staat in 'n demokratiese bedeling word uitgelig (Heywood, 2013:67-71). Staatsvorme soos die ontwikkelingstaat, sosiaal-demokratiese en welsynstaat word bespreek, met spesifieke verwysing na die relevansie van hierdie staatsvorme tot die studie (Berman, 2005:2-38). Die herdistribusie van inkomste en die herstel van die wanbalanse en ongelykhede van 'n vryemarkstelsel vorm deel van die sosiaal- demokratiese fokus sowel as die konsep van Keynesianisme⁷. Die belangrike eienskappe van 'n grondwetlike demokratiese staat, soos soewereiniteit en legitimiteit, word ook teoreties in verband gebring met die studie sowel as die beskouing dat die staat 'n korporatiewe entiteit is wat deur die burgerlike gemeenskap geskep word (Kukathas, 2008). Teorieë oor die rol van die staat en die regbank, sowel as die rol van etiek in die staatsbestel, en die verantwoordelikheid van die regering as die regmatige uitvoerder van staatsbeleid en proses word bespreek. Daar word sterk klem gelê op die prosedurele en substantiewe dimensies van staatspligte, (Morlino, 2002:3) en (Kotze, 2015:3). Blind (2006:19) beklemtoon die rol wat regsreël, 'n onafhanklike regbank, vrye en regverdige verkiesings, legitieme parlementêre prosesse en 'n gesonde burgerlike gemeenskap in die proses van goeie regering speel. Die verhouding tussen die staat en regering in 'n ontwikkelende demokrasie word uitgelig (Gumede, 2009:9). Die sosio-ekonomiese rol van die staat word bespreek, sowel as die

⁷ Keynesianisme: Die teorie van John Maynard Keynes behels die verwerping van die beskouing dat die mark optimaal funksioneer wanneer die staat geen rol daarin speel nie, en erken daar bestaan 'n behoefte dat staatsintervensie nodig mag wees om ekonomiese krisisse te vermy wat die demokrasie mag bedreig (Berman, 2005:17).

aspekte rondom die ingrypende rol van die staat, (Meyer & Van der Elst, 2014:77). Venter (2014:85) lig vier kollektiewe funksies van die staat uit, naamlik beheer, sekuriteit en beskerming, ekonomiese funksies en herdistribusie. Hierdie beginsels geld op nasionale sowel as plaaslike regeringsvlak. Teorieë oor transformasionele state waar vryheidsbewegings, as die nuwe regeerders, die outokratiese dispensasies moet vervang met 'n liberale demokratiese staatsbestel, behandel grootliks die uitdagings om die beloftes van transformasie te realiseer in suksesvolle regeringsprogramme soos belowe in die vryheidstryd (Clapham, 2012:10).

1.4.3 Teorieë oor kiesersvertroue

Die sterk verband tussen politieke vertroue en die handhawing van gemeenskaplike en kulturele etiese waardes word deur verskeie teoretici beklemtoon. Op makrovlak word etiese leierskap gedefinieer as die handhawing van waardes en Brown (soos aangehaal deur Dames, 2007), definieer etiese leierskap as regverdigde regeringsbestuur waardeur die doelstellings, wat in verkiesingsveldtogte aan kiesers belowe is, tot uitvoer gebring word. Teorieë rondom die sosiale kontrak as 'n kontrak van vertroue ondersteun die konsep dat dit eties teenproduktief is vir regeringsamptenare om in eiebelang op te tree en die waardes van die gemeenskap in gevaar te stel (Dames, 2007), aangesien die welsyn van die demokrasie daardeur beskadig word. Die beginsel van 'n grondwet word geïdentifiseer as die etiese raamwerk waarteen die demokratiese regering gemeet word en is direk van toepassing op die studie (Girardin, 2012:47). Verskeie teorieë rondom kiesersvertroue in regeringstrukture word deur Girardin uitgelig, onder andere Max Weber se teorie wat onderskryf dat regerings verantwoordelik en toerekenbaar gehou moet word vir resultate en nie beloftes nie (Girardin, 2012:51). Volgens Girardin (2012:98) behels doeltreffende regering toerekenbare bestuur van beleid en strategie, openbare administrasie, besluitneming en vrye verkiesings. Dit sluit aan by teorieë rakende die dinamiese faktore binne die demokrasie wat kiesersvertroue bou en Keele (2004:4-5) beklemtoon dat kiesersvertroue bepaal word deur die aksies van politieke leiers, persepsie van regeringsprestasie en ekonomiese welvaart. Hy som vertroue op as 'n refleksie van regeringsprestasie en kom tot die gevolgtrekking dat:

“The link between trust and government performance is grounded in basic concepts of democratic representation and accountability. Each citizen grants decisionmaking power to an elected politician under the implicit contract that the representatives will accomplish goals of good policy, peace and sound economic stewardship” (Keele, 2004:5-6).

Blind (2006:4) sluit hierby aan en baseer kiesersvertroue in die regering op die kieser se tevredenheid rakende suksesse en mislukkings in die uitvoering van spesifieke, beloofde regeringsbeleid. Kiesersvertroue word ook gemeet in terme van die persoonlike perspektief wat die kieser het teenoor sekere politieke leiers (Citrin, 1974:974-975), en die geloofwaardigheid wat kiesers heg aan die verkose regering as 'n geheel. Morele waardes en eienskappe word

toegewys aan 'n regering, politieke instansies en individuele politieke leiers en hulle word beoordeel volgens etiese faktore soos eerlikheid en integriteit (Blind, 2004:5). Dit sluit regeringsinstansies en politieke leiers se gedrag en optrede in sowel as ideologiese standaarde soos opregtheid, regverdigheid en bekwaamheid (Warren, 2006, soos aangehaal in Blind, 2004:5). Teorieë oor politieke doeltreffendheid word ook verbind aan wisselende vlakke van kiesersvertroue en behels die beskouing dat die kieser geloofwaardigheid moet kan heg aan sy stem-aksie. Die kieser moet kan glo dat hy/sy deur gereelde vrye verkiesings politieke gebeure kan beïnvloed en dat die regering deurlopend doelmatig en in die belang van kiesers optree om aandag aan hul kwessies te gee (Lane, soos aangehaal in Harder, 2008:1). Hierdie teorieë hou direk verband met die studie. Aansluitend by bogenoemde teorieë word die beskouings rondom bevrydingsbeloftes wat deur leiers van bevrydingsbewegings aan volgelinge gemaak word, as 'n belangrike faktor in die evaluasie van kiesersvertroue voorgehou. Die retoriek van bevryding is net tydelik van toepassing en word later vervang met die realiteit dat materiële voordele die sentrale behoeftes van die gemeenskap vorm, en dat kiesersvertroue begin afneem wanneer die regering nie hierdie dienste lewer soos beloop nie. Hierdie beskouing sluit aan by Keele (2004:6, 7) se teorie dat vertroue dinamies is en dat veranderinge in die gemeenskapsbron, of politieke gemeenskap, sowel as regeringsprestasie, direk verbonde is aan wisselende vlakke van kiesersvertroue.

Die drie oorvleuelende dimensies van kiesersvertroue, naamlik politieke, institusionele en interpersoonlike vertroue, word dus geïnterpreteer in die makro-, meso- en toepassingsvlakke van die demokrasie.

Verskeie teorieë oor identiteit en veral die definiëring van die eienskappe van politieke kultuur word ook met kiesersvertroue verbind. Die uitlewing van kultuur, identiteit en subjektiewe geluk (Inglehart, 1999:105-107), en die samesmelting van hierdie faktore skep 'n gemeenskaplike kultuur van welsyn en vertroue waarbinne die demokrasie funksioneer en bekragtig word.

Die belangrikheid van sosiale kapitaal⁸, of gemeenskapsbronne, word deur verskeie teoretici uitgelig: Vertroue word gegenereer vanuit die gemeenskap (Warren, 1999:15). Die ekonomiese sukses in die gemeenskap is ook afhanklik van die samewerking tussen gemeenskapslede en vertroue is dus hier ook van kardinale belang: *“Trust may make a society healthy and wealthy”* (Uslaner, 1999:126). Politieke deelname en samewerking deur 'n sterk burgerlike gemeenskap is nodig om kiesersvertroue te bou en legitimiteit van regeringsamptenare op plaaslike en nasionale vlak te verseker. Suksesvolle kollektiewe aksie in 'n demokrasie is afhanklik van die vertroue en samewerking wat in burgerlike gemeenskappe gegenereer word. Die toewyding van

⁸ Die term “sosiale kapitaal” verwys na die sosiale verbindings, netwerke en interpersoonlike vertroue wat in gemeenskappe bestaan (Putnam, 1993, in Keele, 2004: 8). Volgens Keele dra elke dimensie van sosiale kapitaal by tot vertroue in die regering.

kiesers aan die demokratiese proses is instrumenteel in die proses van demokratiese konsolidering en die sukses van die demokrasie is dus afhanklik van kiesersondersteuning vir demokratiese prosesse. Kotze (2015b:255) haal die term “democratic fatigue” aan, wat grootliks die gevolg is van kiesers se kollektiewe ontevredenheid met regeringsprestasie en on vervulde kiesersbeloftes. Die effek van hierdie demokratiese vermoeidheid op kiesersvertroue word deurgaans in die studie uitgelig.

1.5 NAVORSINGSVRAE EN DOELSTELLINGS

Voortvloeiend uit die bogenoemde probleemstelling en teoretiese onderbou, word die volgende navorsingsvrae hieronder gestel:

- Wat is die rol van die staat in verskillende demokratiese bedelings en waarom is kiesersvertroue belangrik vir die doeltreffende funksionering van die demokrasie?
- Watter invloed het die bevrydingstryd op demokratiese regering en kiesersvertroue in die postkoloniale Afrika-konteks en watter verantwoordelikhede en verpligtinge het die regering, binne die konteks van ’n transformasionele staat teenoor die bevolking?
- Wat is die eienskappe van, en tendense in kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokratiese politieke bestel tussen 1994 en 2004 (eerste dekade), sowel as die tweede dekade, vanaf 2005 tot 2014 en tot op hede?
- Wat is die omvang van en redes vir die erosie in kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokrasie ná 2004?
- Op watter wyse kan tendense in die politieke landskap en kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokrasie ontvou in aanloop tot die 2019 nasionale/provinsiale verkiesing?

Aansluitend by die navorsingsvrae is die doelstellings van die studie dus om:

- ’n Beskrywende ontleding te gee van die rol van die staat in verskillende demokratiese bedelings en waarom kiesersvertroue belangrik is vir die doeltreffende funksionering van die demokrasie.
- Die invloed van die bevrydingstryd en ideologie op demokratiese regering en kiesersvertroue in die postkoloniale Afrika-konteks te ondersoek, sowel as om die verantwoordelikhede en verpligtinge van die regering teenoor die bevolking binne ’n transformasionele staat te ontleed.
- ’n Vergelykende oorskou te verskaf van die eienskappe van, en tendense in kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse politieke bedeling tussen die twee tydperke: 1994 tot 2004, en 2005 tot 2017.
- Die omvang van die erosie in kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse regering ná 2004 in oënskou te neem en die redes daarvoor uiteen te sit.

- 'n Vooruitskouing te maak van die moontlike tendense in die politieke landskap en kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokrasie in aanloop tot die 2019 nasionale/provinsiale verkiesing.

1.6 SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die volgende sentrale teoretiese stelling word verklaar:

As gevolg van die ideologiese migrasie van kiesers weg van historiese bevrydingspolitiek, in kombinasie met ondoeltreffende beleidsimplementering, is daar 'n merkbare erosie van kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse regering. Vir die doel van die studie word die verklaarde hipotese gebaseer op die volgende primêre oorsake:

- Die kwynende relevansie van die bevrydingstryd en ideologie
- Die integriteit en geloofwaardigheid van politieke leiers wat bevraagteken word
- Voortgesette armoede, werkloosheid en sosiale ongelykheid in die gemeenskap
- Verkiesingsbeloftes wat nie nagekom word nie
- Die persepsie van korrupsie, nepotisme en wanbesteding.

1.7 METODOLOGIE

Die doel van hierdie afdeling is om die metodologie, oftewel die filosofiese basis en werkswyse van die navorsing, uiteen te sit. Hesse-Biber en Leavy (soos aangehaal in Nieuwenhuis, 2016b:51) beskryf metodologie as:

"The bridge that brings our philosophical standpoint (on ontology and epistemology) and method (perspective and tool) together".

'n Konseptuele raamwerk (paradigma) word dus geskep waarbinne die studie gestruktureer en beskryf word in terme van dataversameling en interpretasie, geldigheid en kritiese ontleding ten einde die sentrale hipotese te ondersteun. Voordele van die betrokke navorsingsmetodiek word beskryf en beperkinge word ook in ag geneem.

1.7.1 Metodologiese fokus van die studie

Die vertrekpunt van die studie lê in die kwalitatiewe benadering (perspektief) wat gevolg sal word. Nieuwenhuis (2007b:51) beskryf kwalitatiewe navorsing as 'n proses om antwoorde te kry en begrip te vorm van sekere gedragspatrone binne 'n spesifieke konteks:

"Qualitative research as a research methodology is concerned with understanding the process and the social and cultural contexts which underlie various behavioural patterns and is mostly concerned with exploring the 'why' questions of research".

Nieuwenhuis (2007b:51) noem verder dat die fokus van kwalitatiewe navorsing te vinde is in die kwaliteit en die in-diepte ontleding van die inligting. Kwalitatiewe navorsing konsentreer op die beskrywing en die semantiek van individuele ervarings wat bestudeer word, sodat die verskynsel verklaar kan word in sy natuurlike konteks, in terme van die betekenis wat dit het vir die deelnemers – *“seeing through the eyes of the participants”*, soos beskryf deur Nieuwenhuis (2007b:51). Die aard van die studie leen hom ten volle tot hierdie benadering, aangesien dit ’n in-diepte en vergelykende ontleding behels van kiesers se gedragspatrone binne ’n spesifieke realiteit, of *“real-world setting”*, soos gedefinieer deur Nieuwenhuis (2007c:78). Binne die raamwerk van ’n spesifieke politieke, sosio-ekonomiese, kulturele en historiese realiteit word gepoog om die gedragspatrone en houdings van kiesers te verklaar en in verband te bring met die sentrale hipotese. Die tegnieke wat gebruik word in die kwalitatiewe navorsingsproses neem dus uiteraard die vorm aan van ’n literatuurstudie, dokument-ontleding en observasie. Binne die konteks van die kwalitatiewe aard van die studie sal die ontleding van die betrokke data vanuit ’n interpretatiewe oogpunt benader word en dit behels dus ook induktiewe ontledingsprosesse. Die gedagte is dat die kollektiewe data uit spesifieke dele bestaan, wat uiteindelik as ’n geheel geïnterpreteer sal word. Die beginsel van hermeneutiek, oftewel skrifverklaring, word aangewend, (Nieuwenhuis, 2007a:101), aangesien daar ’n verskeidenheid data uit dokumentasie versamel sal word, wat die hipotese en navorsingsvrae kontekstueel beskryf en ondersteun. Hier word spesifiek verwys na dokumente wat tekstueel onderliggende demokratiese en grondwetlike beginsels vervat wat in verkiesingsbeloftes verwoord is, soos byvoorbeeld die verkiesingsmanifeste in verskeie nasionale en plaaslike verkiesings, en die ontleding daarvan om uiteindelik die sentrale navorsingsvrae te konfronteer en beantwoord.

1.7.2 Beskrywing van die navorsingsrealiteit (ontologiese en epistemologiese dimensies)

Vanuit ’n ontologiese dimensie sal die studie gegrond wees op die kwalitatiewe of *“emerging world view”* benadering (Nieuwenhuis, 2007b:51). Die studie behels ’n subjektiewe beskouing van die werklikheid wat ondersoek sal word, uit die aard daarvan dat die navorsing fokus op mense binne hul gemeenskap, interaksie, motiewe en verhoudings. Nieuwenhuis (2007:54) kwalifiseer hierdie veranderlikes verder:

“These motives and relationships are shaped over time, by social, political, cultural, economic, ethnic and other influences, that form the reality of the search paradigm in the external world”.

In terme van die epistemologiese dimensie, naamlik die kennis, of bewyse van die verskynsel in die sosiale omgewing, sal aan die vereistes van die projek voldoen word deur die versameling, studie en ontleding van houdings, waardes en die gekonstrueerde realiteit wat dit verteenwoordig. Dit behels ’n meer holistiese ontleding van menslike gebeure en gedrag wat dan binne die konteks van die studie verklaar sal word. Die doel van die studie is om hierdie

verklaarde realiteit (die erosie van kiesersvertroue) te verbind aan die sentrale hipotese en die doelstellings van die navorsing deur induktiewe rasionalisering en interpretasie. Leedy en Ormrod (2010:96) verduidelik dat die eienskappe van hierdie kwalitatiewe werkwyse juis beteken om die verskynsel op 'n holistiese wyse te beskryf, verduidelik, ondersoek, induktief te rasionaliseer, interpreteer en subjektiewe kommentaar te lewer.

1.7.3 Integrasie met ander metodologiese prosesse

Nieuwenhuis (2007b:56) verduidelik dat die kwalitatiewe navorsingsbenadering essensieel 'n oorkoepelende beskouing is en dat ander navorsingsbenaderings onder die kwalitatiewe sambreel ingesluit kan word. Die gebruik van positivistiese metodes op 'n teoretiese vlak word dus nie uitgesluit nie, aangesien daar in-diepte ontleding van bestaande empiriese, statistiese data gedoen sal word in die ontleding van nasionale en plaaslike verkiesingstatistiek om kiesers se stempatrone en gedrag te beskryf. Die oorhoofse benadering is egter kwalitatief en sal in lyn met punte soos deur Leedy en Ormrod (2010:136,137) gedefinieer, die volgende insluit:

Beskrywing: Beskrywing van gebeure, prosesse en verhoudings en persone wat verband hou met die verskynsel.

Interpretasie: Dit behels die verkryging van nuwe insigte oor die verskynsel onder die soeklig, die ontwikkeling van moontlike nuwe teorieë of konsepte oor die verskynsel, en die identifisering van moontlike probleme wat mag bestaan rondom die verskynsel.

Verifikasie: Geldigheid van sekere teorieë, gevolgtrekkings en aannames sal getoets word.

Evaluasie: Evaluasie van die verskynsel sal insluit die beoordeling van die doeltreffendheid van spesifieke regeringsbeleid, uitvoering van gemeenskapsgerigte programme en innovasies.

1.7.4 Geldigheid van die studie

Geldigheid van die studie behels die betroubaarheid, sinvolle betekenis en toetsing van die volledige navorsingsproses. Daar moet verseker word dat die studie deurentyd gekontroleer word, dat die gevolgtrekkings geloofwaardige en geregverdigde uitvloeisels is van die data, en ondersteun word deur die data. Deur 'n proses van "triangulation" of kristallisering sal interne validiteit verseker word (Maree, 2016:121). Hierdie proses behels die ontginning van veelvuldige databronne, wat deur middel van vergelyking die gevolgtrekkings sal ondersteun en verifieer. Merriam (in Maree & Van der Westhuizen, 2007:38) definieer betroubaarheid in kwalitatiewe studies as *"results which are consistent with the data collected"*. In terme van eksterne validering, sal die bevindings en aanbevelings die standaard vir veralgemening binne die breë wetenskaplike gemeenskap handhaaf, deur aansluiting te vind by die bestaande en erkende

teorieë rakende die rol van kiesersvertroue binne demokrasieë. Deur middel van in-diepte beskrywing of “thick description” soos deur Leedy en Ormrod (2010:100) beskryf, sal die data so volledig moontlik voorgelê word sodat gesubstantiveerde gevolgtrekkings gemaak word wat die lesers ook in staat sal stel om individuele afleidings te maak volgens hul eie ontleding van die data:

“Through thick description, readers will also be able to draw their own conclusions from the data presented” (Leedy & Ormrod, 2010:100).

Volgens Nieuwenhuis (2016:123) bevorder “thick description” die geloofwaardigheid van die verskynsel onder die soeklig.

1.7.5 Ontginning van databronne

In die navorsingsproses sal veelvuldige bronne versamel en ontgin word. Dit sal insluit: observasie, geskrewe dokumentasie, grondwetlike dokumente, oudiovisuele materiaal, elektroniese dokumentasie, insluitende Internet-materiaal, gepubliseerde navorsing, statistieke en koerantberigte, offisiële politieke party-dokumentasie, soos verkiesingsmanifeste, en gepubliseerde dokumentasie oor regeringsprogramme. Daar word dus hoofsaaklik op inhoudsontleding gekonsentreer om die spesifieke data te ontleed, tabuleer en organiseer.

Primêre databronne en databasisse sal die statistiese data insluit wat stemresultate in die nasionale en plaaslike verkiesings vanaf 1994 tot op datum uiteensit. Dokumentasie wat regeringsbeleid en programme soos die HOP (RDP, 1994) en GEAR (GEAR, 1996) en verskeie Witskrifte insluit, asook grondwetlike inligting soos vervat in die Suid-Afrikaanse grondwet self (Suid-Afrika, 1996), sal ook deel vorm van die primêre data. Sekondêre data sal die ontleding van bronne vervat wat die sentrale hipotese ondersteun en die argument dat kiesersvertroue aan die afneem is. Inligting, soos dus in die primêre data vervat, word sekondêr ontleed, gemeet teen die relevante teorieë, en in verband gebring met die beantwoording van die navorsingsvrae soos geformuleer in die studie. Die data-ontleding mag onbekende veranderlikes insluit, maar sal hoofsaaklik inhoudsgerig bly. Leedy en Ormrod (2010:93, 94) beklemtoon:

“Data and methodology are inextricably intertwined. For this reason the methodology to be used for a particular research problem must always take into account the nature of the data that will be collected in the resolution of the problem”.

1.7.6 Beperkinge van kwalitatiewe navorsing wat in ag geneem sal word

Terwyl die proses van kwalitatiewe ontleding die gedetailleerde beskrywing van ’n verskynsel omvat, is een van die nadele die feit dat die bevindings nie noodwendig statisties verifieerbaar is nie en in terme van veralgemening van die resultate dus nie kwantitatiewe voorspellings bevat nie. Dit kan dus moeiliker wees om ’n hipotese te toets as met ’n kwantitatiewe studie.

Versameling van data kan tydrowend wees en ook 'n laer geloofwaardigheidsfaktor insluit. Resultate kan ook beïnvloed word deur subjektiewe persepsies van die navorser.

1.7.7 Eienskappe van kwalitatiewe navorsing wat die studie mag bevoordeel

Kwalitatiewe navorsing is dinamies en dus meer responsief tot veranderinge wat tydens die duur van die studie mag plaasvind. Die fokus mag dalk ook verander. 'n Verskynsel kan ook in meer detail beskryf word en komplekse verskynsels kan op 'n meer persoonlike wyse en in-diepte beskryf word. Die aanwending van begrondingsteorie ("grounded theory") in die werkswyse laat die kwalitatiewe navorser toe om teorieë verder te ontwikkel en uit te bou soos die navorsingstudie vorder en data ontleed word (Nieuwenhuis, 2016c:79). Die term begronding is vasgestel in observasie, ontleding en induksie – vandaar dus die beskrywing van die metode.

1.7.8 Relevansie van die studie op makro, meso- en toepassingsvlak

Om die vraag te beantwoord of die betrokke studie beperk sal wees tot een werklikheid of konteks en of dit universeel van toepassing sal wees, is die uitgangspunt van die navorser dat die resultate en gevolgtrekkings op 'n makrovlak van belang sal wees. Die studie vind plaas binne die etiese, politieke en sosio-ekonomiese raamwerk van 'n ontwikkelingsdemokrasie, met unieke historiese en dinamiese geskiedkundige veranderlikes en universele demokratiese prosesse word dus in die plaaslike realiteit onder die soeklig geplaas. Die betrokke studie sluit dus sterk aan by internasionale studies rondom ontwikkelingsdemokrasieë, welsynstate, en post-koloniale demokrasieë in sub-Sahara Afrika. Uiteenlopende besprekings en globale debat rondom die ingrypende rol van die staat, sowel as kritiese besprekings oor etiek en die tendens van wêreldwye afname van kiesersvertroue in demokratiese regeringsbeleid en proses, is nagevors en word by die studie ingesluit.

In die meso-omgewing konsentreer die navorsing dus op nasionale regeringsbeleid en proses en die uitvoering daarvan, sowel as 'n vergelykende ontleding van die suksesse en mislukkings oor die twee tydperke soos gespesifiseer. Data-ontleding van kiesersgedrag, stempatrone en navorsing gedoen rondom kieserspersepsies, en die gedrag van regeringsamptenare word op 'n mesovlak ontleed. Die rol van institusies en demokratiese strukture in die prosedurele dimensie van die staat word ondersoek om te bepaal hoe die doeltreffende bestuur van hierdie instellings demokratiese konsolidering bevorder.

Op plaaslike toepassingsvlak sal die gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie substantief in verband gebring word met die plaaslike realiteit, wat die insluiting van die nasionale en munisipale verkiesings tot 2016 se uitslae sal vervat, sowel as 'n vooruitskouing na die 2019 nasionale verkiesing.

1.8 LITERATUURSTUDIE

Die navorsing sal gebaseer word op 'n uitgebreide, kwalitatiewe literatuurstudie. Die hoof funksie van die literatuurstudie is om inligting te verkry en 'n objektiewe en omvattende rekening te gee van die literatuur wat reeds bestaan oor die verskynsel onder bespreking. Literatuurgebaseerde metodologie identifiseer die literatuur as die navorsingsbron (populasie) vir monsterneming, dataversameling, data-ontleding en etiek (Comerasamy, 2012). Deur middel van 'n literatuurstudie word die teoretiese basis van die studie uitgelig en bespreek. Gapings in die betrokke veld van kennis, sowel as die jongste ontwikkelinge, word geïdentifiseer. Aansluitings tussen argumente en teenstrydighede kan deur vergelyking van data gemaak word. Definisies en eienskappe van die populasies reeds ondersoek, sal uitgelig word, sowel as enige veranderlikes wat ingesluit moet word om die navorser in staat te stel om 'n algehele oorsig te vorm van voordele, nadele en metodes reeds aangewend deur ander navorsers, met die oog daarop om dit in te sluit in die studie.

In die betrokke literatuurstudie sal gekonsentreer word op bestaande teorieë oor demokrasie, die rol van die staat en kiesersvertroue. Bronne oor demokrasieë en bevrydingsbewegings in Afrika word ook ontleed sowel as literatuur relevant tot die Suid-Afrikaanse demokrasie, regeringsprogramme en beleid, verkiesingstatistieke en die ontleding van verkiesingsresultate. Gerekenende bronne oor demokrasie word aangewend om 'n in-diepte ontleding te doen oor die wye spektrum van demokratiese teorieë sodat 'n omvattende beeld verkry kan word oor die ontstaan en ontwikkeling van politieke ideologieë, die verskillende vorme van demokrasie, die rol van die staat en staatslegitimiteit, sowel as die verhouding tussen moderne politieke proses, die gemeenskap en die ekonomie. Held (2006) se *Models of democracy*, en Dahl (2000) se *On Democracy* ondersteun deur Heywood se *Politics* (2013) plus *The Oxford Handbook of political theory* (Dryzek, et al., eds. 2008), word as primêre bronne aangewend. Krouse (1982) se artikel: *Polyarchy & participation: The changing democratic theory of Robert Dahl*, sowel as *The past and the future of democracy* (Dahl, 1999) word ook aangewend in die bespreking rondom die eienskappe van demokrasie. Die sosiale kontrak teorie word bespreek in: *The social contract theory of John Locke* (Nyamaka, 2011) sowel as Rauth (2008) se studie: *In pursuit of a healthy democratic society: Study of John Locke and Alexis de Tocqueville's Theories on government and society, and their implications for America*. Aansluitend by die studie van die sosiale kontrak is die bespreking rondom die politieke outoriteit van die burgers binne die demokrasie, soos beskryf deur Canovan (2008) in: *The people* (in *The Oxford Handbook of political theory* deur Dryzek, et al., eds. 2008:349-362). Warren (1999) se *Democracy and trust* verduidelik die relevansie van demokratiese beginsels in verhouding tot die gemeenskap, sowel as Inglehart (1999) se hoofstuk: *Trust, wellbeing and democracy* (in Warren, 1999:88-120). In *The neoliberal challenge: What is neoliberalism?* (Thorson, 2009) word neoliberalisme as die dominante ideologie beskryf wat moderne politieke gebeure in die wêreld vorm en beïnvloed. Die

eienskappe van suksesvolle demokratiese regering word bespreek in: *Seven pillars of democratic governance* (Gill, 2009), sowel as in *The quality of democracy* (Diamond & Morlino, 2004). *Making democracy work: civic traditions in modern Italy* (Putnam, 1994), en *Trust, the social virtues and the creation of prosperity* (Fukuyama, 1995) brei uit oor die sosio-ekonomiese faktore betrokke by suksesvolle demokratiese regering. Ondersteunende bronne wat demokratiese suksesse en mislukkings wêreldwyd bylê, is: *What is a "good" democracy: theory and empirical analysis* (Morlino, 2002), en Ranney (1987) se *Governing: an introduction to political science* wat die eienskappe van moderne konstitusionele demokrasie uitlig. Dahl (1999) hanteer ook demokrasie as die verkose moderne regeringstelsel in sy artikel: *The past and the future of democracy*. Van Vuuren (in Faure & Kriek: 1984:57-74) lig Sartori se demokratiese teorie oor die haalbaarheid van die demokratiese ideaal in die werklikheid uit in sy hoofstuk: *Teorie van demokrasie*. Warren (2008) teoretiseer oor magsverhoudinge in transformasionele demokrasieë in sy hoofstuk: *Democracy and the State* (in *The Oxford Handbook of Political Theory*, Dryzek et al., 2008:382-399). Fukuyama (2014) ontleed die eienskappe van die staat, regsreël, ontwikkeling van moderne state en demokratiese toerekenbaarheid in sy werk: *Political order and political decay*. Kukathas (2008) plaas klem op die verhouding tussen die staat en sy burgers in: *A definition of the state*. Die relevansie van ontwikkelingstate in die breë debat rondom die uitvoering van staatsbeleid word in die volgende bronne beklemtoon: *Constructing the 21st century developmental state: potentials and pitfalls* (Evans, 2010), en *Developmental states in the new millenium* (Fritz & Menocal, 2007). *Analysing the relationship between democracy and development: defining basic concepts and assessing key linkages* (Menocal, 2007) sluit aan by die argument rondom ontwikkelingstate as demokrasieë, sowel as *Understanding social democracy* (Berman, 2005) wat ook aspekte van die ontwikkelingsstaat bespreek. Bydraend tot *Democracy & trust* (Warren, 1999) wat as hoofbron aangewend word rondom teorieë oor kiesersvertroue, sluit studies soos *Building trust in government in the 21st century* deur Blind (2006), en Girardin (2012) se studie *Ethics in politics: Why it matters more than ever and how it can make a difference*, uitgebreide besprekings oor kiesersvertroue en die rol van etiese waardes in regeringsbeleid en proses in. Keele (2004) se studie *Social capital, government performance, and the dynamics of trust in government* sluit hierby aan en lig die argumente rondom institusionele vertroue uit. *The political relevance of trust in government* (Citrin, 1974) behandel ook verskillende sieninge rondom institusionele vertroue. *Ethical leadership in and through labour business and politics* (Dames, 2008) konsentreer op etiese leierskap in regering en *The political philosophy of trust and distrust in democracies and beyond* (Lenard, 2015) verskaf ook insae tot die relevansie van kiesersvertroue en etiese beginsels met betrekking tot regeringsinstansies. Uslaner (in Warren, 1999) beklemtoon die interpersoonlike dimensies van kiesersvertroue en die rol van sosiale kapitaal in sy hoofstuk: *Democracy and social capital*. Wnuk-Lipinsky en Fuchs (in Van Beek, 2005:39-62) bevraagteken die motivering

agter transformasie in hul artikel: *Theoretical framework and methodology*. Eloff (2014) se *Turning Point: South Africa at a crossroads* verwys na die kriteria wat kwesbaarheid in state bepaal. Wang (2011) bestudeer vertikale en horisontale integrasie en samewerking tussen groepe in sy werk: *State Effectiveness and Democracy: Asia Cases*. Edigheji (2010) beklemtoon investering in menslike kapitaal en ontwikkeling in *Constructing a developmental state in South Africa: potentials and pitfalls*. Inglehart se hoofstuk: *Trust, wellbeing and democracy* (In Warren, M E., ed. 1999. *Democracy and trust*, bl.88-120) fokus op aspekte wat 'n kultuur van vertroue in die demokrasie bevorder.

Vir die bespreking rondom demokrasieë in Afrika word die bron *Democracy in Africa: successes, failures and the struggle for political reform* (Cheeseman, 2016) aangewend, sowel as *From liberation movement to government: Past legacies and the challenge of transition in Africa* (Clapham, 2012). Southall (2013) se *Liberation movements in power: party and state in Southern Africa* gee 'n kritiese ontleding van die probleme rondom die denkwys van vryheidsbewegings in transformasie. *Democracy in Africa: moving beyond a difficult legacy* (Southall, 2003) sluit by hierdie bespreking aan. Huntington (1991) se "third wave"-teorie oor demokratisering in Afrika geniet ook aandag. Ondersteunende literatuur sluit in *Democracy under construction: Patterns from four continents* (Van Beek, 2006), *Consolidating participatory democracy in Africa: The challenges and the way forward* (Adegboye, 2013), asook twee artikels: *Liberation and democracy: Cases from Southern Africa* (Melber, 2003) en *From liberation movements to governments: on political culture in South Africa* (Melber, 2002). Artikels deur politieke leiers, soos Ramphela (2012) se *Drop struggle politics* en Leon (2010) se *The state of liberal democracy in Africa* versterk die argument rondom die komplekse oorgang van vryheidsbeweging na demokratiese regering. Nelson (2012) se *Demokrasie en demokratisering in Afrika: Deel 1 en 2* word geraadpleeg vir perspektief rondom demokratiese konsolidering. Resultate uit verskeie Afrobarometer-studies in die tydperk 1994 tot 2016 word aangewend om argumente feitelik te staaf. Haagensen (2016) se studie oor institusionele vertroue in Afrika verskaf addisionele insig ten opsigte van demokratisering in sub-Sahara Afrika-state. Aanvullend tot die historiese agtergrond rakende etiese beginsels en waardes in Afrika is, onder andere, van nut: Thomson (2017), *An introduction to African Politics* en Du-Pisani 1984 se boekbydrae: *Afhanklikheidsteorie*, wat teorieë oor onderontwikkeling en die uitbuiting van kolonialisme aanspreek.

Die konsep van Ubuntu in die Afrika-konteks, as 'n meganisme om mense te bemagtig in die demokrasie, word deur Heydenreich (2016) in: *Constitutionalism and coloniality: a case of colonialism continued or the best of both worlds?* bespreek, terwyl Kotze (2015) hierby aansluit met besprekings rondom transformasionele geregtigheid in haar boekbydrae: *Transitional Justice*.

In die ontleding van die Suid-Afrikaanse demokrasie word die bron *South African Politics: An Introduction* (De Jager, 2015) ook aangewend om duidelikheid te gee oor die verloop van die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis en die totstandkoming van die bestaande konstitusionele demokratiese bestel. Ondersteunend tot hierdie bron word *Government and politics in South Africa* (Venter & Landsberg, 2014) bygelê. Amptelike wetgewende dokumentasie, soos die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996), gee agtergrond oor die grondwetlike aspekte van die Suid-Afrikaanse demokrasie wat die regte en vryhede van die kiesersgemeenskap onderskryf. Van Eck (2010) se *Social democracy and the developmental state as development alternatives for South Africa*, en Meyer en van der Elst (2014) se artikel: *The interventionist role of the state in socio-economic and political development in democratic South Africa 1994-2014* behandel die toepassing van die alternatiewe rondom ontwikkelingsdemokrasieë en die rol van die staat binne die Suid-Afrikaanse konteks. Die artikel van Gumede (2009): *Delivering the democratic developmental state in South Africa* en *Social welfare in South Africa: curing or causing poverty?* Potts (2012) lig aspekte rondom die welvaartbeleid in SA uit en *The state of the people: citizens, civil society and governance in South Africa 1994-2000* (Klandermans, et al. 2001) ontleed beleid en prosesse in die tydperk gespesifiseer. ANC-party verkiesingsmanifeste vanaf die tydperk 1994 tot en met 2016 verskaf in-diepte inligting oor beloofde regeringsprogramme. In *South Africa's suspended revolution* lewer Habib (2013) waardevolle kommentaar op aspekte soos die wanbalans in die kiesstelsel wat implikasies het vir toerekenbaarheid. Die artikel van Twala (2014): *The historical significance of the ANC election campaigns 1994-2014: A genuine process of political liberalisation* word ondersteunend tot hierdie bronne ingesluit. Gumede (2009) spekuleer tot watter mate die implementering van 'n ontwikkelingsbeleid en inisiatiewe in SA haalbaar is, in *Delivering the democratic developmental state in South Africa*. Suttner se 2004 artikel: *Democratic transition and consolidation in South Africa, The advice of experts*, verskaf waardevolle opinies oor uitdagings in die transformasie na demokrasie in SA.

Bronne oor die funksionering, suksesse en mislukkings van demokratiese regering in SA in die studietydperk sluit die volgende in: Regeringsprogramme soos die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (RDP, 1994), Growth Employment and Redistribution Programme (GEAR, 1996), en die Nasionale Ontwikkelingsplan (NDP, 2012), wat ontwikkelingsinisiatiewe en doelstellings in terme van vier primêre areas: werkskepping, behuising, basiese dienste en opvoeding beskryf. Die *South Africa (2014) Twenty Year Review 1994-2014*, sowel as die ANC (2015) *4th National General Council (NGC)* verslag verskaf ook data rakende suksesse en mislukkings in die studietydperk. Die Witskrif oor die transformasie van openbare dienslewering (1997) en die Witskrif vir maatskaplike welsyn (1997), identifiseer ontwikkelingsdoelwitte in hierdie regeringsdepartemente. Verskeie werke van Booysen, soos *Dominance and decline: the ANC in the time of Zuma* (2015), haar 1994-studie: *Democracy, popular precedents practice*

culture, sowel as *Twenty years of South African democracy: citizen views of human rights, governance and the political system* (2014) verskaf agtergrondinligting rakende kieserspersepsies en gedrag, en evalueer die rol van dominante ANC-leierskap in regeringsbesluite en -aksies, en kiesers se opinies omtrent die verbetering van hul lewensomstandighede. Bronne soos *South Africa pushed to the limit: The political economy of change* (Marais, 2015) en ondersteunende studies soos deur Kotze en Steenkamp (2009): *Values and democracy in South Africa: comparing elite and public values*, sowel as EISA (2014a) se studie: *South African youth: politically apathetic?* sal ingesluit word in die navorsing. *Local elections in South Africa: parties politics people* (saamgestel deur Booysen, 2012) verskaf empiriese data oor kiesers se houding en persepsies.

Statistieke oor verkiesingsuitslae en ander empiriese studies wat verband hou met verkiesingsresultate en kiesersgedrag, soos saamgestel deur verskeie navorsingsmaatskappye, sal geraadpleeg word. Die volgende is veral hier van belang: Die OVK (IEC, 2014b) se *Voter participation surveys, 2013/14: An overview of results: democracy, governance and service delivery*, sowel as die OVK (IEC, 2014c) *Voter participation survey (2013/14) Key findings* en die OVK (IEC, 2014a) *National and provincial election results* wat verskeie statistiese verslae vir die tydperk 1994, 2004, 2006, 2011 en 2014 bevat, insluitende opsomminge van en kommentaar oor verkiesingsuitslae. Die 2016 plaaslike verkiesingsuitslae, soos gepubliseer in die media en op die OVK se webtuiste, word ook hier ingesluit. Ipsos-Markinor-studies (IPSOS) soos die 2002 Markinor-studie (Forrest, 2002) oor die toename in politieke disassosiasie en die erosie van vertroue in verkiesings, die *Political party support profile* (IPSOS, 2011) en die IPSOS-kieseropnames *Election outlook poll of polls*, (IPSOS, 2016b), wat vooruitskattings bevat rakende die 2016 plaaslike verkiesings, word ontleed. Statistiek SA (2014) se webtuiste vervat kwantitatiewe data oor die ekonomie en bevolkingsyfers, sowel as die verslag *Poverty trends in SA* (Statistiek SA, 2014) wat inligting rakende armoede en armoedeverligting in SA verskaf. Ander kwantitatiewe inligtingsbronne sluit in: EISA (2014b) *South Africa 2014 election updates: the final issues – private funding of political parties, youth participation and new political entrants*; ISS (2014), *Voter participation in the South African elections of 2014*; IJR (2014) Afrobarometer-studie: *Despite decline in lived poverty, South Africans increasingly pessimistic about the economy*; die IJR (2007) Afrobarometer-studie: *Quality of elections: satisfaction with democracy and political trust in Africa* en IPSOS (2016a); *The country is going in the wrong direction*. Daar word ook staatgemaak op die ontleding van nasionale en plaaslike verkiesings deur, onder andere, Schultz-Herzenberg (2014a, 2014b), Letsholo (2005), Fakir, et al. (2014) en Mattes (2005, 2014) in verskeie verslae gepubliseer deur die OVK, in samewerking met die RGN, EISA en SASAS, sowel as die IJR Afrobarometer-studies. Verskeie kontemporêre Internet media-artikels en -berigte vorm ook 'n belangrike deel van die ontleding wat gedoen sal word om die huidige waarneembare erosie van kiesersvertroue te ontleed.

1.9 NAVORSINGSETIEK

Die navorsing sal 'n sterk teoretiese basis hê wat hoofsaaklik op 'n kwalitatiewe literatuurstudie gebaseer sal wees. Daar sal geen onderhoude gevoer word nie. Vanuit 'n metodologiese perspektief kan die navorsing dus beskou word as lae-risiko in terme van etiese vereistes.

Binne die konteks van die studie word die begrip erosie gedefinieer as die (sistematiese) wegvreet, wegkalwe of verweer van 'n entiteit deur eksterne elemente (HAT, 1992:208). Die term “erosie van kiesersvertroue” word ook figuurlik geïnterpreteer om die verskynsel met 'n beskrywende, emotiewe en menslike element te verbind. Aspekte soos vertroue, geloofwaardigheid en morele waardes word sterk verbind met menslike emosies, soos deur verskeie bronne ondersteun sal word (veral in Susan Booysen⁹ se navorsing). Hierdie elemente vorm deel van die verskynsel “kiesersvertroue” en die woord “erosie” illustreer dus die stelling dat die erosie van kiesersvertroue meer vervat as net statistiese resultate – dit sluit ook 'n menslike faktor in.

Die volgende etiese standaarde sal deurlopend toegepas word:

- Die navorsing sal objektief en met integriteit gedoen word.
- Korrekte tegniese standaarde sal gehandhaaf word in terme van verwysings en bronne.
- 'n Hoë standaard sal ten alle tye gehandhaaf word in terme van voorbereiding en aanbieding van dokumentasie.
- Alle navorsing en inligting sal op 'n deursigtige basis voorgelê word.

1.10 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die sentrale teoretiese stelling geformuleer en die bespreking rondom die aard en omvang van kiesersvertroue in die demokrasie ingelei. 'n Teoretiese onderbou is voorgelê waar klem geplaas word op die eienskappe van liberale demokratiese bedelings en

⁹ Booysen verwys veral na die menslike faktor wanneer sy praat van die ANC se “special relationship to the people” in haar artikel: The ANC and the Regeneration of Political Power 1994-2011 (Booyesen, 2011:6).

Twee aanhalings uit hierdie artikel onderskryf hierdie begrip van die vertrouensverhouding tussen die ANC en kiesers:

“The ANC’s intimate association with ‘peoples’ power’ and the movement’s status of custodianship of the power of the people, bring home a hybrid understanding – one of both a layer of direct links with the people and the legitimacy of the representational and electoral spheres” (Booyesen, 2011:9).

“The ANC, to the bulk of the black African voters, remained not just the patron, but the parent as well. Party political ‘alternatives’ were often superfluous where people continued the parallel level of democracy, directly engaging with and protesting against their parent-protest party, and come election time, rallying to unite ranks against a party political enemy of choice” (Booyesen, 2011:9).

Die beskrywing “erosie van kiesersvertroue” verteenwoordig dus 'n bepaalde begrip, naamlik 'n “skeuring” in die vertrouensverhouding tussen die ANC-regering en kiesers en die invloed daarvan op gemeenskappe en individue, asook kiesersgedrag en stemresultate, en sal so in die studie beskryf word.

veral die unieke uitdagings wat die transformasionele demokrasie in oorgang van outokrasie na veelpartydemokrasie moet trotseer. Die staat is voorgehou as die primêre rolspeler in die suksesvolle konsolidering van die demokrasie en in die bou van vertroue op alle vlakke van die demokrasie. Perspektief is gegee aan aspekte soos legitimiteit en veral die geloofwaardigheid wat geheg word aan regeringsleiers en die bevrydingsideologie. Ter illustrasie is verwys na die onsuksesvolle konsolidering van demokratiese state in Sub-Sahara Afrika. Die onervulde beloftes gemaak deur die leiers van bevrydingsbewegings en die misbruik van ideologiese strydpolitiek word bevraagteken as moontlike oorsake van die erosie van kiesersvertroue.

Drie dimensies van kiesersvertroue in die makro-, meso- en op toepassingsvlak word geïdentifiseer en die impak wat die ondoeltreffende uitvoering van regeringsbeleid en -programme in die demokrasie op die erosie van kiesersvertroue kan hê word ook uitgelig. Hierdie konsepte word teoreties in Hoofstuk 2 aangespreek en vervolgens in Hoofstuk 3 en 4 in die Afrika-konteks getoets en in die Suid-Afrikaanse demokrasie gemeet.

HOOFSTUK 2

DIE ROL VAN DIE STAAT EN KIESERSVERTROUWEN IN DIE DOELTREFFENDE FUNKSIONERING VAN VERSKILLENDE DEMOKRATIESE BEDELINGS

2.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk vervat 'n holistiese oorsig van verskillende teorieë oor en benaderings tot die breë moderne, liberaal-demokratiese ideologie. Hoofstuk 2 se hoofdoel (verwys Hoofstuk 1) is om 'n kontekstuele raamwerk te bied en as riglyn vir die res van die studie te dien.

Schlesinger (in Warren, 1999:119) beklemtoon terwyl demokratiese regering vertroue produseer, vertroue 'n noodsaaklike vereiste vir demokratiese regering is. Om eindelijk die faktore te identifiseer wat kiesersvertroue erodeer, word demokrasie as staatsvorm en die rol van die staat in hierdie hoofstuk ontleed.

Hoofstuk 2 is dus hoofsaaklik 'n omvattende ondersoek van teoretiese benaderings, argumente en sienings rondom die aard van die staat en gemeenskap in die demokrasie. Binne die ontwikkelingsparadigma word spesifieke elemente uitgelig wat die doel van die regering en die verhouding tussen die staat en kiesersvertroue bepaal. Eindelijk word dié teoretiese aspekte ter vernouing van die studie aangewend om die redes vir die erosie van kiesersvertroue in sub-Sahara Afrika (Hoofstuk 3) en vervolgens ook in SA (Hoofstuk 4) te identifiseer.

Struktureel word die hoofstuk dus in drie dele verdeel. Ontwikkelingselemente van demokrasie word eerstens bespreek, met spesifieke verwysing na die normatiewe beginsels en ideale soos deelname, respek vir die reg, vryheid en gelykheid, wat vandag nog as die grondslag van demokratiese teorie dien. Verskeie modelle, definisies en eienskappe van liberale demokrasie in die moderne praktyk word uitgelig, met klem op transformasionele en ontwikkelingsdemokrasieë as alternatiewe regeringsvorm teenoor minimale state met liberale vryemarkstelsels. Die beginsels van die sosiale kontrak as etiese basis van die demokratiese ideologie vorm 'n deurlopende tema in die studie en word direk verbind met kiesersvertroue. Perspektiewe rondom die demokratiese ideaal teenoor die demokratiese realiteit, sosio-ekonomiese vooruitgang en die rol van politieke kultuur en gemeenskapsbronne word in verband gebring met die erosie van kiesersvertroue

Tweedens word die rol van die staat in verskillende demokrasieë en aspekte rondom die magsbasis van die staat en staat-gemeenskap-verhoudinge relevant tot ontwikkelingsdemokrasieë ontleed. Legitimiteit en toerekenbaarheid as etiese vereistes vir 'n suksesvolle staat word vooropgestel. Verskillende staatsvorme word bespreek en verbind met die staat se verantwoordelikheid teenoor die kiesersgemeenskap en die institusies wat vertroue in die gemeenskap bevorder. Die prosedurele en substantiewe staatsverpligtinge word bespreek,

sowel as die rol van die staat in die ontwikkeling van 'n vreedsame plurale gemeenskap. Die staat se ingrypende rol, veral in transformasionele demokrasieë en teorieë rondom redes vir die oorgang na 'n demokratiese bestel, vorm deel van die bespreking. Fases in die konsolidering van die demokratiese staat word uitgelig en die maatstawwe vir mislukte state vasgestel.

Derdens word die rol en omvang van kiesersvertroue in die demokratiese staat beskryf. Die verskynsel word in die makro-, meso- en toepassingsvlakke van die demokrasie ontleed om vas te stel tot watter mate kiesersvertroue die uitvoering van prosedurele en substantiewe demokratiese prosesse ondersteun. Etiese aspekte van staatsbestuur en politieke leierskap, institusionele vertroue, sowel as interpersoonlike aspekte van vertroue word uitgewys as faktore wat 'n belangrike rol speel in kiesers se besluitnemingsprosesse. Daar word ook spesifiek verwys na transformasionele aspekte soos vryheidsbeloftes in oorgangsdemokrasieë, mislukking van bevrydingsregerings om ontwikkelingsuitkomste te verwesenlik en die impak daarvan op kiesersvertroue. Die standpunt word ingeneem dat die suksesvolle uitvoering van die “sosiale kontrak” tussen regering en kiesers grootliks afhanklik is van die vertroue wat die kieserskorps in die regering en politieke leiers in die uitvoering van regeringsbeleid en prosesse het.

Die hoofstuk word dus onder die volgende drie teoretiese besprekingspunte verdeel:

- Demokrasie as regeringsvorm in die moderne politiek met verwysing na die ontwikkelingsparadigma, transformasie en kiesersvertroue
- Die rol van die staat met spesifieke klem op die prosesse wat kiesersvertroue in ontwikkelingsdemokrasieë beïnvloed
- Die rol van kiesersvertroue in suksesvolle demokratiese konsolidering met verwysing na die faktore wat vertroue erodeer.

Teen die agtergrond van hierdie drie oorvleuelende temas word die studie in die hoofstukke wat volg vernou om die stelling te bewys dat die rol van die staat en kiesersvertroue krities is in die behoud en ontwikkeling van 'n suksesvolle demokrasie.

2.2 DEMOKRASIE AS REGERINGSVORM IN DIE MODERNE POLITIEK MET VERWYSING NA DIE ONTWIKKELINGSPARADIGMA, TRANSFORMASIE EN KIESERSVERTROUE

“A group of Danish Vikings in the tenth century, while travelling up a river in France, were asked by a messenger calling out from the riverbank, ‘What is the name of your master?’ ‘None,’ they replied, ‘we are all equals’” (Dahl, 2015:19).

Dahl vervat in dié aanhaling die kern van die demokratiese ideologie – vryheid, gelykheid en deelname – as die normatiewe beginsels waarteen demokrasie as regeringsvorm gemeet word. Hierna word dié beginsels se ontstaan bespreek en verskillende definisies en toepassings van die demokratiese ideologie ontleed.

2.2.1 Die oorsprong en ontwikkeling van verskillende demokratiese ideologieë, beginsels en bedelings

"The basis of a democratic state is liberty" (Aristoteles, in Diamond, 2008:29).

Diamond (2008:29) definieer demokrasie verder as *"the rule of the people"* en *"a system for choosing government through free and fair elections at regular intervals"*. Dahl (2000:27) beklemtoon weer in 'n demokrasie *"all members are to be considered equal"*. Ranney (1987:193) definieer demokrasie as:

"A form of government organised in accordance with the principles of popular sovereignty, political equality, popular consultation, and majority rule".

Die oorsprong van demokratiese teorie en normatiewe definisies van die verskynsel word egter gevind in die Griekse en Romeinse geskiedenis en vroeë ontwikkeling van die liberale ideologie. Politieke filosowe en teoretici is dit eens dat, sedert die vroegste tye toe mense in groepe begin saamleef het, hulle noodgedwonge onder mekaar moes beraadslaag en saamwerk om vrede en veiligheid vir hulself te verseker en 'n wrede vroeë dood te vermy. Hobbes noem dit in sy werk *Leviathan* (1651) *"the state of nature"* (Held, 2006:60). Hy verklaar verder mense moet hulself ten volle onderwerp aan 'n regering om sodoende konflik te vermy. Locke (Held, 2006:63), wat uitbrei op Hobbes se teorie, ondersteun hierdie siening en beklemtoon die regering se hoofrol is om gemeenskapslede se regte te beskerm. Dié vroeë samewerking onder groepe word deur teoretici beskou as die geboorte van die demokratiese gemeenskap en ontstaan van wat beskryf word as klassieke demokrasie (Held, 2006:58,59).

Demokrasie, as 'n politieke verskynsel, ontstaan ongeveer 500 v.C. met die totstandkoming van die Atheense stadstaat-model, geïmplimenteer as 'n deelnemende demokrasie. Politieke deelname word deur alle volwasse Atheense (manlike) stadsburgers, of sogenaamde *demos*¹⁰ toegepas (Held, 2006:14-15). Die Romeine het hul sisteem weer 'n republiek¹¹ genoem. Die Romeinse Republiek het heelwat langer bestaan as die Atheense demokrasie, maar het in ongeveer 130 v.C. tot niet gegaan as gevolg van burgerlike onrus, oorlog, korrupsie, en 'n afname in politieke vertroue. Ná die moord op Julius Caesar in 44 v.C. verdwyn demokrasie 'n 1000 jaar lank (Dahl, 2015:15). Onder die Vikings van Noord-Europa het ongeveer 900 n.C. ook 'n politieke stelsel ontwikkel wat soortgelyk was aan algemene vergaderings, en demokrasie word ook in ongeveer 1100 n.C. in sekere Italiaanse stede hergebore (Dahl, 2015:15-18).

¹⁰ Die Grieke skep die term demokrasie (*demokratia*) van die Griekse woord *demos* wat "die mense" beteken, en *kratos* wat beteken "om te regeer" (Dahl, 2015:11).

¹¹ Afgelei van *res* wat in Latyns "ding" of "affair" beteken en *publicus* wat "publiek" beteken. Losweg het dit beteken dat 'n republiek 'n ding was wat aan die mense behoort het (Dahl, 2015:13).

Wat was die hoofeienskappe van hierdie vroeë demokrasieë? Volgens Held (2006:13) is die eerste demokratiese ideale uit hierdie geskiedenis gebore, naamlik deelname, gelykheid, vryheid en respek vir regsreëls. Twee belangrike teoretiese rigtings ontwikkel ook uit die republikeinse tradisies: ontwikkelings- en proteksie-republikanisme wat beginsels propageer soos deelname en die beskerming van burgers se belange en regte (Held, 2006:35).

In Middeleeuse Engeland ontwikkel 'n verteenwoordigende parlement gedurende Edward I (1272-1307) se heerskappy, wat teen die 18de eeu in 'n konstitusionele stelsel ontwikkel en uitgebrei het na die res van Europa. Die demokratiese idees wat gebore word in die klassieke tydperk, bevestig die normatiewe beginsels van vryheid, gelykheid, toerekenbaarheid, legitimiteit en deelname. Dié demokratiese bedelings se sukses was gebou op die wedersydse vertrouensverhouding tussen die regering, groepe en individue, gebaseer op 'n hoofsaaklik implisiete ooreenkoms – die sosiale kontrak.

2.2.2 Die sosiale kontrak as basis van die demokratiese teorie

Teorieë oor die sosiale kontrak word beskou as van die mees dominante besprekingspunte van demokratiese ideologie en vorm die basis van politieke teoretici se konseptualisering van die beginsels van geregtigheid (Neidلمان, 2012). Beide Socrates en Plato het reeds ongeveer 335 v.C. die belangrikheid van 'n wetlike ooreenkoms tussen burgers en die staat en die staat se fundamentele morele gesag as politieke entiteit beklemtoon. Burgers se gehoorsaamheid, getrouheid aan en respek vir die staat onderskryf 'n wedersydse vertrouensverhouding tussen hierdie twee belangegroepe.

Die sosiale kontrakteorie beleef 'n oplewing vanaf middel 17de tot 19de eeu en behels die siening dat mense se morele en politieke verantwoordelikheid afhanklik is van 'n kontrak of ooreenkoms tussen die verskillende mense of partye om die gemeenskap waarin hulle leef te orden. Hobbes beskou die sosiale kontrak as 'n "verbond" – die oordrag van individuele regte aan 'n soewereine outoriteit wat die gemeenskap dan beskerm teen 'n "miserabele staat van onmin en oorlog". Volgens Locke (Held, 2006:63) verskaf die sosiale kontrak 'n tweeledige oplossing: Eerstens skep dit 'n onafhanklike gemeenskap, en tweedens 'n regering. Locke se teorie stel voor die regering is die uitkoms of resultaat van die mense se toestemming en dus berus die legitimiteit van die regering in die gesamentlike wil van die mense (Nyamaka, 2011:6; Fieser & Dowdon, 2017). 'n Politieke gemeenskap word dus geskep deur 'n kompromie waar individuele vryheid opgeoffer word in die belang van die beskerming van gesondheid, veiligheid, regte en eiendom. In die Westerse demokratiese tradisie is die regering se fundamentele rol om dié regte te beskerm. Meer kontemporêre benaderings soos die van Rawls en Kant (Vorster 1984:433) hou 'n doktrine voor van "die staat gebaseer op die reg". Die staat is 'n vereniging van mense onder die reg en die sosiale kontrak is dus gegrond in die beginsels van die reg en toesegging van regte en pligte. Vir Gauthier (Fieser & Dowdon, 2017) is die sosiale kontrak 'n

morele ooreenkoms van vertroue, met rasionaliteit en selfbelang as die faktore wat die partye tot die kontrak verbind. Dames (2007) wys uit dat die sosiale kontrak gebaseer is op 'n wedersydse vertrouensverhouding tussen die partye en dus beskou word as 'n "kontrak van vertroue". Hume, 'n kritikus van die sosiale kontrakteorie, beklemtoon volgens die "will theory" dat 'n kontrak nie as geldig beskou word tensy alle partye vrywillig goedkeuring gee nie (Neidleman, 2012). Anglo-Amerikaanse sowel as Europese regstelsels is op dié beginsel van vrye wil gebaseer (Fieser & Dowdon, 2017).

2.2.2.1 'n Grondwet as sosiale kontrak in 'n demokrasie

Kelsen (in Nyamaka, 2011:5) beskou 'n grondwet as die basiese norm of sogenaamde "grundnorm" in die regsorde van die staat. Wanneer 'n sekere hoeveelheid mense gewillig is om aan die basisnorm gehoorsaam te wees, word dit legitiem. 'n Grondwet word dus doeltreffend en uitvoerbaar wanneer mense hul toestemming gee en gewillig is om die grondwet, as hoogste gesag in die land, te gehoorsaam. Dit word deur 'n sosiale kontrak gedoen en dus is 'n grondwet 'n sosiale kontrak wat, as 'n morele ooreenkoms, gebaseer is op regsbeginsele, toestemming en die belangrikste aspek: wedersydse vertroue. Volgens Kelsen (in Nyamaka, 2011:6) is die grondwet van 'n land sy belangrikste regsdokument en word beskryf as:

"The great law before which all other laws of a society must bow."

Dit is 'n politieke dokument wat die nasionale konsensus kristalliseer in terme van hoe die staat regeer gaan word en wat die beperkinge op die regering is. In moderne demokrasieë en veral transformasionele demokrasieë vorm die grondwet die etiese maatstaf waarteen die demokrasie en sy leiers gemeet word¹². Volgens Waldron (2008:326) is 'n grondwet net so sterk soos die morele en politieke konsensus wat dit ondersteun.

2.2.3 Liberaal-demokratiese ideologie: Teoretiese benadering

Liberalisme as 'n politieke ideologie sluit 'n wye reeks mededingende definisies, waardes en opinies in. Hobbes (in Held, 2006:62) fokus op die geskikste gemeenskaps- en staatsvorm om die vryheid en gelykheid van individue te waarborg. Locke (in Held, 2006:64,65) is weer ten gunste van 'n meer konstitusionele, verteenwoordigende regering, sowel as die konsep van 'n politieke gemeenskap waar die staat die individu se regte, magte en vryhede beskerm. Hierdie teorieë vorm dan ook die basis van die ontwikkeling van liberalisme, sowel as die tradisie van populêre verteenwoordigende regering en sluit meerderheidsregering, skeiding van magte, konstitusionalisme en parlementêre regering in. Locke onderskryf ook die beskouing dat politieke mag 'n vertrouensverhouding tussen regering en burgers verteenwoordig (Held, 2006:65).

¹² Die wyse waarop politieke leiers die demokratiese beginsels vervat in hul konstitusies soms minag en selfs wysig om hul persoonlike agendas te pas, vorm 'n belangrike aspek van die bespreking rondom mislukking van demokratiese konsolidering in Afrika (die fokuspunt in Hoofstuk 3).

Montesquieu (in Held, 2006:67) beweeg weg van 'n almagtige sentrale regering en verbreed die konsep van konstitusionele regering wat onderskei tussen uitvoerende, regtelike en wetgewende magte as aparte institusies met aparte magte (Held, 2006:69).


Liberalisme het twee bene: 1) die beskerming van waardes soos vryheid van keuse, rede en toleransie teen tirannie en absolutisme, en 2) die beskerming teen inkorting van die kerk en staats magte. Twee liberaal-demokratiese beginsels (met republikeinse inslag) ontwikkel stelselmatig, naamlik beskermende demokrasie en ontwikkelingsdemokrasie (Held, 2006:35). Die beskermende demokratiese konsep behels die siening dat die enigste manier om dominasie van een groep oor 'n ander te verhoed, die instelling van toerekenbare institusies is. Die ontwikkelingsdemokratiese beskouing stel voor politieke deelname is 'n doelwit op sigself en die sentrale meganisme vir die ontwikkeling van 'n aktiewe, ingeligte en betrokke burgers (Held, 2006:35).

2.2.3.1 Elemente en vorme van liberalisme en liberale demokrasie

Volgens Heywood (2013:32) word liberalisme beskryf deur eienskappe soos individualisme, vryheid van spraak en assosiasie, gelykheid en verdraagsaamheid. Toestemming van burgers is gegrond in legitimiteit, regsreël en konstitusionalisme, wat die beginsels van wigte en teenwigte onderskryf. Liberalisme neem verskillende vorme aan, soos klassieke liberalisme gebaseer op die beginsel van die minimale staat: 'n selfregulerende mark met minimum regeringsintervensie en maksimum vryheid van die individu (Heywood, 2013:33). Ekonomiese of neoliberalisme staan 'n beperkte, meer konserwatiewe mate van fiskale beheer en regeringsintervensie in 'n vryemark-ekonomie en regeringsondersteuning rondom sosiale programme voor. Moderne liberalisme (ook genoem sosiale of welvaartliberalisme) beskou die regulering van kapitalisme deur die staat as aanvaarbaar, en ondersteun 'n sekere mate van staatsintervensie in die gemeenskap se welsyn. Die mees invloedryke poging om die beginsels van liberalisme met die politiek van welvaart en herdistribusie te vereenselwig, is onderneem deur Rawls (Heywood, 2013:45). Hy advokeer 'n meer gelykmakende siening wat minderbevoorregtes se welsyn insluit, onder 'n stelsel gebaseer op "justice and fairness".

Uit hierdie liberale beginsels en ideologieë ontwikkel verskillende vorme en elemente van demokratiese regering. Die klassieke demokratiese beginsels van soewereiniteit, deelname, vryemarkstelsel en individuele regte word geïnkorporeer in neo-liberale en sosiaal-demokratiese bedelings, sowel as in ontwikkelingsdemokrasieë. Die groot verskil tussen die verskillende vorme van demokrasie het te doen met waar dit geleë is op die dinamiese kontinuum van minimum tot maksimum staatsintervensie (sien Figuur 2.1).

Figuur 2.1: Spektrum van moontlike intervensionele regeringsvorme



Bron: Soos aangepas en vertaal uit Meyer en Van der Elst (2014:76)

Dié dinamiese kontinuum van regeringsvorme is sentraal tot die argument rondom die integrasie, of oorvleueling, van verskillende ideologieë en beginsels in die praktiese uitvoering van demokratiese beleid en proses.

2.2.3.2 Kritiek op liberale ideologieë

Plato kritiseer die demokrasie en veral die aanspraak van vryheid en gelykheid. Volgens hom is dit teenstrydig met die handhawing van outoriteit, orde en stabiliteit (Held, 2006:25). Die gaping tussen ryk en arm vergroot en faksies ontstaan wat eindelik tot disintegrasie van demokrasie lei (Held, 2006:26). Liberalisme beteken ook die legitimering van ongelyke klassering en mag, en beteken dus 'n vorm van "bourgeois" ideologie. Verder word dit ook gekritiseer dat dit tekort skiet om 'n morele basis te vorm vir 'n sosiale orde en gemeenskaplike pogings. Liberalisme kan dus 'n resep word vir onbeperkte egotisme en hebsug, en op die lange duur selfvernietigend wees (Heywood, 2006:26).

2.2.4 Moderne demokratiese teorie: Intervensionele vorme van demokrasie

Hierdie afdeling fokus op die meer intervensionele vorme van demokrasie, soos die sosiaal-demokratiese, beskermende, deelnemende en ontwikkelingsdemokratiese bedelings. Elemente uit al dié vorme van demokratiese regering verskyn in die konstitusies van transformasionele demokrasieë en vorm die raamwerk waarbinne die suksesse en mislukkings van hierdie bedelings gemeet word.

2.2.4.1 Sosiale demokrasie

Sosiale demokrasie onderskryf die balans tussen die mark en staat, en die individu en gemeenskap (Heywood, 2013:43). Kapitalisme word aanvaar as die meganisme vir die skep van rykdom, maar die distribusie van dié rykdom is 'n morele plig, met spesifieke klem op onderdrukte en arm gemeenskappe se belange. Die verwydering van ekonomiese en sosiale ongelykhede, regulering van kapitalisme, bevordering van ekonomiese groei en werkskepping, en 'n

welsynbeleid wat lei tot individuele bemagtiging, vorm die basis van sosiale demokrasie (Heywood, 2013:3).

2.2.4.2 Beskermende demokrasie

In die vroegste demokratiese idees was die begeerte om die individu te beskerm teen 'n almagtige regering reeds onder bespreking. Aristoteles se reaksie teenoor Plato: *"Who will guard the guardians?"* beskryf die dilemma van die beskerming van individue se regte en vryhede in die politieke sfeer (Held, 2006:95). Beskermende demokrasie vind sy grootste ondersteuning met Bentham en Mills se teorie van utilitarisme (Heywood, 2013:95), wat voorhou demokrasie is gebaseer op die liberale beginsel om individue se belange ook teen indringing van die regering (Nitisha, 2016) te beskerm. 'n Duidelike onderskeid tussen staat en burgerlike gemeenskap bestaan in 'n beskermende demokrasie, asook die skeiding van magte.

2.2.4.3 Deelnemende demokrasie

Macpherson en Pateman (in Nitisha, 2017) definieer deelnemende demokrasie as 'n demokrasie wat bestaan as gevolg van mense se aktiewe of direkte deelname. Mill, 'n ondersteuner van deelnemende demokrasie, voer aan menslike ontwikkeling vind optimaal plaas deur prosesse van deelnemende demokrasie (Nitisha, 2017). Pateman ondersteun hierdie standpunt dat deelnemende demokrasie veral bydra tot politieke doeltreffendheid, want burgers neem aktief deel aan regeringsake (Nitisha, 2017). Deelnemende demokrasie sluit juis die belangrike beginsel van direkte, vrye deelname op elke vlak van staatsadministrasie (ook plaaslik) in, sowel as deelname aan funksies en besluitnemingsproesse van die staat wat deur meerderheidstem plaasvind.

2.2.4.4 Ontwikkelings- en welsyndemokrasie

Deelnemende demokrasie vorm die basis van die teorieë oor ontwikkelings- en welsyndemokrasie en lê klem op menslike ontwikkeling – 'n teorie aanvanklik deur Rousseau uitgelig (Heywood, 2013:96). Rousseau voer aan demokrasie is 'n middel vir mense om deur die direkte verbetering van die gemeenskap onafhanklikheid en vryheid te bereik. Hy het geglo in politieke en ekonomiese gelykheid en sy model behels die toepassing van demokratiese beginsels op grondvlak (Heywood, 2013:97). Die belangrikste eienskappe van 'n ontwikkelingsdemokrasie omsluit die prioriteit wat gegee word aan sosio-ekonomiese regte en vryhede met populêre soewereiniteit gevestig in die mense. Deelname van burgers word deur stemreg uitgeoefen wat met gereelde verkiesings plaasvind, en mag is gedentraliseer tot op grondvlak, wat burgers in staat stel om op alle vlakke van besluitneming deel te neem. 'n Stelsel van wigte en teenwigte bestaan in 'n ontwikkelingsdemokrasie en regeringsmagte is gewoonlik geskei om dominasie van een regeringsafdeling oor 'n ander te verhoed. Die ontwikkelingsparadigma ooreenstem sterk met teorieë oor die moderne welsyndemokrasie wat Marshall (soos aangehaal deur Hooghe & Oser, 2015) beskryf as 'n kombinasie van demokrasie,

welsyn en kapitalisme. Die welsynstaat het gewoonlik 'n gemengde ekonomie en is ingestel op die herdistribusie van inkomste en welsynprogramme wat fokus op die lewering van basiese dienste.

Vanuit 'n normatiewe oogpunt kan demokrasie dus gedefinieer word as: "rule by the people" (Heywood, 2013:89), wat in essensie beteken mense regeer hulself deur die proses van besluitneming gebaseer op meerderheidstem. Lively (soos aangehaal deur Held, 2006:2) stel die volgende standaard as die maatstaf vir regering deur die mense:

- Alle burgers moet betrokke wees by wetgewing, besluitneming en toepassing van wette.
- Regeerders ("rulers") sal toerekenbaar wees aan die regeerdes ("ruled").
- Regeerders moet verkies en verwyder kan word deur die regeerdes (kiesers).
- Die regering moet ten alle tye in belang van die kiesers optree.

Weber, 'n groot skeptikus van die praktiese uitvoerbaarheid van die demokratiese ideaal, se model van demokrasie verteenwoordig 'n stelsel wat beperkend is in terme van die kiesers se rol en deelname, met sterk leierskap as die demokrasie se hoof funksie (Held, 2006:137). Hierteenoor gee Held (2006:215) se model van demokratiese deelname die beste uiteensetting van wat demokrasie in die moderne gemeenskap beteken. Dié model maak voorsiening vir selfontwikkeling, politieke doeltreffendheid, deelname en distribusie van bronne om sosio-ekonomiese omstandighede te verbeter en sluit aan by die aspekte van demokratiese regering wat kiesersvertroue tussen regering en burgers bou. Die beginsels van regverdigheid, politieke doeltreffendheid, verantwoordbaarheid en deelname van veelpartye in die parlementêre stelsel word voorop gestel. Held se model propageer ook die minimalisering van ontoerekenbare mag, oop institusies en informasiekanale (Held, 2006:215).

2.2.5 Normatiewe demokratiese beginsels: Utiliteit en toerekenbaarheid

Twee normatiewe beginsels wat in moderne demokratiese teorie uitstaan, is utiliteit en toerekenbaarheid. Albei hierdie demokratiese aspekte word nou verbind met kiesersvertroue en doeltreffende demokratiese regering, sowel as die subjektiewe welsyn van gemeenskappe binne die demokrasie.

- **Utiliteitsteorie:** Vir Bentham en Mills (in Held, 2006:75) lê die sleutel tot menslike gedrag daarin om menslike begeertes te bevredig en pyn te vermy. Die gemeenskap bestaan uit individue wat soveel nut uit die lewe soek as wat hulle gelukkig maak. Leiers in regeringsposte het dieselfde behoeftes, dus moet die regering direk toerekenbaar gehou word deur die kieserskorps om misbruik van bronne te beperk (Held, 2006:75). Bentham en Mills stel egter 'n mate van staatsintervensie voor in die beskerming van werkers, inkomste en eiendom en die verwydering van ongelykhede (Held, 2006:76). Die utilitêre erfenis het 'n sterk invloed op die

vorming van die welsynstaat en ook 'n direkte invloed op die teorieë rondom kiesersvertroue en die subjektiewe welsyn van burgers.

- **Toerekenbaarheid:** Toerekenbaarheid is reeds in die klassieke Griekse beskrywings van demokrasie toegepas as ondersoek (“scrutiny”) en goedkeuring (“sanction”) (Maloy, 2008:27). Demokratiese toerekenbaarheid binne 'n konstitusionele bestel is 'n verhouding waarin die magspersone verantwoording moet doen aan die kieserspubliek. Morlino (2002:5) definieer toerekenbaarheid as die verkose politieke leiers se plig om verantwoording te doen vir hul politieke besluite wanneer dit deur burgers bevraagteken word. Schedler (*et al.* 1999:15) stel drie dimensies van toerekenbaarheid voor: 1) Inligting oor die betrokke politikus of politieke orgaan moet beskikbaar wees, 2) regeringsleiers moet 'n rasionaal verskaf vir hul aksies en besluite, en 3) die kieser maak 'n gevolgtrekking (straf of kompensasie) gebaseer op sy evaluasie van die inligting, rasionaal, en ander aspekte. Volgens Madison (in Heywood, 2013:100) word toerekenbaarheid geassosieer met verkiesings en hy beskou dit dan ook as die hoofprosedure om politieke verteenwoordigers en amptenare vir hul aksies verantwoordelik te hou. Die beginsel van toerekenbaarheid is verweef met teorieë rondom etiese leierskap en politieke vertroue en het 'n direkte impak op die geloofwaardigheid wat kiesers aan regeringsprosesse en leiers heg.

2.2.6 Demokrasie in die praktyk: Verskillende perspektiewe

Die praktiese uitvoering van demokratiese beginsels, veral in ontwikkelende demokrasieë, word beïnvloed deur klasse en etniese verskille (Dahl, 2015:150). Kwessies rondom die regte van minderheidsgroepe en die invloed van korporasies en elite-groepe beïnvloed die konstitusionaliteit en doeltreffendheid van demokratiese prosesse, wat die vertikale en horisontale vlakke¹³ van kiesersvertroue kan beskadig. Die bespreking van verskillende perspektiewe rondom demokrasie in die praktyk behels poliargie en pluraliteit, elitisme en konstitusionalisme.

2.2.6.1 Poliargie en pluralisme

Dahl (2015:89) beklemtoon die verskil tussen pre-moderne demokrasie en demokrasie, soos dit in die huidige era (vanaf die 20ste eeu) gedefinieer word, hoofsaaklik as die insluiting van

¹³ Vertikale vertroue verwys na vertroue tussen outoriteit (regering, elite-groepe) en burgers en horisontale vertroue verwys na vertroue tussen groepe en individue (Eek & Rothstein, 2005:3).

kiesers, oftewel die institusie¹⁴ van ingeslote burgerskap (alle volwassenes). Hy “herdoop” dus demokrasie as ’n poliargie (Dahl, 2015:90) en beskryf die twee meganismes van sosiale beheer wat demokrasie (poliargie) onderskei van diktatorskap as verkiesings, en voortdurende politieke kompetisie tussen individue en politieke partye (Krouse, 2008:443). Poliargie is dus nie ’n uitsluitlike meerderheidsregering en ook nie gesamentlike minderheidsregering nie – dit is ’n oop, kompeterende en pluralistiese sisteem van “minorities rule” (Krouse, 2008:443). Gesonde pluralistiese demokrasie sluit ’n wye verspreiding van politieke mag onder kompeterende groepe in, met geen mag behou in elite-groepe nie (Heywood, 2013:101). ’n Hoë mate van responsiwiteit moet bestaan en politieke leiers moet toerekenbaar wees aan lede. Held (2006:160) beskryf die politieke proses in ’n pluraliteit as ’n proses van onderhandeling tussen groepe wat verskillende belange verteenwoordig. Volgens Dahl word ’n plurale demokrasie dus gedefinieer as ’n “minderheidsregering” (Held, 2006:163). Die waarde van die demokratiese proses lê dus in regering deur veelvuldige minderheidsopposisies eerder as die daarstelling van die soewereiniteit van die meerderheid. Poliargie en pluralisme is dus “twee kante van dieselfde muntstuk” en beskryf ’n veelpolige demokrasie wat uit diverse groepe en gemeenskappe bestaan. Politieke deelname vind dus op ’n gelyke vlak vir alle individue en groepe plaas wat politieke doeltreffendheid stimuleer en ’n kultuur van vertroue bou.

2.2.6.2 Elitistiese benadering

Elitisme word ook korporatiewe pluralisme genoem, en verwys na die manier waarop belangegroepe in die gemeenskap kompeteer om regeringsbeleid te vorm (Heywood, 2013:103; Held, 2006:171). Die bevoordeling van sekere dominante groepe verswak die ondersteuning van die meer kwesbare groepe wat stabiliteit van die demokrasie beïnvloed, veral in ontwikkelende en transformasionele demokrasieë (Heywood, 2013:101). Elitisme verwys dus na ’n minderheid in wie se hande mag, rykdom en ander sosio-ekonomiese voorregte gekonsentreer is en politieke beheer uitgeoefen word. Volgens Downs se model van kompeterende elitisme (soos aangehaal deur Heywood, 2006:103) sal mag altyd in die elite se hande wees, en elite-groepe altyd domineer. Mills (aangehaal deur Botha, 1984:103) sluit by dié siening aan en beskryf die elite as ’n “magselite” wat sy mag realiseer deur instellings en korporatiewe beheer. Volgens Warren (1999:62) is die vertrouensverhouding (vertikale vertroue) tussen kiesers en elite-groepe gebaseer op die siening dat kiesers moet staatmaak op die geloofwaardigheid en betroubaarheid van kandidate. In ontwikkelingsdemokrasieë waar transformasie plaasvind, kom ’n wye verskeidenheid van etniese groepe dikwels bymekaar om ’n pluralistiese gemeenskap te vorm. Die sukses van demokratiese konsolidering hang dus af van die wyse waarop die nuwe staat die

¹⁴ Dahl gebruik die term “institutions of representative democracy” en lys die ses institusies soos volg: verkose amptenare, vrye, gereelde verkiesings, vryheid van spraak, alternatiewe inligtingbronne, vryheid van assosiasie, ingeslote burgerskap (Dahl, 2015:85).

regte en vryhede van hierdie gemeenskappe beskerm en die vertroue wat groepe in die vertikale en horisontale prosesse van onderhandeling en deelname plaas.

2.2.6.3 Konstitusionele demokrasie

Konstitusionalisme is die doktrine dat die regering se magte beperk moet word sodat menseregte beskerm kan word (Ranney, 1987:200). Konstitusionele waarborge beskerm die regte van burgers teen die handelinge van openbare amptenare en privaat groepe wat hierdie regte bedreig. Die meeste moderne demokrasieë lê die formalisering van demokratiese prosesse in 'n grondwet vas om burgers se regte en vryhede in die demokrasie te beskerm. Demokrasie en konstitusionalisme is dus logies apart van mekaar, maar in die praktyk is dit nou verbind en funksioneer selde apart (Ranney, 1987:200). Uit die skrywe van beide Ranney (1987:192-200) en Held (2006:62-70) kan die eienskappe van 'n moderne konstitusionele demokrasie as volg opgesom word:

- Regeringsbestuur wat beperk en gemonitor word deur populêre regsoewereiniteit
- Skeiding van wetgewende, uitvoerende en regterlike magte
- Skep van wigte en teenwigte deur middel van 'n grondwet met 'n handves van menseregte
- Regte/vryhede van kiesers binne konstitusionele demokrasie word beskerm
- Die grondwet en konstitusionele hof word erken as die oorhoofse regsreël.

Die perspektiewe rondom konstitusionalisme in die moderne demokrasie wissel van 'n stelsel wat meederheidsreël beperk, tot 'n voorskrywende instrument in die hande van die elite, asook 'n strategiese meganisme in onderhandelinge oor magsdistribusie (Held, 2006:156-157). Dit is veral in oorgangsdemokrasieë waar die toepassing van konstitusionele beginsels bevraagteken word as gevolg van die wanadministrasie van konstitusionele en demokratiese beginsels soos in sub-Sahara Afrika-state plaasvind. Hierdie aspekte word in Hoofstuk 3 in besonderhede aangespreek.

2.2.7 Die legitimitetsperspektief en demokrasie

Politieke legitimititeit behels die goedkeuring wat burgers aan die regering en regeringsmag toesê. Politieke legitimititeit stimuleer politieke vertroue, wat bydra tot die demokrasie se stabiliteit (Blind, 2006:18). Heywood (2013:80) wys ook uit dat demokratiese legitimititeit die sleutel is tot politieke stabiliteit – die bron van 'n regime se oorlewing en sukses. Legitieme prosedures en besluitneming is nodig om die skepping van politieke mag te regverdig. Weber (in Heywood, 2013:82) onderskei drie redes (bronne) waarom mense hulle aan outoriteit onderwerp:

- Vertroue in 'n spesifieke politieke of sosiale orde – tradisionele outoriteit
- Vertroue in regeerders – geloofwaardigheid, oftewel charismatiese outoriteit
- Vertroue in die reg – wetlik-rasionele outoriteit.

Sartori (in Van Vuuren, 1984:61) som legitimiteit op as politieke mag wat slegs verkry word deur die toestemming van diegene waarvoor dit uitgeoefen word. Bentham (in Heywood, 2013:83) verklaar 'n magsverhouding legitiem as dit in terme van die gemeenskap se oortuigings regverdig kan word. Heywood (2013:83) identifiseer verder twee vereistes van legitimiteit, naamlik die bestaan van verkiesings en veelparty-kompetisie, en die bestaan van konstitusionele reëls wat beskryf hoe mense (die kiesers) voel hulle regeer moet word. Volgens Rawls se teorie van "joining consent" (Peter, 2017) moet die politieke regime se optrede deurlopend geëvalueer word – legitimiteit is dus 'n funksie van die kiesers se goedkeuring. Demokratiese legitimiteit vereis ook billike en gesamentlike besluitneming wat gebaseer is op demokratiese onderhandelinge (onderhandelde demokrasie). Die kwaliteit van die besluit is dus nie noodwendig belangrik nie, maar wel die regverdigheid van die proses en die besluitneming. Die eienskappe van demokratiese besluitneming verskaf 'n normatiewe basis vir demokratiese legitimiteit (Peter, 2017). 'n Belangrike faktor hier is deelname. Habermas (in Peter, 2017) argumenteer die legitimiteit van demokratiese besluite hang af van kiesers se deelname in die wettige prosesse van onderhandelde demokratiese besluite. Die ideale uitkoms is 'n rasonele, wetlike besluit – 'n besluit wat almal sal ondersteun. Inglehart (1999:107) verbind legitimiteit aan hoë vlakke van subjektiewe welsyn in die gemeenskap. Persoonlike welsyn word weer direk aan interpersoonlike vertroue in die regering en stabiliteit van die demokrasie gekoppel (Inglehart, 1999:110). Legitimiteit in die demokrasie sluit ook kulturele faktore soos sosialisering, sosiale struktuur en ekonomiese ontwikkeling in (Warren, 1999:113).

2.2.8 Sosialisering en politieke kultuur

Politieke sosialisering is die proses waardeur mense hul politieke oriëntasie en gedragspatrone ontwikkel (Ranney, 1987:53). Ontwikkeling van houdings en gedrag word aangeleer deur interaksie met familie, skool, portuurgroepe, media, agente en groepe in die gemeenskap. Nasionale identiteit en burgerskap vorm ook deel van hierdie politieke kultuur en is 'n belangrike aspek in die bepaling van die demokrasie se sosio-psigologiese klimaat, aangesien dit tot die ondersteuning of beperking van demokratiese prosesse bydra. In die demokratiseringsproses is die beskerming en bevordering van sosiale norme en tradisies belangrik in die skep van 'n nasionale identiteit en 'n hegte, deelnemende gemeenskap.

Die term politieke kultuur verwys weer na histories-gebaseerde, wydgedeelde waardes en houdings oor die aard van politieke stelsels, wat 'n verbintenis vorm tussen die burgers en die regering. Volgens Ranney (1987:61) kan politieke kultuur beskryf word as 'n breë denkwysie oor hoe regering en politiek bedryf moet word. Almond (in Kotze, 1984:277) omskryf politieke kultuur as 'n stel waardes en gewoontes of rituele, deur 'n groep mense voorgehou, wat hul politieke gedrag onderskryf en die skakel tussen kiesers en die regering vorm. Politieke kulture is baie belangrik omdat dit die gemeenskap se politieke waarnemings en aksies vorm. Ranney

(1987:65) lig ook vertroue in mense (buite die familie) uit as 'n belangrike komponent van politieke kultuur. Politieke kultuur skep dus die psigologiese omgewing waarbinne die politiek bedryf en openbare beleid geskep word, en bestaan uit feitelike oortuiginge (politieke feite en gebeure), naamlik wat mense glo oor dinge in die politieke wêreld, en politieke voorkeure, wat te doen het met waarvan mense hou of nie (waardes en prioriteite). Volgens Ranney (1987:63) word politieke kultuur gevoed deur demokratiese prosesse soos ekonomiese ontwikkeling, wat sosiale mobilisasie skep en bydra tot 'n meer deelnemende gemeenskap, en vertroue stimuleer en demokrasie versterk.

2.2.8.1 Sosio-ekonomiese ontwikkeling en politieke kultuur

Sedert Aristoteles is politieke sosioloë in ooreenstemming dat die vooruitsigte vir doeltreffende demokrasie afhanklik is van sosiale ontwikkeling en ekonomiese welsyn (Putnam, 1993:11). Huntington wys op die verband wat bestaan tussen ekonomiese ontwikkeling, sosiale mobilisering, politieke deelname en institusionalisering (in Olivier, 1984:188). Putnam (1993:11) beklemtoon die verband tussen demokratiese suksesse en sosio-ekonomiese faktore. Sy teorie is daar is drie faktore wat verband hou met doeltreffende demokratiese regering, naamlik institusionele ontwerp, sosio-ekonomiese faktore, en sosio-ekonomiese kultuur. Institusionele ontwerp behels die daarstelling van die institusionele strukture wat verteenwoordigende regerings die beste ondersteun. Sosio-ekonomiese kultuur behels die siening dat die vooruitsigte vir doeltreffende demokrasie afhanklik is van sosiale ontwikkeling en ekonomiese welsyn. Ekonomiese ontwikkeling hou verband met modernisering en die skep van rykdom wat weer institusionele prestasie bevorder en demokratiese prosesse stabiliseer. Sosio-kulturele faktore hou verband met burgerlike organisasies en die rol wat dié institusies speel in die uitlewing van waardes en norme in die gemeenskap (Putnam, 1993:11). Die verhouding tussen demokrasie en die ekonomie, en demokrasie en die gemeenskap word vervolgens bespreek.

2.2.8.1.1 Die verhouding tussen demokrasie en die ekonomie

Ekonomiese prestasie beïnvloed die politiek op alle vlakke. Die beloftes wat politici maak, is byna uitsluitlik ekonomies gebaseer. Kiesersgedrag word tot 'n groot mate deur klas en ander sosio-ekonomiese verskille beïnvloed. Ideologiese verskille sentreer ook rondom eienaarskap en ekonomiese organisasie (Heywood, 2013:202). Inglehart (1999:97) beskou ook ekonomiese ontwikkeling en vooruitgang as 'n hooftfaktor in die bevordering en stabilisering van demokrasie en bevordering van kiesersvertroue. Ekonomiese vooruitgang bring industrialisasie en transformeer dus die gemeenskap se sosiale struktuur wat verstedeliking, opvoeding, gespesialiseerde werkseleenthede, groei van netwerke en organisasies, groter gelykheid van inkomste, en deelname in die politiek meebring. Putnam (1993:84) beskryf die interafhanklikheid van suksesvolle demokrasie en sosio-ekonomiese ontwikkeling as volg:

“Wealth eases burdens, both public and private, and facilitates social accommodation. Economic growth expands the middle class, long thought to be the bulwark of stable effective democracy”.

Girardin (2012:133) wys die vier primêre ekonomiese take van politiek, soos deur Nobelpryswenner Paul Samuelson uiteengesit, uit as die verbetering van ekonomiese doeltreffendheid; die bevordering van herdistribusie van inkomste; die stabilisering van die ekonomie deur makro-ekonomiese beleide; en deelname aan internasionale ekonomiese politiek.

2.2.8.1.2 Die verhouding tussen demokrasie en die gemeenskap

Cohen (in Warren, 1999:217) kwalifiseer die burgerlike gemeenskap as 'n sfeer waarin individue bymekaarkom en groepe vorm, gemeenskaplike oogmerke nastreef en belange deel:

"A civic culture of 'generalized trust' and social solidarity, peopled by citizens willing and able to cooperate in joint ventures, is an important societal prerequisite of a vital democracy".

Rowly (in Rauth, 2008:8) definieer die burgerlike gemeenskap as:

"The non-economic, non-state, and non-political dimensions of society".

'n Hoofeienskap van die burgerlike gemeenskap is vrywillige deelname. 'n Sekondêre eienskap is pluralisme. Groepe vergader om verskillende doelstellings te bereik, wat van openbare of persoonlike belang mag wees. In 'n demokratiese gemeenskap staan die burgerlike gemeenskap apart van die staat, wat deur regsreël verhoed word om by burgerlike organisasies in te meng. Dus is die burgerlike organisasie verbonde aan die konstitusionele liberale orde en vryheid van assosiasie (Chambers & Kopstein, 2008:367).

2.2.8.1.3 Die rol van plaaslike regering in die gemeenskap

Sterk, gedesentraliseerde plaaslike regering verseker legitimititeit in gemeenskappe, aangesien plaaslike gemeenskappe verantwoordelikheid neem vir hul eie welsyn en vooruitgang. De Tocqueville is 'n groot voorstander van die desentralisering van politieke en administratiewe mag, en die ontplooiing daarvan in sterk plaaslike regering (Rauth, 2008:27). Dié konsentrasie van mag en outoriteit op plaaslike vlak stel burgers in staat om deel te neem aan die totstandkoming van 'n suksesvolle plaaslike gemeenskap. Volgens de Tocqueville verseker ingeligte en aktiewe burgers 'n gesonde demokrasie:

"The entire country benefits from the infusion of its traditional habits of local government into the ideas, opinions, mores, and laws of the nation as a whole" (Rauth, 2008:27).

De Tocqueville is ook van mening 'n sentrale regering kan nie in die behoeftes van burgers voorsien nie. Deur plaaslike institusies kan burgers hul behoeftes die beste bevredig, hul opinies lug, en direkte reaksie van die regering kry. Die werklike mag van vrye individue bestaan dus in die gemeenskap (Rauth, 2008:57).

2.2.9 Voordele en nadele van demokrasie as regeringsvorm

Diamond (2016:151) wys uit tussen 2000 en 2017 het demokratiese regerings in 27 lande tot niet gegaan, en vele transformasionele demokrasieë, veral in Afrika, ook misluk om aan hul burgers se hoop en ideale vir vryheid, sekuriteit en ekonomiese groei te voldoen. Tog bly demokrasie, eerder as outokrasie en eenpartybedelings, nog steeds die verkose regeringsvorm. Volgens Diamond is demokrasie minder gewelddadig teenoor hul burgers en meer beskermend ten opsigte van menseregte. Demokratiese lande verklaar nie oorlog teenoor mekaar nie en is meer geneig om markgerigte, stabiele, voorspoedige ekonomieë te ontwikkel (Diamond, 2016:154). Demokrasie verleen legitimititeit aan politieke besluite, want dit voldoen aan die vereistes van deelname, verteenwoordiging en toerekenbaarheid. Diamond sluit dus aan by Dahl (2015:45) se opinie dat demokrasie die mees stabiele regeringsvorm is, aangesien demokrasie die beskerming van basiese regte waarborg, sowel as selfdeterminasie en morele outonomie, individuele menslike ontwikkeling, die beskerming van persoonlike belange, politieke gelykheid, vrede en voorspoed – dus die uitlewing van die demokratiese ideaal.

Schumpeter (in Held, 2006:150) beklemtoon dat enige vorm van demokrasie die gevaar loop om 'n teelaarde vir burokratiese ondoeltreffendheid te word deur die onophoudelike stryd om politieke voordeel te behou. Die aanpassing van openbare beleid om op die lange duur die belange van politici te bevorder, ontwikkel volgens Michels (in Pretorius, 1984:80) uiteindelik in oligargie¹⁵. Dit lei tot 'n verlies aan legitimititeit en is een van die redes vir die mislukking van demokratisering in Afrika-state. Volgens Dahl (in Brouwer, 1984:55) wentel kritiek op demokrasie hoofsaaklik om die invloed wat groot maatskappye (korporatiewe Leviathan) op die ekonomiese en regeringsbeheer van 'n demokrasie kan uitoefen. Probleme wat in 'n grootskaalse regering ontstaan as gevolg van die groot getalle mense betrokke wat gelyke deelname beïnvloed, word beskryf as die “demokratiese Leviathan”. De Tocqueville het demokrasie weer beskryf as die “tirannie van die meerderheid” – demokrasie hou die bedreiging in dat individuele en minderheidsregte in die naam van die mense onderdruk sal word (Heywood, 2013:98). Volgens de Tocqueville waarborg meerderheidsregering nie op sigself stabiele demokrasie nie.

2.2.10 Vereistes vir suksesvolle demokratiese regering

Putnam (1993:9) definieer 'n suksesvolle demokrasie as responsief teenoor die behoeftes van kiesers en doeltreffend in die aanwending van beperkte bronne om daardie behoeftes te bevredig.

Volgens Gill (2009:1-2) rus suksesvolle demokratiese regeringsbestuur op hierdie sewe pilare:

¹⁵ Oligargie impliseer 'n regerende klas, of politieke elite, wat beteken dat 'n klein groepie leiers – lede van die oligargie – voorgee hulle regeer in ooreenstemming met die belange van die meerderheid, maar dat hul eie belange eintlik voorrang geniet (Pretorius, 1984:80).

- **Legitimiteit** – Grondwet met handves van menseregte en regsreëls beskerm burgers
- **Deelname** – Van alle belanghebbendes in regeringsbeleid en prosesse
- **Verantwoordelike bestuur** – In lyn met die vertroue soos gestel deur die gemeenskap
- **Etiese optrede** – Eerlikheid, deursigtigheid, integriteit, geloofwaardigheid en billikheid
- **Deursigtigheid** – Vrye toegang tot betroubare inligting oor regeringsbeleid en proses
- **Voorspelbaarheid** – Vooruitgeskatte resultate bou vertroue – “promise keeping”
- **Toerekenbaarheid** – Politieke leiers moet toerekenbaar gehou word vir hul aksies.

Morlino sien die delegerende, verteenwoordigende demokrasieë as suksesvoller as gevolg van hierdie demokrasieë se “populistiese”¹⁶ karakter. Hy beklemtoon egter daar bestaan dikwels as gevolg van die delegering van verantwoordelikhede aan verteenwoordigers nie genoegsame geleentheid vir kiesers om die aksies van die amptenare wat hulle gekies het, te kontroleer en evalueer nie. Die delegering van magte en toerekenbaarheid word dus nie doeltreffend in demokrasieë ondersteun nie en hoewel funksioneel, is die kwaliteit van die strukture en institusies vir demokratiese regering betwyfelbaar. In sy bespreking rondom die kwaliteite of eienskappe van ’n “voortreflike” demokrasie definieer Morlino (2002:2) die minimale vereistes vir suksesvolle demokratiese regering as: 1) universele stemreg vir volwassenes; gereelde vrye, kompeterende verkiesings; meer as een politieke party en vrye toegang tot inligtingsbronne (die hoofdoelstellings van demokrasie in die praktyk), en 2) tot watter mate die demokrasie voldoen aan die demokratiese ideale van vryheid en gelykheid (die hoofdoelstellings van die ideale demokrasie).

2.2.11 Die demokratiese ideaal teenoor die demokratiese werklikheid

Dahl (1999:10) bevraagteken die volgende: As mense in demokratiese gemeenskappe demokrasie ondersteun, wat presies ondersteun hulle? Wat is die waardes wat hulle aan ’n demokratiese bedeling heg? Hy tref ’n onderskeid tussen demokrasie as ideaal en demokrasie in die werklikheid. Dahl beskryf die demokratiese ideaal as ’n standaard, of doelstelling, wat selfs onbereikbaar mag wees, maar baie relevant in die ontleding en evaluering van politieke stelsels, aangesien dit sekere standaarde stel waarteen die werklikheid gemeet kan word. Sartori (in Brouwer, 1984:65) verklaar demokrasie is ’n normatiewe beginsel: dit *beskryf* nie ’n verskynsel nie, maar is *voorskrywend* van ’n ideaal. Hy sien die moderne demokratiese ideaal wesentlik as ’n liberaal-demokratiese verskynsel, aangesien liberalisme die natuurlike bondgenoot van die moderne demokrasie is. Die term demokrasie het ook groter ideologiese funksionaliteit verkry,

¹⁶ Die woord “populisme” kom van die Latynse woord *populus* wat “mense” beteken (Vocabulary.com.1.5.2017). Populisme is die geloof in die mag van gewone mense en hul reg om beheer oor hul regering te hê, eerder as ’n ryk elite-groep.

aangesien dit 'n doeltreffende slagspreuk vir massamobilisering en manipulasie¹⁷ is. Waar ekonomiese ontwikkeling en sosiale mobilisering in die transformasionele demokrasie teen verskillende tempo's plaasvind, ontstaan 'n gaping tussen behoeftes en die bevrediging daarvan. Hierdie gaping, volgens Sartori, veroorsaak sosiale frustrasie en ontevredenheid (Olivier, 1984:172). Volgens hom moet 'n duidelike onderskeid getref word tussen die "is" en die "behoort" van demokrasie (Van Vuuren, 1984:59). Tweedens dui hierdie onderskeid nie noodwendig op twee onafhanklike faktore nie, want daar bestaan 'n duidelike wisselwerking tussen demokratiese ideale en die werklikheid. Sonder die rigtinggewende ideale kan demokrasie nie in konkrete werklikheid omgesit word nie. Net so bly 'n demokratiese ideaal sonder enige konkrete basis, omdat dit slegs sinvol in die praktyk kan bestaan. Sartori stel hierdie beginsel soos volg:

"Namate 'n ideaal verwerklik word, moet dit in dieselfde mate aangepas word as wat dit die teikenpunt nader" (in Van Vuuren, 1984:67).

Erosie van kiesersvertroue binne 'n demokrasie vind plaas wanneer kiesers nie meer die regering beskou as die leweraar van transformasionele ideale nie, en die sosio-ekonomiese welsyn van die gemeenskappe nie verbeter nie (Morlino, 2002:14). Suksesvolle konsolidering van die demokrasie is dus afhanklik van die suksesvolle uitvoering van staatspligte en verantwoordelikhede binne die prosedurele en substantiewe dimensies van die transformasionele demokrasie. Morlino (2002:3) definieer die konsep van 'n kwaliteit demokrasie (soos gegrond in prosedurele en substantiewe dimensies) as volg:

- **Prosedurele dimensie (demokratiese realiteit):** Hierdie dimensie soos beskryf deur Morlino (2002:6) behels die uitvoering van regeringbeleid en -programme, sowel as die meet van die regering se verantwoordelikheid, en vervat aspekte soos regsreël en toerekenbaarheid, afwesigheid van korrupsie, sterk plaaslike regering en burokrasie wat doeltreffend funksioneer, sowel as 'n sterk polisiemag. Dit is 'n uitkomsgebaseerde maatstaf en behels die vermoë van die regering om hul beleid uit te voer in ooreenstemming met die grondwetlike beginsels en sosio-ekonomiese behoeftes van kiesers. Die doeltreffende bestuur van vrye en gelyke verkiesings val ook onder die prosedurele staatsverpligtinge (Morlino, 2002:16).
- **Substantiewe dimensie (demokratiese ideaal):** Die dimensie behels die progressiewe implementering van politieke, sosiale en ekonomiese gelykheid, respek vir en beskerming van regte en vryhede wat politieke, burgerlike en sosiale regte insluit. Die tevredenheid van kiesers en tot watter mate kiesers die legitimiteit van die regering ondersteun, word ook binne hierdie dimensie beskryf (Morlino, 2002:5).

¹⁷ Sartori beskou hierdie faktor as 'n wesentlike risiko wat aan alle demokratiese stelsels verbonde is. In vrye kompetisie is die versoeking altyd groot om ekstreme volkstandpunte in te neem en politieke vleitaal te gebruik. Sartori (in Van Vuuren, 1984:68) beskryf dit as "demagokrasie" en volksmanipulasie.

Die suksesvolle uitvoering van regeringspligte in die prosedurele en substantiewe dimensies van demokrasie vorm, volgens Kotze (2015a:3), die kern van demokratiese konsolidering in die transformasionele staat. Die elemente word ook deurgaans in die studie aangewend as primêre maatstawwe in die meet van kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokrasie (Hoofstuk 4).

2.2.12 Demokrasie, voortreflike regering¹⁸ en kiesersvertroue

Blind (2006:16) beskou die drie rolspelers in goeie regering as die staat, burgerlike gemeenskap, en die privaat sektor. Die staat skep 'n werkende politieke, ekonomiese en wetlike omgewing, die burgerlike gemeenskap fasiliteer politieke en sosiale interaksie, en die privaat sektor skep werksgeleenthede en verskaf goedere en dienste. Voortreflike regering beskryf dus die oop en doeltreffende manier waarop die bestuur van openbare sake en bronne plaasvind, en menseregte beskerm word. Offe (1999:85) verduidelik hoe voortreflike regering vertroue behoort te bou:

“The solution of successfully seeking trust is that trust (in elites as well as in everyone else) can be increased if institutions and procedures generate an impeccable record in terms of truth-telling, promise-keeping, fairness and solidarity ... here the formula is that good government and good laws make good citizens”.

Voortreflike regering is dus sinoniem met demokratiese en doeltreffende regering, want dit is deelnemend, deursigtig en toerekenbaar (Blind, 2006:16). Die hoofvereiste vir samewerking tussen die verskillende rolspelers is politieke, ekonomiese en sosiale vertroue – die drie vertakkings van kiesersvertroue (sien Figuur 2.2). Demokrasie skep en bevorder ruimte vir opposisiepartye om ook aan die politieke proses deel te neem, sodat magswisseling tussen partye binne 'n kultuur van vertroue plaasvind (Inglehart, 1999:98,105). Offe (1999:44) identifiseer vier aspekte van vertroue:

- Horisontale vertroue van burgers in mekaar, (non-elite)
- Vertroue van burgers en gemeenskappe in politieke en elite-groepe
- Horisontale vertroue tussen elite-groepe soos ondernemings, geloofsinstansies en akademici
- Vertikale vertroue wat die vertroue tussen elite en die massa-publiek (kiesers) verteenwoordig.

Inglehart (1999:100) beklemtoon die ontwikkeling van 'n “kultuur van vertroue” en die beslissende rol wat dit in demokrasie speel. Demokratiese institusies is afhanklik van die vertroue dat alle rolspelers in die politieke proses die demokratiese proses se reëls sal aanvaar en lede van verskillende politieke partye mekaar sal vertrou as lojaal teenoor die beginsels van die

¹⁸ Die term voortreflike regering (“good governance”) word deur Morlino gedefinieer as 'n demokrasie gegrond in prosedures, inhoud en resultate (Morlino, 2002:3).

demokrasie (Inglehart, 1999:101). Hy noem dit “societal trust” en beskou dit as die basis van die burgerlike kultuur en ’n noodsaaklike vereiste vir ’n sterk burgerlike gemeenskap en legitimiteit van die demokrasie (Inglehart, 1999:104).

In transformasionele demokrasieë is die toepassing van die prosedurele en substantiewe staatsverpligtinge veral van belang om die suksesvolle konsolidasie van die demokrasie te bewerkstellig. Normatiewe demokratiese ideale van vryheid en gelykheid word verwesentlik deur in openbare behoeftes soos behuising, werkskepping en basiese dienste te voorsien. Die klem val op armoedeverligting, werkverskaffing en gelyke regte wat, veral in die geval van Afrika-state, as ’n deurslaggewende faktor in die demokratiseringsproses gesien word (Adegboye, 2013:246).

Die volgende afdeling van die studie fokus op die rol van die staat in die demokrasie en die uitvoering van grondwetlike staatsbeleid en verkiesingsbeloftes (prosedurele en substantiewe prosesse) om ontwikkelingsuitkomste te bereik. Meer klem word dus gelê op transformasionele aspekte en die rol wat kiesersvertroue speel in die demokratiese konsolidering van die staat.

2.3 DIE ROL VAN DIE STAAT MET SPESIFIEKE KLEM OP DIE PROSESSE WAT KIESERSVERTROUEN IN ONTWIKKELINGSDEMOKRASIEË BEÏNVLOED

Sedert die ontstaan van state probeer politieke filosowe rekening gee van die staat se morele posisie en omvang van die verhouding tussen die staat en sy burgers in ’n demokratiese opset (Kukathas, 2008). Liberale demokratiese teorie beskryf die staat as ’n neutrale arbiter onder die kompeterende groepe in die gemeenskap, om individue teen mekaar te beskerm en in die belang van al die burgers op te tree. Die moderne teorieë en definisies van die staat beklemtoon ook die intervensionele rol van die staat, veral in ontwikkelingsstate, waar (soos uitgewys deur Edigheji, 2010:5) die kapasiteit van staatsinstitusies ’n bepalende rol speel in die suksesvolle ekonomiese transformasie van die staat. Die onderstaande teoretiese bespreking lig aspekte van die staat uit wat spesifiek verband hou met die ontwikkelingsparadigma en wedersydse invloed van die staat en kiesersvertroue op mekaar.

2.3.1 Teorieë en definisies van die staat

Ter aansluiting by demokratiese teorie, gee teorieë oor die staat perspektief met betrekking tot die etiese verantwoordelikheid van die staat as skepper van vertroue en uitvoerder van die sosiale kontrak. Die vertrouensverhouding tussen die groepe in die politiek, en magsaspekte wat legitimiteit en regsfunksies van die moderne staat definieer, sowel as staatsfunksies in verskillende demokratiese bedelings word krities ontleed met spesifieke verwysing na die verantwoordelikhede van die staat teenoor die kiesersgemeenskap. Die rol van die staat in ontwikkelende demokrasieë word in detail bespreek, asook die prosedurele en substantiewe staatsverpligtinge in die proses van demokratiese konsolidering. Die maatstawwe vir die funksionering van ’n suksesvolle staat word binne hierdie raamwerk gekwalifiseer en die rol van

die staat in verhouding tot demokratiese beginsels en kiesersvertroue ontleed. Die maatstawwe vir 'n suksesvolle staat word vasgestel met die doel om dieselfde maatstawwe dan toe te pas op die Suid-Afrikaanse staat.

2.3.1.1 Ideologiese, metafisiese en sosiologiese teorieë van die staat

Vroeë Griekse teorieë van die staat was gebaseer op die ideologiese beginsel van die “ideale beste staat” as die etiese standaard van politieke geregtigheid vir die beste moontlike staat in die werklikheid. Vir Plato wentel dit om die eenheid van etiek en politiek (Nelson, 2006:20). Vir Aristoteles is die beginsel van reg inherent in die konstitusionele evolusie van die staat self en die praktiese deelname van burgers in die politieke lewe van die staat.

Vir Hegel verteenwoordig die moderne staat die hoogste vorm van vryheid (Nelson, 2006:91) en is familie en burgerlike gemeenskap noodsaaklik in die bestaan van die staat (Heywood, 2013:57). Deur die burgerlike gemeenskap word die werklike veranderinge in die formasie van moderne state weerspieël, die skeiding tussen staat en gemeenskap en toenemende differensiasie van funksies wat hierdie proses karakteriseer. Hegel beskou die staat dus as 'n lewende organisme wat uit klasstrukture bestaan (Nelson, 2006:85-105). Hierdie selfde klassifiseringstelsel, wat die legitimiteit van die staat bepaal, skeep ook die uiterstes van armoede en rykdom. Hegel sien die oplossing vir die dilemma in die ontwikkeling van die welsynstaat. Sy siening is dus nou verbind aan die sosiaal-demokratiese siening van staatsintervensie.

Weber se sosiologiese beskouing van die staat sentreer rondom sosiale aksie soos geanker in die konsep van dominansie. Volgens Weber het die moderne staat die monopolie om mag te gebruik binne sy gebied (Nelson, 2006:115). Dié mag, volgens Weber, moet egter legitiem wees eerder as afgedwonge (Peter, 2017).

2.3.1.2 Die staat as uitvoerder van die sosiale kontrak

Volgens Locke (Nyamaka, 2011:6) is die regering die uitkoms of resultaat van die mense se toestemming en die legitimiteit van die regering berus dus in die *wil* van die mense. Enigiemand wat sy uitdruklike of stilswyende goedkeuring aan die sosiale kontrak gee, is verplig om die staat se wette te gehoorsaam. Kant se teorie oor die staat sluit aan by die sosiale kontrakteorie: Individue kontrakteer op 'n morele basis met mekaar om vanuit die “wettelose staat” 'n wetlike gebied te betree wat deur geregtigheid beheer word, sodat die vryheid van elkeen versoenbaar is met die vryheid van almal (Kukathas, 2008). Kukathas ondersteun Kant se standpunt dat die staat deur regsreël en orde geskep en dus vooropgestel word. Die staat dien ons belange in vryheid deur eerste ons belange in geregtigheid te dien (Kukathas, 2008). Held beklemtoon:

“The government is the result of an agreement among the citizenry and is legitimate only to the extent to which it fulfills the instruction of the general will” (Held, 2006:47).

'n Politieke gemeenskap word dus geskep deur 'n kompromie waar individuele vryhede opgeoffer word in belang van die beskerming van gesondheid, veiligheid, regte en eiendom. In die

Westerse demokratiese tradisie is die fundamentele doel van die staat om hierdie regte te beskerm.

2.3.1.3 Definisies en kenmerke van die moderne (demokratiese) staat

Kukathas (2008:1) beskryf die staat as 'n korporatiewe en politieke assosiasie wat deur die burgerlike gemeenskap geskep word. Korporatiewe assosiasies verwys na die integrasie van institusies en ekonomiese belangegroepes in die bestuur van die staat (Heywood, 2013:103). Met 'n politieke assosiasie word bedoel 'n groep mense wat saamkom met die doel om sekere politieke take te verrig. Dit moet dus 'n struktuur van outoriteit hê, naamlik die staat, om die uitvoering van verskillende aksies te bestuur.

Venter (2014b:85) definieer die staat as:

“An institution through which individuals and groups seek to exercise power (though it is not the only such institution); but it is also an institution that exercises power over individuals and groups”.

Kukathas (2008:6) sluit hierby aan en beklemtoon die feit dat die staat nie 'n materiële voorwerp is nie, maar bestaan as gevolg van die verhouding tussen mense en groepe. In terme van internasionale reg (Heywood, 2013:58) besit die staat 'n afgebakende gebied (territoriaal), 'n permanente bevolking, 'n doeltreffende regering en die kapasiteit om met ander state te onderhandel.

2.3.1.4 Die skeiding van magte in die staat

Warren (2008:387-389) bevraagteken op watter wyse die funksies van die staat demokrasie genereer, ondersteun en organiseer. Hy identifiseer twee norme: demokratiese state is konstitusioneel en funksioneer onder regsreëls. Volgens Warren (2008:387) hou die relatiewe sukses van demokrasie nou verband met die staat, aangesien die rol van die staat die bestuur van magte is, waardeur suksesvolle demokratiese regering behaal word. In 'n konstitusionele demokrasie is die staat meer uitgebreid as die regering – die regering vorm deel van die staat. Die staat verteenwoordig almal – die regering verteenwoordig die regerende party en lede. In die konstitusionele staat (soos per die teorieë van Locke en Montesquieu¹⁹) stel die beginsel van die skeiding van magte (“trias politica”²⁰) voor dat elk van die regering se funksies (wetgewend, uitvoerend en regterlik) onafhanklike take van die regering moet wees (Held, 2006:65).

¹⁹ Locke stel 'n duidelike skeiding tussen die wetgewende en die uitvoerende take van die regering voor. Montesquieu argumenteer onder moderne toestande kan vryheid net gebaseer word op die geïnstitusionele skeiding en balans van magte binne die staat. Sodoende word wigte en teenwigte geskep deurdat staatsmag nie in een liggaam gekonsentreer is nie, maar versprei is (Held, 2006:68).

²⁰ Die term “trias politica” wat “skeiding van magte” beteken, is deur Charles-Louis de Secondat, baron de La Brède et de Montesquieu, die 18de eeuse politieke filosoof, gebruik en in sy werk *Spirit of the Laws* (1748) uiteengesit. (The Free Dictionary.com.)

2.3.2 Kollektiewe funksies van die moderne staat

Die rol of funksies van die moderne demokratiese staat kan dus saamgevat word as beheer, sekuriteit en beskerming, ekonomiese funksies en herdistribusie van inkomste (Venter, 2014:85). Hierdie funksies kan ook op provinsiale en plaaslike vlak uitgevoer en waargeneem word in die vorm van goedere en dienste wat aan burgers gelever word. Sodoende word 'n omgewing geskep waarbinne individue, groepe en gemeenskappe daarna kan streef om hul lewenskwaliteit te handhaaf en bevorder. Heywood (2013:57) beskou die staat as 'n funksie van die regering (organisatoriese benadering) – 'n openbare institusie wat verantwoordelik is vir die kollektiewe organisasie van burgerlike welvaart, gefundeer deur die publiek. Dié benadering onderskei tussen die staat en burgerlike gemeenskap. Bentham (soos aangehaal deur Nitisha, 2017) wys uit die demokratiese staat moet vier oorhoofse funksies verrig, naamlik om voorspoed te verseker; in die behoeftes van die gemeenskap te voorsien, gelykheid te bevorder; en sekuriteit te handhaaf.

2.3.3 Verskillende staatsvorme

Die fokus val hier op liberaal-demokratiese staatsvorme, aangesien die eienskappe en kenmerke van hierdie staatsvorme van toepassing is op die studie. Twee staatsvorme, naamlik die pluralistiese en die leviatiese staatsvorme, waar die oneweredige magsverspreiding in die demokrasie en eiebelang van staatselite 'n bedreiging vir demokrasie kan inhou, word kortliks bespreek. Klem word ook gelê op verskillende intervensionele staatsvorme en die ingrypende rol van die staat in ontwikkelende demokrasieë.

2.3.3.1 Die pluralistiese staat

Die pluralistiese staat is neutraal en tree op in die belang van alle burgers. Pluralisme beteken dat mag, binne die liberale demokrasie, wyd en gelykmatig onder al die diverse groepe in die demokrasie verdeel is. Die staat is *“the servant of society and not its master”* (Heywood, 2013:61). Neopluraliste, soos Dahl, erken die bestaan van 'n “staatselite” wat hul eie belange nastreef. Volgens hom is die pluralistiese staat 'n “large scale” demokrasie, waar die individu se stem 'n minimale uitwerking op die uitkoms het (Dahl, 1982:13). Dahl stel voor 'n groot demokrasie moet opgedeel word in kleiner “demokrasieë” (soos plaaslike regerings) om volle doeltreffendheid in die demokrasie te bereik.

2.3.3.2 Die leviatiese staat

Die leviatiese staat word beskou as 'n bedreiging vir vryheid en ekonomiese sekuriteit en streef sy eie belange na, wat onafhanklik is van die gemeenskap se belange (Heywood, 2013:65). Die regering word gedomineer deur 'n staatselite, wat die denke van verkose politici beïnvloed. Volgens hierdie siening ondersteun burokratiese selfbelang “big government” en

staatsintervensie, wat lei tot vergroting van die burokrasie self en die status van openbare amptenare word so bevorder (Heywood, 2013:65).

2.3.3.3 Intervensionele staatsvorme

Staatsintervensie en die sosio-ekonomiese rol van die staat vind ondersteuning in die utiliteitsteorie van Bentham en Mills as die bydrae wat die staat lewer tot die *“greatest happiness for the greatest number”* (Held, 2006:76). Meyer en Van der Elst (2014:74-78) bespreek die verskeidenheid rolle wat die staat deur ingrypende aksie kan vervul. Van die minimale staat aan die een punt van die spektrum tot die totalitêre staat aan die ander punt, beïnvloed die staat op een of ander wyse die sosio-ekonomiese aktiwiteite in die demokrasie. (Verwys na Figuur 2.1.) Die rol wat die staat speel, moet in lyn wees met die bevolking se unieke sosio-ekonomiese en politieke samestelling en gebalanseerd wees (Meyer & Van der Elst, 2014:76). Aansluitend by die sosiaal-demokratiese beginsel word die teorieë rondom Keynesianisme en die welsynstaat ook ingesluit. Die Keynesiaanse ekonomiese beleid se doel is die bestuur en regulering van kapitalisme om sodoende ekonomiese groei te bevorder. Onder die Keynesiaanse-beginsel word die staat beskou as 'n aktiewe deelnemer wat die kapitalistiese stelsel “bestuur” (Berman, 2008:18). Staatsintervensie kan die volgende vorme aanneem:

2.3.3.3.1 Die sosiaal-demokratiese staat

Teenoor die minimalistiese staat wat slegs as raamwerk dien vir vrede en orde (’n beskermheer met totale vryheid vir individue en geen staatsintervensie nie) speel die sosiaal-demokratiese staat ’n ingrypende rol om breë sosiale hervorming teweeg te bring, soos sosiale regverdigheid en gelykheid (Heywood, 2013:43). Die sosiaal-demokratiese staat neem aktief deel om die wanbalans en onregverdigdhede van ’n markgerigte ekonomie te elimineer en die herdistribusie van rykdom te verseker, waardeur armoede verminder en sosiale ongelykhede aangespreek word (Heywood, 2013:69).

2.3.3.3.2 Die ontwikkelingstaat

In ’n ontwikkelingstaat moet die regering ’n ingrypende rol speel in die ekonomiese lewe van die staat, met die spesifieke doel om industriële groei en ekonomiese ontwikkeling te stimuleer. Die doel is nie om ’n sosialistiese staat te skep nie, maar eerder ’n vennootskap tussen die staat en vernaamste ekonomiese belangegroepe (Heywood, 2013:68). Volgens Woo-Cummings (in Fritz & Menocal, 2007:532) word ontwikkelingstate nie geassosieer met spesifieke beleide nie. Op verskillende tye en onder verskillende omstandighede word verskillende beleidsprogramme aangewend om sosiale en ekonomiese veranderinge teweeg te bring:

“The developmental state is neither socialist ... nor freemarket ... but something different: the plan – rational capitalist developmental state ... [which links] interventionist with rapid economic growth” (Woo-Cummings, in Fritz & Menocal, 2007:534).

Ontwikkelingstate word as 'n onderwerp van studie beskou, veral vanweë die suksesvolle transformasie²¹ van verskeie outoritêre stad- en nasiestate soos Hongkong, Singapoer en Taiwan oor die laaste 30 jaar. In die demokratiese ontwikkelingstaat vorm die staat egter 'n vennootskap met industrie om ontwikkelingsdoelwitte soos behuising, werkskepping, infrastruktuur en opleiding te verbeter, die ekonomie te groei en investering te stimuleer (Meyer & Van der Elst, 2014:77).

2.3.3.3 Die welsynstaat

In die welsynstaat is die lewensomstandighede en welsyn van die gemeenskap prioriteit en die vryemarkstelsel word aangepas na 'n stelsel waar die staat die herdistribusie van rykdom deur welsynstoelae beheer en spesifieke regeringsprogramme implementeer wat spesifiek die armoede en ongelykhede in die gemeenskap aanspreek (Meyer & Van der Elst, 2014:78). Die welsynstaat is daarop toegespits om mense te help wat nie hulself kan help nie, dus neem die staat verantwoordelikheid vir die welsyn van minderbevoorregte burgers in die gemeenskap deur die uitbetaling van verskeie tipes toelae aan behoeftige, werklose en bejaarde mense.

2.3.4 Magsaspekte van die demokratiese staat

Demokratiese teorie fokus tradisioneel op die magte van besluitneming en verspreiding daarvan in die demokratiese staat (aggregasie). Die vierde president van die VSA, James Madison, verklaar reeds in 1788 dat beheer deur 'n regering ook oor die regering self uitgeoefen moet word:

"In framing a government, which is to be administered, by men over men, the great difficulty lies in this: you must first enable the government to control the governed, and in the next place oblige it to control itself" (Constitution Society, 1998).

Weber tref 'n onderskeid tussen mag en gesag (Esterhuyse, 1984:501). Mag is vir Weber die vermoë om, ten spyte van weerstand, 'n bepaalde wilsbesluit deur te voer. Gesag berus op die beginsel dat opdragte met spesifieke inhoud uitgevoer sal word deur 'n spesifieke groep mense of individue wat noodwendig uit die aard van die bestaande orde gedomineer word (Esterhuyse, 1984:501). Die demokratiese staat transformeer dus geweld in mag en legitimiteit kan vervolgens geïnterpreteer word as die regverdiging van afdwingbare mag. Volgens Rawls (soos aangehaal deur Peter, 2001:41) is politieke mag slegs legitiem wanneer dit onderskryf word deur 'n grondwet wat deur burgers as redelik, rasioneel en logies aanvaar word.

²¹ Hongkong, Singapoer, Suid-Korea en Taiwan het vinnige ekonomiese groei en radikale sosio-ekonomiese verandering ondergaan – vanaf arm landelike gemeenskappe in die 1960's tot vervaardigers van hoë-tegnologiese goedere in die 1990's. Hierdie sogenaamde "Asian Tigers" en ontwikkelingstate soos China en Vietnam (outoritêre state) het ook merkwaaardige prosesse van sosiale transformasie ondergaan, ten spyte daarvan dat hulle as meer outokratiese state bekend staan (Fritz & Menocal, 2007:534).

2.3.4.1 Magsfunksies van die demokratiese staat en die beginsel van soewereiniteit

Dahl (in Brouwer, 1984:42) beskou die middele wat aangewend word in die verkryging van mag en invloed as belangrik in die doeltreffende bestuur van die staat. Hy staan egter rasionele en etiese beïnvloeding voor en waarsku teen metodes wat manipulerend en eties onverantwoordbaar is. Staatsmag word deur Warren (2008:390) geklassifiseer as burokratiese, korporatistiese en markgebaseer en hy beskou die staat se normatiewe funksionele karakter as 'n konstitusionele magsbasis, naamlik legitiem en wetgewend. Burgers word ook bemagtig om beleid te konfronteer, debat te voer en die wil van die kiesers bekend te maak. Hierdie wil van die mense transformeer weer deur middel van demokratiese prosesse in legitieme staatsmag (Warren, 2008:389).

'n Belangrike eienskap van staatsmag, naamlik soewereiniteit²² is onlosmaaklik verbind aan die moderne staat. Soewereiniteit het ontwikkel tot 'n organisasiebeginsel wat direk verband hou met die handhawing van orde in die gemeenskap. Soewereiniteit word in die moderne beskouing van pluralisme en internasionale politiek ook met konsepte van gelykheid en onafhanklikheid van state verbind as absolute, onbeperkte en ondeelbare mag (Vorster, 1984:425,426).

2.3.5 Rol van die staat in die uitvoering van sosio-ekonomiese beleid

Die staat speel 'n leierskaprol en tree op as koördineerder van die makro-ekonomiese beleid om suksesvolle ekonomiese groei en ontwikkeling teweeg te bring. In 'n demokrasie is die formulering van ekonomiese beleid gewoonlik 'n oop openbare proses, in ooreenstemming met liberale ekonomiese beginsels onder 'n vryemarkstelsel.

2.3.5.1 Die politieke ekonomie van die staat

Die politieke ekonomie van 'n staat verwys na die wyse waarop die produksie, verspreiding en verbruik van rykdom binne die gemeenskap georganiseer word (Schoeman, 2014:215). Die makro-ekonomiese beleid van 'n staat behels die verskaffing van 'n ekonomiese konteks waarbinne werkseleenthede gemaksimeer, rykdom geskep en inkomste versprei word, om sodoende vertroue in die ekonomie te bevorder. Ekonomiese ontwikkeling versterk demokrasie. Volgens Burkhard Lewis-Beck (in Warren, 1999:112) lei ekonomiese ontwikkeling tot demokratisering, nie andersom nie. Die stabiliteit van die demokrasie is dus afhanklik van ekonomiese ontwikkeling, want dit veroorsaak ook veranderinge in politieke kultuur en sosiale strukture (Uslaner, 1999:142). Vooruitgang maak mense optimisties en bevorder vertroue. Volgens Uslaner is demokrasie self nie 'n waarborg vir vertroue in die regering nie. Vertroue is nou verbonde aan die staat se ekonomiese welvaart:

²² Die woord soewereiniteit is afgelei van die Latynse begrip "supremitas" of "suprema potesta" asook die Franse idee van "souverainete". Oorspronklike betekenis: "The divine right of kings" (Nelson, 2006:65).

"People are most likely to trust others when they are doing well and expect to do better. Prosperity makes people optimistic and optimism breeds trust" (Uslaner, 1999:143).

State moet dus institusionele strukture en geloofwaardigheid skep vir markgerigte ekonomieë om doeltreffend te funksioneer:

"Like the process of building trust, building of institutions with the objective of economic competitiveness takes time. Both processes, however, feed into each other: increasing social and political trust facilitates the process of economic restructuring – sound economic policymaking and institution building, in turn, enhances social and political trust" (Blind, 2006:17).

Die aard en rol van die staat verskil, afhangende van die sosio-ekonomiese behoeftes van die gemeenskap en kan beteken die staat moet 'n meer ingrypende rol inneem wat sosiale, gesondheid-, behuisings- en ander welsyndienste aanbetref (Schoeman, 2014:216).

2.3.5.2 Intervensionele verpligtinge van die ontwikkelingstaat

Ekonomiese verpligtinge en verantwoordelikhede van 'n staat staan direk in verhouding tot die tipe demokratiese regering wat die land bestuur. In minimalistiese state is die ekonomiese rol van die staat beperk en die staat volg 'n vryemark "laissez-faire"-beleid wat alle vorme van staatsintervensie afkeur (Heywood, 2013:31). Die moderne neo-liberale beskouing vertoon 'n simpatieker houding waar staatsintervensie, in die vorm van 'n sosiale welsynbeleid, voorgestaan word. Hoofsaaklik beteken dit groei en voorspoed kan gehandhaaf word deur 'n stelsel van geregleerde kapitalisme, met sekere sleutel-ekonomiese verantwoordelikhede in die hande van die staat. Evans argumenteer die samestelling van 'n ontwikkelingstaat hang af van die spesifieke historiese erfenis en karakter van die heersende sosiale struktuur (Evans, 2009:9). Die staat moet oor die administratiewe, tegniese en politieke kapasiteit en bevoegdheid beskik om ekonomiese doelwitte te stel en die regte bronne aan te wend om die beleidsprogramme te implementeer. Tot watter mate 'n gemengde ekonomie die antwoord is, bly 'n saak van vurige debatvoering in politieke en ekonomiese kringe. Volgens Gumede (2009:8) is die sleutelemente vir ekonomiese groei van 'n demokratiese ontwikkelingstaat soos volg:

- Politieke en burokratiese elite moet verantwoordbaar wees.
- Ekonomiese groei en herdistribusie van inkomste moet gelyktydig plaasvind.
- Groter deelname van burgers in besluitneming, insluitende ekonomiese besluitneming.
- Industriële groei en ekonomiese ontwikkeling van die staat moet bevorder word.
- Transformasie moet gewoonlik binne 'n tydperk voltooi word.

Omdat transformasionele state dikwels vasgevang is in sosiale en ekonomiese ongelykhede soos armoede en werkloosheid, verskil welsynbeleid dus van die hoofstroom liberalistiese siening deur te vereis dat basiese broodwinning en bestaan as 'n morele reg vir gemeenskapslede gewaarborg behoort te wees. Die hoofdoel van staatsintervensie is om gelyke regte en geleenthede, sowel as geregtigheid vir almal te verseker. Gumede (2009:11)

beklemtoon die suksesvolle ekonomiese ontwikkeling van 'n staat kan nie slaag sonder 'n langtermyn ontwikkelingsplan nie. Makro-ekonomiese beleid en industriële belegging moet streng volgens ontwikkelingsdoelwitte bestuur word.

Infrastrukturele gesag is belangrik in die konsolidering van ontwikkelingstate. Dit behels die vermoë van die staat om sleutelbelanghebbendes te oorreëdel om die ontwikkelingsagenda te aanvaar en ondersteun. Edigheji (2010:72) beklemtoon investering in menslike kapitaal as belangrik vir ontwikkeling. Hierdie siening sluit aan by die “New Growth Theory” voorgelê deur Lucas en Romer (aangehaal deur Evans, 2010:410) wat klem plaas op die rol van idees en menslike kapitaal as vereistes vir suksesvolle ontwikkeling en demokratiese konsolidering. Die staat is nie nou net 'n voorsiener van goedere en dienste nie, maar moet ook strategiese beplanning doen en rykdom skep in 'n stabiele ekonomiese omgewing wat buitelandse en plaaslike kapitaal sal lok. Aansluitend by dié siening word die prosedurele en substantiewe dimensies van staatsverpligtinge vervolgens uitgelig.

2.3.6 Prosedurele en substantiewe staatsverpligtinge

Die funksies van die staat word uitgevoer deur beleid en proses. Dit is die “output” van die politieke proses: die “wat”, “hoe” en “wanneer” (Heywood, 2013:356). Doeltreffende uitvoering van beleid en proses het 'n direkte invloed op die vlakke van kiesersvertroue. In aansluiting by Gill (Hoofstuk 2, afd. 2.2.10) se vereistes vir suksesvolle regering, lê Adebayo (2016) klem op die vereistes vir goeie wetlike raamwerk en institusies om die uitvoering van die grondwet en wette toe te pas. Hy beklemtoon die regering moet doeltreffend en bekwaam wees in die uitvoering van pligte en dienslewering in die prosedurele en substantiewe dimensies van die demokrasie.

2.3.6.1 Toepassing van beleid en proses op prosedurele en substantiewe vlakke van die demokrasie

'n Bekwame staat sal politieke, sosiale en ekonomiese vertroue bou deur die implementering van beleidsprogramme en veiligheidsnetwerke wat burgers se lewensomstandighede verbeter. Blind (2006:4) beklemtoon beide institusionele en interpersoonlike vertroue is afhanklik van geloofwaardige beleidsformulering. Vir openbare administrasie om glad en doeltreffend te funksioneer, moet dit op die ondersteuning en vertroue van die publiek staatmaak (Blind, 2006:17).

Venter (2014b:89) definieer beleid as die produk van beleidsformulering: 'n “plan van aksie” om 'n verkose resultaat te bereik binne die breë doelstellings van die regering. Dit verskaf ook die raamwerk waarin regeringsaksie kan plaasvind. Volgens Heywood (2013:356-359) word beleid geïnisieer deur die identifisering van probleemareas, en besluitneming oor hoe die probleme aangespreek gaan word. Formulering van beleid behels die ontwikkeling van beleidsvoorstelle met die insette van belangegroepe wat kritiek kan lewer. Wildavsky (in Heywood, 2013:359)

beskou die implementering van beleidsprogramme as “*speaking truth to power*”. Hier moet seker gemaak word die beleidsprogramme word uitgevoer presies soos dit aanvanklik bedoel was, aangesien ontoereikende en swak implementasie veral in die area van openbare dienste kan voorkom. Evaluasie van beleidsprogramme behels die meet van die sukses of mislukking van beleidsprogramme op prosedurele en substantiewe vlak. Dikwels is die uitkoms van die proses heeltemal anders as wat beoog was. Sulke beleidsmislukkings beklemtoon die belangrikheid van oop, deursigtige regeringsprosesse en openbare toerekenbaarheid vir die proses om doeltreffend te werk (Heywood, 2013:361).

Op substantiewe vlak is die staat verantwoordelik vir die beskerming van die regte en vryhede, deur die beskerming van die grondwet en instelling van regsreëls en sterk regsinstisusies wat die beginsels van die grondwet kan onderskryf. Uitvoering van verkiesingsbeloftes om die sosio-ekonomiese omstandighede van kiesers te verbeter, vorm deel van die substantiewe staatsverpligtinge en is die verantwoordelikheid van die oorgangsregering se leiers, aangesien hulle in hul verkiesingsbeloftes en manifeste vryheid, gelykheid en armoedeverligting gepropageer het. Uitvoering van die prosedurele en substantiewe staatsverpligtinge hou nou verband met kiesersvertroue, aangesien kiesers se persepsie van regeringsprestasie een van die maatstawwe van kiesersvertroue behels.

2.3.6.2 Rolspelers in die uitvoering van prosedurele en substantiewe prosesse

Die uitvoering van beleid en proses word geadministreer deur die uitvoerende tak van die regering. Venter (2014b:96) identifiseer die rolspelers in die proses wat suksesvolle regeringsbeleid moet uitvoer as die staat, openbare sektor, burgerlike assosiasies en kiesers. Die verhoudinge tussen hierdie rolspelers is dinamies en word weerspieël in die aard en kwaliteit van die dienste wat gelewer word, soos byvoorbeeld gesondheidsdienste, opvoeding, onderhoud van infrastruktuur, polisiëring, verdediging, water- en elektrisiteitsvoorsiening, en omgewingsbestuur. Die verkose amptenare se taak is om as agente, in ooreenstemming met die grondwet, regeringsbeleid op prosedurele vlak uit te voer (Venter, 2014b:93). Hul posisie in die demokratiese gemeenskap is dus afhanklik van die kieserspubliek se ondersteuning en vertroue.

Teen hierdie agtergrond vernou die fokus na 'n meer in-diepte bespreking van staat se rol in die proses van demokratiese konsolidasie.

2.3.7 Die rol van die staat in die transformasionele demokrasie

Die transformasionele staat word gedefinieer as 'n staat in oorgang vanaf 'n outokratiese of koloniale regime na demokratiese regering (Nelson, 2012a:532). Die transformasionele staat word ingesluit by die breë ontwikkelingsparadigma en, in terme van die studie se fokus, word die klem geplaas op die konsolidering van die demokrasie binne hierdie oorgangsproses. Naas die ontwikkeling van menslike bronne ondersteun Edigheji (2010:71) ook die beginsel van sterk

ekonomiese en welsynstrategieë as die basis van ontwikkelingstate in Afrika. Die redes vir transformasie word hieronder uitgelig, sowel as die fases van transformasie, en die rol wat kiesersvertroue in die suksesvolle oorgang na 'n demokratiese staat speel.

2.3.7.1 Redes vir transformasie: Teoretiese onderbou

Wnuk-Lipinski en Fuchs (2005:52) stel dié vraag: *“What is the driving force behind transition to democracy?”* en kwalifiseer dit verder deur die ideaal van vryheid en gelykheid uit te lig as die hoofdryfveer en doelstelling van transformasie. Hulle bevraagteken egter die verhouding tussen die twee konsepte: Wat is belangriker – vryheid of gelykheid? Die dominante mobiliserende faktor in die vroeë fases van die oorgangsproses is bevryding, wat gepaard gaan met die populêre idealistiese geloof dat vryheid 'n klomp ander waardes ook sal waarborg. Wanneer die oorgangsproses deurgevoer is en mense begin besef dat vryheid nie al die ander voordele waarborg nie, begin gelykheid 'n rol speel as 'n mobiliserende mag – as 'n ideologiese veronderstelling sowel as 'n pragmatiese oogmerk. Die onderliggende frustrasie is altyd die omstandighede rondom sosiale verarming – die rykes bly ryk en die armes bly arm.

Volgens Nelson (2012a:533) kan demokratisering op een van die volgende maniere geskied:

- Evolusionêr: deur natuurlike ontwikkeling oor eeue, soos in Brittanje
- Revolusionêr: soos tydens die Franse en Amerikaanse revolusies
- Vreedsame instelling deur die regerende elite: soos in verskeie Suid-Amerikaanse state
- Deur buitelandse ingryping: soos in die geval van Wes-Duitsland en Japan.

Nelson (2012a:534) verduidelik demokratisering kan “van bo af”, “van onder af” of “van buite af” plaasvind. Dit kan ook plaasvind deurdat verskillende partye of politieke rolspelers 'n onderhandelde skikking bereik. Volgens Dahl (soos aangehaal deur Cheeseman, 2015:5) vind politieke transformasie plaas wanneer leiers die koste van onderdrukking opweeg teen die koste van hervorming:

“Leaders are more likely to pursue political liberation when they find the cost of reform to be more acceptable than the cost of repression” (Cheeseman, 2015:6).

Kotze (2015a:10) sluit by hierdie siening aan en beskryf die rede vir transformasie as 'n legitimeitskrisis, waar die outoritêre regime nie langer sy oorheersing kan regverdig nie. Dié legitimeitskrisis word gedryf deur die opposisie en toepassing van revolusionêre metodes, met die gevolg dat die outoritêre regering nie langer die bevolking kan onderdruk en uitsluit uit politieke deelname nie. Die koste van onderdrukking raak polities en finansieel onbeheerbaar, en daar is groeiende plaaslike en internasionale druk om vanaf 'n outoritêre regime na 'n demokratiese politieke orde oor te skakel. Nelson (2012a:533) haal Welzel se tipologie van die demokratiseringsproses aan. Welzel onderskei die volgende vier tipes:

- Verligte demokratisering: waar elite vanself demokratiese prosesse begin toepas

- Responsiewe demokratisering: die dominante vorm van demokrasie, soos deur die demokratiese golfbewegings toegepas
- Opportunistiese demokratisering: waar internasionale hulp aan goeie regeringsbestuur gekoppel is
- Gedwonge demokratisering: waar die elite instem om te demokratiseer, deur eksterne druk.

Terwyl daar verskeie definisies en teorieë rondom demokratisering bestaan, verwys Nelson (2012a:533) na Dahl se teorie oor die wyse waarop die demokratiseringsproses plaasvind. Volgens Dahl omsluit demokratisering twee dimensies, naamlik liberalisering (die reg om om openbare posisies mee te ding) en inklusiwiteit (die reg om deel te neem). Wang (2002:3) identifiseer sekere voorvereistes vir suksesvolle demokratiese konsolidering, wat deur 'n doeltreffende staat bedryf moet word. Volgens hom moet die skeiding tussen staat en regering duidelik gedefinieer wees. Staatskohesie is belangrik en ordelike en vreedsame oorgang word verkies bo revolusionêre transformasies waar etniese verskille en opstande plaasvind. Hoe meer divers die gemeenskap, hoe moeiliker is dit ook om te konsolideer. In multikulturele gemeenskappe word die instelling van demokratiese norme, praktyk en institusies bemoeilik en die nuwe regering moet dus 'n groot poging aanwend om nasionale identiteit te bevorder. Die vertikale en horisontale integrasie van pluralistiese belangegroepes moet uitgebou word. Die staat moet dus die heterogene eienskappe van vertikale integrasie en horisontale koördinasie tussen groepe bevorder en ondersteun (Wang, 2002:17).

Die suksesvolle oorgang na demokrasie word ook sterk beïnvloed deur die magsverhoudinge tussen die staat en gemeenskap. Volgens Wnuk-Lipinski en Fuchs (2005:54) hang konsolidasie van nuwe demokrasieë ook af van die magsverhoudinge in al die fases van transformasie. Magsewewig tussen die verskillende klasse in die demokrasie, sowel as staat-gemeenskap-verhoudinge vereis die staat moet gebalanseerde, beperkte outonomie hê om regsreëls met outoriteit toe te pas, en burgerlike institusies en organisasies moet die staat toerekenbaar kan hou.

2.3.7.2 Fases van transformasie in die demokratiseringsproses

Binne die konteks van transformasie verwys die term demokratisering na die oorgang van 'n outoritêre na 'n demokrasiestelsel (Nelson, 2012a:532). Kotze (2015a:15) beskryf demokratisering as die proses wat volg op die oorgangsfase. Volgens Kotze (2015a:2) vind demokratiese ontwikkeling, of die konstruksie van demokrasie, in drie fases plaas, naamlik oorgang, demokratisering en demokratiese konsolidasie. Heywood (in Nelson, 2012a:532) beskryf ook die fases van die demokratiseringsproses as die ineenstorting van die heersende regime weens 'n verlies aan legitimiteit, die konstruksie van die nuwe liberaal-demokratiese strukture en prosesse wat geïnternaliseer word deur sosialiseringprosesse wat die demokrasie onder die elite en burgers vestig. Die basiese konsensus is dus dat daar oorgangsfases is wat uit

minstens drie prosesse bestaan, soos deur Heywood en Kotze beskryf. Wnuk-Lipinski en Fuchs (2005:55) sluit by hierdie ontleding aan en beskryf die fases van transformasie as volg:



- **Bevryding:** Hierdie fase word beskou as die aanvangsfase wanneer die transformasionele prosesse in werking gestel word.
- **Oorgang:** Die oorgangsfase bestaan uit twee fases: tydens die middelfase funksioneer die ou sisteem nie meer en die nuwe sisteem begin vorm aanneem. In die gevorderde fase is die ou sisteem tot niet en transformasie voltooi. Die nuwe sisteem word in die daaglikse burgerlike en politieke lewe aanvaar en toegepas.
- **Konsolidasie:** Die sisteem stabiliseer, basiese demokratiese institusies funksioneer en reëls en prosedures word as legitiem deur die gemeenskap aanvaar.

In die aanvangs- en middelfase bly vryheid die primêre mobiliseringswaarde, terwyl gelykheid in die gevorderde fase oorneem as die meer dominante waarde. Daar word gepoog om die stelsel te stabiliseer. Institusionalisering van die nuwe politieke bestel vind plaas, sowel as die instelling van die hele spektrum van regeringsorganisasies in die arena van burgerlike gemeenskap. Ontwikkeling van formele en informele institusies in die demokrasie realiseer en vertroue in hierdie institusies word 'n belangrike faktor in die stabilisering van die demokrasie. Wnuk-Lipinski en Fuchs (2005:56) beklemtoon burgers se vertroue (institusionele vertroue) in die demokratiese institusies hang af van die nuwe regering se ekonomiese en demokratiese prestasie, asook die regering se reaksie teenoor die behoeftes en verwagtinge van die gemeenskap. Vertroue, ondersteuning en deelname van gewone burgers is noodsaaklik sodat die konsolideringsfase voltooi kan word en tot normalisering van die demokrasie lei. Volgens Suttner (2004:769) is konsolidering van die demokrasie afhanklik van die deelname van burgers tydens en tussen verkiesings, en outonome burgerlike organisasies as organe van direkte demokrasie en selfbemagtiging, wat die belange van die burgers verteenwoordig.

2.3.8 Redes vir die mislukking van die demokratiese staat

Terwyl die sogenaamde “Asian Tiger”-state (as outoritêre state) gedurende die 20ste eeu groot sukses in terme van sosiale ontwikkeling en ekonomiese modernisering getoon het, het ander ontwikkelingstate weer misluk en bekend begin staan as “quasi states” of “failed states” (Heywood, 2013:75). Meeste van dié onsuksesvolle state, gekonsentreerd in Sub-Sahara Afrika, het nie daarin geslaag om staatsorde en sekuriteit te handhaaf nie en dus in burgerlike onrus en geweld verval. Heywood (2013:75) skryf hierdie mislukking van transformasie toe aan die erfenis van kolonialisme, wat met die beëindiging van koloniale beheer state agtergelaat het waarin diep etniese, geloofs- en stamverwante gapings bestaan en die ontwikkelingsvlak ook nie bereik is om politieke en ekonomies onafhanklik te funksioneer nie. Hy ondersteun hierdie standpunt deur

uit te wys dat nuwe demokrasieë wat op swak state as grondslag bou, in baie gevalle korrupsie, ontoereikende sekuriteit, konflik, en swak ekonomiese prestasie moet hanteer en die onvermoë om doeltreffende dienste – soos opvoeding, gesondheid en basiese welsyn – te lewer. In baie gevalle ondermyn hierdie aspekte burgers se vertroue in die hele idee van demokrasie (Warren, 2008:386). Die redes waarom sekere state suksesvol is en ander misluk, het hoofsaaklik met staatsdoeltreffendheid te doen. Die staat is sentraal tot die ekonomiese en sosiale ontwikkeling. Die Kommissie vir Afrika (2005) identifiseer die staatskapasiteit en doeltreffendheid as 'n "bottleneck" in Afrika se vermoë om die millennium ontwikkelingsdoelmerke te bereik (Fritz & Menocal, 2007:541).

2.3.8.1 Transformasionele state as mislukte of kwesbare state

State wat nie die demokratiese konsolideringsproses voltooi nie, word in die literatuur geklassifiseer as kwesbare, of mislukte state. Volgens die Fragile State Index (Eloff, 2017:15) word 'n staat se kwesbaarheid aan die hand van die volgende kriteria gemeet:

- Groeiende demokratiese druk (oorbevolking) en grootskaalse verskuiwing van burgers
- Faksies met griewe soek vergelding deur geweld en elite-groepe staan die regering teen
- Burgers emigreer in groot getalle of vlug landuit en humanitêre nood ontstaan
- Ongelyke ekonomiese ontwikkeling vir verskillende groepe en radikale ekonomiese afname
- Kriminalisering en delegitimisering van die staat en agteruitgang van openbare dienste
- Opskorting van arbitrêre wetstoepassing en uitgebreide oortreding van menseregte
- Sekuriteitsgroepe funksioneer as 'n staat binne 'n staat; intervensie deur eksterne politieke agente.

Die kriteria vir 'n mislukte staat sluit ook die volgende in: dispute oor grondhervorming en eienaarskap, omstandighede soos uiterste armoede waarin mense leef en die voorkoms van xenofobiese aanvalle. Faktore soos 'n hoë Gini-koëffisiënt²³, buitelandse beleggings en vlakke van korrupsie, bepaal ook die agteruitgang van 'n staat en verskaf maatstawwe om 'n staat se status te bepaal (Eloff, 2017:14). Ander belangrike aanwysers is die legitimiteit van die staat, gebaseer op die volle aanvaarding van die grondwet, en burgers se ervaring van die staat, wat 'n baie subjektiewe persepsie van die welsyn van individue en gemeenskappe is.

2.3.9 Die rol van die staat as skepper van vertroue

Adebayo (2016) maak die stelling dat voortreflike regering 'n multidimensionele poging is wat samewerking van al die belanghebbendes in die demokrasie vereis. Dit sluit die regering, landsburgers, besighede, assosiasies, sowel as die internasionale gemeenskap in. Hy bevestig

²³ Die Gini-koëffisiënt meet die ekonomiese ongelykhede in 'n gemeenskap: 1= algehele ekonomiese ongelykheid; 0 = algehele ekonomiese gelykheid (Venter, 2014a:10).

in state waar daar 'n bogemiddelde meting van doeltreffende regering voorkom, kom daar ook hoë menslike ontwikkelingsaanwysers voor en andersom.

Een van outoritêre regimes se argumente is ekonomiese ontwikkeling in nie-demokratiese state vind teen 'n hoër tempo plaas as ontwikkelende demokrasieë, en die opskorting van menseregte is die prys wat vir sosio-ekonomiese ontwikkeling betaal moet word. Dit vorm deel van wat genoem word die “full belly thesis” – wat voorhou “mens kan nie demokrasie eet nie”. Hierdie kompromie is dus gebruik om outoritêre regerings in Afrika te regverdig (Edigheji, 2010:70). Tog, volgens Cheeseman (2015:199), was drie van die vinnigste groeiende ekonomieë wat in 2012 in Afrika voorgekom het, naamlik Ghana (8,2% groei), Liberië (9% groei) en Sierra-Leone (22,3% groei) funksionele demokrasieë. Om egter volgehoue ekonomiese groei in ontwikkelende state te verseker, moet daar 'n duidelike ontwikkelingsdoel wees wat herdistribusie en welvaartprogramme in die ekonomiese beleid insluit. Ekonomiese vooruitgang verseker ekonomiese vertroue in die regering en dra by tot politieke stabiliteit en dus die breë “kultuur van vertroue”. Volgens Cheema (in Blind, 2006:15) moet die staat die kernwaardes van integriteit en professionalisme aanneem, sowel as voldoen aan die vereistes van politieke legitimiteit en toerekenbaarheid. Blind (2006:15) beskou vertroue as 'n essensiële bestanddeel in die bou van 'n bevoegde staat:

“This is where good governance comes in as the indispensable collary of the trust culture”.

Die bevoegde staat streef dus daarna om 'n “kultuur van vertroue” (Blind, 2006:15) te handhaaf. In 'n kultuur van vertroue voel burgers hulle het 'n min of meer gelyke en potensiële kans om 'n verskil te maak in politieke besluitneming. Die belangrikte teorieë en elemente van kiesersvertroue (relevant tot die studie) in demokratiese bedelings word in die volgende afdeling bespreek.

2.4 DIE ROL VAN KIESERSVERTROUEN IN SUKSESVOLLE DEMOKRATIESE KONSOLIDERING MET VERWYSING NA DIE FAKTORE WAT VERTROUEN ERODEER

Die verhouding tussen demokratiese prosesse en vertroue is kompleks, interdisiplinêr en sluit opinies vanuit die filosofie, sosiologie, politieke wetenskap en ander dissiplines in (Warren 1999:2). Warren verbind die konsep van die demokratiese staat met kiesersvertroue en stel dit so:

“Democratic decisions, once made, require collective agents to execute them. For this reason, democratic states must not only have the capacity to carry out collectively-decided purposes, but they must also be trustworthy. If people lack capable trustworthy agents to follow through on collective decisions – no matter how democratic the procedures – democracy itself will become moot, because it will lack the agencies through which democratic decisions become effective” (Warren, 2008:393).

In hierdie afdeling word kiesersvertroue vanuit die volgende perspektiewe ontleed:

- Teoretiese benaderings tot kiesersvertroue
- Die aard van kiesersvertroue op die makro-, meso- en toepassingsvlakke van die demokrasie
- Kiesersvertroue in die kulturele en sosio-ekonomiese omgewing van die demokrasie
- Kiesersvertroue en politieke deelname
- Die uitwerking van globalisering op demokratiese prosesse en kiesersvertroue.

Dié afdeling se doel is om deur die teoretiese ontleding van kiesersvertroue in die demokrasie die maatstawwe te bepaal waarmee dit in die Suid-Afrikaanse demokrasie gemeet kan word.

2.4.1 Teoretiese benaderings tot kiesersvertroue

Warren (1999:2) stel die vraag of kiesersvertroue gegenereer word as 'n indirekte gevolg van politieke institusies, ekonomiese ontwikkeling of kulturele transformasie. Volgens Warren (1999:317) is daar drie benaderings tot vertroue en politiek in die literatuur, wat onderskei word volgens die wyse waarop dit bronne van vertroue identifiseer, binne die kulturele omgewing, die rasionele monitering van risiko deur individue, en binne onderhandelende prosesse. Benaderings wat hier uitgelig word, is die neo-konserwatiewe benadering, rasionele keuse en onderhandelende demokratiese prosesse. Daar word ook 'n kort bespreking gevoer oor die definisie van die "mense" in die demokrasie.

2.4.1.1 Neo-konserwatiewe benadering tot vertroue

Die neo-konserwatiewe benadering sien die spanning tussen vertroue en politiek as eienskappe van twee onderskeibare institusies: gemeenskap en staat (Hardin, 1999:23.) Hardin voer aan dit is juis die wantroue in die regering wat vertroue as 'n hoof faktor tot sosiale en ekonomiese lewe identifiseer, en sentraal tot kollektiewe besluitneming en aksie plaas. Volgens hom bevorder die meganismes van demokrasie tot 'n mate wantroue omdat dit meganismes soos stemreg, vryheid van spraak en assosiasie, en skeiding van magte op die voorgrond plaas en mense bemaagtig om demokratiese strukture te konfronteer:

"It is precisely because 'one doesn't trust a sovereign' that trust ought to be conceived as essential to social and economic life where ultimately the work of collective decisionmaking and action ought to be centered" (Hardin, 1999:23).

Vir Fukuyama (1996:26) is vertroue kultureel van aard en oorgeërf van bestaande gemeenskappe met gedeelde norme en waardes:

"Trust is the expectation that arises within a community of regular honest and cooperative behaviour, based on commonly shared norms on the part of other members of that community".

Hy sluit aan by de Tocqueville se siening dat as die institusies van demokrasie en kapitalisme doeltreffend wil werk, dit parallel moet bestaan met sekere pre-moderne kulturele gewoontes,

soos die individu se plig teenoor die gemeenskap, vertroue en wisselwerking tussen individue en groepe, en morele verpligtinge, wat die suksesvolle funksionering van post-industriële gemeenskappe verseker (Fukuyama, 1996:11).

2.4.1.2 Rasionele keuse in vertrouensverhoudinge

Die teorie van rasionele keuse fokus op die kwesbaarhede inherent aan vertrouensverhoudinge: Individue streef, volgens Hardin (1999:329-330), daarna om selfbelang te maksimeer. Vertroue is gebaseer op die vertrouër se oordeel van die vertroueling se belange:

“You trust someone if you believe it will be in that person’s interest to be trustworthy in the relevant way at the relevant time. One’s trust turns not on one’s own interest but on the interest of the trusted. It is encapsulated in one’s judgement of those interests” (Hardin, 1999:330).

Ingesluit by die rasionaal van vertroue, verklaar Luhmann (in Warren, 1999:333) bekende institusionele ontwerpe, geskep deur die reg, skep op indirekte wyse omgewings waarin vertrouensverhoudinge geneig is om te groei. Volgens Luhmann (in Warren, 1999:333) staan vertroue in vir inligting waartoe individue nie toegang het nie. Wette vergemaklik dit dus om vertrouensverhoudinge met vreemdelinge te skep, veral as geweld uitgeskakel word. Regsreël, met die voorbehoud van beskerming van gelyke regte en prosesse van wetuitvoering, verminder die risiko van wantroue en vorming van alternatiewe groepe en assosiasies. Luhmann beklemtoon die stabilisering van vertroue is veral belangrik in ontwikkelende en transformasionele demokrasieë (Warren, 1999:334).

2.4.1.3 Onderhandelende demokratiese prosesse en vertroue

Warren is van mening dat kollektiewe besluite en aksies slegs doeltreffend kan wees as daar ’n vertrouensverhouding tussen die verskillende belangegroepe bestaan. Volgens Warren (1999:337) is daar twee uitkomst:

- Vertroue komplementeer en ondersteun onderhandelende oplossings van politieke konflik.
- Onderhandelende benaderings tot politieke konflik kan vertroue tussen individue en tussen individue en institusies laat ontstaan.

Die beginsel van onderhandelingsdemokrasie is dat vertroue toeneem waar institusies gestruktureer is om kommunikasie en deursigtigheid te fasiliteer. ’n Demokrasie is suksesvoller as kiesers weet hulle kan institusies konfronteer. Dit help om vertroue te stabiliseer.

2.4.1.4 Die “mense” as deelnemers aan demokratiese prosesse

Moderne politieke bespreking sluit ’n verskeidenheid van definisies en beskrywings van die mense (“the people”) in. Maar wie en wat is die mense? Is die mense ’n nasie of versameling van individue? Sosiale kontrakteoretici beskou die mense as ’n outoritêre korporatiewe samestelling en moreel (Canovan, 2008:356). Volgens Canovan word die korporatiewe “mense” gesien as ’n eenheid wat kan aksie neem. Die nadeel hier is dat die mense as individue in ’n liggaam verdwyn en dus slegs deur ’n amptelike woordvoerder praat en optree. Teoretici soos Rousseau en Locke

probeer die individu en kollektiewe persona verduidelik. Rousseau probeer dit doen met sy konsep van die “common good”, wat beide die individu en kollektiewe groep verteenwoordig. Locke verduidelik – hoewel die kontrak tussen mense hulle saambind as “one People, one Body Politick” – “*everyone is at the disposal of his own will*” (Canovan, 2008:356).

Ackerman (soos aangehaal deur Canovan, 2008:357) beskou die mense as 'n toevallige mobilisering van onafhanklike individue wat tydelik as kiesers in 'n politieke liggaam bymekaarkom om politieke mag toe te pas. Weber beskou die outoriteit en kollektiewe identiteit wat die mense besit as die fondament van 'n sterk staat (Canovan, 2008:359). Mense se endossement van 'n politie, regering, of beweging, legitimeer die staat, dus moet 'n sterk staat ondersteun word deur mense met genoeg begrip van kollektiewe identiteit om politieke mag te genereer en monitor.

2.4.2 Die aard van kiesersvertroue in demokratiese bedelings

Kiesersvertroue word hierna op drie vlakke van die demokrasie ontleed:

- Op makrovlak word die etiese aspekte van politieke leierskap, soos korrupsie en die uitwerking daarvan op kiesersvertroue, sowel as die karakter van politieke leiers bespreek.
- Op mesovlak word staatsinstitusies en die uitwerking van beleid en prosesse van regering op institusionele vertroue, sowel as die uitkomst van regeringsaksies en optrede ontleed.
- Kiesersvertroue op toepassingsvlak behels die interpersoonlike aspekte van die individu se besluitnemingsprosesse soos risiko en oordeel, persepsies van leiers se geloofwaardigheid, en politieke doeltreffendheid wat vertroue in mense en groepe in die gemeenskap en regering bepaal.

Interpretasie van demokrasie deur gewone mense as 'n vorm van kollektiewe magsdeling, aktiewe deelname in politieke prosesse en regsreël, oftewel gelykheid voor die reg, word deur Patterson (1999:158) as kriteria vir vertroue in 'n demokratiese gemeenskap beskou. Die uitdaging vir demokratiese regerings is om institusies te skep wat voldoen aan die verwagtinge van “the People” (Canovan, 2008:359) en 'n kultuur van vertroue op alle vlakke van die demokrasie te vestig.

2.4.2.1 Etiek en politieke leierskap in die makro-omgewing van die demokrasie

Etiek beklee 'n sentrale posisie in die optimale funksionering van die demokratiese regering (Girardin, 2012:50). Die regering verteenwoordig, beskerm, en voer die etiese en morele waardes van die mense waaroor dit regeer uit. Die persepsie wat die gemeenskap van hierdie verteenwoordiging het, bepaal die vlakke van vertroue van 'n gemeenskap in hul politieke leierskap. Die openbare vertroue word aan die regering oorhandig en besluite wat deur die regering geneem word, moet dus op 'n etiese en wettige wyse met integriteit uitgevoer word. Etiese leierskap realiseer dus, volgens Girardin (2012:50), in die nakoming van politieke beloftes

soos deur politieke leiers gemaak, hetsy in die proses van bevryding van onderdrukking, of tydens demokratiese verkiesingveldtogte:

“The devil lies in the detail: ethics in politics is realized in the processes of implementation, tools, systems and individual decisions” (Girardin, 2012:50).

Die gemeenskap se belange en regte moet op alle gebiede (polities en sosio-ekonomies) verteenwoordig word, en so verseker die regering 'n vrye en wetlike gemeenskap vir al sy burgers.

2.4.2.1.1 Teoretiese benaderings tot etiek in die uitvoering van politieke beleid

Terwyl moraliteit verwys na die individuele bewussyn en persoonlike waardes van reg en verkeerd, word etiek meestal gedefinieer as die meer praktiese sy van morele waardes, belange en welstand van die gemeenskap. Die pilare van 'n gesonde demokrasie, vanuit 'n etiese perspektief, kan gedefinieer word as verantwoordelike en toerekenbare leierskap (rekenpligtigheid), deursigtige of openlike staatsbestuur en hoë vlakke van kiesersvertroue (Blind, 2006:19). Weber (soos aangehaal deur Girardin, 2012:51) kom tot die gevolgtrekking dat politieke leiers verantwoordelikheid vir politieke besluite en die gevolge daarvan moet neem. Dit staan bekend as sy teorie van “ethics of responsibility” (Girardin, 2012:51). Hy definieer verantwoordelikheid as die kenmerkendste eienskap van etiek in die politiek en koppel dit direk aan aanspreeklikheid. Girardin sonder vier fundamentele etiese waardes uit wat in 'n politieke bestel verwesentlik moet word, naamlik beperking van mag (magsbeheer), doelmatigheid (doeltreffendheid), toerekenbaarheid, en geregtigheid (Girardin, 2012:10). Volgens hom staan geregtigheid sentraal tot etiese politiek en beleid. Politieke etiek is nie net 'n filosofie (visie) nie, maar moet ook prakties uitvoerbaar wees. Die ideaal van etiese leierskap en uitvoering sowel as regulering daarvan in die praktyk moet haalbaar wees (Girardin, 2012:50).

2.4.2.1.2 Die sosiale kontrakteorie en die grondwet as etiese raamwerk van die demokrasie

Die sosiale kontrak is verteenwoordigend van die institusionele vertroue wat kiesers in 'n regering en regeringstrukture plaas. Regeringsverteenwoordigers tree dus op as die kollektiewe “houer” van die kiesers se vertroue. Die regering se etiese en morele waardes moet dus die gemeenskap se weerspieël (Dames, 2007). Onder die sosiale kontrakteorie is dit eties teenproduktief wanneer staatsamptenare onwettige en onetiese besluite neem wat slegs in eiebelang is.

Die grondwet (as sosiale kontrak) dien dus as etiese raamwerk waarteen demokratiese regering gemeet word deur die formalisering van institusionele reëls, wette en beleidsdoelwitte (Girardin, 2012:47). Die tipe onderhandeling is inherent polities en die opstel van 'n grondwet bring vanself etiese beginsels na vore, aangesien dit norme, waardes en basiese regte formeel in gedragskodes neerlê. 'n Grondwet vorm dus die etiese maatstaf waarteen die leiers en burgers

van die demokrasie gemeet en regsoewereiniteit gehandhaaf word (Girardin, 2012:47). Dit is die verwesenliking van die oorspronklike beginsels van demokrasie en sosiale kontraktheorie. Etiek as gedragskode of morele standaard, vervat in 'n grondwet, vorm die basis van die vertrouensverhouding tussen politieke leiers en burgers in die makro-politieke en sosio-ekonomiese omgewing. Volgens Brown (soos aangehaal deur Dames, 2008) handel etiese leierskap in politiek oor “goeie”, regverdige en doeltreffende regeringsbestuur, sodat die doelstellings wat in verkiesingsveldtogte aan kiesers belowe is, tot uitvoer gebring kan word. Hierdie aspek van vertroue is veral relevant in transformasionele demokrasieë, waar die beloftes van vryheid en uitwissing van sosio-ekonomiese ongelykhede, soos armoede, vooropgestel word as primêre doelstellings van die bevrydingsregerings.

2.4.2.1.3 Etiese verantwoordelikheid in die praktyk met spesifieke verwysing na korrupsie

Korrupsie is een van die primêre politieke faktore wat bydra tot die afname in die geloofwaardigheid van regeringsfigure en -instansies. Die persepsie wat landsburgers het van die aanwesigheid van korrupsie in die politiek en openbare sektor beïnvloed hul vlak van vertroue in politieke leiers en regeringsinstansies (Blind, 2006:18). Die positiewe impak van burgerlike gemeenskapsdeelname word maklik vernietig deur korrupsie en die negatiewe uitwerking is onmiskenbaar: dit tap sosiale vertroue en het plaaslik en nasionaal 'n beperkende uitwerking op ekonomiese groei (Blind, 2006:18). Die bevegting van korrupsie in die praktyk vereis doeltreffende samewerking oor die volle politieke en sosiale sfeer met die konsekwente en gekoördineerde aanwending van politieke, sosiale en persoonlike etiek oor die breë spektrum van die politieke landskap (regstelsel, institusies, assosiasies en individue).

2.4.2.1.4 Politieke partye en leierskap as 'n relasionele konsep

Die kern van die liberale demokratiese teorie is dat kiesers deur vrye en regverdige verkiesings verteenwoordigers verkies wat hulle in die regering/parlement verteenwoordig. Politieke leiers is dus toerekenbaar en dit word getoets deur openbare opinie. Indien die verteenwoordiger nie voldoen aan vereistes van karakter, motiewe (beloftes), gedrag of prestasie (resultate) nie, word hy uitgestem. Vertroue in en respek vir die politiek en politieke verteenwoordigers is 'n belangrike bestanddeel vir vreedsame naasbestaan in gemeenskappe en die breër gemeenskap – veral in 'n demokrasie (Girardin, 2012:69). In moderne demokrasieë aanvaar meeste mense daar moet leierskap wees. Die betekenis van leierskap en gehalte van leiers is egter 'n probleem waarmee die meeste gemeenskappe sukkel. Leierskap is 'n relasionele konsep, wat beteken, in teenstelling met historiese tye van slawerny of feodalisme, leiers in moderne regerings het nie permanente volgelingen nie. Leiers is nie onvervangbaar nie, maar beset die posisie deur middel van 'n verhouding met diegene wat hulle verteenwoordig, en kan vervang word. Volgelingen kan dus ook leiers word.

2.4.2.2 Demokratiese strukture en staatsinstansies in verhouding tot kiesersvertroue in die meso-omgewing van die demokrasie

Kiesersvertroue bestaan uit verskillende tipes vertroue, naamlik politieke, institusionele en interpersoonlike vertroue, soos in Figuur 2.2 geïllustreer. Institusionele vertroue, hier onder bespreking, behels die skep van vertroue onder belanghebbendes in die funksionele strukture van die staat. Staatsbeleid, prosedures en demokratiese instellings word daargestel om kiesers te verteenwoordig en in hul belang op te tree. Instansies word ook daargestel wat die regering monitor en dus vertrou die kiesers hierdie instansies om die regering verantwoordelik te hou vir hul aksies. Al vertrou die kieser dan nie die regering nie, vertrou hy/sy die instansies wat regeringsaksie monitor en aanspreek. Institusionele vertroue word ook beskryf as algemene vertroue, openbare of ekonomiese vertroue, gedelegeerde vertroue, of derdeparty (indirekte) vertroue. Patterson (1999:153-160) beskou vertroue oorhoofs as 'n "vertrouenssituasie" wat gedifferensieer word, afhangende van die vlakke van risiko verbonde hieraan. Shapiro (soos aangehaal deur Patterson, 1999:154) definieer institusionele vertroue as:

"A social relationship in which principals – for whatever reason or state of mind – invest resources, authority, or responsibility, in another to act on their behalf for some uncertain future return".

Soos met intermediêre stelsels is daar 'n waarborger wat as tussenganger in 'n vertrouensverhouding optree. Die klassieke geval is die formele organisasie. Elemente van interpersoonlike vertroue oorvleuel met institusionele vertroue, want die individu vertrou op 'n interpersoonlike vlak in die sakepersone, burokrate en ander amptenare in groot organisasies waarop hy vir die beskerming van sy lewe en broodwinning staatmaak. Wanneer daar verwys word na vertroue in organisasies en die leiers in organisasies, beteken dit institusionele vertroue (Offe, 1999:65-67). Warren (1999:9) noem dit ook "vertroue in vreemdelinge". Die regering, as staatsinstitusie, hou die openbare vertroue van burgers, wat etiese en morele verpligtinge en standaarde behels wat in hul besluitneming weerspieël moet word.

Blind ondersteun Miller (in Blind, 2006:4) se siening dat kiesersvertroue dus hoofsaaklik gemeet word deur die kieser se tevredenheid rakende suksesse en mislukkinge in die uitvoering van belofde regeringsbeleid, wat dus verwys na 'n saakgerigte perspektief, soos uitgelig deur Miller. Institusionele vertroue is dus belangrik omdat dit demokrasie en sosiale kapitaal versterk. Vertroue in die regering, regeringstelsels en ander instellings het 'n direkte invloed op ekonomiese vooruitgang deurdat dit investering stimuleer en inflasie laag hou (Blind, 2006:4). Inglehart (1999:98) beklemtoon die sentrale faktore in ekonomiese ontwikkeling en stabiele demokratiese regering is afhanklik van 'n kultuur van vertroue. Dit behels:

- Opponerende politieke partye moet mekaar vertrou
- Vertroue in die regering en organisasies soos die media en korporasies (openbare vertroue)
- Vertroue in die regstelsel en billike uitvoering van staatspligte

- Massa-legitimiteit – sonder ondersteuning van die massa kan demokratiese institusies nie voortbestaan nie
- Geloofwaardigheid van die “sosiale sisteem”. Dit sluit in die beskerming van eiendomsregte wat nou verbonde is aan ekonomiese vertroue.

Keele (2004:6) beklemtoon die skakel tussen vertroue en die regering is gegrond in die basiese konsep van demokratiese verteenwoordiging en toerekenbaarheid. Kiesers oorhandig besluitnemingsmagte aan die verkose amptenaar onder 'n implisiete kontrak (sosiale kontrak), sodat die verteenwoordiger die doelstellings van voortreflike beleid, vrede en gesonde ekonomiese bestuur sal toepas. Vertroue speel 'n belangrike rol in die evaluering van die politieke verteenwoordiger se aksies en of hy aan die verwagtinge van die kieser voldoen het. Die kriteria waarvolgens hierdie evaluasie plaasvind, som Keele (2004:7) soos volg op: As die kieser bewyse het dat hy kan staatmaak op die verteenwoordiger se karakter en vermoëns, sal hy hom vertrou. Positiewe prestasie laat vertroue toeneem, terwyl swak prestasie vertroue laat afneem. Dit is belangrik dat regerings verstaan watter staatsinstansies openbare of institusionele vertroue bevorder en beskerm. Die regering is verantwoordelik vir die daarstelling van instellings wat vertroue tussen groepe in die gemeenskap, en tussen gemeenskappe en die regering bevorder. Institusionele vertroue verwys dus ook na die vertroue wat kiesers in die sosiale sisteem, oftewel die administrasie van sosiale norme, het en is ook nou verbonde aan ekonomiese vertroue en die institusies wat die ekonomie reguleer.

2.4.2.2.1 Institusies wat vertroue moet bou

Kiesersvertroue hou verband met legitimiteit in die demokrasie (soos beskryf in afd. 2.2.5). Gill (2009:1) identifiseer en beskryf die elemente wat in die institusies van die staat moet bestaan om die erosie van kiesersvertroue te beperk:

- **Die staat:** Staatsinstansies moet deursigtigheid en toerekenbaarheid openbaar en daar moet geen waargenome korrupsie wees nie.
- **Demokrasie:** 'n Grondwet wat demokratiese regte beskerm moet toegepas word.
- **Die regering:** Kiesers moet voel en dink 'n regering as die regmatige verteenwoordiger behou en voer politieke mag uit.
- **Die regbank:** 'n Onafhanklike regstelsel, een van institusionele vertroue se pilare, moet bestaan.
- **Verkiesingskommissie:** Die hou van gereelde en gekontroleerde vrye verkiesings wat sonder intimidasie en bedrog moet plaasvind, verseker burgers se deelname.

Die argument bestaan ook dat die gebrek aan etiese norme onder politici die gevolg is van onvoldoende meganismes en strukture om etiese gedrag te bestuur en verseker. Volgens Girardin (2012:47) moet etiek in die struktuur van gemeenskappe, institusies en die regering ingebou word.

2.4.2.3 Toepassingsvlak: Kiesersvertroue op interpersoonlike vlak

Die konsep van vertroue verwys in die meeste gevalle na 'n persoonlike verhouding wat tussen ten minste twee partye bestaan. Interpersoonlike vertroue kan dus gesien word as vertroue in individue, teenoor vertroue in instansies. Vertroue in individue en tussen groepe in die gemeenskap is nou verbonde aan sosiale kapitaal (Uslaner, 1999:135). Interpersoonlike vertroue verwys na die eienskappe wat 'n rol speel wanneer die individu sy/haar opsies teenoor mekaar moet opweeg en 'n besluit moet neem ten opsigte van sy/haar toekoms (Warren, 1999:335).

Mense word in hul denke en optrede deur 'n wye verskeidenheid faktore beïnvloed, soos byvoorbeeld vorige ervarings, kulturele norme, finansiële sekuriteit en individuele en gemeenskaplike waardes. Hierdie faktore speel 'n leidende rol in die vorming van individuele

houdings en gedrag in die loop van hul lewens. Mikro-vertroue of interpersoonlike vertroue het hoofsaaklik te doen met persoonlike welsyn, naamlik tevredenheid met die lewe en persoonlike geluk. Inglehart (1999:107) wys uit tevredenheid met jou lewe is belangriker as tevredenheid met die politieke stelsel en dus 'n bepalende faktor van 'n stabiele en vreedsame demokrasie. Vertroue is ook dinamies en lê op 'n kontinuum wat wissel tussen hoë en lae vlakke, afhangende van invloede hoofsaaklik uit die makro-, meso- en die toepassingsomgewing en mate waarin politieke leiers aan die verwagtinge van kiesers voldoen. Die spanning tussen hoë en lae vertroue word beïnvloed deur die persepsie van lae of hoë risikofaktore in die besluitnemingsproses (Warren, 1999:323). Gebeure in die kontemporêre politieke en sosio-ekonomiese omgewing beïnvloed kiesersvertroue op 'n daaglikse basis. Die besluite wat kiesers neem, is gebaseer op "vermindering van die risiko" wat bepaal word deur die kieser se vorige ervarings, kulturele aspekte en familiariteit, dus "die bekende" (Warren, 1999:323) en word hierna bespreek.

2.4.2.3.1 Risiko, oordeel en familiariteit as faktore in besluitneming

Vertroue word gesien as 'n reaksie op risiko. Volgens Earle en Cvetkovich (in Warren, 1999:323) moet daar besluit word tussen twee alternatiewe uitkomstes wat die individuele toekoms kan beïnvloed. Deur vertroue in iemand te plaas, loop die individu die risiko dat sy/haar vertroue geskend sal word. Vertroue is dus die geloof in die persoon se eerlikheid en integriteit. Die individu vertrou daardie persone wat volgens sy mening die waardes met hom deel wat vir hom belangrik is. Vertroue op sigself is 'n risiko, naamlik die beoordeling van die geloofwaardigheid van politici, hul bekwaamheid en vlak van toewyding. Warren (1999:311) beklemtoon vertroue behels 'n oordeelsbesluit:

"Trust involves a judgement ... to accept vulnerability to the potential ill will of others by granting them discretionary power over some good. When one trusts, one accepts some amount of risk for potential harm in exchange for the benefit of cooperation".

Risiko word tot 'n mate verminder deur die familiariteitsfaktor – die bekende verminder risiko omdat 'n situasie dan nie as vreemd of onbekend voorkom nie (Warren, 1999:323). Familiariteit, volgens Luhmann (in Warren, 1999:323), oriënteer die individu terug na die verlede (die bekende) en neem prioriteit oor die hede en toekoms. Luhmann (in Warren, 1999:322) sluit aan by Fukuyama en beklemtoon kennis en ervaring uit die verlede word geprojekteer op die toekoms wat die risikofaktor in besluitneming verminder (Warren, 1995:26). Die uitdaging is hoe om vertroue uit te bou om die kieser uit die bekende sone te laat beweeg. Dié besluitnemingsaspek is van belang waar demokrasieë deur transformasionele prosesse gaan en veranderinge in kulturele oriëntasies van gemeenskappe as gevolg van modernisering plaasvind.

2.4.2.3.2 Kiesersverwagtinge en politieke doeltreffendheid

Die geloofwaardigheid wat kiesers aan die verkose regering heg, is die gevolg van politieke gebeure, houdings en etiese faktore soos eerlikheid, integriteit en bekwaamheid wat kiesers aan individuele leiers toesê (Blind, 2004:5). Citrin (1974:987) beskou dit as die hoofrede vir die erosie van vertroue in regerings. Kiesersverwagtinge is dus nou verbonde aan die dimensies van politieke doeltreffendheid. Die kieser evalueer of die politikus aan die gestelde verwagting voldoen. Hy/sy oorhandig besluitneming aan die verkose politikus onder 'n eksplisiete verstandhouding (kontrak) dat die verteenwoordiger die doelstellings van voortreflike regering, vrede, en billike ekonomiese bestuur sal uitoefen. Die kieser vertrou die politikus het die integriteit en kapasiteit om aan sy/haar verwagtinge te voldoen. Hierdie mikro-vertroue is volgens Keele (2004:7) grootliks gebaseer op evaluasie van gedrag en resultate. Miller (in Citrin, 1974:974) wys uit die afname in politieke vertroue vind grootliks plaas as gevolg van kiesers se onvervulde behoeftes. Die regering word verkwalik vir die onbevredigende lewenskwaliteit wat burgers ervaar en Miller beskou dit as die hoofrede vir die erosie in legitimiteit²⁴. Lane (soos aangehaal deur Harder, 2008:1) lig twee dimensies van politieke doeltreffendheid uit, naamlik interne en eksterne politieke doeltreffendheid. Interne politieke doeltreffendheid behels die persepsie dat die kieser die vermoë en begrip het om die politieke proses te beïnvloed. Wanneer burgers ontnugter en ontmoedig word, sien hulle hulself nie meer as “agente van verandering” nie. Dit skep die grondslag vir groeiende burgerlike onrus onder gemeenskappe soos hulle die toename in byvoorbeeld politieke korrupsie en mislukking van regeringsbeloftes waarneem en ervaar. Eksterne politieke doeltreffendheid is die persepsie dat regeringsinstitusies en verteenwoordigers reageer op die behoeftes en eise van kiesers. Albei dimensies verduidelik die patrone in politieke deelname – terwyl die interne dimensie grootliks te doen het met selfevaluasie, hou eksterne politieke doeltreffendheid verband met kiesers se ervaringe met en persepsie van politieke institusies. Dit word gesien as 'n dinamiese faktor wat fluktueer soos

²⁴ Citrin haal verskeie studies van Miller aan wat bevind dat politieke gebeure, houdings en verwagtinge die hooforsaak is van die erosie van vertroue in die regering (Citrin, 1974:987).

kiesers se verhouding met politieke institusies ontwikkel. 'n Belangrike element van politieke doeltreffendheid is die kieser se geloof in verkiesings en die mag van sy/haar stem. Volgens Putnam (1994:9) word kiesersvertroue gekweek deur 'n regering wat responsief en doeltreffend is.

Kiesersvertroue kan dus oor die breë spektrum van die makro, meso- en mikro-omgewings ontleed word in terme van kiesers se verwagtinge in elkeen van dié domeine. Op makrovlak is die kiesers se verwagtinge dat leiers eties sal optree, in lyn met grondwetlike beginsels (die sosiale kontrak). In die meso-omgewing is kiesers se verwagtinge dat regeringsbeleid en -prosesse uitgevoer sal word, in lyn met kiesers se behoeftes om hul sosio-ekonomiese omstandighede te verbeter. Op mikro- of toepassingsvlak meet die individu sy subjektiewe welsyn en persoonlike bevrediging teen die resultate soos gelever deur die regering en baseer politieke besluitneming op die persepsie van persoonlike risiko betrokke by politieke keuses, geloofwaardigheid van politieke verteenwoordigers, reaksie van die regering en die geloof wat die kieser in sy vermoë as "agent van verandering" het.

2.4.2.4 Kiesersvertroue in die kulturele en sosio-ekonomiese omgewing van die demokrasie

Warren (soos aangehaal deur Blind, 2006:12) is van mening dat waar die sosio-ekonomiese gemeenskap sterk is, mense gewoonlik meer vertroue in hul regering openbaar. Fukuyama sluit hierby aan en verklaar vertroue is 'n inherente komponent van 'n nasie se ekonomiese welsyn:

"One of the most important lessons that we can learn from an examination of economic life is that a nation's wellbeing as well as its ability to compete, is conditioned by a single pervasive cultural characteristic: the level of trust inherent in society" (Fukuyama, 1995:7).

Kultuur en sosiale strukture speel 'n gemeenskaplike ondersteunende rol in die stabiliteit van enige sosiale stelsel (Cohen, 1999:215). 'n Belangrike gemeenskapsbron, wat die aard van die burgerlike gemeenskap onderskryf, staan bekend as sosiale kapitaal. Die term word gebruik om die sosiale netwerke, assosiasies en gedeelde waardes te beskryf wat individue in staat stel om gesamentlik op te tree. Kotze en Du Toit (2006a:248) beskou sosiale kapitaal as 'n integrale komponent van die burgerlike gemeenskap. Putnam (1994:167) definieer sosiale kapitaal as die eienskappe van spesiale organisasie, soos vertroue, norme en netwerke wat die gemeenskap se doeltreffendheid bevorder. Sosiale kapitaal handel as 'n verbinding in sosiale verhoudinge en versterk die gemeenskap in terme van gesamentlike optrede en bevordering van die "common good" en dus demokratiese doeltreffendheid (Kotze & Du Toit, 2006:248).

2.4.2.5 Die verhouding tussen vertroue, sosiale kapitaal en die ekonomie

Volgens Fukuyama (1995:6, 7) is ekonomiese sukses in 'n gemeenskap afhanklik van die samewerking tussen gemeenskapslede. Alle vorme van ekonomiese aktiwiteit vereis die sosiale samewerking van individue en groepe. Keele (2004:8) verwys na Putnam se definisie van

sosiale kapitaal as die sosiale konneksies, netwerke en interpersoonlike vertroue wat bestaan in gemeenskappe. Sosiale kapitaal het twee bene: Eerstens die vlak van burgerlike deelname in 'n gemeenskap, staat of nasie. Tweedens, interpersoonlike vertroue, oftewel die bereidwilligheid om ander in die gemeenskap te vertrou. Die verhouding tussen vertroue, regeringsprestasie en sosiale kapitaal is dinamies en fluktureer as gevolg van faktore in die omgewing en oor 'n tydperk (Keele, 2004:8). Deelname in die gemeenskapslewe is volgens Keele noodsaaklik vir die bou van vertroue. Waar burgers aan burgerlike deelname onttrek, vertrou hulle nie institusies wat politieke lewe regeer nie. Keele (2004:3) verwys spesifiek na die volgende redes waarom vertroue oor 'n tydperk sal fluktureer:

- Optrede van regeringsamptenare en persepsies van regeringsprestasie word beskou as 'n voorloper of aanwyser van kiesersvertroue
- Bestuur van die ekonomie – waar die ekonomie swak bestuur word, is vlakke van vertroue laag – waar daar ekonomiese vooruitgang is, is vlakke van vertroue gewoonlik hoog
- Uitwerking van korrupsie, skandale en misdaadstatistieke
- Vlak van sosiale kapitaal in die gemeenskap het 'n direkte invloed op vertroue
- Kennis van vorige regeringsaksies en uitkomst beïnvloed huidige vertroue.

Vertroue is die belangrikste komponent van sosiale kapitaal. Volgens Coleman (soos aangehaal deur Warren, 1999:122) is vertroue 'n "morele bron" en vorm sosiale kohesie Fukuyama ondersteun Putnam se siening dat sosiale kapitaal ontstaan uit die vertroue wat in 'n gemeenskap bestaan. Dit kan deel wees van 'n klein groep, soos 'n familie, sowel as die grootste groep, die nasie en alle ander groepe tussenin. Sosiale kapitaal word gegenereer deur kulturele meganismes soos godsdienste, tradisie, of historiese gewoontes (Fukuyama, 1995:26). Coleman (soos aangehaal deur Fukuyama, 1995:10) is van mening menslike kapitaal is nie inherent in eiendom, strukture, toerusting en masjinerie nie, maar in kennis en mense se vermoë om met mekaar te assosieer. Dié vermoë hang weer af van die mate waarin gemeenskappe norme en waardes deel, en daartoe in staat is om individuele belange aan die groter groep se belange te onderwerp. Gedeelde waardes skep vertroue en vertroue het 'n groter ekonomiese waarde. Fukuyama bevestig verder die vermoë om op 'n gemeenskaplike basis saam te werk, is afhanklik van gewoontes, norme en tradisies, wat tot 'n mate die struktuur van die mark bepaal. 'n Stabiele ekonomie word dus nie net geskep deur 'n suksesvolle markgerigte ekonomie nie, maar is ook, volgens Fukuyama (1995:356), die gevolg van die sosiale kapitaalfaktor:

"A healthy capitalist economy is one in which there will be sufficient social capital in the underlying society to permit business, corporations, networks, and the like, to be self-organising. In default of this self-organising capability, the state can step in to promote key firms and sectors, but markets almost always work more efficiently when private actors are making the decisions".

Aansluitend by sosiale kapitaal word politieke kultuur en sosialisering in die gemeenskap bespreek, want al hierdie faktore beïnvloed burgers se besluitnemingsprosesse in die

interpersoonlike omgewing. Volgens Warren (1999:320) verskaf gemeenskappe drie voorvereistes vir vertroue: gemeenskappe fasiliteer die interpretasie van motiewe van ander deur gedeelde taal en kultuur, gemeenskappe verskaf sanksionering, en gemeenskappe verskaf gemeenskaplike identiteit wat dikwels botsende belange oorskry.

2.4.2.6 Kulturele invloed: Politieke kultuur, sosialisering en die burgerlike gemeenskap

’n Gemeenskap se vlak van subjektiewe welsyn weerspieël sy hele historiese agtergrond, insluitende ekonomiese, politieke, sosiale en geloofsfaktore. Hierdie kulturele faktore vorm die basis van die politieke kultuur en het ’n wesentlike invloed op die vlakke van interpersoonlike vertroue in die politieke gemeenskap. In hierdie studie word die verhouding tussen demokrasie en die gemeenskap beskryf as ’n “kultuur van vertroue” wat bestaan uit vertikale en horisontale aspekte (Offe, 1999:60). Kiesersvertroue word spesifiek uitgewys as instrumenteel in die bevordering van die doeltreffende funksionering van burgerlike prosesse in die gemeenskap – sosiale netwerke en assosiasies, wat deur horisontale prosesse van onderhandeling en samewerking gevoed word om die gemeenskap se welsyn te bevorder.

Volgens Waldman (in Kruger, 1984:316) se ruil- en bedingingsteorie is die deel van waardes deur ’n massa een van die fundamentele grondslae van maatskaplike integrasie en solidariteit, omdat dit onder meer toelaat dat mense onderling sosiale steun kan ruil op grond van hoe waardevol hulle hul eie waardes ag. Almond en Verba (in Kotze, 1984:286) beskryf ’n burgerlike kultuur waarin lede geleentheid het om hulle te verbind aan parogiale en apolitieke instellings. Sulke verbintenisse help om ’n gevoel van potensiële persoonlike bekwaamheid sowel as ’n vertroue in ander persone en die regering te ontwikkel. So ’n gemeenskap word gebind deur horisontale verhoudinge en politieke gelykheid word dus vasgestel tussen gemeenskapslede wat as gelyke partye teenoor mekaar optree (Putnam, 1994:88). Burgerlike organisasie dra by tot die doeltreffendheid en stabiliteit van demokratiese regering. Putnam (1994:171) voer aan die totstandkoming van ’n moderne komplekse politieke gemeenskap gaan gepaard met die ontwikkeling van ’n sin vir gemeenskaplikheid (nasionalisme) onder die diverse groepe wat die nasiestaat se bevolking uitmaak. Suksesvolle nasiebou, volgens Huntington (in Olivier, 1988:177), hang eerstens af van die horisontale integrasie van diverse groepe, en tweedens die vertikale assimilasie van ekonomiese en sosiale klasse. Huntington voeg ’n derde dimensie by – die institusionalisering van die “samekoms” van mense. Huntington (in Olivier, 1984:177) beskou institusies as die gedragsmanifestasie van die morele konsensus en gemeenskaplike belange van die gemeenskap. Sulke instellings is nodig vir behoud en onderhoud van die gemeenskap. Volgens Offe (1999:62,63) word simboliese waarde daaraan geheg om aan ’n gemeenskap te behoort, hetsy ’n familie, geloofsgroep, militêre eenheid of gemeenskapsgroep. Wedersydse vertroue word gevoed in groepe waar kultuur, waardes, tradisies, geskiedenis en gemeenskaplike territoriale gebied gedeel word. Offe (1999:59) is van mening alle gemeenskapslede deel die “identiteit” van ’n nasie – sy kultuur, geskiedenis, grondgebied, wette,

institusies en grondwet. Nasionale identiteit bevorder vertroue wat politieke verskille, kulturele verskeidenheid, anomalieë en ander verskille in die gemeenskap kan oorbrug. Inglehart (1999:99) beklemtoon politieke kultuur is belangrik vir vertroue in, en langtermyn stabiliteit van die demokrasie:

“Political culture stabilizes democracy by providing a climate of trust and an enduring base of mass support”.

Leiers in transformasionele demokrasieë ervaar dikwels die probleem van nasionalisme wat swak ontwikkel of verdeeld is. Hulle moet dus 'n nasionale identiteit, wat gepaardgaan met lojaliteit, ontwikkel (Ranney, 1987:36,37).

2.4.2.7 Verteenwoordiging van burgers in die gemeenskap

Burgers in die gemeenskap word grootliks in drie groepe verteenwoordig wat 'n impak het op die demokrasie en verspreiding van politieke mag (Heywood, 2013:253). Georganiseerde belangegroepes gee byvoorbeeld 'n politieke stem aan minderheidsgroepe wat andersins nie in ag geneem sou word nie. Groepe skep 'n beter ingeligte publiek, verskaf alternatiewe inligtingbronne, en stimuleer deelname in die politieke proses wat weer vertroue bou. Heywood (2013:247) identifiseer drie tipes groepe, naamlik:

- **Gemeenskapsgroepe:** gebaseer op biologiese assosiasie: familie, etniese groepe, en gebind deur gedeelde tradisies en waardes. In transformasionele state speel dié groepe veral 'n belangrike rol, en etniese, stam- en familieverbintenisse vorm dikwels die belangrikste bande.
- **Institusionele groepe:** wat deel vorm van die staat se masjinerie soos die burokrasie, militêre groepe en industrie 'n beduidende impak op die demokratiese proses uitoefen.
- **Assosiasiegroepe:** wat gevorm word met sterk sosiale identiteit as gevolg van 'n gemeenskaplike doel en belange. Werkersunies, belangegroepes en ook politieke partye val byvoorbeeld onder hierdie groep.

Bogenoemde groepe help om regeringsprogramme te administreer en veldtogte soos protesgroepe te organiseer. Groepe kan deur verskeie strategieë en aksies op ekonomiese beleid en ander gesamentlike belange in die gemeenskap invloed uitoefen. Hulle tree ook dikwels as bemiddelaars op tussen die regering en 'n gefragmenteerde gemeenskap (Heywood, 2013:254). In ontwikkelende demokrasieë is die deelname van belangegroepes noodsaaklik in die politieke proses, aangesien dit vertroue in die demokratiese prosesse versterk.

Blind (2006:13)²⁵ verwys ook na die sosiale en demografiese faktore wat 'n invloed op politieke geloofwaardigheid het. Hy beklemtoon die vlak van geletterdheid en geskooldheid, geslag en

²⁵ Blind haal studies aan van: Christensen en Laegreid (2003), Espinal en Hartlyn (2006), en Lozano (2002) (Blind 2006:13).

ouderdom as belangrike determinante van sosiale en politieke vertroue. In ontwikkelende demokrasieë toon middel-inkomstegroepe ook meer frustrasie met die regering, waar minderbevoorregtes geneig is om in 'n kliëntele verhouding met die staat te tree en die elite bevoorregte toegang het tot staatsmag. Die middelklas voel dus dikwels geïsoleerd en ontwikkel wantroue in die regering.

Miller (soos aangehaal deur Citrin, 1974:973) teoretiseer die akkumulatiewe resultate van “uitruiling” tussen politieke outoriteite en burgers bepaal die vlakke van openbare vertroue in die regering. Politieke elite produseer vertroue – in ruil ontvang hulle vertroue van burgers wat tevrede is met beleidsuitvoering en wantroue of sinisme (volgens Citrin) van diegene wat ontevrede is. Beide verwys na 'n houding en Miller kom tot die slotsom dat, hoe groter die waargenome verskille tussen die regering se beleidsvoorstelle en die individu se persoonlike beleidsvoorkeure, hoe groter die waarskynlikheid dat die kieser nie die regering sal vertrou nie.

2.4.2.8 Kiesersvertroue en aspekte van politieke deelname

Sosiale kapitaal en deelname van burgers in die gemeenskap is een van die dinamiese faktore wat kiesersvertroue en kiesersgedrag op grondvlak beïnvloed (Blind, 2006:11). Die afname in vertroue manifesteer in die aard van deelname van burgerlike gemeenskap: apatie onder kiesers, wat lei tot 'n afname in stemdeelname en die politieke proses. Verkiesingstelsels is die tradisionele maatstaf van 'n demokrasie, voortreflike regering, en die hoofmeganisme vir die toepassing van toerekenbaarheid (Blind, 2006:18). Die mag van die kieser se stem staan direk in verhouding tot toerekenbaarheid en verspreiding van politieke mag. Stemreg verteenwoordig direkte deelname in die demokrasie en kiesers neem besluite op grond van die invloed wat hul besluite op hul eie lewens gaan hê en tot watter mate dit hul eie welsyn verbeter. Hierdie aspek word veral deur politieke partye uitgebuit. Die uitvoering van beleid verskil van die beloftes wat tydens verkiesingsveldtogte gemaak word. Om die vertrouensverhouding te handhaaf, moet kompromieë aangegaan word en dikwels word gemeenskappe deur slim politieke entrepreneurskap getransformeer om 'n politieke meerderheid te vorm (Warren, 1999:315). Dit word gedoen deur beginsels en emosies op te wek waarmee die gemeenskap kan identifiseer. Abstrakte konsepte soos die bedreiging van veiligheid of identiteit kan ook gebruik word, bevrydingsbeloftes van sosio-ekonomiese welvaart, sowel as faktore soos ras, etnisiteit, lewenstyl, morele identiteit of godsdiens (Warren, 1999:315). Lae politieke doeltreffendheid het 'n direkte invloed op politieke deelname (Harder, 2008:2). Kiesers wantrou die regering en glo dus dat hul stem nie 'n invloed gaan hê op regeringsbesluite nie. Teenstand word aangeteken deur mediaverslaggewing, protesaksie, petisies, en by die stembus. Wanneer kiesers voel dat hulle nie gehoor word nie, sit protesaksie soms om in geweld. Hierdie spektrum se twee pole is geweld en apatie, en word gevoed deur sosio-ekonomiese aspekte soos sosiale ongelykheid, armoede, tekort aan behuising en werksgeleenthede – faktore wat die politieke gedrag van

kiesers direk beïnvloed. Deelname van 'n sterk burgerlike gemeenskap is nodig om vertroue te bou en legitimiteit van regeringsamptenare op plaaslike en nasionale vlak te verseker.

In Hoofstuk 4 word die deelname van kiesers aan die politieke proses in detail ontleed ter ondersteuning van die argument dat die trajek van ondersteuning en stemopkoms direk verband hou met die vlakke van kiesersvertroue in die regering en demokrasie.

2.4.3 Uitwerking van globalisering op demokratiese prosesse en kiesersvertroue

Globalisering verwys na die wêreldwye, interafhanklike verhouding wat bestaan tussen politieke, tegnologiese, sosiale, omgewings-, ekonomiese en wetlike strukture (Venter, 2011:96). 'n Groot uitdaging van die 21ste eeu is dus die integrasie van gemeenskappe en individue vanuit totaal diverse kulture en agtergronde in 'n plurale, demokratiese gemeenskap. Wêreldwyd is daar 'n afname in die vlakke van vertroue in regerings vanweë 'n tekort aan deursigtigheid, toename in korrupsie, swak regeringsprestasie en onetiese gedrag (Blind, 2006:11). Verstedeliking lei tot die verlies van kulturele waardes en tradisies wat 'n verskuiwing in perspektief en vermenging van uiteenlopende idees veroorsaak, soos wat globalisering in gemeenskappe wortel skiet. Die moderne media skep 'n ideologiese straatmark waarin die kieser aan alternatiewe inligtingbronne, sowel as manipulerende verkiesingsboodskappe deur hoofstroommedia en sosiale media blootgestel word (Blind, 2006:11). As wagbond oor die etiese gedrag van die regering bevorder die media egter ook die kwaliteit van die demokrasie deur regeringsinstansies en amptenare verantwoordbaar te hou deur die rapportering van korrupsie en skandale (Francke, 1995:109).

Blind (2006:14) wys uit die aard van politieke vertroue ondergaan in die huidige era van globalisering 'n metamorfose en 'n nuwe burgerlike gemeenskap is aan die ontwikkel. Hierdie nuwe gemeenskaplike kultuur heg eiiewaarde aan politieke geloofwaardigheid en vertroue en beskou dit nie bloot as 'n gebruiksmiddel tot 'n politieke doel nie. Die vertrouensvlak tussen landsburgers en politici raak persoonliker, kiesers wil meer insae in regeringsake hê en die regering se resultate van nader ontleed en monitor:

“A trust culture is where citizens feel they have a more or less equal and potential chance of making a difference in the political decision-making. This is where good governance comes in as the indispensable corollary of the trust culture” (Blind, 2006:15).

Blind definieer hierdie verskynsel as die *“changed expectations of citizens”*. Volgens Blind (2006:15) lei globalisering dus tot herdefiniëring van die staat se funksies en rol. Burgers se vertroue word beskou as 'n noodsaaklike bestanddeel in die bou van 'n bevoegde staat en 'n kultuur van vertroue.


2.4.4 Maatstawwe vir die meting van die erosie van kiesersvertroue

Doeltreffende regering behels toerekenbare bestuur van prosedurele en substantiewe funksies soos beleid en strategie, doeltreffende openbare administrasie, en vrye verkiesings om sosio-ekonomiese welvaart vir almal in die demokrasie te bewerkstellig (Keele, 2004:4-5). Kiesersvertroue is dus 'n weerspieëling van regeringsprestasie (Blind, 2006:20). Volgens Blind bou die regering kiesersvertroue op verskeie vlakke (soos in Figuur 2.2 uiteengesit) as volg:

- **Morele (politieke) vertroue** – deur politieke hervorming: uitskakeling van korrupsie en persepsie van korrupsie, en ooreenstemming tussen woord en daad
- **Ekonomiese (institusionele) vertroue** – deur klem te lê op ekonomiese doeltreffendheid en samewerking
- **Sosiale (interpersoonlike) vertroue** – deur implementering van maatskaplike programme en hervorming wat die burgerlike gemeenskap en welsyn sal versterk

Figuur 2.2 illustreer die elemente van en die interafhanklike verhouding tussen kiesersvertroue, staat en gemeenskap, en verpligtinge van die demokratiese staat wat saamwerk om 'n kultuur van vertroue te skep. Dié model identifiseer kiesersvertroue se meetbare eienskappe, soos in Hoofstuk 5 op die Suid-Afrikaanse demokrasie toegepas en prosedureel en substantief ontleed, om die omvang van erosie in die drie dimensies van kiesersvertroue (verwys Figuur 2.2) te bepaal.

Figuur 2.2: Model van kiesersvertroue: Suksesvolle konsolidering van die demokrasie



Bron: Eie samestelling

2.5 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het die komplekse maar dinamiese verhouding tussen die demokrasie, staat en kiesersvertroue uitgelig. Verskillende demokratiese bedelings is ontleed in terme van die betekenis wat dit inhou vir gemeenskappe, onder andere die normatiewe ideale van vryheid, gelykheid en deelname van alle burgers aan demokratiese prosesse. Die rol van die staat, as houer van vertroue, is om binne die demokrasie se prosedurele en substantiewe dimensies staatspligte uit te voer met die implisiete toestemming en vertroue van kiesers.

Kiesersvertroue funksioneer dus nie in 'n vakuum nie, maar neem toe of erodeer as gevolg van verskeie veranderlikes in die sosio-ekonomiese omgewing. Die rol van kiesersvertroue en die staat in 'n demokratiese staatsorde kan as volg saamgevat word:

- Vertroue waarborg legitimiteit van die staat in die uitvoering van beleid en proses.
- Vertroue maak mense gewilliger om te luister na die regering en beleid te ondersteun.
- Mense wat die regering ondersteun, sal bydra en help met implementering van beleid.
- Vertroue lei tot sterk deelname aan sosiale en gemeenskapsprogramme en organisasies.
- Hoë vlakke van kiesersvertroue waarborg hoë kiesersdeelname in verkiesingstyd.
- Hoë vlakke van vertroue stimuleer ekonomiese vooruitgang en stabiliteit in die demokrasie

Oorsake van wisselende vlakke van kiesersvertroue kom voor in die makro-, meso- en toepassingsvlakke van die demokrasie. Erosie van kiesersvertroue in demokratiese bedelings vind plaas wanneer:

- Daar nie 'n duidelike omskrewe en aanvaarde grondwet is nie en die beginsels van die sosiale kontrak nie konstitusioneel toegepas word nie.
- Die regering en regeringsinstitusies nie as legitiem waargeneem word nie.
- Politieke verteenwoordigers en leiers se motiewe en gedrag nie in lyn is met die morele waardes en norme van die gemeenskap nie.
- Doeltreffende deelname aan die volle demokratiese proses nie plaasvind nie. Afname in stemgetalle en wegbly-aksies dui aan vertroue in die demokratiese proses erodeer.
- Prosedurele funksies soos beleid en proses nie doeltreffend uitgevoer word nie; dit skep die persepsie dat die regering nie in die behoeftes van die kiesers voorsien nie (regering nie reaksie toon nie).
- Doeltreffende demokratiese wigte en teenwigte nie bestaan nie, toerekenbaarheid nie in die demokrasie beskerm en toegepas word nie, en persepsies van korrupsie en ander wanadministrasie ontwikkel.
- Gemeenskapsbronne (sosiale kapitaal) en plaaslike regering nie doeltreffend funksioneer nie, wat ontevredenheid in gemeenskappe veroorsaak.
- Armoede, ongelykhede en ander sosio-ekonomiese omstandighede op substantiewe vlak in die gemeenskap nie doeltreffend aangespreek word nie.
- Die demokratiese ideaal ná 'n tydperk nie in die praktyk bereik word nie. In transformasionele demokrasieë lei dit daartoe dat burgers vertroue in die nuwe regering verloor, wat skadelik is vir die demokrasie.

Teen dié agtergrond verskuif die fokus na die demokratisering van state in sub-Sahara Afrika en vernou die studie tot die ontleding van kiesersvertroue in sub-Sahara Afrika. Die demokratiseringsproses in SA staan nie los van soortgelyke ontwikkelinge in ander Afrika-state nie, veral in konteks van die mislukking van bevrydingsbewegings as doeltreffende regering in

Afrika. Die verloop van bevryding en demokratiese oorgang in sub-Sahara Afrika-state word hierna ondersoek om moontlike raakpunte te vind tussen die mislukking van demokratiese konsolidering in hierdie transformasionele demokrasieë en die verloop van demokratisering in SA.

HOOFSTUK 3

DIE INVLOED VAN BEVRYDINGSIDEOLOGIE EN ONDOELTREFFENDE REGERING OP DIE EROSIE VAN KIESERSVERTRoue BINNE DIE POSTKOLONIALE AFRIKA-KONTEKS

3.1 INLEIDING

In Hoofstuk 3 word die bevrydingsideologie, soos uitgedra deur bevrydingsbewegings in sub-Sahara Afrika²⁶, sowel as die demokratiseringsproses in hierdie state, op 'n holistiese wyse in oënskou geneem. Die verloop van politieke ontwikkeling in Afrika word nou verbind met bevrydingsideologie en toon die konsolidering van demokrasie in die meeste sub-Sahara Afrika-state oor die afgelope vier dekades was onsuksesvol, wat ook eindelijk 'n negatiewe uitwerking op kiesersvertroue gehad het. Die nalatenskap van die koloniale era en outokratiese regimes wat die demokratiseringsproses voorafgegaan het, het 'n deurslaggewende invloed op die politieke en sosio-ekonomiese ontwikkeling van die meeste state in sub-Sahara Afrika gehad, waarvan die impak eers in die laaste drie dekades duidelik geword het. Die koloniale beleid van uitbuiting en onderdrukking, soos toegepas deur metropool-state, het perforie-state met onderontwikkelde ekonomieë en swak sosiale strukture agtergelaat, waar armoede en menseregte-oortredings die norm was. Die transformasieproses uit hierdie agtergeblewe omgewings na funksionerende liberaal-demokratiese state was, soos die geskiedenis bewys het, grootliks onsuksesvol tot op hede. Sedert die eerste sub-Sahara Afrika-state in die 1950's onafhanklike status verkry het, tot en met 1990, is daar 71 staatsgrepe uitgevoer in verskeie state, wat die konsolidering van demokratiese prosesse feitlik onmoontlik gemaak het (Thomson, 2017:132). Sub-Sahara Afrika-state het grootliks gedegenerereer in outokratiese eenparty-regimes waar konflik, korrupsie en antidemokratiese praktyke hoogty gevier het – onder die vaandel van bevryding.

Terwyl die ontleding van die demokrasie in SA die fokuspunt van dié studie vorm, verskaf die breë geskiedenis en nalatenskap van kolonialisme, en die hoofsaaklik onsuksesvolle resultate van transformasie in sub-Sahara Afrika-state, agtergrond tot die sentrale teoretiese tema wat ten doel het om die oorsake van erosie in kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokrasie te identifiseer en beskryf. Die sleutelinvloed van bevrydingsideologie op die denkwysse van Afrika-leiers en die hoogs debatteerbare suksesse en mislukkings van demokratisering in sub-Sahara Afrika word in terme van die prosedurele en substantiewe dimensies van goeie regering in demokratiese ontwikkelingstate ontleed. Vervolgens word daar gedebatteer tot watter mate hierdie gebeure gedien het, en steeds dien, as katalisator vir die erosie in kiesersvertroue in transformasionele regerings in sub-Sahara Afrika.

²⁶ Binne die breë Afrika-konteks val die klem op die ontleding van demokratiese regering en kiesersvertroue in sub-Sahara Afrika. Verwysing na "Afrika-state" plaas die konsep onder bespreking binne die Afrika-milieu, maar die fokus van die bespreking is op state in sub-Sahara Afrika.

Drie besprekingspunte word vervolgens in die hoofstuk uitgelig en teen die agtergrond van die vereistes vir suksesvolle demokratisering ontleed, naamlik:

- Demokrasie binne die Afrika-konteks en die invloed van bevrydingsbewegings en ideologie op demokratiese prosesse
- Mislukkings van demokrasie en bevryding in sub-Sahara Afrika in terme van die prosedurele en substantiewe verpligtinge van die staat
- Stelselmatige erosie in kiesersvertroue ná bevryding binne die Afrika-konteks.

Hierdie hoofstuk se doel is dus tweeledig: eerstens om die omstandighede uit te lig wat gelei het tot die mislukking van transformasionele demokrasieë in Sub-Sahara Afrika. Tweedens om faktore wat binne die breë Afrika-konteks as maatstaf vir die erosie van kiesersvertroue dien, te identifiseer en aan te wend in die ontleding van die Suid-Afrikaanse demokrasie.

3.2 DEMOKRASIE BINNE DIE AFRIKA-KONTEKS EN DIE INVLOED VAN BEVRYDINGSBEWEGINGS OP DEMOKRATIESE PROSESSE

In hierdie afdeling word die agtergrond tot demokratisering in sub-Sahara Afrika-state bespreek en redes vir transformasie binne die Afrika-konteks uitgelig. Betekenis word gegee aan konsepte soos nasionale bevrydingsbewegings en die verskille tussen 'n bevrydingsbeweging en politieke party word uitgewys. 'n Historiese oorsig word gegee van die verloop van transformasie en die huidige stand van demokratiese regering in sub-Sahara Afrika-state, sowel as die uitwerking daarvan op kiesersvertroue onder hierdie state se bevolkings. Daar word veronderstel bevrydingsbewegings kan nie noodwendig as suksesvolle politieke partye in die transformasionele demokrasie funksioneer nie, aangesien die vereistes vir suksesvolle demokratiese leierskap aansienlik verskil van die vereistes vir leierskap van 'n bevrydingsbeweging.

3.2.1 Kolonialisme, onafhanklikheid en die demokratiese golfbewegings as historiese agtergrond tot demokratisering in sub-Sahara Afrika

Die ontstaan van die derde demokratiese golfbeweging²⁷ (Huntington, 1991:17) in 1974 in die internasionale politieke arena het politieke denkers opnuut laat fokus op die kwessie waarom 'n demokratiese bestel in sommige state suksesvol konsolideer, terwyl dit in ander state misluk (Nelson, 2012a:534). Volgens Schraeder (soos aangehaal deur Nelson, 2012a:535) kan politieke ontwikkeling in Afrika in drie tydperke verdeel word, naamlik die prekoloniale onafhanklikheidsera (voor 1884), die koloniale era (1884-1951), en die kontemporêre onafhanklikheidsera (1951 tot

²⁷ Huntington (1991:17) verduidelik die ontwikkelingsgang van moderne demokrasie aan die hand van drie fases, of golfbewegings. Van belang hier is die derde golfbeweging, of sogenaamde "third wave" wat in die vroeë sewentigerjare 'n aanvang geneem het.

op hede). Die koloniale tydperk begin met die wedywering tussen Europese moondhede²⁸ om Afrika se grondgebied en minerale rykdom te beheer. Nelson (2012a:537) wys uit die kolonialisme het uiters nadelige gevolge gehad vir sosio-ekonomiese ontwikkeling op die vasteland, deur die skep van geslote ekonomieë, die instelling van ekonomiese stelsels wat primêr gebaseer was op die uitvoer van 'n enkele landbouprodukt of 'n enkele grondstof en infrastrukturele ontwikkeling wat hoofsaaklik die koloniale moondhede bevoordeel het. Die bevoordeling van sekere groepe in nasionale ontwikkelingsprogramme en vestiging van outoritarisme in alle politieke en ekonomiese sferes dra by tot die vernietiging van tradisionele stelsels van wigte en teenwigte en die versterking van patriargale regeringstelsels (Nelson, 2012a:537). In die ontleding van Frank se teorieë oor onderontwikkeling²⁹ handhaaf Du Pisani (1984:360-361) die standpunt dat kolonialisme nie soveel oor politieke beheer gegaan het nie, maar wel oor ekonomiese beheer van die ontwikkelende state. Frank (soos aangehaal deur Du Pisani, 1984:361) beskryf dit as die “bose sirkel van ontwikkelingsteorieë”. Dié beheer was politieke-burokrasies en impliseer 'n bepaalde sosio-ekonomiese beleid wat ingestel was op die uitbuiting en subordinering van die gekoloniseerde staat en sy mense (Du Pisani, 1984:357). Dit is teen hierdie agtergrond van onderdrukking, uitbuiting en onderontwikkeling wat die proses van transformasie en demokratisering in postkoloniale sub-Sahara Afrika plaasvind.

Huntington se derde golfbeweging, soos reeds na verwys, word beskou as die prominentste van die drie bewegings en sluit ook die demokratiseringsprosesse van outokrasie na veelpartystelsels in sub-Sahara Afrika in (Nelson, 2012a:532). Hy wys egter uit die derde golfbeweging het ook in 'n teenoorgestelde rigting beweeg, met transformasie terug na outoritêre regimes, soos in 1990 in Soedan en Nigerië, waar verkose leiers besluit het om terug te keer na 'n outoritêre stelsel (Huntington, 1991:17).

3.2.2 Beskrywing van nasionale bevrydingsbewegings in die Afrika-konteks

'n Nasionale bevrydingsbeweging is 'n organisasie of politieke beweging wat 'n rebellie of revolusie lei (Sluka, 1996:2). Hierdie bewegings is nie noodwendig gewelddadig nie, en kan ook in die vorm van 'n sosiale beweging teen 'n koloniale of nasionale regering in opstand kom. Bevrydingsbewegings in Afrika se strewe na onafhanklikheid is gebaseer op nasionale identiteit en 'n anti-imperialistiese uitkyk. Sluka (1996:5) som die konsep van 'n nasionale bevrydingsbeweging soos volg op:

²⁸ Die koloniale era in Afrika begin formeel in 1884 met die Kongres van Berlyn. Europese state wat in die tydperk 1884 -1951 deelneem aan die “wedloop om Afrika” is Brittanje, Portugal, Spanje, Duitsland, Frankryk, België en Italië (Nelson, 2012a:536).

²⁹ Frank se teorie oor onderontwikkeling is gebaseer op 'n ruilwaarde-verhouding tussen 'n ontwikkelde staat (metropool) en 'n onderontwikkelde staat (perforie), waar die doel van die perforie is om die metropool te voed in terme van kapitaalvorming (Du Pisani, 1984:360).

“National liberation movements are ‘peoples’ movements seeking freedom, independence, and/or autonomy from what are perceived as oppressive and usually ‘alien’ regimes. They are popular movements supported by whole communities of subjugated people, and depend on the active support of the population, mobilized by a revolutionary party or organization”.

Bevrydingsbewegings ontstaan onder baie moeilike omstandighede en neem verskillende vorme aan. Clapham wys uit daar kan kritiese verskille bestaan tussen bevrydingsbewegings wat deur militêre oorwinning die mag bekom, en bewegings wat in staat is om die oorgang te onderhandel³⁰. Dikwels is bevrydingsbewegings gebaseer op diverse groepe wat teen mekaar veg³¹ in wat Clapham noem: “the contest for movement hegemony” (Clapham, 2012:7). Die taak van leierskap in bevrydingsbewegings is hoofsaaklik om diversiteit tussen verskillende groepe en rekonsiliasieprosesse te bestuur, in die nadraai van bevryding (Clapham, 2012:7). Sommige leiers, soos SA se Nelson Mandela, het ten spyte van rasse en etniese hindernisse daarin geslaag om ná demokratisering ’n insluitende politieke klimaat te skep (die 1995 Rugbywêreldbeker is ’n voorbeeld hiervan), terwyl ander, soos Robert Mugabe van Zimbabwe, vasgevang gebly het in die ingesteldheid van die vryheidstryd en nooit die ontwikkelingsoogmerke verwesentlik het nie. In Uganda en Ethiopië weer, het leiers heeltemal nuwe politieke strukture geskep om die basis vir ’n nuwe konstitusionele bestel te vestig (Clapham, 2012:8). Die nalatenskap van die stryd word ook in die mentaliteit van die regimes³² weerspieël wat eindelik die nuwe regering vorm en ’n wesentlike invloed op die uitvoering van die nuwe regeringsbeleid uitoefen (Clapham, 2012:5). Hoewel bevrydingsbewegings dus wêreldwyd verskillende vorme aanneem, word die bewegings in Afrika vanuit ’n ideologiese oogpunt verenig deur hul anti-koloniale en anti-imperialistiese beskouings.

Binne die Afrika-konteks waar burgers eers die euforie van bevryding ervaar, en die leiers wat die bevryding teweeggebring het feitlik ikoniese status aanneem, is vertroue in die nuwe regering aanvanklik baie hoog. Hoë verwagtinge heers onder burgers dat die bevryding uit onderdrukking en armoede hul menswaardigheid sal herstel. Geloofwaardigheid van en vertroue in die transformasionele regering is aanvanklik hoog, aangesien hulle as helde van die revolusie bewys het dat hulle die juk van onderdrukking kon lig en dus vertrou kiesers dat hulle ook die

³⁰ Clapham wys uit dat militêre oorname gewoonlik gepaard gaan met konflik – die hele staat word oorgeneem en alles verbonde aan die ou regime word uitgegooi. Die staat moet van onder af herbou word. Onderhandelde bevryding, waar die ou regime die knie buig, behou dikwels strukture van die staatsapparaat en ekonomie in plek (Clapham, 2012:9).

³¹ Hier verwys Clapham na opponerende bewegings, soos byvoorbeeld ZANU en ZAPU in Zimbabwe, ELF en EPLF in Eritrea, MPLA, FNLA en UNITA in Angola, en ander groepe wat mag verskil in terme van etnisiteit of godsdienstige oortuigings (Clapham, 2012:6).

³² Leiers van die bevrydingsbewegings kom aan bewind met die veronderstelling dat hulle ’n sogenaamde “Godgegewe” reg tot algehele mag het, dit die kulminasie is van ’n leeftyd van stryd, en enige opposisie teenoor die bevrydingsregering onderdruk moet word (Clapham, 2012:5).

beloftes van vryheid, gelyke regte en deelname aan ekonomiese vooruitgang sal verwesentlik. Die geskiedenis van demokratisering in Afrika het egter bewys die demokratiese ideaal en demokratiese realiteit is ver verwyderd van mekaar en dat demokratiese konsolidering in meeste Afrika-state nie verwesentlik is nie.

3.2.3 Die politieke ontwikkelingsoogmerke van bevrydingsbewegings

Suttner (2004:758) voer aan bevrydingsbewegings verskil van politieke partye deurdat algehele toewyding en betrokkenheid van volgelinge verwag word om prosesse van verandering te bewerkstellig. Suttner (2004:759) wys uit dit kan geïnterpreteer word as “mob rule”, terwyl die bevrydingsbewegings dit beskou as ’n uitdrukking van demokratiese aktiwiteit. Bevrydingsbewegings neem ook ’n wyer karakter as politieke partye aan en beskou hulself as nasionale bewegings, met kruislidmaatskap tussen verskeie belangegroepe in die breë ondersteuning van die beweging en as verteenwoordigend van die nasie as geheel. Suttner (2004:765) beklemtoon dat hierdie konsep die basis vorm van die eenpartystate wat in sub-Sahara Afrika vooruitgang gemaak en die onderdrukking van opposisiepartyte teweeggebring het.

Bevrydingsbewegings sien hulself ook nie noodwendig as politieke partye nie, maar steeds as ’n “beweging”, selfs ná die oorgangsproses voltooi is. Suttner (2004:762) verwys na die dikwels antidemokratiese trajek van bevrydingsbewegings. Die ontwikkelingsoogmerke, soos in bevrydingsbeloftes vervat, belowe vrede, vryheid, gelyke deelname, nasiebou en ekonomiese welvaart. Die invloed van bevrydingsideologie op die motiewe en aksies van die leiers van “bevrydingsbewegings as politieke partye” is egter van so ’n aard dat leiers nie hulself met die vereistes van gelyke deelname en magsverdeling in ’n pluralistiese demokrasie kan vereenselwig nie. Nelson (2012b:561) is van mening dat politieke partye in die meeste sub-Sahara Afrika-state nie daarin geslaag het om transformasionele beloftes na te kom en as demokratiseringsagente op te tree gedurende die derde golfbeweging van demokrasie nie. Matlosa (soos aangehaal deur Nelson, 2012b:562) noem dit die “burokries-oligargiese sindroom” (BOS). Mag word uiteindelik in die hande van ’n klein groepie binne die party gesentreer, wat dan lei tot die vervreemding van die breë ondersteuningsbasis. Hy praat ook van die ontstaan van ’n persoonlikheidskultus, waar die leier as sinoniem met die party en die party as sinoniem met die leier beskou word (Nelson, 2012b:562). Eindelik kan dit tot die ontstaan van ’n oligargie lei en die demokrasie misluk, aangesien die beginsels en prosedures wat demokrasie verteenwoordig sistematies vernietig word.

3.2.4 Die ontwikkelingsoogmerke van ’n politieke party

Daar is wesentlike verskille tussen die ideologiese oogmerke van die bevrydingsbeweging as politieke party en ’n politieke party wat binne ’n moderne demokratiese bestel ontstaan. Die

politieke party funksioneer as 'n demokratiese institusie wat in terme van die nakoming van verkiesingsbeloftes aan sy lede verantwoording moet doen. Matlosa (in Nelson, 2012b:56) beskryf politieke partye as die “voertuie” van 'n demokratiese stelsel en dat 'n politieke bestel sonder kompeterende politieke partye nie as demokraties beskou kan word nie. Politieke partye verskil ook van bevrydingsbewegings in die sin dat politieke partye as demokraties, oop en toerekenbaar voorkom, teenoor bevrydingsbewegings wat dikwels as ondemokraties en ontoeganklik beskou word (Suttner, 2004:759). Volgens Apter (soos aangehaal deur Cilliers, 1984:163) is die rol wat politieke partye en leiers in die politieke evolusieproses speel van kardinale belang om vreedsame transformasie teweeg te bring. Die funksies van politieke partye in 'n transformasionele demokrasie word deur Matlosa (in Bratton & Gyimah, 2016:13) saamgevat as:

- Opvoeding van die kieserspubliek in demokratiese beginsels
- Toesig oor die organisering en bedryf van die regeringsfunksies
- Organisering en bestuur van die nuwe burokrasie
- Eliminasië van streeksverskille en bestuur van die belange van die burgers
- Nasiebou, veral in ontwikkelende state waar etniese en ander verskille voorkom
- Die rol van opposisiepartye is ook baie belangrik in die vreedsame voortbestaan van die demokrasie, om die regerende party toerekenbaar te hou, as 'n alternatief te dien vir die regerende party, en om debat rondom beleid en ontwikkeling te bevorder.

Alhoewel die bevrydingsbewegings in die oorgang na demokratiese regerings en veelpartystelsels hierdie funksies as doelwitte stel, is daar baie hindernisse wat die verwesenliking van dié doelwitte boikot, soos hieronder uitgelig word.

3.2.5 Die invloed van die bevrydingstryd en ideologie op demokratiese regering in postkoloniale Afrika

In die meeste state in Afrika, en veral sub-Sahara Afrika, is dit moeilik om die grense van party en staat te onderskei. Brooks (in Nelson, 2012b:566) is van mening dat die leiers van dominante partystelsels geneig is om demokratiese beginsels soos openbare mening en verantwoordbaarheid te ignoreer en in outoritarisme te verval. Nelson voer aan die meeste politieke partye in sub-Sahara Afrika het binne die raamwerk van die bevrydingsideologie ontstaan en word dus as revolusionêre of linksgesinde partye getipeer. Hierdie partye beskou die vestiging van 'n demokratiese bestel dikwels as minder belangrik, en as 'n struikelblok wat die vestiging van 'n bepaalde ideologie belemmer (Nelson, 2012b:567). Dit lei tot die totstandkoming van die “partystaat” waar die regering en party onafskeidbaar van mekaar is (Nelson, 2012b:567). Nelson voer ook aan die vestiging van outoritêre eenpartystelsels word deur die oorspronklike leiers van onafhanklike state in sub-Sahara Afrika gerasionaliseer as die

voortsetting van die gesentraliseerde politieke stelsels wat tydens die prekoloniale tydperk bestaan het. Hierdie regerings beskou veelpartystelsels as verdelend en liberaal-demokratiese strukture as vreemd aan die Afrika-politieke kultuur (Nelson, 2012b:567).

Regerings van ontwikkelende, postkoloniale state is ook dikwels nie by magte om politieke behoeftes te verwesenlik en beloftes gemaak tydens die bevrydingstryd na te kom nie (Clapham, 2012:5). Redes hiervoor is dat die nuwe regering oor 'n tydperk nie meer as legitiem beskou word nie (omdat hulle nie bevrydingsbeloftes nakom nie) en hul magsvermoëns raak oneweredig versprei. Volgens Sarkesian (in Seegers, 1984:213) is die gemeenskap terselfdertyd in 'n oorgang en word gekenmerk deur oorbevolking, werkloosheid, verstedelikingstendense en armoede wat ook historiese, etniese, territoriale en ander faktore kan insluit, wat dan verpolitiseer word. Sarkesian (soos aangehaal deur Seegers, 1984:218) verduidelik verder plaaslike griewe word pragmaties verbind aan die ideologie van vryheid, gelykheid en menswaardigheid. Ideologie word dus 'n instrument waardeur revolusionêre leiers hul ondersteuningsbasis verder probeer verbreed (Seegers, 1984:219).

3.2.6 Agtergrond, verloop en uitkoms van demokratisering in sub-Sahara Afrika

Sedert die laat tagtigerjare (post-Koue Oorlog) is die politieke landskap in sub-Sahara Afrika getransformeer soos eenpartystate en militêre regimes begin plek maak het vir veelparty-politieke stelsels. Cheeseman (2015:87) skryf die oorsaak van die ineenstorting van outoritêre regimes grootliks toe aan die ekonomiese krisis van die 1980's, wat die ekonomieë van hierdie Afrika-state feitlik op hul knieë gedwing het. 'n Bydraende faktor was ook swak ekonomiese beheer. Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank het gereageer op die ekonomiese ineenstorting deur strenger voorwaardes te stel vir ekonomiese bystand. Afrika-state moes hervorming toepas, wat gesonde ekonomiese beleid ingesluit het, om finansiële ondersteuning te verseker (Cheeseman, 2015:88). Dié hervormings, saam met die ontwikkeling van pro-demokratiese bewegings en rebellie teen werkloosheid en onderdrukking, het burgerlike organisasies aangespoor om die fundasies van outoritêre regerings te bevraagteken. Geweld het uitgebreek in state soos Nigerië en Togo (Cheeseman, 2015:92) en hierdie regerings het met behulp van state soos China en Kuba probeer om die revolusies te onderdruk. Die val van die Sowjetunie (1989) en die bevryding van Nelson Mandela (1990) het 'n wesentlike invloed op die bevrydingstryd in Afrika gehad en oor die volgende dekade het die kombinasie van toenemende onrus en internasionale druk die diktators in verskeie sub-Sahara Afrika-state gedwing om opposisiepartye te legitimeer en vrye verkiesings in te stel (Cheeseman, 2015:92-93). Die vroeë demokrasieë was egter kwesbaar en slegs 'n paar het verby die eerste fase van demokratisering beweeg. Die rekonstruksie van 'n nuwe politieke bestel en die konsolidasie van vele demokrasieë het eenvoudig nie gerealiseer nie, of is vertraag (Cheeseman, 2015:94). In

lande soos Zambië en Benin het demokratiese transformasie plaasgevind onder druk van sterk opposisiepartye en omdat

dit ekonomiese voordele ingehou het. In Senegal en Tanzanië vind transformasie “van bo af” plaas deur onderhandelde prosesse bestuur deur die politieke elite. In SA vind transformasie plaas deur die proses van onderhandeling wat ’n redelike stabiele oorgang verseker het omdat daar ’n mate van vertroue tussen die belanghebbendes was. (Cheeseman, 2015:95). In die meeste sub-Sahara Afrika-state het hierdie vertroue egter ontbreek en is demokrasie eendelik teweeggebring deur gewelddadige metodes. In Mali is ’n veelpartyregering daargestel deur ’n militêre staatsgreep. In Angola en Liberië het die konflik tussen rebellegroepe eendelik die politieke orde vernietig en tot transformasie gelei (Cheeseman, 2015:95-96).

Die afwesigheid van politieke vertroue en legitimiteit het state tot ’n mate afhanklik gemaak van wat Cheeseman (2015:102) beskryf as ekstern beheerde transformasies en mediasie, waar buitepartye en finansiële donateurs reëls neergelê het wat state moes gehoorsaam om ekonomiese hulp te ontvang. Magsdelende regerings het tot stand gekom, soos byvoorbeeld in SA, en daar is van die nuwe regering verwag om ’n verteenwoordigende grondwet en politieke stelsel te implementeer. In state soos Angola, die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK), Liberië en Sierra-Leone was dit onmoontlik om die proses van demokratisering deur te voer sonder buitelandse hulp (Cheeseman, 2015:122). In die geval van die DRK het buitelandse intervensie egter tot die konflik ná 2003 bygedra, toe ’n transformasionele regering ingestel is. 16000 vredebewaarders is na die DRK gestuur om oor die verkiesings van 2006 toesig te hou, maar die wantroue tussen groepe was te hoog en die verkose regering van Laurent Kabila het te werk gegaan om die demokratiese strukture te ontbind en die legitimiteit van die demokratiese prosesse te ondermyn. Cheeseman (2015:125) beskryf die onsuksesvolle demokratisering van die DRK as ’n goeie voorbeeld van die beperkte invloed van eksterne magte, waar transformasie op die grond nie parallel met internasionale hulpverlening plaasgevind het nie.

3.2.7 Die manipulerings van demokratiese prosesse en ideologie

Reeds teen die einde van die sewentigerjare begin sub-Sahara Afrika-state bekend staan as verswakte of mislukte state (Nelson, 2012a:538). Militêre leiers regeer en staatsgrepe is aan die orde van die dag. Gedurende die tagtigerjare bereik die druk op demokratisering ’n hoogtepunt en die demokratiseringsproses neem ’n ongekende aanvang regoor Afrika aan. In die tydperk 1990 tot 1994 het 38 state veelpartyverkiesings gehou (Nelson, 2012a:539). Dié verkiesings was egter in sommige gevalle gemanipuleer en dus nie vry of regverdig nie. In Somalië het die demokratiseringsproses gelei tot ’n burgeroorlog, gedryf deur die elite. In Rwanda het die instelling van veelpartyverkiesings geweld aangeblaas, en gelei tot etniese suiwering en volksmoord in wat Mann (soos aangehaal deur Cheeseman, 2015:143) beskryf as “the dark side of democracy”. Die herinstelling van verkiesings in verskeie state in sub-Sahara Afrika het ’n


toename in onstabyliteit tot gevolg gehad. In gemeenskappe wat reeds grootliks etnies verdeeld was, het politieke onsekerheid toegeneem. Onverantwoordelike leierskap, gekombineer met konstante rebellie teen die verkose regerings, het 'n gevoel van onsekerheid by regeerders en burgers laat ontstaan, en gelei tot die toepassing van 'n "divide and rule"-beleid deur regeerders om mag te behou (Cheeseman, 2015:144). Indien nie verantwoordelik bestuur nie, verduidelik Cheeseman, kan veelpartypolitiek in geweld ontaard. In 2008 in Ghana lei die verkiesing in die noorde van die land ook tot geweld. In die transformasionele state was korrupsie en verkiesingsbedrog aan die orde van die dag. Dit het veral in die 1990's aanleiding gegee tot "kliëntelisme" en "begunstiger-kliënt"-verhoudinge (Nelson, 2012b:555) wat die koop van stemme deur die verskaffing van klere, kos en ander omkoopgeskenke behels het. Afrika-demokrasieë het in die internasionale politieke arena begin bekend staan as kwasi-demokrasieë, hibriede regimes of illiberale demokrasieë (Menocal *et al.*, 2008:31). In Zimbabwe het Mugabe bewys hy is 'n meester in die beoefening van die politiek van vrees (Cheeseman, 2015:161). Die mislukking van integrasie tussen die twee etniese groepe, Shona en Ndebele, het tot die dood van meer as 20 000 mense gelei. Die toepassing van revolusionêre en rasse-propaganda het die vermoë van leiers om hul persoonlike "politieke" doelwitte onder die vaandel van demokrasie te bereik, gedemonstreer (Cheeseman, 2015:162).

3.2.8 Die huidige stand van liberale demokrasieë en veelpartyregering in sub-Sahara Afrika

Volgens die 2016 Freedom House Index (Nelson, 2012a:540) kon slegs nege state (18%) in sub-Sahara Afrika met die aanbreek van 2016 as vry beskou word³³. (Sien Figuur 3.1.) "Vry" verwys na state waar daar ope kompetisie om politieke mag, respek vir burgervryhede, 'n onafhanklike burgerlike gemeenskap en 'n vrye media bestaan (Nelson, 2012a:540). 'n Verdere 20 state is deur die Freedom House Index (2016) as "gedeeltelik vry" geklassifiseer. In dié state is daar beperkte respek vir burgerregte en vryhede, maar korrupsie, miskenning van regsoewereiniteit, godsdienstige onverdraagsaamheid, en die bestaan van 'n dominante partystelsel bring mee dat dit nie as demokraties beskou kan word nie. In 'n derde kategorie word 19 state (39%) as "nie vry nie" beskou. Hierdie state is diktatoriaal of outoritêr (Nelson, 2012a:540). Cheeseman (2015:2) toon tog 'n positiewer opinie van demokratisering en wys uit beide Botswana en Mauritius beleef sedert onafhanklikheid stabiele veelpartybedelings (Alhoewel Botswana, soos SA, as 'n dominante partystaat geklassifiseer word (verwys afd. 3.3.2.2.4).

³³ Die volgende state in Noord-Afrika is nie ingesluit in die evaluasie nie: Egipte, Libië, Marokko, Algerië, Tunisië, Wes-Sahara. Sub-Sahara Afrika sluit egter die res van die state in Afrika (48 state) in (Freedom House Index, 2016).

Figuur 3.1: Status van vryheid in Sub-Sahara Afrika



Bron: Soos vertaal en aangepas uit Freedom House Index (2016)

Cheeseman (2015:2) beklemtoon verskeie gewelddadige regimes is sedert 2000 vervang met meer demokratiese stelsels deur middel van verkiesings en beperkinge wat op presidensiële termynne ingestel is. Tog, volgens die 2011 Economist Intelligence Unit (in Nelson, 2012a:540) se demokratiese indeks, word slegs een staat, naamlik Mauritius, uit 44 sub-Sahara Afrika-state as 'n volwaardige demokrasie beskou. SA val in die kategorie van “gebrekkige demokrasieë” (Nelson, 2012a:540). Beide die Freedom House Index en die Economist Intelligence Unit (in Nelson, 2012a:540) groepeer demokratiese aanwysers in die volgende vyf kategorieë: verkiesingsproses en pluralisme, burgervryhede, funksionering van regering, politieke deelname en politieke kultuur (Nelson, 2012a:540).

Cheeseman (2015:169) beklemtoon tussen 2011 en 2013 is meer as 50 000 Afrikane in meer as 34 Afrika-state (in die Afrobarometer-studies) gevra watter tipe regime hulle verkies. Hoewel krities teenoor demokrasie, het 71% van Afrika-burgers demokrasie bo 'n militêre of eenpartyregering geplaas. Die huidige stand en kwaliteit van demokrasie in sub-Sahara Afrika

word dus in die volgende afdeling ondersoek en in terme van die prosedurele en substantiewe maatstawwe ontleed.

3.3 DIE ROL VAN DIE STAAT EN PROSEDURELE EN SUBSTANTIEWE MISLUKKINGS VAN DEMOKRATISERING NÁ BEVRYDING IN SUB-SAHARA AFRIKA

In Hoofstuk 2 (afd. 2.2.11) is verwys na die prosedurele en substantiewe dimensies van demokrasie. Kotze (2015:3) verbind hierdie dimensies aan demokratiese ontwikkeling en die suksesvolle konsolidering van die demokratiese staat. As die houer van vertroue en uitvoerder van die sosiale kontrak, is die rol van die staat in hierdie proses sentraal.

3.3.1 Prosedurele en substantiewe dimensies van transformasie en demokratiese ontwikkeling

Prosedurele dimensies in 'n transformasionele staat verwys na beskrywende aanwysers soos verkiesings, konstitusionalisme, regsreël en veelparty-organisasie, terwyl substantiewe faktore verwys na die sosio-ekonomiese konteks, geregtigheid en menseregte. Die sentrale fokus is om 'n kultuur van deelname te skep deur 'n regering wat responsief is (Kotze, 2015:7). Volgens Kotze (2015:9) onderskryf die beginsels van demokratiese konsolidering sterk institusies, wat politieke gelykheid en toenemende regeeringsprestasie voorstaan. Sodoende word 'n politieke kultuur geskep wat verbind is tot demokratiese waardes. Kotze (2015:9) is van mening demokratiese konsolidasie word dus bereik wanneer:

- Die gemeenskap aktief deelneem aan die politieke proses deur gereelde, vrye verkiesings en deur die staat te betrek in die ontwikkeling van staatsbeleid en ontwikkelingsprogramme (prosedureel), en
- Die institusies wat vryheid van burgers waarborg die demokratiese proses ondersteun (substantief).

Die Wêreldbank se regeeringsindikator toon in die tydperk 2000-2015 het staatsdoeltreffendheid in Afrika-state vanaf 28% tot 26% gedaal. Ander faktore soos politieke stabiliteit en beheer van korrupsie het terselfdertyd afgeneem. Lae staatsdoeltreffendheid beteken swak resultate in terme van die lewering van basiese dienste en goedere (Adebayo, 2017:10) en het 'n destabiliserende uitwerking op politieke, institusionele en interpersoonlike vertroue.

3.3.2 Mislukkings van Afrika-regerings op die prosedurele en substantiewe gebied van demokratisering

Nelson, in ooreenstemming met Diamond (in Nelson 2012b:554) ondersteun die siening dat state in sub-Sahara Afrika swak vaar ten opsigte van die ses vereistes ontwikkel deur die Wêreldbank-

Instituut om 'n staat se kwaliteit van regering te meet. Hierdie vereistes word beskryf as:

- Verantwoordbaarheid
- Politieke stabiliteit en afwesigheid van geweld
- Staatsdoeltreffendheid in openbare administrasie en lewering van openbare dienste
- Kwaliteit van die regulering en ontwikkeling van die privaat sektor
- Regsoewereiniteit
- Uitskakeling van korrupsie.

Ten spyte daarvan dat Afrika oor baie natuurlike hulpbronne beskik en meer as een triljoen VSA-dollars teen 2009 in Afrika-state geïnvesteer was om ekonomiese heropbou te stimuleer (Nelson, 2012a:529), bly armoede, korrupsie, stagnasie, geweld, hongersnood, en outoritarisme steeds die norm. In hierdie verband verwys Nelson na die sogenaamde “hulpverleningsvloek”, oftewel die negatiewe korrelasie wat bestaan tussen buitelandse hulp en demokratiese konsolidasie in ontvangerstate. Die persepsie bestaan dat hulp nie vir ekonomiese ontwikkeling aangewend word nie, maar deur die regimes en individue (elite) korruptief gebruik word om hul magsposisies te versterk (Djankov, *et al.*, in Nelson, 2012b:554). Die mislukking van demokratisering, veral in sub-Sahara Afrika-state, word hieronder in drie kategorieë verdeel en beskryf, naamlik:

- Die mislukking van bevrydingsbewegings as legitieme regerings en die verskynsel van konflik en geweld.
- Mislukkings op prosedurele gebied wat grondwetlike aspekte soos sentralisering van die regering, verkiesingsmanipulasie, swak institusies, die neiging tot dominante partypolitiek en onderdrukking van opposisiepartye insluit.
- Mislukkings op substantiewe gebied wat sosio-ekonomiese ontwikkeling en herbou van politieke kultuur, beskerming van minderheidsgroepe se regte en vryhede, sowel as die bestuur van etniese diversiteit insluit.

Hierdie ontleding sluit sterk aan by die argument dat daar ooreenkomste is tussen die onsuksesvolle konsolidasie van demokrasie in verskeie sub-Sahara Afrika-state, en die trajek wat demokratisering in SA in die eerste 22 jaar van demokrasie gevolg het.

3.3.2.1 Die mislukking van bevrydingsbewegings as legitieme regerings en die verskynsel van konflik en geweld

Feitlik alle bevrydingsbewegings ervaar aansienlike moeite om die oorgang te maak van vryheidstryd na 'n doeltreffende demokratiese regering (Clapham, 2012:4). Hierdie oorgang word spesifiek bemoeilik omdat leiers oënskynlik nie daarin slaag om uit die denkwysse en kultuur van die vryheidstryd en strydpolitiek te beweeg nie. Die sosioloog Nandy (soos aangehaal deur Melber, 2008) het gevind dat die bevryders geneig is om die verlede te reproduseer eerder as om werklike alternatiewe te bied:

“Power structures often revolve around individual commanders who act to the benefit of their crony supporters. Resistance movements normally adopt rough survival strategies and techniques while fighting an oppressive regime. That culture, unfortunately, takes root and is permanently nurtured. In sum, it becomes questionable whether there is a true difference between the political systems they manage to throw out and what they establish in their place” (Nandy, in Melber, 2008).

Volgens Melber is dit 'n algemene probleem dat militêre bewegings wat deur legitieme verkiesings aan bewind gekom het, gou ooreenkomste met die ou regime toon:

“Liberators often turn into oppressors, victims into perpetrators” (Melber, 2008).

Ten spyte van 'n sterk legitimeitsbasis, lewer dié regerings selde die resultate wat hulle gedurende die stryd belowe het, soos volhoubare demokrasie, nasiebou en ekonomiese welvaart (Clapham, 2012:5). Die oorgangsregering moet die onmiddellike uitdagings van doeltreffende regering aanpak en hulself transformeer:

“From winning the war against oppression to winning the new war against poverty, ignorance and disease” (Clapham, 2012:8).

Die bestuur van 'n burokrasie verskil egter van die vryheidstryd, waar 'n enkele doelwit van vryheid nagestreef is, na die veelvuldige doelwitte wat die beleid van die nuwe regering volg. Hierdie regeringsprosesse vereis die opstel van verskeie agendas, prioritisering van sosio-ekonomiese belange, onderhandeling met belangegroepes, en die verdieping en uitbouing van die demokrasie om konsolidasie te bewerkstellig (Clapham, 2012:8). Die legitimeit van en vertroue in hierdie regerings erodeer oor 'n tydperk, aangesien leiers outoritêre en militaristiese neigings begin toon en die beginsels van demokrasie wat konsensus en kompromie behels, ignoreer. Nelson (2012b:567) verduidelik hierdie “partystate” probeer alle opposisie aktief elimineer en die staatsmasjinerie vir hul eie gewin toeëien. As gevolg van die regering se ondoeltreffendheid, ontstaan onstabiliteit en onrus onder burgers en opposisiegroepes. Volgens Bekoe (in Nelson, 2012b:573) kan die demokratiseringsproses lei tot konflik en geweld vanweë die volgende redes:

- Instellings wat konflik moet hanteer, is swak (swak institusionele mag).
- Opponerende groepe kan nie doeltreffend hanteer word nie.
- Politieke koalisies is gewoonlik onstabiel.
- Gemeenskappe is te etnies-divers om 'n hegte gemeenskap te skep.
- Demokratisering is feitlik onmoontlik in gesentraliseerde politieke stelsels.
- Regeerders voel dikwels hul magsbasis word bedreig en gebruik geweld om dit te behou.

Sedert die eerste onafhanklike state in sub-Sahara Afrika ontstaan het, is daar 71 staatsgrepe uitgevoer in 60% van Afrika-state wat die oorgangsproses na demokratisering aangepak het (Thomson, 2017:132). Hierdie statistiek beklemtoon die legitimeitsprobleem wat in vele state in sub-Sahara Afrika ontstaan het. Volgens Thomson was militêre mag (despotiese mag) in Afrika

sterker, beter georganiseerd en gemotiveerd as enige ander institusies en infrastrukturele magstrukture (Thomson, 2017:136). Burgerlike gemeenskappe was ook nie deel van sterk politieke en burgerlike kulture nie en hoofsaaklik uit die politieke proses gesluit. Verlies aan legitimiteit as gevolg van swak sosio-ekonomiese ontwikkeling en die feit dat Afrika-regimes meer geneig was tot persoonlike heerskappy eerder as die rasioneel-wetlike modelle, het militêre leiers die voordeel gegee om die staatsmag te annekseer, demokratiese magte en daarmee saam die regte en vryhede van individue in te perk (Thomson, 2017:136). Respek vir regsreël, menseregte en vryhede is grotendeels mee weggedoen, wat daartoe gelei het dat 424 joernaliste tussen 1990 en 2015 op die Afrika-kontinent hul lewens verloor het as gevolg van teikenmoord, bomaanvalle en kruisvuur. 22 van dié sterftes het in 2015 plaasgevind (Adebayo, 2017:13). Zimbabwe is ook 'n sprekende voorbeeld van 'n dominante partystaat waar die president en hoofleiers legitimiteit verloor het, en so onlangs as 2017 in 'n staatsgreep verwyder is.

3.3.2.2 Mislukkings op prosedurele gebied in die uitvoering van demokratiese beginsels en prosesse

Vier punte word hier uitgelig om die argument dat die meerderheid sub-Sahara Afrika-state in die uitvoering van prosedurele verpligtinge misluk het, te illustreer:

- Onsuksesvolle toepassing van die grondwetlike en breë konstitusionele beginsels
- Wanadministrasie van veelpartyverkiesings deur konflik en intimidasie
- Vestiging van die partystaat deur die onderdrukking van opposisiepartye
- Mislukking in die uitbou van sterk institusies.

In die prosedurele dimensie word die strukture geskep wat die demokrasie in die praktyk vestig en bestuur, soos hieronder verduidelik.

3.3.2.2.1 Onsuksesvolle toepassing van die grondwetlike en breë konstitusionele beginsels in Afrika-demokrasieë

Meeste van die state in sub-Sahara Afrika het nie 'n grondwet gehad voor die verskyning van kolonialisme nie. Albertyn en Goldblatt (soos aangehaal deur Langa, 2006:352) wys uit transformasionele konstitusionalisme vervat basies 'n sosiale en ekonomiese "revolusie", wat 'n rekonstruksie van staat en gemeenskap, insluitende die herdistribusie van mag en bronne volgens egalitariese riglyne, omsluit. Terwyl alle sub-Sahara Afrika-state tans oor 'n grondwet beskik, is die probleem volgens Fombad (2016:14) dat 'n "kultuur van konstitusionalisme" ontbreek en die implementering van konstitusionalisme onsuksesvol is, omdat outoritêre leiers dikwels disrespek vir die grondwet toon deur dit te verander om hul mag te versterk en hul termyn van regering te verleng, of sekere etniese of elite-groepe te bevoordeel. Fombad (2016:14) argumenteer hierdie situasie is kenmerkend van verskeie Afrika-regerings en kritiseer die arbitrêre manier waarop konstitusies in sub-Sahara Afrika geïmplementeer word:

“When governments feel free to pick and choose which constitutional provision to honour, and which to ignore and when, the raison d’être of a constitution and constitutionalism in general is called seriously into question” (Fombad, 2016:14).

Volgens Fombad (2016:22) word burgerlike vertroue in die regering, as die hoofagent in die implementering van die grondwet, in gevaar gestel. Die implementering en kwaliteit van konstitusionele regering word soms vertraag deur ’n “selfbehepte” elite (Fombad, 2016:22), wat konstitusionalisme as ’n rookskerm gebruik waaragter die onderdrukkende en outokratiese praktyke van die verlede voortgesit word. Ter illustrasie kan die 1996 verkiesing in Zambië voorgehou word. Die leier van die Movement for Multi-Party Democracy (MMD), Frederick Chiluba, bekommerd dat hy die verkiesing teen Kenneth Kaunda gaan verloor, het die grondwet verander sodat “eerste generasie”-Zambiërs verbied is om as kandidate te staan. Aangesien Kaunda se ouers Malawiërs was, kon Kaunda nie weer in die verkiesing staan nie, wat verseker het dat Chiluba die verkiesing deur die manipulasie van die grondwet gewen het (Thomson, 2017:252).

3.3.2.2.2 Die voorkoms van wanadministrasie, bedrog en intimidasie in verkiesings as bydraende faktore in die erosie van kiesersvertroue

“You don’t arrange elections if you are going to lose them” (Thomson, 2017:254).

Hierdie uitspraak is gelewer deur Kongo-Brazzaville se president, Pacal KISSOUBA, en is volgens Thomson (2017:254) ’n weerspieëling van sommige Afrika-leiers se opinie van veelpartyverkiesings. Die wyse waarop wanadministrasie in verkiesingsveldtogte in Afrika-state deur die leiers van bevrydingsbewegings toegepas is, het grootliks bygedra tot die delegitimering van die regerings en ’n afname in kiesersbetrokkenheid en institusionele vertroue (Thomson, 2017:244). Terwyl bevrydingsbewegings daarop aanspraak maak dat hulle die nasie verteenwoordig, bestaan die waarskynlikheid dat die nuwe regering in vrye verkiesings vorentoe ’n verkiesing mag verloor, wat dan die verlies van mag beteken – en volgens die logika van bevrydingsbewegings ’n “reversal of history” teweegbring (Southall, 2013:97). Southall noem dit ’n paradoks, aangesien die nuwe regering, juis om mag met legitimititeit te behou, gereeld hul mandaat deur middel van demokratiese veelpartyverkiesings moet hernu. Die verloop van demokratiese Afrika toon egter verkiesingsbedrog, politieke geweld en intimidasie was aan die orde van die dag, en kom steeds voor in verkiesings oor die breë spektrum van Afrika-state (Thomson, 2017:253). Verkiesingsregulasies word in baie verkiesings aangepas om die heersende party te bevoordeel: kiesersregisters word gemanipuleer en selfs vals resultate word verklaar. Die media word ook dikwels geannekseer om eksklusief die regerende party se verkiesingsboodskap uit te dra. Hierdie “persoonlike heerskappy”³⁴ skep ook ’n ongelyke

³⁴ Diamond (soos aangehaal deur Nelson, 2012b:554) is van mening dat onsuksesvolle demokratisering in Afrika-state hoofsaaklik geleë is in die “patologie van persoonlike heerskappy”, oftewel, neopatrimonialisme. Die term verwys na ’n

speelvak vir opposisiepartye wat, hoewel hulle in veelpartyverkiesings in die meeste Afrika-state deelneem, in die verkiesingsproses benadeel word (Thomson, 2017:252). Opposisiepartye moet meeding met regerende partye wat geen probleem ondervind om finansiële bronne, bedoel vir ontwikkelingsinisiatiewe, te herallokeer om hul verkiesingsveldtogte te finansier nie. President Daniel arap Moi het tydens die 1997 verkiesing in Kenia 100 miljoen dollars, deur die VSA geïnvesteer vir ontwikkelingsdoeleindes, net so aangewend om stemme te koop en so die verkiesing te wen (Thomson, 2017:253). In die aanloop tot die 2006 verkiesing in Uganda, het president Museveni die polisie teen sy hoofopponent, Kizza Bizigye, gebruik en hom laat arresteer en opsluit vir aanklagte van hoogverraad en verkragting. Die aanklagte is later teruggetrek, maar Bizigye is nie die geleentheid gegun om op 'n gelyke speelvak deel te neem aan die verkiesing nie en Museveni het die presidensiële verkiesing gewen (Thomson, 2017:253). Die bevoordeling van seksionele of elite-belange het ook tot gevolg gehad dat bevrydingsbewegings as regerings nie op die lange duur die geloofwaardigheid en vertroue van kiesers kon behou nie, aangesien hulle oënskynlik nie die balans tussen nasionale en populêre belang suksesvol kon bestuur nie (Southall, 2013:97). Vertroue in die verkiesingsprosesse in Afrika is dus laag en die negatiewe impak daarvan op kiesersdeelname beteken die konsolidasie van die demokrasie kan nie plaasvind nie.

3.3.2.2.3 Die vestiging van die “partystaat” en die onderdrukking van opposisiepartye

“One man, one vote, once” (Clapham, in Thomson, 2017:284).

Alhoewel die meeste leiers in sub-Sahara Afrika hulle ná onafhanklikheid tot demokratiese regering verbind het, is die verdeling van magte tussen verskillende organe van die regering in die praktyk sistematies afgetakel en mag toenemend in die uitvoerende gesag gesentreer (Nelson, 2012b:553). Nelson, in ooreenstemming met Schraeder (in Nelson, 2012b:553), beskryf dit as die “Afrikanisering” van staatsinstellings: die drastiese vergroting van die sentrale burokrasieë; die aftakeling van institusionele wigte en teenwigte; die koöptering, onderdrukking of eliminering van instellings in die burgerlike gemeenskap; die grootskaalse uitbreiding van gewapende magte; en die skepping van persoonlike heersernetwerke.

In sub-Sahara Afrika het twee tipes outoritêre regimes ontstaan: die militêre regime en die eenpartystaat (Cheeseman, 2015:37). Terwyl militêre regimes deur geweld en konflik aan beheer gekom het, het die eenpartystate op 'n subtieler basis deur afdwinging hul magsbasis versterk en ongeveer 30 jaar lank as 'n redelik stabiele vorm van regering in Afrika mag behou (Cheeseman, 2015:38). Die argument vir die eenpartystaat het gesentreer rondom “nasionale eenheid” (Thomson, 2017:111). State in sub-Sahara Afrika was etnies baie divers en leiers soos Kwame Nkruma van Ghana, Julius Nyerere van Tanzanië, en vele ander, het aangevoer die

organisasievorm waarin patrimoniale verhoudinge in die politieke en burokratiese stelsels van die demokrasie voorkeur geniet bo regs-rasionele prosedures.

eenpartystaat is die beste vorm van regering om stabiliteit en integriteit van die staat te behou. Hierdie argument is met groot sukses gebruik om met veelpartystelsels in hul state weg te doen. Verdere argumente het ingesluit dat die Europese modelle nie van toepassing was op Afrika nie (Thomson, 2017:112) en gesentraliseerde leierskap en beleid op ekonomiese gebied nodig is om ontwikkeling en ekonomiese groei te bevorder.

Dit moet in gedagte gehou word dat die bevrydingsbewegings wat hierdie eenpartyregerings ingestel het met onafhanklikheidswording oorweldigende ondersteuning van die kieserspubliek gehad het (Thomson, 2017:112). Die oorgangsregerings het hoë vlakke van legitimiteit en kiesersvertroue geniet en gevolglik het die bevrydingsbewegings reuse oorwinnings in hul eerste onafhanklikheidsverkiesings behaal. Opposisiebewegings is ook getipeer as verraaiers, aangesien die bevryders die hele nasie verteenwoordig het in die bevrydingstryd en hulself die alleenreg toegeëien het om te regeer (Clapham, 2012:6). In sub-Sahara Afrika-state, soos die geskiedenis bewys, kon opposisiepartye dus nie doeltreffend daarin slaag om ná bevryding regerende partye en veral die presidente te verhoed om hul termyne te verleng en grondwetlike veranderinge te maak nie (African Democratic Institute, 2015). Volgens die Freedom House Index se 2015-studie (Adebayo 2017:10) het Afrika op hede 20 diktators wat reeds langer as 30 jaar aan bewind is en tot onlangs grondwetlike veranderinge aangebring het om hul termyne te verleng. Dié state sluit onder andere in: Ekwatoriaal-Guinee (37 jaar) en Kameroen (34 jaar). In Uganda, Swaziland en Soedan is dieselfde regeringsleiers ook reeds langer as 25 jaar aan bewind. Opposisiepartye in hierdie state is óf heeltemal uitgewis óf bestaan maar besit nie genoeg legitimiteit en ondersteuning om 'n verskil te maak nie. In Zimbabwe was Robert Mugabe 36 jaar lank aan bewind tot hy in 2017 in 'n staatsgreep verwyder en Zimbabwe onder militêre beheer geplaas is. Thomson (2017:113) wys uit die eenpartystelsel het in werklikheid die vertrouensverhouding tussen die staat en gemeenskap vernietig, asook vertroue in en legitimiteit van staats- en politieke institusies benadeel.

3.3.2.2.4 Die onvermoë van sommige Afrika-regerings om sterk, toerekenbare institusies te vestig

Bratton en Gyimah (2016:3) maak die stelling dat vertroue gevolge vir ontwikkeling inhou. Vertroue in institusies het 'n uitwerking op uitkomst soos ekonomiese groei, persoonlike sekuriteit en welsyn, en toegang tot basiese dienste. Hierdie resultate voer weer terug op vertroue, aangesien die persepsie dat institusies doeltreffend en toerekenbaar is, kiesersvertroue versterk. Negatiewe ontwikkelingsuitkomst kan weer die persepsie skep dat politieke institusies onbetroubaar is en vertroue erodeer (Adebayo, 2017:10).

Onder koloniale beheer is die fondament gelê³⁵ vir korrupsie en misbruik van mag in die oorgangstate (Cheeseman, 2015:15). Die patrimoniale vorm van regering, soos toegepas deur Afrika-leiers, het geen onderskeid getref tussen openbare en privaat strukture nie. Hierdie sisteme is geïntegreer in die postkoloniale strukture en het leiers in staat gestel om belangrike institusies wat wigte en teenwigte verskaf, soos die regs- en wetgewende liggame, te ondermyn. Gevolglik het postkoloniale burokrasieë nie ontwikkel in meritokrasieë nie, wat toegewyd is aan die nasionale belang en menslike ontwikkeling, maar eerder as fasiliteerders opgetree in die bevoordeling van sekere afdelings van die bevolking (Cheeseman, 2015:15). Dié tipe begunstiging was dikwels etnies of gemeenskapsgebaseerd en het dus gelei tot die ontstaan van state wat gekenmerk was deur swak institusies en 'n "winner take all" politieke dinamika (Cheeseman, 2015:16) wat etniese verskille beklemtoon het, eerder as om dit te medieer. Zambië kan weereens as voorbeeld dien: nadat Chiluba die verkiesing in 1991 teen Kaunda gewen het, het hy aanvanklik demokratiese beginsels en prosesse ondersteun en ook, in terme van ekonomiese beleid, 'n vryemarkstelsel begin implementeer. Dit was egter gou duidelik dat, as gevolg van druk van elite-groepe, korrupsie en swak institusionele beheer, die regering onder Chiluba in dieselfde gewoontes as sy voorganger verval. Chiluba het grondwetlike veranderinge aangebring om toerekenbaarheid te elimineer en die beginsels van "goeie regering" vir eiebelang en mag te ondermyn. Die regsinstitusies in Zambië was egter te swak om hom te vervolg. Die Zambiese demokratiese oorgang het dus misluk omdat dit nie ondersteun was deur sterk institusies nie (Kimenyi & Moyo, 2011). In die geval van Botswana en Senegal weer, waar meer deelnemende politieke prosesse en minder neopatrimoniale tradisies bestaan het, het 'n suksesvoller oorgang na demokrasie in die 1990's plaasgevind. Staatsbronne is nie misbruik nie, die veelpartystelsel sowel as eiendomsregte is beskerm, en openbare en privaat domeine is apart van mekaar gehou. Botswana het daarin geslaag om sterk institusies te vestig en word tans wêreldwyd onder die 50 state gereken waar die minste korrupsie voorkom³⁶ (Cheeseman, 2015:16).

3.3.2.3 Mislukkings op substantiewe gebied in die konsolidering van demokrasie in sub-Sahara Afrika

Die mislukking van sub-Sahara Afrika-regerings op substantiewe gebied van demokratiese konsolidering word in drie areas uitgelig:

³⁵ Thomson (2017:11) praat van die "koloniale erfenis" wat insluit die instelling van arbitrêre grense, swak skakeling tussen die staat en gemeenskap, bevordering van 'n staatselite, en afwesigheid van sterk politieke institusies.

³⁶ Volgens die Wêreldbank (in Cheeseman, 2015:61) word Botswana se Gini-koëffisiënt egter op 0,61 beraam, (0,60 in 2009), wat Botswana saam met Namibië en SA onder die vier mees ongelyke gemeenskappe in die wêreld plaas, en ook as 'n dominante partystaat klassifiseer (Cheeseman, 2015:188). Terwyl beide Botswana en SA as "vry" beskou word, word albei hierdie demokrasieë nie as suksesvolle gekonsolideerde demokrasieë beskou nie, as gevolg van, onder andere, partydominansie wat 'n groot deel van die bespreking rondom die erosie van kiesersvertroue in Hoofstuk 5 vorm.

- Mislukking in die uitbouing van 'n deelnemende politieke kultuur en versterking van nasionale identiteit en gemeenskapsbronne (sosiale kapitaal)
- Onvermoë om sosio-ekonomiese behoeftes te bevredig, armoede te verlig en die algemene welsyn van burgers te verbeter
- Die verskynsel van korrupsie op alle vlakke van regering, met geen toerekenbaarheid nie.

In die substantiewe dimensie word die behoeftes van kiesers, soos subjektiewe welsyn en dienslewering, gemeet soos hieronder verduidelik.

3.3.2.3.1 Mislukking in die uitbouing van 'n deelnemende politieke kultuur, nasionale identiteit en gemeenskapsbronne (sosiale kapitaal)

Die bevrydingsbewegings in sub-Sahara Afrika het state geërf waarvan die grense nie vasgestel was met inagneming van die ligging en geskiedenis van die verskillende etniese groepe nie, maar eerder volgens 'n geostrategiese logika (Cheeseman, 2015:22). Etniese spanning het dus die formasie van 'n verenigde nasionalisme bemoeilik. Postkoloniale regimes het onenigheid as voorloper van burgerlike onrus gesien, en om dit te bekamp die regte en vryhede van burgers ingeperk om nasionale eenheid ten alle koste te probeer verseker (Cheeseman, 2015:26). Etniese verhoudinge is as 'n struikelblok beskou en stamverband as 'n "sonde" teen die postkoloniale staat (Thomson, 2017:37). Die regerings het politieke en burgerlike aktiwiteite ingekort, politieke partye verban, werkersunies, jeug- en vrouebewegings beperk en selfs oorgeneem. Pluralisme moes opgeoffer word vir eenheid en nasionalisme, tot op die punt waar selfs verskillende tale geïgnoreer en slegs een nasionale taal aangewys is.

Thomson plaas state in sub-Sahara Afrika in die kategorie van "minimale politieke kultuur", aangesien dié state geen sterk institusies soos stabiele verkiesingstrukture kon onderhou nie en die wetlik-rasionele institusies verruil is vir institusies wat persoonlike heerskappy bevorder het (Thomson, 2017:137). Die politieke kultuur in sub-Sahara Afrika, as 'n onderworpe kultuur met parogiale politieke oriëntasies, word dus gekenmerk deur 'n afwesigheid van populêre deelname en 'n gevoel van onmagtigheid onder die burgers om op te tree teenoor die sentrale regering, wat nie hulle belange op die hart dra nie (Nelson, 2012b:548).

Volgens Thomson (2017:259) het die politieke omgewing in sub-Sahara Afrika egter sedert die 1990's verbeter en hy beskryf die huidige regerings meestal as "hybrid electoral autocracies". Die oorskakeling van state in die laaste twee dekades na veelpartystelsels (hoewel gebrekkig) het ook die stelselmatige versterking van burgerlike gemeenskappe en assosiasies soos menseregtegroepe, kerke, werkersunies en professionele assosiasies teweeggebring (Thomson, 2017:258). Die gevaar van plaaslike etnies-gebaseerde kompetisie en spanning is egter nog 'n werklikheid, soos tot onlangs in state soos Kongo-Brazzaville, Kenia, Malawi, Zambië en Suid-

Soedan bewys³⁷ (Thomson, 2017:254). Sub-Sahara Afrika-regerings het grootliks misluk in hul pogings om 'n vertrouensverhouding tussen staat en burgerlike gemeenskappe te bou. Inteendeel, navorsing in dié verband het getoon die vertrouensverhouding tussen staatsinstitusies, die gemeenskap en individue is steeds swak, soos in afd. 3.4 bespreek word.

3.3.2.3.2 Onvermoë om sosio-ekonomiese behoeftes te bevredig, armoede te verlig en die algemene welsyn van burgers te verbeter

Die sukses of mislukking van die demokratiseringsproses is, volgens Welzel (in Nelson, 2012b:535), 'n funksie van die gemeenskap se makrostrukturele eienskappe, soos die vlak van sosio-ekonomiese ontwikkeling en interne sosiale en etniese verdelings. Die noue verband tussen sosio-ekonomiese ontwikkeling en demokratisering is reeds in Hoofstuk 2 (afd. 2.2.8.1) beklemtoon. Afrika, soos Nelson beskryf, is in vele opsigte onderontwikkeld en deurtrek van armoede en hy ondersteun hierdie argument as volg:

- Die ongelyke verspreiding van inkomste is die hoogste in Afrika (veral in sub-Sahara Afrika) in vergelyking met ander wêreldstreke. Oor die afgelope drie dekades was daar geen toename in inkomste vir die inwoners van Afrika nie. Die World Hunger Education Service (soos aangehaal deur Nelson, 2012b:569) verklaar 50,9% van sub-Sahara Afrika se inwoners val tans onder die 1,25 VSA dollar-per-dag armoede-klassifikasie. Afrika is die enigste vasteland wat in die laaste 25 jaar verarm het, terwyl dit nie in onderontwikkelde lande in die res van die wêreld gebeur het nie.
- Die vinnige bevolkingsgroei in Afrika vererger die armoede-probleem. Afrika se bevolking het van 221 miljoen in 1950 gegroei tot 1 biljoen in 2009. As die wêreld se armste kontinent het Afrika die hoogste bevolkingsgroei.
- Swak bestuur van die omgewing soos oorbewerking van grond en ontbossing dra by tot 'n tekort aan produktiwiteit, wat ontwikkeling in die landbousektor kortwiek.
- Voortdurende politieke konflik is een van die groot oorsake van honger en armoede en ook verantwoordelik vir die vlugtelingprobleem in Afrika. Teen 2011 was 13,5 miljoen mense, amper 20% van die wêreld se vlugteling, in Afrika intern ontheem (Thomson, 2017:219).

Sachs (in Nelson, 2012b:569) voer aan dat strukturele faktore soos hoë vervoerkostes en klein markgroottes, 'n hoë siektelas, ongunstige geopolitiek en die trae diffusie van buite-kontinentale tegnologie na Afrika, as oorsake van Afrika se verarming beskou word. Paul Collier (in Nelson, 2012b:569) voeg hierby dat die etnies diverse gemeenskappe in Afrika nie daartoe in staat is om hulpbronne doeltreffend te ontgin nie. Diamond (in Nelson, 2012b:570) skryf die ekonomiese stagnasie grootliks toe aan die misbruik van staatsfondse om die ondersteuningsbasis van

³⁷ Konflik manifesteer as gevolg van die kunsmatige grense soos deur koloniale regerings ingestel, wat verskillende etniese groepe geografies gedwing het om in 'n enkele staat saam te woon. In die eenpartystaat was mobilisasie van individue en groepe onmoontlik en die kompetisie tussen etniese groepe om politieke beheer was grootliks verantwoordelik vir etniese geweld, wat nog sporadies voortduur in state soos hierbo genoem (Thomson, 2017:254).

regimes in stand te hou, en noem dit die “patologie van persoonlike heerskappy”. Verdere faktore wat die sosio-ekonomiese ontwikkeling boikot, is die feit dat demokratiserende state in Afrika nie oor die institusionele mag beskik om die uitdrukking van opponerende beskouings toe te laat, of die verdraagsaamheid het om gewelddadige teenreaksies te temper nie (Nelson, 2012b:573).

Eksterne faktore soos Afrika se posisie in die wêreld ekonomie en die inkorting van finansiële ondersteuning van donateurstate kan as bydraende oorsake van mislukking van ekonomiese ontwikkeling in Afrika-state beskou word (Thomson, 2017:213). Intern is die onvermoë van oorgangsregerings oor die laaste paar dekades, om die basiese prosesse van “goeie regering” toe te pas, egter die oorhoofse rede vir die ekonomiese krisis in sub-Sahara Afrika. Die investering van geakkumuleerde kapitaal in ondoeltreffende sekondêre vervaardigingssektore is ten koste van die landbousektor gedoen (Thomson, 2017:215). Kapitaal is aangewend om staatsinstitusies uit te brei en hierdie burokrasieë het so groot geword dat dit nie meer deur hul eie ekonomieë onderhou kon word nie (Thomson, 2017:216). Korrupsie in die staatsektor en onderhoud van begunstiger-kliënt-netwerke het verseker dat politieke belange eerste bedien word, ten koste van sosiale en ekonomiese belange. Die krimpende staatskapasiteit het ’n ernstige uitwerking op openbare dienste soos gesondheid, vervoer, en onderhoud van infrastruktuur soos paaie en elektrisiteitsverskaffing begin toon. Afrika-state het as kwesbare en selfs mislukte state begin bekend staan, aangesien hulle nie langer basiese funksies soos die beskerming van territoriale grense, orde en sekuriteit kon handhaaf nie. Burgers het begin om in die vorm van opstande en guerrillaveldtogte teen die verswakte state te rebelleer. Groot groepe burgers het eenvoudig die land as vlugteling of deur emigrasie verlaat, terwyl ander meer op plaaslike strukture begin staatmaak het vir hul welsyn (Thomson, 2017:219), wat gelei het tot die totstandkoming van ’n uitgebreide informele ekonomiese sektor.

Volgens die International Labour Organisation (Muchira, 2017) dra die informele ekonomie in Afrika 50-80% by tot die bruto binnelandse produk, 60-80% van werkverskaffing en 90% van nuwe werksgeleenthede. Die ontwikkeling van die informele sektor, bekend as die tweede ekonomie of parallel markte, het begin floreer in Afrika en teen 1980 het meeste Afrika-state se burgers staatgemaak op dié “tweede ekonomie” vir hul daaglikse bestaan (Thomson, 2017:221). Tot 90% van Tanzanië se graanproduksie is verhandel deur parallel markte. Staatskapasiteit het geweldig begin afneem en die state kon nie langer outoriteit handhaaf nie. In state soos Mosambiek en Angola het guerrillagroepes in opstand teen die regering gekom. Ethiopië het beheer oor territoriale gebiede soos Eritrea en Tigray verloor. In Uganda en Tjad het die state geheel en al tot niet gegaan. In die 1990’s het staatsmag gedisintegreer in Liberië, Sierra-Leone, Somalië, Rwanda en die DRK. (Thomson, 2017:222). Uitkoms vir vele state het dus gekom in die vorm van veelpartyverkiesings en hervorming in die 1990’s, wat ’n meer voordelige balans

geskep het tussen regering en die burgerlike gemeenskap, en as 'n oorlewingstrategie deur politieke leiers beskou is

(Thomson, 2015:245). Volgens Thomson bly baie sub-Sahara Afrika-state egter in 'n kwesbare toestand en behou Afrika-leiers grotendeels hul houvas op staatsmag in die huidige dekade as gevolg van swak opposisiepartye, korrupsie en die manipuleringsprosesse en presidensiële termyne (Thomson, 2017:252).

3.3.2.3.3 Die verskynsel van korrupsie op alle vlakke van regering met geen toerekenbaarheid nie

In Hoofstuk 2 (afd. 2.4.2.1.3) word korrupsie uitgelig as 'n wesentlike bedreiging vir alle regeringstelsels. Terwyl korrupsie in alle regerings voorkom, is dit veral in die regerings van ontwikkelende state waar korrupsie groot afmetings aangeneem het. In state soos Nigerië, Ghana, Sierra-Leone en die DRK word korrupsie beskou as 'n lewenswyse. Omdat daar geen doeltreffende strukture met doeltreffende outonomie bestaan om korrupsie te beheer nie, het die regerende elite van baie sub-Sahara Afrika-state korrupsie tot die punt gevoer waar reuse bedrae uit die staatskoffers "herlei" is vir persoonlike voordeel (*Democracy and Governance in Africa*, 1992:39). Fondse voorsien deur donateurstate is feitlik direk as 'n bron van rykdom vir die regerende elite aangewend, pleks van die verbetering van agtergeblewe gemeenskappe se omstandighede. Die voorkoms van korrupsie het natuurlik 'n destabiliserende uitwerking op die proses van suksesvolle regering vanweë die afwesigheid van toerekenbaarheid en deursigtigheid binne regeringsektors (verwys na Hoofstuk 2, afd. 2.4.2.1).

Die Afrika-unie beraam korrupsie kos die ekonomieë in Afrika meer as 148 biljoen dollars per jaar (Adebayo, 2017:15). Hierdie syfer verteenwoordig 25% van Afrika se bruto binnelandse produk en verhoog die koste van goedere met tot 20%, wat 'n negatiewe impak op investering het en dus ontwikkeling kortwiek. Bugnacli (in Adebayo, 2017:15) beklemtoon dat:

"Without reforms that dismantle the financial, political and administrative structures that perpetuate corruption, Africa will be unable to break the cycle of cronyism and bad governance that has constrained its tremendous potential for economic, political and social development".

Daar word dikwels ook na korrupsie as neopatrimonialisme verwys. Volgens Cheeseman (2015:13) verwys neopatrimonialisme egter eerder na die konflik tussen voorafbestaande patrimoniale vorme van politieke oriëntasie en die moderne staat. In die tradisionele regeringsvorme het die leier sy outoriteit verhaal, nie net deur sy posisie aan die hoof van die familie of etniese gemeenskap nie, maar ook deur sy persoonlike mag oor die staatsbronne uit te oefen. In die moderne staat met die samesmelting van die ou en nuwe vertoon sub-Sahara Afrika-state ekstern die moderne strukture van die staat, veral in wetgewende en regterlike institusies, sowel as 'n uitgebreide burokrasie – maar die interne dinamika is die van persoonlike heerskappy: 'n sterk president met swak institusies (Cheeseman, 2015:14).

In die volgende afdeling word sub-Sahara Afrika-regerings op prosedurele en substantiewe vlakke ontleed in terme van kiesers se persepsie van regeringsprestasie en -responsiwiteit, en die uitwerking van hierdie persepsies op morele, institusionele en interpersoonlike aspekte van kiesersvertroue. Resultate en bevindinge van studies gedoen deur Afrobarometer³⁸ word aangewend om stellings in die verband te staaf.

3.4 DIE STELSELMATIGE EROSIE IN KIESERSVERTROUE NÁ BEVRYDING, BINNE DIE SUB-SAHARA AFRIKA-KONTEKS

Hierdie afdeling plaas die erosie van kiesersvertroue in sub-Sahara Afrika onder die soeklig en, hoewel daar nie data beskikbaar is wat spesifiek die afname in kiesersvertroue oor 'n tydperk in dié state meet nie, word die volgende veronderstellings aanvaar:

- Kiesersvertroue was met onafhanklikheidswording en die instelling van veelpartyverkiesings (vanaf die 1990's) in die meeste sub-Sahara Afrika-state hoog, en oorgangsregerings en hul leiers het hoë legitimiteit geniet.
- Ontleding van die beskikbare data oor kiesers se huidige persepsies en opinies van regeringsinstitusies en leiers stel voor dat vlakke van kiesersvertroue in die meeste sub-Sahara Afrika-state tans as laag beskou kan word.

Die literatuurstudie ondersteun dus die stelling dat kiesersvertroue sedert onafhanklikheidswording en die instelling van veelpartybedelings in sub-Sahara Afrika stelselmatig erodeer het weens die onvermoë van transformasionele regerings om die prosedurele en substantiewe beginsels van demokrasie doeltreffend in die staat toe te pas. In die makro-omgewing word die etiese aspekte van leierskap en die motiewe en gedrag van leiers direk aan politieke vertroue verbind. Op mesovlak word institusionele vertroue verbind aan die uitvoering van beleid en proses, ontwikkelingsuitkomst op sosio-ekonomiese vlak, en die persepsies van kiesers oor die wanadministrasie in staatsinstitusies en rondom verkiesings. Op toepassingsvlak word die erosie van kiesersvertroue teen algemene welsyn van individue en die doeltreffendheid van gemeenskapsbronne gemeet. Die voorkoms van korrupsie manifesteer op elke vlak van die demokrasie as een van die hooforsake van die mislukking van demokratisering in Afrika-state en die erosie van morele, institusionele en interpersoonlike vertroue.

³⁸ Afrobarometer is 'n onafhanklike navorsingsnetwerk wat die publiek se houding en persepsies oor demokrasie, regering, ekonomiese en verwante sake in meer as 30 Afrika-lande ondersoek. Tussen 1999 en 2015 is ses rondtes studies uitgevoer. Rondte 6-onderhoude is met 54 000 burgers in 36 Afrika-state gevoer, wat die siening van meer as driekwart van die kontinent se bevolking weerspieël (Afrobarometer, 2017a:1).


3.4.1 Die uitwerking van onetiese leierskap en korrupsie op kiesersvertroue in die makro-omgewing van die demokrasie

Afwesigheid van etiese leierskap in transformasionele regerings manifesteer grootliks in die vorm van korrupsie en selfverryking onder regeringsleiers en elite, en is instrumenteel in die erosie van veral politieke (morele) en institusionele vertroue. Dit word ook weerspieël in die sentralisering van staatsbeheer, disrespek vir die grondwet en verlenging van presidensiële termyne. Maathai (2009:114) beskryf dié verskynsel as die patologie van mag:

“The pathology of power only intensifies the longer a leader remains in office, and thwarts ethical leadership”.

Bratton en Gyimah-Boadi (2016:2) beklemtoon in hul evaluasie van die Afrobarometer-data (Rondte 6) dat die persepsie wat burgers het in terme van politieke institusies en leiers se eerlikheid en integriteit 'n hoofaanwyser is van institusionele vertroue. Waar korrupsie, of die persepsie van korrupsie dus voorkom, word die vlakke van vertroue as laag gerapporteer en die afleiding dus gemaak dat vertroue in regeringsinstansies erodeer waar regeringsinstansies en amptenare as korrup en oneties beskou word. Bratton en Gyimah-Boadi (2016:2) bevind daar is 'n direkte verband tussen korrupsie, institusionele vertroue en die ontwikkelingsuitkomst wat gebaseer is op kiesers se persepsie van goeie regering. Figuur 3.2 stel hierdie korrelasie voor.

Figuur 3.2: Verhouding tussen korrupsie, vertroue en ontwikkelingsuitkomste




Bron: Soos vertaal en aangepas uit Afrobarometer (2016:3)

Die Afrobarometer-resultate (Rondte 6) weerspieël hoë vlakke van wantroue in staatsinstitusies en Figuur 3.3 toon dat 31% tot 45% van respondente “alle” of “meeste” mense wat poste in staatsinstansies beklee en ampsdraers as korrup beskou.

Figuur 3.3: Institusies wat as korrup beskou word

Respondente is gevra: Hoeveel van die volgende mense dink jy is betrokke by korrupsie, of het jy nie genoeg gehoor om te kan sê nie? (% Respondente wat gesê het meeste of almal is korrup).



Bron: Soos vertaal en aangepas uit Afrobarometer (2017a:4)

Onetiese leierskap wat in die motiewe en gedrag van politieke leiers manifesteer, het dus 'n wedersydse invloed op vertroue, persepsie van die kwaliteit van die demokrasie en die suksesvolle uitvoering van ontwikkelingsdoelwitte.

3.4.2 Mislukking in die uitvoering van regeringsbeleid in die meso-omgewing en die impak daarvan op kiesersvertroue

Vier aspekte van ondoeltreffende regering word hieronder uitgelig en die uitwerking daarvan op kiesersvertroue bespreek, naamlik:

- Mislukking van bevrydingsbewegings om as doeltreffende regerings op te tree in die verwesenliking van regeringsprogramme en ontwikkelingsdoelwitte.
- Voorkoms van wanadministrasie, bedrog en intimidasie in verkiesings in Afrika as bydraende faktore in die erosie van kiesersvertroue.
- Mislukking van die staat om 'n veelparty-demokrasie te vestig en die onderdrukking van opposisiepartye deur die regerende party.
- Mislukking van die staat om sterk institusies te bou en die uitwerking daarvan op institusionele vertroue.

Klem word veral gelê op regeringsprestasie, aangesien hierdie faktor een van die hoofmaatstawwe is in die meet van suksesvolle regering, soos in Hoofstuk 2 (afd. 2.3.6) uitgewys.


3.4.2.1 Mislukking van bevrydingsbewegings as doeltreffende regerings in die verwesenliking van regeringsprogramme en ontwikkelingsdoelwitte

Aspekte van die omvang van kiesersvertroue in sub-Sahara Afrika word in Haagensen se studie (gebaseer op Afrobarometer, Rondte 4 & 5) beskryf. Haagenson (2016:61) het bevind daar kom wel 'n verbintenis tussen regeringsprestasie en institusionele vertroue in sub-Sahara Afrika-state voor. Hoewel sy nie in haar studie uitsluitlik bevind dat swak regeringsoptrede institusionele vertroue erodeer nie, is haar afleiding dat vlakke van vertroue in sub-Sahara Afrika-state wel laag is waar demokratiese regering swak is of terugslae in terme van demokratiese konsolidering voorkom (Haagensen, 2016:61). Waar die persepsie onder burgers negatief is in terme van politieke prestasie en korrupsie, is die vlakke van institusionele vertroue in daardie gemeenskappe ook laag. Burgers se persepsie van ekonomiese prestasie beïnvloed ook hul vlakke van institusionele vertroue en is volgens Haagensen 'n subjektiewe opinie, gemeet teen die regering se resultate en lewering van openbare dienste. Haagenson (2016:63) wys ook uit vertroue fluktueer in nuwe demokrasieë en verbind dit aan politieke en ekonomiese onstabiliteit van die transformasionele regerings wat weer 'n direkte impak op demokratiese konsolidering het. Sy bevind ook die nakoming van politieke beloftes het 'n groter invloed op die verhoging van institusionele vertroue as die nakoming van ekonomiese beloftes (Haagensen, 2016:54).

In Hoofstuk 2 (afd. 2.3.6.1) word verwys na die doeltreffende uitvoering van beleid en proses as instrumenteel in die suksesvolle bestuur van die demokrasie. Figuur 3.4 illustreer die 10 grootste sosio-ekonomiese probleme wat volgens kiesers deur die regering opgelos moet word. In hul ontleding van die Afrobarometer-data (Rondte 6) bevind Bratton en Gyimah-Boadi (2016:13) werkloosheid is as die grootste probleem deur 37% van respondente uitgewys, gevolg deur gesondheidsdienste (29%), opvoeding (25%) en watervoorsiening (20%). In terme van die ontwikkelingsuitkomst voel slegs 26% van respondente die regering spreek die werkloosheidsprobleem doeltreffend aan. Slegs 28% van respondente voel dat armoede doeltreffend hanteer word en 45% van respondente voel dat infrastrukturele ontwikkelingsprobleme bevredigend hanteer word. Bestuur van die ekonomie word op net 38% ook as swak waargeneem. In die sosiale sektor vaar regerings beter met net oor 50% van respondente wat voel dat die aanspreek van gesondheidsdienste en onderwysbehoeftes bevredigend hanteer word (Bratton & Gyimah-Boadi, 2016:13).

Figuur 3.4: Belangrikste probleme en persepsie van die regering se hantering daarvan

Respondente is gevra: Wat is die belangrikste probleme wat die regering moet aanspreek? (% van gevalle, gebaseer op tot drie response per respondent). Hoe goed of sleg sou jy sê hanteer die huidige regering hierdie probleme? (% Respondente wat sê “redelik goed” of “baie goed”).



Bron: Soos vertaal en aangepas uit Bratton en Gyimah-Boadi (2016:12); Afrobarometer, 2014/2015 (Rondte 6)

Bratton en Gyimah-Boadi (2016:12) bevraagteken of institusionele vertroue 'n rol speel in hierdie ontwikkelingsuitkomst. In die toepassing van die “indeks van vertroue in die staat” wys die Afrobarometer-resultate (Rondte 6) in Tabel 3.1 dat daar 'n sterk korrelasie is tussen Afrika se top 10-ontwikkelingsprobleme en die vertrouensindeks wat die gewilde persepsie van die regering se hantering van hierdie probleme meet. Bevindinge toon daar bestaan 'n sterk persepsie onder burgers dat die staat verantwoordelik is vir die bestuur en leiding van ekonomiese ontwikkeling.

Tabel 3.1: Institusionele vertroue en ontwikkelingsuitkomst – burgers se persepsie op individuele vlak

Belangrikste probleme	Regeringsprestasië (‘redelik goed’ of ‘baie goed’)	Regeringsprestasië (deur vertroue in die staat ^{**})
Bestuur van die land	38%	.329***
Misdaad	45%	.296***
Korrupsie	30%	.292***
Armoede	28%	.260***
Werkloosheid	26%	.241***
Opvoeding	51%	.233***
Gesondheidsorg	51%	.232***
Voedselsekuriteit	32%	.223***
Watervoorsiening	41%	.196***
Infrastruktuur	45%	.186***

**Pearson korrelasie-koëffisiënt

***merkwaardig op .001

(N=39,375)

Bron: Soos vertaal en aangepas uit Bratton en Gyimah-Boadi (2016:12)


Hierdie bevindinge wys ook uit dat waar burgers vertroue in die regering het, hulle ook voel die regering presteer in die verwerkliking van hul ontwikkelingsdoelwitte (Bratton & Gyimah-Boadi, 2016:12).

3.4.2.2 Die voorkoms van wanadministrasie, bedrog en intimidasie in verkiesings as bydraende faktore in die erosie van kiesersvertroue

Die verloop van demokratiese prosesse in sub-Sahara Afrika toon verkiesingsbedrog, politieke geweld en intimidasie was aan die orde van die dag, en kom steeds in verkiesings oor die breë spektrum van Afrika-state voor. Vertroue in die verkiesingsprosesse in Afrika is dus laag en die negatiewe impak daarvan op kiesersdeelname en politieke doeltreffendheid word in Figuur 3.5 aangedui.

Figuur 3.5: Doeltreffendheid van verkiesings

Respondente is gevra: Dink oor hoe verkiesings in die praktyk in jou land werk. Hoe goed: 1) verseker verkiesings dat parlamentslede en verteenwoordigers die opinies van kiesers weerspieël? 2) stel verkiesings kiesers in staat om ampsdraers wat onderpresteer uit hul posisies te verwyder?




Bron: Soos vertaal en aangepas uit Afrobarometer (2016:24)

Volgens Bratton (2013:10) beskou kiesers in Afrika verkiesings steeds as die beste metode om 'n regering aan te wys, en die kwaliteit van die demokrasie word daarvolgens beoordeel. (Sien Figuur 3.6.) 'n Interessante uitkoms van die studie toon kiesers het wel 'n hoë mate van vertroue in die verkiesingsproses as 'n vry en gelyke demokratiese proses (65%). Dit is die institusie wat die verkiesingsproses bestuur wat nie vertrou word nie (Bratton, 2013:10).

Figuur 3.6: Kiesers se persepsie van vryheid en gelykheid in verkiesings

Respondente is gevra: Hoe sal jy die laaste verkiesing wat in jou land gehou is in sy geheel in terme van vryheid en regverdigheid evalueer?



Bron: Soos vertaal en aangepas uit Penar, et al. (2016:8); Afrobarometer (2014/2015) (Rondte 6)

Geweld was steeds 'n faktor in die 2016 verkiesings in verskeie Afrika-state en lae vlakke van vertroue word in hierdie state gemeet, byvoorbeeld: Gaboen (25%), São Tomé en Prinsipe (31%) en Ghana (37%). 44% van respondente sê dat kiesers “soms”, of “altyd” gedreig word met geweld (Penar, 2016:8).

3.4.2.3 Mislukking van die staat om 'n veelparty-demokrasie te vestig en die onderdrukking van opposisiepartye deur die regering

Een van die argumente van outoritêre regimes is dat ekonomiese ontwikkeling in nie-demokratiese state teen 'n hoër tempo plaasvind as ontwikkelende demokrasieë, en die miskenning van menseregte is die prys wat betaal moet word vir sosio-ekonomiese ontwikkeling. Dit vorm deel van wat genoem word die “full belly thesis” – wat voorhou dat “mens nie demokrasie kan eet nie” (Edigheji, 2010:70). Hierdie argument word dus gebruik om outoritêre regerings in Afrika te regverdig. Tog, volgens Cheeseman (2015:199), was drie van die vinnigste groeiende ekonomieë in Afrika in 2012, naamlik Ghana (8,2% groei), Liberië (9% groei) en Sierra-Leone (22,3% groei) funksionele demokrasieë.

In die Afrobarometer-studies (Rondte 6) word bevind leiers in sub-Sahara Afrika-state respekteer nie die gees van veelparty-kompetisie nie. 43% van respondente voer aan die opposisiekandidate word “soms”, “dikwels” of “altyd” verhoed om as kandidate te wedywer. Die meerderheid in 12 lande is van mening dat opposisiekandidate met tye verhoed word om deel te neem aan die verkiesing. Hierdie siening is hoog in state soos die Ivoorkus (64%), Zimbabwe (61%), Burundi (61%), Egipte (61%), Nigerië (60%) en Gaboen (56%). Persepsies rakende die uitsluit van opposisiepartye en kandidate is die laagste in state soos Botswana (22%), Niger (22%) en Guinee (23%) (Penar, *et al.* 2016:18).


Schmidt (2015:8) rapporteer dat terwyl die meeste state in sub-Sahara Afrika veelpartyverkiesings ingestel het (net Eritrea en Somalië uitgesluit), daar tekortkominge is op die gebied van kiesersregistrasie, met intimidasie aan die orde van die dag. Manipulasie en verkiesingsbedrog kom veral voor in state soos Ethiopië, Niger en Nigerië. Regeringspartye het ook beter toegang tot staatsbronne en kan hul verkiesingsveldtogte beter finansier. Schmidt wys ook uit intermediêre sisteme tussen regimes en burgerlike gemeenskappe, veral met betrekking tot politieke partye en belangegroepe, toon matige tot ernstige swakhede. In state soos Angola, Ghana, Mauritius, Namibië, Niger, SA, Tanzanië, Uganda en Zimbabwe is politieke partye nie in staat om populêre belange doeltreffend te artikuleer en konsolideer nie³⁹ (Schmidt, 2014:13). In

³⁹ Hier verwys Schmidt na resultate van die 2014 Bertelsmann Transformation Index (BTI) wat bevind dat, hoewel state soos Botswana, Namibië en SA politieke stabiliteit en vooruitgang toon, hierdie state nog nie demokraties gekonsolideer het nie. Schmidt merk soos volg op: “*These three last-named countries face the challenge of further maturing their political systems, as overly dominant parties with a longtime hold on power tend to create ossified structures, complacency and a party clientelism*” (Schmidt, 2014:8). Opposisiepartye en politieke belangegroepe is dus oor die algemeen ondoeltreffend, wat lei tot onstabiele kiesergedrag en grootliks onsuksesvolle koalisiëvorming (Schmidt, 2014:15).

Angola en Zimbabwe, hoewel hulle outokrasieë is, bestaan daar burgerlik-gebaseerde politieke partye, maar hul sosiale en vertrouensbasis is nie sterk nie en dié partye besit dus nie die vermoë om doeltreffend te funksioneer nie. Matlosa (2005:6) voer aan vertroue in politieke partye in ontwikkelende demokrasieë toon wêreldwyd 'n afname en word onder 50% gemeet. Die hoër vlakke van vertroue in regerende partye (46%) teenoor opposisiepartye (23%) word toegeskryf aan kliëntelisme en fragmentering van opposisiepartye (Matlosa, 2005:6). Die jongste Afrobarometer-data (Rondte 6) toon 'n toename in vertroue tot 36% vir opposisiepartye, wat nog steeds heelwat laer is as vertroue in die regerende party (sien Figuur 3.7).

Figuur 3.7: Vertroue in opposisiepartye teenoor vertroue in regerende party

Respondente is gevra: *In jou opinie, wat is die belangrikste probleme wat deur die regering aangespreek moet word? Hoe goed of sleg dink jy hanteer die regering hierdie probleme, of het jy nie genoeg gehoor om te kan sê nie? (% wat sê "baie sleg" of "redelik sleg"). As jy aan die probleem dink, is daar in jou opinie enige ander politieke party wat die probleem beter sal kan oplos? (% wat sê "ja").*



Bron: Soos vertaal en aangepas uit Lekalake (2017)

Hierdie resultate sluit aan by die volgende punt (afd. 3.4.2.4) wat die lae vlakke van vertroue in institusies, insluitende politieke partye, illustreer.


3.4.2.4 Mislukking van die staat om sterk institusies te bou en die uitwerking daarvan op institusionele vertroue

Die rol van die transformasionele regering behels die heropbou van sterk institusies in die staat en privaat sektor. Bratton en Gyimah-Boadi (2016:4) rapporteer in hul ontleding van die Afrobarometer-data (Rondte 6) oor vertroue in institusies dat uit die 36 Afrika-state ingesluit in die studie, 25 state (69%) vlakke van vertroue toon wat tussen 31% en 60% lê. Slegs 13% van respondente het gevoel dat hul regering die ekonomie doeltreffend bestuur en net 19% dink die regering verskaf voldoende sekuriteit in terme van openbare dienste soos voedselvoorsiening en misdaadbekamping.

Vertroue in Afrika-state wissel onder burgers, maar studies bevind dat burgers veel meer vertroue in informele strukture soos godsdienstige institusies (72%), tradisionele leiers (61%) en instansies toon as in die formele uitvoerende staatsinstitusies (54%). Vertroue in wetgewende en verkiesingsinstitusies is ook laag (48% en 50% onderskeidelik) (Bratton & Gyimah-Boadi, 2016:4).

Figuur 3.8: Vertroue in institusies

Respondente is gevra: Hoeveel vertrou jy elkeen van die volgende of het jy nie genoeg gehoor om te kan sê nie? (% Respondente wat geantwoord het “gedeeltelik” of “baie”.)



Bron: Soos vertaal en aangepas uit Bratton en Gyimah-Boadi (2016:4)

3.4.3 Onvermoë van die oorgangsregering om interpersoonlike vertroue op toepassingsvlak van die demokrasie te bou

Op toepassingsvlak, soos in Hoofstuk 2 (afd. 2.4.2.3) beskryf, meet die individu sy subjektiewe welsyn en persoonlike bevrediging teen die resultate soos gelewer deur die regering. Verdere aspekte van vertroue op toepassingsvlak behels die persepsie wat kiesers het van politieke leiers se geloofwaardigheid en waarneming van die manier waarop die regering op die kiesers se behoeftes reageer. Vorming en versterking van gemeenskapsbronne (sosiale kapitaal) speel ook 'n belangrike rol in die verdieping van die demokrasie. Hoë vlakke van interpersoonlike vertroue (horisontaal en vertikaal) tussen individue en groepe in die plaaslike en breë gemeenskap bevorder deelname en politieke doeltreffendheid. Die faktore wat interpersoonlike vertroue in die burgerlike gemeenskap bevorder, word egter grootliks deur die sub-Sahara Afrika-regerings as 'n

bedreiging beskou. In die literatuur word die volgende redes vir lae vlakke van vertroue aangevoer:

- Onvermoë van die oorgangsregering om bevrydingsbeloftes na te kom en die sosio-ekonomiese omstandighede van burgers te verbeter
- Swak staat-gemeenskap-verhoudinge en die regering se pogings om die vorming van burgerlike assosiasies te onderdruk.

Bogenoemde aspekte word vervolgens in detail behandel en in verband gebring met die stand van sosio-ekonomiese ontwikkeling en sosiale kapitaalvorming in Sub-Sahara Afrika.

3.4.3.1 Onvermoë van die oorgangsregering om bevrydingsbeloftes na te kom en die sosio-ekonomiese omstandighede van burgers te verbeter

Bratton (2005:193) maak die stelling dat interpersoonlike vertroue (vertroue tussen individue en groepe) laag is in sub-Sahara Afrika. Slegs 18% van respondente voel dat hulle ander mense kan vertrou, terwyl 79% voel hulle moet versigtig wees in hul interpersoonlike aktiwiteite met ander mense. Diamond (in Haagenson, 2016:14) bevestig lae vlakke van interpersoonlike en institusionele vertroue in Afrika-state het hoofsaaklik te doen met die feit dat burgers, weens misnoeë en teleurstelling met die nuwe regering, ontnugterd raak. Haagensen voer aan burgers se waarneming is dat die regering nie simpatiek is teenoor hul behoeftes nie. Vertroue wat burgers in die nuwe regering het, erodeer maklik wanneer die lewenskwaliteit van individue en gemeenskappe nie binne 'n tydperk verbeter nie. (Verwys Hoofstuk 2, afd. 2.4.2.5.)

In die meeste sub-Sahara Afrika-state het onafhanklikheid en die bevrydingstryd min of geen verskil gemaak aan burgers se daaglikse lewensomstandighede nie. Die Verenigde Nasies se Voedsel en Landbou Assosiasie rapporteer dat 233 miljoen mense in 2014-2016 in sub-Sahara Afrika honger of ondervoed was, wat 19,6% van die wêreldsyfer verteenwoordig (World Hunger Education Service, 2016). Meer as een uit vier mense is ondervoed – die hoogste persentasie in die wêreld. Hoewel die persentasie effens gedaal het, van 33,2% in 1990/1992 teenoor 23,2% in 2014/2016, het die getal ondervoede mense vermeerder weens Afrika se bevolkingsgroei, wat die hoogste ter wêreld is. Die 2016 Wêreldbank-verslag oor armoede in Afrika, (Haagensen, 2016:8) dui aan daar het wel 'n positiewe ekonomiese groeikoers van 4,5% per jaar oor die afgelope twee dekades in Afrika plaasgevind. Gebaseer op inkomstevlakke, word sub-Sahara Afrika egter steeds beskou as die armste en mees ongelyke streek ter wêreld (Cheeseman, 2015:61). Sub-Sahara Afrika se vlugtelingstatus, 'n bepalende faktor in die aanwysing van 'n mislukte of kwesbare staat, speel ook 'n beduidende rol in die voorkoms van armoede. Volgens die Wêreldbank is konflik een van die grootste oorsake van armoede en hongersnood. In lande waar konflik voorkom, is die kanse meer as 50% dat burgers in armoede sal verval (World

Hunger Education Service, 2016). Teen 2011 het Afrika 'n beraamde 13,5 miljoen vlugteling en interne ontheemde mense (19,8% van die wêreldtotaal van 63,9 miljoen) gehad.

Volgens die resultate van die Fragile State Index (Eloff 2017:15) het die meerderheid van sub-Sahara Afrika-regerings dus daarin gefaail om hul belangrikste sosio-ekonomiese probleme op te los en val dus in die kategorie van kwesbare of mislukte state. Hierdie aanwysers sluit in: die grootskaalse verskuiwing van burgers met bykomende humanitêre nood, geweld, ongelyke ekonomiese ontwikkeling, die agteruitgang van openbare dienste, uitgebreide oortredings van menseregte en die opgang van elite-groepe as opponerende faksies.

3.4.3.2 Swak staat-gemeenskap-verhoudinge en die regering se pogings om die vorming van burgerlike assosiasies te onderdruk

Schmidt (2014:14) wys uit burgers in 'n paar state soos Benin, Botswana, Ghana, Mauritius, Namibië en Suid Afrika⁴⁰ is vry om sonder inmenging deur die regering burgerlike assosiasies en groepe te vorm. Die oorhoofse neiging is egter dat Afrika-regerings burgerlike organisasies soos politieke aktiewe nie-regeringsorganisasies beperk, veral in Oos- en Suider-Afrika. Volgens Schmidt (2014:9) word vryheid van assosiasie in die meeste state konstitusioneel gewaarborg, maar dit word nie deur regerings gerespekteer nie, veral in state soos Burkina Faso, Malawi, Mosambiek, Tanzanië, Uganda, Zambië en Zimbabwe⁴¹. Sekere state verbied openlik die vorming van burgerlike en politieke organisasies en vervolgt aktiviste, soos in Rwanda, Eritrea en Somalië. Waar burgerlike organisasies wel bestaan, is dit merendeels gesentreer in stedelike gebiede. Meeste van hierdie organisasies is afhanklik van eksterne befondsing en hul doel is die bevordering van menseregte, omgewingsbewaring en burgerlike gemeenskapsake (Schmidt, 2014:15). Verhoudinge tussen die regerings en burgerlike groepe is swak en regerings is nie ontvanklik vir samewerking met groepe in die gemeenskap nie. Hulle word misken deur regerings in lande soos Kameroen, Sentraal-Afrikaanse Republiek, DRK, Kenia, Nigerië en Tanzanië. In die Kongo, Eritrea, Ethiopië en Zimbabwe word burgerlike groepe vervolgt (Schmidt, 2014:9). Sekere organisasies met nie-tegniese en nie-politieke aktiwiteite word in state soos Liberië, Malawi, Mosambiek en Sierra-Leone toegelaat. State soos die Ivoorkus en Guinee toon toenemende bereidwilligheid vir burgerlike assosiasies om te funksioneer en beweeg dus in die rigting van groter burgerlike vryheid (Schmidt, 2014:15).

Sosiale kapitaal begin dus effens toeneem (volgens Schmidt, 2014:15). Interpersoonlike vertroue en die vorming van sosiale kapitaal is egter steeds laag, veral in state waar geweld voorkom.

⁴⁰ Hierdie state word deur Freedom House (2009) geklassifiseer as gedeeltelik vry, buiten Mauritius, wat as 'n vry staat geklassifiseer word. SA se lesing op 'n skaal van 1 tot 10 (BTI, 2014-indeks), in terme van vrye politieke deelname en assosiasie, is 8, teenoor Ghana wat 'n lesing van 10 het, Mauritius 'n 9, en Zimbabwe 'n 5 (Schmidt, 2014:7).

⁴¹ Die oornamen van 'n nuwe regering in Zimbabwe, 2017, onder ZANU-PF se president, Emmerson Mnangagwa, en die belofte van vrye verkiesings in Julie 2018, skep die verwagting dat die demokratiese beginsels van vryheid van spraak en assosiasie in dié staat herstel sal word.

Interpersoonlike vertroue tussen etniese groepe is egter sterker en op plaaslike vlak vind die vorming van selfhelpgroepe en organisasies plaas, wat solidariteit (grootliks gebaseer op familiebande) bevorder (Schmidt, 2014:15). Dié plaaslike netwerke sien om na die behoeftes in die gemeenskappe, waar die staat misluk in die voorsiening van basiese dienste. Burgers is afsydig teenoor die nasionale politieke proses en verkies om eerder met plaaslike instellings te identifiseer. Interne en eksterne politieke doeltreffendheid is dus laag. Thomson (2017:251) is van mening die onderworpe kultuur in sub-Sahara Afrika-state word gekenmerk deur 'n afwesigheid van populêre deelname en 'n gevoel van magteloosheid onder die burgers om op te tree teenoor die sentrale regering, wat nie hul belange op die hart dra nie. Thomson (2017:251) bevraagteken ook of veelparty-demokrasie in sub-Sahara Afrika sal kan konsolideer indien in ag geneem word dat slegs 'n paar state in Afrika 'n sterk en onafhanklike middelklas het. Volgens hom is dit die middelklas wat oor die tyd, finansiële vermoëns en opleiding beskik om groepe te vorm wat die staat kan beïnvloed en monitor. Die afwesigheid van 'n sterk middelklas skep die gevaar dat die staat te dominant kan wees en staatsmag misbruik.

3.5 SAMEVATTING

Hamdok (in Nelson, 2012b:563) praat van die “demokratiese tekort” wat hy toeskryf aan 'n reeks gebreke en swakhede wat die vermoë van politieke partye in sub-Sahara Afrika om as demokratiseringsagente op te tree, aan bande lê. Hamdok vat die konsep van die demokratiese tekort as volg saam:

- Gebrek aan politieke programme en koherente beleidsrigtings
- Kapasiteitstekort in politieke leierskap
- Oorsien van korrupsie en vermorsing, met geen toerekenbaarheid nie
- Swak wisselwerking tussen politieke partye en die burgerlike gemeenskap as mededeelnemers aan die regeerproses
- Gebruik van leiersposisies vir selfbevoordeling en sentralisering van mag.

Die redes vir die “demokratiese tekort” verwys terug na mislukkings in die uitvoering van regeeringsprogramme en beleid, swak leierskap en die regering se onvermoë om die bevrydingsbeloftes na te kom. Dit sluit aan by die navorsingsdoelwitte soos uiteengesit in Hoofstuk 1, afdeling 1.5. Die volgende afleidings kan dus gemaak word ten opsigte van onsuksesvolle demokratiese konsolidering in Afrika-state en die gevolglike erosie van kiesersvertroue op politieke, ekonomiese en sosiale vlakke van die gemeenskap:

- Transformasionele regerings in sub-Sahara Afrika is nie in staat om die ideale van bevryding te verwesenlik nie. Die oorgangsregering beskik nie oor die staatskapasiteit, bronne en ondersteuning van sterk institusies in die openbare en privaat sektor om werklike transformasie teweeg te bring nie. Kiesers verloor vertroue namate die nuwe regering oor 'n tydperk nie daarin slaag om aan die bevrydingsbeloftes te voldoen nie.

Kiesers identifiseer ook oor 'n tydperk nie meer met die ideologie van die bevrydingstryd nie, maar eerder met die sosio-ekonomiese werklikhede soos armoede, en 'n tekort aan werkskepping en basiese dienslewering.

- Die reuse gapings in gemeenskappe is eenvoudig te kompleks om deur transformasionele regerings, wat geen ervaring het buiten leierskap in die revolusionêre domein nie, opgelos te word. Faktore soos etniese diversiteit en sosio-ekonomiese verskille, verstedeliking en die nalatenskap van kolonialisme speel 'n rol in die beklemtoning van verskille tussen elite en burgers en die erosie van horisontale en vertikale vertrouensverhoudinge.
- Leiers in die nuwe demokratiese regerings het nie 'n "demokratiese ingesteldheid" nie. Hulle respekteer nie die grondwetlike beginsels van demokrasie nie en verval in patrone van elitisme, korrupsie, grondwetlike oortredings en wanadministrasie. Konsolidasie van die demokrasie kan nie plaasvind nie, aangesien state begin wegbeweeg van die normatiewe demokratiese beginsels van vryheid, gelyke deelname, toerekenbaarheid en legitimiteit. 'n Kultuur van vertroue word dus nie geskep of bevorder nie.
- Op prosedurele en substantiewe vlakke beskik die transformasionele regering eenvoudig nie oor die vermoëns en kennis om 'n doeltreffende burokrasie daar te stel nie. Institusies is nie sterk genoeg om die demokratiese oorgang doeltreffend te beheer en bestuur nie. Die kwaliteit van die demokrasie ly daaronder en kiesers verloor vertroue omdat die regering nie as responsief waargeneem en ontwikkelingsprogramme nie doeltreffend uitgevoer word nie.
- Die stelling van teoretici soos Heydenrych (2016:127) dat die oorplanting van Westerse konstitusionele beginsels en tradisies op Afrika-demokrasieë, ten koste van eie tradisies en norme, 'n bydraende faktor was tot die mislukking van demokratisering in die meeste state, moet verder ondersoek word.

Die geskiedenis en verloop van demokratisering in sub-Sahara Afrika verskaf die raamwerk vir die ontleding van die Suid-Afrikaanse demokrasie se suksesse en mislukkings, en ondersteun die redes aangevoer in die sentrale teoretiese stelling (Hoofstuk 1, afd.1.6) vir die erosie van kiesersvertroue. Die maatstawwe geïdentifiseer in Hoofstuk 3 kan soos volg saamgevat word: Die veranderde behoeftes van kiesers, weg van ideologiese beloftes (vryheid en gelykheid) na die meer materiële behoeftes soos dienslewering en werkverskaffing; mislukking in die uitvoering van prosedurele en substantiewe doelwitte; die onvermoë van die transformasionele regering om doeltreffende, betroubare staatsinstitusies daar te stel en die beginsels van goeie demokratiese regering toe te pas; die verskynsel van korrupsie en wanadministrasie wat 'n direkte impak op die erosie van kiesersvertroue het. In Hoofstuk 4 word hierdie maatstawwe op die Suid-Afrikaanse demokrasie toegepas.

HOOFSTUK 4

'n VERGELYKENDE OORSIG VAN TENDENSE IN KIESERSVERTROUWEN IN DIE SUID-AFRIKAANSE DEMOKRASIE (1994-2004 EN 2005-2017)

4.1 INLEIDING

Teen die agtergrond van transformasie in Afrika (soos uiteengesit in Hoofstuk 3) word die demokratiseringsproses in SA in hierdie hoofstuk in perspektief geplaas. Spesifieke eienskappe van en tendense in kiesersgedrag word geïsoleer, wat dui op die toename in kiesersvertroue in Periode 1 en die geleidelike erosie daarvan in Periode 2.

Onderzoek van die demokratiseringsprosesse in Sub-Sahara Afrika toon duidelik die pad na 'n suksesvolle demokratiese staat was besaai met hindernisse op ideologiese en sosio-ekonomiese gebied, soos burgerlike konflik, armoede, onderontwikkeling en etniese diversiteit. Terwyl die transformasionele regering die euforie en hoë verwagtinge van die nuut-bevryde bevolking ná 1994 moes bestuur, was die verkose leiers se mandaat duidelik: om te midde van ernstige tekorte aan staatskapasiteit, hulpbronne en kundigheid, 'n suksesvolle demokratiese gemeenskap tot stand te bring. Die werklikheid is ook dat verskeie Afrika-leiers demokrasie nie noodwendig as oplossing tot die verbetering van arm gemeenskappe se lewensomstandighede beskou het nie. Demokrasie is eerder beskou as 'n middel tot politieke en ekonomiese dominansie en selfverryking. Ramphela (2012) is van mening dat daar in die area van burokratiese bestuur en implementering van regeringsbeleid en -programme 'n wesentlike tekort aan staatskapasiteit voorgekom het (en steeds voorkom), asook 'n tekort aan leiers se insig ten opsigte van demokratiese deelname en magsdeling:

“Former leaders of liberation movements tended to see themselves as the natural, entitled leaders of governments in the post-colonial period, with insufficient thought to the possibility of a mismatch between the skills required for governance and those needed for fighting for freedom” (Ramphela, 2012).

Die uitdaging vir die Suid-Afrikaanse bevrydingsregering ná 1994 was dan ook om teen die agtergrond van apartheid, demokratiese konsolidering⁴² op 'n vreedsame wyse te bewerkstellig. Terwyl SA dus wel die erfenis van kolonialisme en outokratiese regimes gedeel het met die Sub-Sahara Afrika-state, moes SA sy eie unieke politieke en sosio-ekonomiese uitdagings en hindernisse tydens die oorgangsproses trotseer⁴³. Die rol wat kiesersvertroue in dié proses

⁴² Demokratiese konsolidering is die proses waardeur 'n nuwe demokrasie selfstandig en onderhoudend word sodat die terugkeer na 'n outokratiese regime nie langer waarskynlik is nie (Gaziorowski & Power, 1998:740).

⁴³ SA se demokrasie word gebore uit die erfenis van die apartheidsregime wat vir 40 jaar die politieke en sosio-ekonomiese landskap beheer het. SA se demokrasie dra wel ook die gevolge van koloniale verdrukking, maar die

gespeel het (en steeds speel), was van uiterste belang om die legitimiteit van die regering en vrye en gelyke deelname van burgers aan die volle politieke proses te verseker.

Hierdie hoofstuk fokus dus op die aard en eienskappe van die transformasionele demokrasie in SA. Die staat se rol in die uitvoering van prosedurele en substantiewe verpligtinge geniet voorkeur en word vergelyk met verkiesingsbeloftes, soos in die periode 1994 tot 2004 en 2005 tot 2017 in die verkiesingsmanifeste gepropageer. Beleidsdokumente wat verband hou met dié studie in terme van die implementering van beleid in beide periodes, naamlik die HOP, GEAR, NOP, die Witskrif vir die Transformasie van Openbare Dienste (1997) en die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997), word insluitend bespreek as die “aksieplanne” om die demokrasie se ontwikkelingsdoelwitte te bereik. Soos in die navorsingsdoelwitte (Hoofstuk 1, afd. 1.5) gespesifiseer, is die doel om deur middel van die vergelyking van verkiesingsuitslae en stempatrone in nasionale en plaaslike verkiesings in die twee periodes, die wisselende ondersteuningsvlakke in die regerende party te ontleed en uit te lig. Kiesers se gedragspatrone vorm ’n bepalende faktor in die evaluering van die erosie van kiesersvertroue in die regerende party en demokrasie.

Periode 1 (1994-2004), gebaseer op verkiesingsuitslae en studies rondom kiesersdeelname, toon oorhoofs ’n toename in ondersteuning vir die ANC-regering, maar wisselende resultate in terme van stemopkoms in verhouding tot die stemouderdompopulasie (SOP). Vervolgens word die verkiesingsuitslae in die drie nasionale verkiesingsperiodes (1994, 1999 en 2004) getabuleer, sowel as die uitslae van die plaaslike verkiesings (1995 en 2000), om die merkbare toename en keerpunt in ondersteuning vir die ANC uit te wys.

Periode 2 vervat die ontleding van verkiesingsresultate (2005 tot 2017) en toon ’n merkbare afname in ondersteuning vir die ANC, wat weerspieël word in die uitslae van die twee nasionale verkiesingsperiodes (2009 en 2014), asook die uitslae van die drie plaaslike verkiesings (2006, 2011 en 2016). Dié afname in ondersteuning vir die regerende party word in die studie verbind aan die erosie van kiesersvertroue en as sulks op ’n praktiese wyse in Hoofstuk 5 in detail uitgelig en geëvalueer.

Laastens word die verkiesingsuitslae in Periode 1 en Periode 2 naas mekaar geplaas om faktore soos stempatrone, kiesersgetalle en kiesersdeelname tussen die twee periodes te vergelyk. Die afleiding word gevolglik gemaak dat spesifieke tendense in die verkiesingsuitslae geïdentifiseer kan word wat, soos teoreties uitgewys in Hoofstuk 2 (afd. 2.4.2.8), direk verband hou met die erosie van kiesersvertroue. Hierdie meetbare tendense sluit aspekte soos partydominansie, kiesersdeelname (veral faktore soos jeugstemme en apatie) en die

apartheidsregime en beleid was eie aan SA, wat beteken dat die oorgangsregering unieke uitdagings moes trotseer, veral om spanning rondom sosio-ekonomiese ongelykhede en rassekonflik by te lê.

ondersteuning van opposisiepartye in en dien as aanwysers van die trajek wat kiesersvertroue tydens die twee dekades van die Suid-Afrikaanse demokrasie gevolg het.

4.2 AGTERGROND EN ONTPLOOIING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE TRANSFORMASIONELE DEMOKRATISERINGSPROSES

Voor 1994 was nie-blanke Suid-Afrikaners, naamlik Swart, Indiër en Kleurlingburgers, uitgesluit uit die politieke en ekonomiese hoofstroom, wat gelei het tot diepgewortelde sosio-ekonomiese ongelykhede op alle vlakke van die samelewing. Hierdie bevolkingsgroepe was heel onder aan die sosiale leer in terme van hul diskriminerende posisie in die samelewing, en wetlik beperk in terme van toegang tot openbare dienste en ander burgerlike vryhede. Die swart bevolking was 'n bron van goedkoop arbeid en, as gevolg van apartheidswette, uitgesluit uit die institusies en prosesse wat goeie opleiding en werksgeleenthede gebied het (Wa Kivulu, *et al.*, 2005:7).

Teen die 1980's het dit duidelik geword die apartheidsera in SA was besig om te verbrekkel. Kroniese interne onrus⁴⁴, disinvestering en internasionale sanksies het alles bygedra om 'n onstabiele sosiale en ekonomiese omgewing te skep. 'n Herstrukturering van die totale politieke stelsel in SA het 'n werklikheid begin word in 'n situasie wat Marais (2015:58) 'n sogenaamde "stalemate" noem. Die opsie en koste van hervorming binne die apartheidstrukture was nie langer moontlik nie (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.3.7.1). Anti-apartheidsbewegings het die sosio-ekonomiese probleme in die land heeltemal verpolitiseer en apartheid verkwalik vir die armoede, onteining, sosiale disintegrasie en feitlik alle sosio-ekonomiese probleme wat burgers moes trotseer. Die opsie van "hervorming" was dus nie langer moontlik nie, en slegs 'n totale regimeverandering die enigste vreedsame oplossing (Marais, 2015:58). Die magsbalans⁴⁵ tussen die apartheidsregering en ANC het wel die moontlikheid van suksesvolle onderhandelinge bevoordeel, en die klimaat vir 'n vreedsame oorgang na demokrasie is deur verskeie partye en pro-onderhandelingsgroepe gefasiliteer. Onder druk van internasionale regerings en organisasies soos die Verenigde Nasies, die VSA, Engeland, Nederland en plaaslike organisasies soos IDASA⁴⁶, die Black Sash, kerkorganisasies, werkersunies en natuurlik politieke partye, het voorlopige onderhandelinge – "talks about talks" (De Jager, 2015:82) in 1990 'n aanvang geneem.

⁴⁴ Die 1976/77 Soweto-opstande, wat die implementering van 'n noodtoestand tot gevolg gehad het, en die sogenaamde "necklacing" van informante, met 3700 politieke sterftes in 1990 alleen, het bygedra tot 'n klimaat van onstabiliteit en vrees (De Jager, 2015:81).

⁴⁵ Hier word deur Marais (2015:69) verwys na die apartheidstaat se onvermoë om die krisis van die groeiende gewapende stryd en opstand teen apartheid op te los, en die bevrydingsbeweging se onvermoë om die apartheidstaat te verwyder. Dié situasie het 'n magsbalans tussen die twee partye geskep, elk met sy eie agenda, maar met geen weners nie. Mbeki (in Marais 2015:69) beskryf die situsaie as: "a draw", waar 'n politieke oplossing, as alternatief vir anargie, dus as die enigste uitweg beskou is.

⁴⁶ IDASA: The Institute for a Democratic Alternative in South Africa (De Jager, 2015:82).

4.2.1 Die onderhandelingsperiode: 1990-1994

Die vryheidstryd onderneem deur die bevrydingsbewegings en gemeenskappe binne SA, sowel as eksterne druk van die internasionale gemeenskap, het gelei tot die ANC en ander revolusionêre organisasies soos die SAKP en die PAC se ontbanning in 1990, en 'n onderhandelingsproses het begin. Op 20 Desember 1991 woon die afgevaardigdes van 19 partye en administrasies die Convention for a Democratic South Africa (CODESA) by om die fondament te lê vir die grondwet en nuwe SA, gevolg deur CODESA 2 in Mei 1992 (Graham, 2015:96). Die vier jaar oorgangstydperk vanaf Februarie 1990 tot April 1994 word gekenmerk deur lae intensiteit politieke geweld tussen die ANC en IVP, aangespoor deur regse elemente wat die IVP finansieel ondersteun het in 'n poging om onderhandelinge te ondermyn (Marais, 2015:72). In 1993 is die Uitvoerende oorgangsraad (UOR) egter goedgekeur, sowel as 'n interim grondwet, wat SA in die oorgangstydperk sou lei. De Jager (2015:91) beklemtoon die onderhandelinge se uitkoms as 'n sosiale kontrak tussen die partye:

“It would thus become important in the future – especially for the principles of constitutionalism, the foundation of a liberal democracy – that the negotiation process and its outcome, the Constitution, be regarded as a social contract and not merely a transfer of power”.

Op 27 April 1994 is die eerste demokratiese verkiesing in SA gehou, onder toesig van 'n observasiespan van Statebondlande⁴⁷. Die bevrydingsbeweging (ANC, met alliansievennote) behaal 'n oortuigende meerderheid (62%) en verseker so die oorskakeling na 'n nuwe bedeling in SA wat 'n onderhandelde regeringstruktuur (tussen die ANC-alliansie, NNP en IVP) insluit. 'n Regering van nasionale eenheid sou vir die eerste vyf jaar die land regeer, waarin alle partye met meer as 5% stemme op ministeriële vlak verteenwoordiging sou hê en 'n twee-derde meerderheid nodig sou wees om die grondwet te wysig (De Jager, 2015:98).

4.2.2 Uitdagings en hindernisse tydens die oorgangsproses

In die oorgangsproses moes die ANC diepgewortelde sosio-ekonomiese uitdagings in 'n etnies verdeelde samelewing trotseer wat, volgens Venter (2014a:9), die volgende ingesluit het:

- Integrasie van vier sogenaamde “blanke”-provinsies en nege sogenaamde “swart”-tuislande in nege provinsiale regerings
- Herstrukturering van die volle staatsadministrasie in 'n nie-rassige burokrasie
- Hervorming van die ekonomie om op internasionale gebied mee te ding
- Die kwessie van armoedeverligting en ongelykhede wat aangespreek moes word

⁴⁷ Die observasiespan het die volgende afgevaardigdes ingesluit: 60 lede van die Commonwealth Observer Group (COG), gelei deur 'n voormalige Eerste Minister van Jamaika, Michael Manley (SAHO, 2017).

- Die distribusie van sosiale infrastruktuur (behuising, onderwys, gesondheidsdienste, vervoer)
- 'n Tekort aan geskoolde werkers en 'n surplus van ongeskoolde, swak opgeleide, onproduktiewe werkers
- Die oorgang van bevrydingsbeweging na burokratiese regering met geen ervaring in demokratiese bestuur nie
- Die bereiking van ontwikkelingsdoelwitte en verwesenliking van “onrealistiese” bevrydingsbeloftes
- Transformasie van die verswakte ekonomie: In die 1990's daal BNP tot 'n negatiewe -1,1% (Marais, 2015:85).

Die agtergrond waarteen SA se transformasie plaasvind, vind dus sterk aansluiting by die omstandighede van ander state in Sub-Sahara Afrika. Die mate waarin die oorgangsregering suksesvol was in die hantering van dié uitdagings en hindernisse word verder in die studie geëvalueer.

4.2.3 Eienskappe van SA as transformasionele demokrasie

Die demokrasie wat in 1994 deur die kiesers aanvaar en ingestem is, kan beskryf word as 'n konstitusionele demokrasie met 'n grondwet, proporsioneel-verteenwoordigende kiesstelsel, neo-liberale ekonomiese beleid en met die eienskappe van 'n ontwikkelingswelvaartstaat op sosiale gebied.

As 'n transformasionele demokrasie was die eerste fase van bevryding van apartheid en onderdrukking na 'n demokratiese bestel vreedsaam (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.3.7.2). Die transformasieproses het dus begin in 'n optimistiese politieke klimaat met hoë kiesersverwagtinge en vertroue in die oorgangsregering (sien Hoofstuk 3, afd 3.2.2). Gedurende die tweede fase (oorgangsfase) word die konstitusionele demokratiese prosedures en beginsels aanvaar (1996), wetlik vasgelê in die grondwet, en institusies word daargestel met die wigte en teenwigte wat burgers se demokratiese regte en vryhede beskerm. Hierdie proses sluit die implementering van ontwikkelingsprogramme soos die HOP, GEAR en verskeie ander beleidsprogramme in wat ten doel gehad het om armoede en ongelykhede uit te wis en ekonomiese groei te stimuleer. Die instelling van die sewe institusies wat dien as veiligheidsmeganisme in die beskerming van menseregte en ter ondersteuning van die konstitusionele demokrasie optree, (soos gespesifiseer in Hoofstuk 9 van die grondwet) sluit in: die openbare aanklaer, die kommissie vir menseregte, en kommissie vir die bekamping van korrupsie en misdaad. Die onafhanklike verkiesingskommissie (ook 'n Hoofstuk 9-institusie) moes verseker dat alle verkiesings vry en regverdig verloop, 'n belangrike stap in die rigting van demokratiese konsolidering.

4.2.3.1 Die ANC as oorgangsregering⁴⁸ in 'n liberaal-demokratiese bestel

SA is, as 'n ontwikkelende demokrasie in die Afrika-konteks, gekonfronteer met soortgelyke sosio-ekonomiese uitdagings as ander transformasionele demokrasieë op die kontinent, naamlik armoede en sosiale ongelykhede, negatiewe ekonomiese groei, swak institusies en 'n tekort aan nasionale identiteit, vertroue en eenheid onder die verskillende rasse en etniese groepe.

Teen hierdie agtergrond neem die ANC oor as die eerste demokratiese regering ná 'n lang stryd wat geweld, konflik en onderhandelinge insluit. Tot op dié stadium is die ANC se ervaring, kennis en kundigheid dus eksklusief in die konteks van bevrydingsideologie en -stryd, soos wat met die res van sub-Sahara Afrika se onafhanklikheidsregerings ook die geval was. In die area van burokratiese bestuur en prosedurele implementering van regeringsbeleid en -programme is daar 'n wesentlike tekort aan staatskapasiteit en op substantiewe gebied 'n subtiële weerstand teen die ideologiese verbintenis tot demokrasie as 'n veelpartybedeling.

Kotze (2015b:262) beskryf die verhouding tussen die ANC as regerende party en die kiesersgemeenskap teen die agtergrond van die bevrydingstryd teen apartheid soos volg: die ANC sien homself, soos ander bevrydingsregerings in Afrika, as die “bewaarder” van SA se swaarverdiende demokrasie. Dus, as die bevryder, is die ANC die enigste legitieme politieke party wat die behoud van demokrasie in SA kan verseker. Die ANC se verhouding met die kiesersgemeenskap strek dus verder as net lidmaatskap en stemming – as die enigste werklike verteenwoordiger van die mense beteken enige oorwinning deur 'n opposisieparty regressie terug na outoritarisme (verwys Hoofstuk 3, afd. 3.3.2.2.2). Die ANC klassifiseer homself steeds as 'n bevrydingsbeweging met gesentraliseerde leierskap, en enigiemand wat teen die regering gaan, word as antirevolusionêr beskou⁴⁹ (Kotze, 2015b:264).

4.2.4 Die rol van die Suid-Afrikaanse staat ná bevryding

Die rol van die staat ná bevryding behels nie net die omwenteling en hervorming van die prosedurele dimensie, naamlik die instelling van die konstitusionele demokratiese institusies en wetlike aspekte, nie. Tot 'n groot mate is die bereiking van doelwitte in die substantiewe dimensie, wat die beskerming van burgers se regte en vryhede en uitvoering van

⁴⁸ Vanaf 27 April 1994 tot 3 Februarie 1997 is SA regeer deur 'n regering van nasionale eenheid onder leiding van die ANC soos in Klousule 88 van die interim grondwet bepaal. Die IVP, NP en ANC is in die kabinet verteenwoordig, proporsioneel tot die hoeveelheid setels wat elke politieke party gewen het. F.W. de Klerk (die voormalige president) en Thabo Mbeki is aangewys as adjunk-presidente. Die IVP-leier, Mangosuthu Buthelezi, is aangewys as Minister van Binnelandse Sake. Cyril Ramaphosa, op daardie stadium sekretaris-generaal van die ANC, is aangewys as voorsitter van die Nasionale Vergadering (SAHO, 2014).


⁴⁹ In Desember 2017 word Cyril Ramaphosa verkies as die ANC-president en hy vervang Jacob Zuma kort daarna as die President van die Republiek van SA. Verwagtinge is dat die ANC onder sy leiding 'n meer deelnemende, verantwoordbare beleid sal volg, wat die aanspreek van meeste van die kwessies wat in die Zuma-era demokratiese konsolidering vertraag het, behels. Dit val egter buite die studie se raamwerk.

verkiesingsbeloftes in die sosio-ekonomiese sfeer behels, 'n kritiese aspek van die staat se normatiewe funksie as uitvoerder van die sosiale kontrak (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.2.2.1 en 2.2.5). Die aard van die staat as 'n konstitusionele entiteit en die ontwikkelings- en intervensionele vereistes wat die transformasie meebring, word hiernaas kortliks bespreek.

4.2.4.1 Die aard van die Suid-Afrikaanse staat ná 1994

Die struktuur van die staat is ná 1994 hervorm⁵⁰ volgens die beginsels van die interim grondwet. Daar is weggedoen met die sogenaamde “Bantoe”-tuislande (Venter, 2014a:9) en nege provinsies, elk met sy eie wetgewende en uitvoerende bestuur, is ingestel. Die parlement is verdeel in twee kamers: die Nasionale Vergadering en die Nasionale Provinsiale Raad (Venter, 2014a:9) en staatsmag is verdeel in drie aparte magsentiteite, soos in Hoofstuk 2 (afd. 2.2.3) deur die teoretici Locke en Montesquieu onderskryf. Figuur 4.1 illustreer die wetgewende en uitvoerende funksies in die Suid-Afrikaanse regeringshiërargie.

Figuur 4.1: Wetgewende en uitvoerende funksies in die Suid-Afrikaanse regeringshiërargie



Bron: Van der Elst (2004:127)

⁵⁰ Die belangrikste hervorming sou op konstitusionele gebied plaasvind met die aanvaarding en implementering van die grondwet in 1996 en die volle insluiting van alle burgers, op gelyke vlak in die verkiesingsproses. Voor 1994 het die wetgewende struktuur bestaan uit 'n driekamer-parlement (sedert 1983), wat blankes, kleurlinge en Indiërs elk in sy eie “kamer”geakkommodeer het. Die swart bevolking was uitgesluit uit hierdie bedeling.

Die hoof van die staat – die president – is ook die hoof van die regering en word deur die afgevaardigdes van al die provinsies verkies. Beide die president en kabinet se magposisies word deur die vertroue van die parlement in stand gehou. Die konstitusionele hof is ingestel as die hoogste hof in die land en hanteer konstitusionele sake, terwyl die appèlhof die hoogste hof is vir alle ander sake. Hoewel die staat in nege provinsies verdeel is, behou die staat 'n sterk gesentraliseerde nasionale regering met eenvormige nasionale wetgewende mag (Venter, 2014a:8). Alle sekuriteitsfunksies, sowel as die weermag, val onder die nasionale regering.

Op sosio-ekonomiese gebied propageer die staat, deur die bekendstelling van die HOP, 'n sterk intervensionele, mensgesentreerde beleid, met hervorming op alle gebiede van die samelewing (Terreblanche, 1999). Spesifieke neo-liberale beleidsaksies word egter in 1996 op fiskale gebied geïntegreer met die instelling van GEAR, wat die ekonomiese fokus verskuif na privatisering en die toepassing van meer spesifieke vryemarkbeginsels. Sterk fokus op welsynsbeleid bly egter behoue en SA se uitgebreide welsynsprogram spreek die kwessies van armoede en ongelykheid aan deur die instelling van welsynstoelae vir ouderdomspensioen, mediese ongeskiktheid, onderhoud, en werkloosheid. SA pak dus sy demokratiseringsproses aan as 'n ontwikkelingstaat met 'n kombinasie van welsyn, intervensionele en neo-liberale beleidsprogramme.

4.2.4.2 SA as ontwikkelingstaat

Die politieke literatuur verwys na 'n ontwikkelingstaat as 'n staat wat fokus op ekonomiese groei en ontwikkeling (Gumede, 2014:180). Die ideologiese karakter van die staat sluit ontwikkelingsdoelwitte en 'n ontwikkelingsagenda in wat deelname van alle belanghebbendes en die daargestelling van institusies wat die ontwikkelingsagenda bevorder, vervat. Volgens Gumede se definisie van 'n ontwikkelingstaat toon die Suid-Afrikaanse staat die volgende ontwikkelingseienskappe: sterk ontwikkelende elite, relatiewe outonomie en legitimiteit, en die doeltreffende bestuur van privaat ekonomiese belange. SA se ontwikkelingsuitkomst in verhouding tot menslike ontwikkeling is egter swak (Gumede, 2014:180). Die konsensus onder kritici is dat SA 'n ontwikkelingstaat in proses is⁵¹ en verskeie dokumente van die ANC-regering, soos die ANC se Strategy and Tactics-dokument (2007), ondersteun die beskrywing van SA as:

“A democratic developmental state that leads accelerated and sustainable change through interactive, intensive and sustainable transformation of the structural causes of economic exclusion and social underdevelopment, including the spatial imbalances inherited from the apartheid era”
(Gumede, 2014:180).

⁵¹ SA toon duidelike eienskappe van 'n ontwikkelingstaat, maar is ook 'n staat in transformasie – van 'n outokratiese na 'n demokratiese bedeling. Die behoeftes van die staat behels dus die hele spektrum van politieke en sosio-ekonomiese hervorming. Die navorser is van mening dat elemente van verskeie intervensionele staatsvorme geïnkorporeer is in die ontwikkelingsproses, soos die welsynsbeleid op sosiale vlak en neo-liberale konsepte in die ekonomiese hervormingsbeleid, wat ten doel het om sosio-ekonomiese hervorming teweeg te bring.

Die Strategy and Tactics-dokument is dus duidelik in terme daarvan dat SA as 'n ontwikkelingstaat ontplooi word. Booysen (soos aangehaal in Gumede, 2014:180) stel dit as volg: *“public policy making in South Africa is viewed as an ongoing and interactive process”*. Beleidsformulering in 'n ontwikkelingstaat is dus 'n dinamiese proses (Gumede, 2014:181). Die doel van die welsynsbeleid, as deel van die ontwikkelingstrategie in SA, was om die erfenis van apartheid af te lê en die ekonomies-agtergeblewe swart gemeenskappe in die post-1994 ekonomie te integreer (Potts, 2011:77). Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997), waarin beginsels en aanbevole programme vir maatskaplike welsyn in SA vervat word (sien afd. 4.3.1.3.4), beskryf die welsynstelsel se primêre uitdaging as volg:

“To devise appropriate and integrated strategies to address the alienation and the economic and social marginalization of vast sectors of the population who are living in poverty, are vulnerable, and have special needs” (Potts, 2011:76).

SA se maatskaplike welsynbeleid inkorporeer die volgende elemente in die ontplooiing van die welsynstelsel (Potts, 2011:76-77): arbeidsabsorberende groei, billike investering in opvoeding, gesondheidsdienste en sosiale ondersteuning vir kwesbare groepe. Potts beklemtoon die welsynstelsel alleen kan nie SA se armoedeprobleem doeltreffend hanteer nie. Die stelsel moet gekombineer word met aggressiewe arbeidstimulerende werksprogramme om die nodige bronne te skep sodat armes en werkloses bemagtig word en sorg vir stabiliteit en voorspoed vir dié gemeenskappe (Potts, 2011:91).

4.2.5 Kiesersverwagtinge onder die verskillende bevolkingsgroepe in 1994

Resultate van die studie (Matla Trust Voter Education Survey) onderneem deur Booysen (1994:7) toon kiesersverwagtinge in 1994 het rondom drie uitkomstes gesentreer:

- Die vooruitsig van demokrasie, deelname en burgerskap
- Die vooruitsig van 'n swart, simpatieke regering aan bewind
- Die vooruitsig van spesifieke materiële voordele en die verbetering van arm gemeenskappe se lewenstandaard.

In Booysen (1994:7-8) se studie oor die verloop van die 1994 verkiesing is respondente gevra waarom hulle in die verkiesing wou stem. Tabel 4.1 gee 'n aanduiding van kiesers (per bevolkingsgroep) se vyf belangrikste behoeftes en verwagtinge, wat fokus op vryheid, gelyke regte, beter sosio-ekonomiese omstandighede, vrede en demokrasie. Die belangrikste behoefte is gemerk as 1 en daarna in volgorde van prioriteit tot by 5 (minder belangrik). Die belangrikste behoefte onder die swart bevolking is vryheid, gelykheid en demokrasie. Onder die kleurlingbevolking is dit beter lewe vir familie. Indiërs beskou vrede as die belangrikste behoefte,

terwyl die blanke-bevolking dit as hul burgerlike plig beskou om te stem. Die behoeftes wat kiesers motiveer om in verkiesings te stem, word ook persentasiegewys in die tabel aangedui.

Tabel 4.1: Redes waarom kiesers in die 1994 nasionale verkiesing stem: Top 5 redes onder verskillende bevolkingsgroepe

% Intensie om te stem Vyf belangrikste redes	SWART 83%	%	KLEURLING 50%	%	INDIËR 55%	%	BLANK 85%	%
Vryheid, gelyke regte, demokrasie	1	23	2	13	3	14		
Meer werk	2	11						
Beter lewensomstandighede	3	10	4	10				
Regering van keuse	4	9					2	13
Einde van apartheid en diskriminasie	5	8						
Beter lewe vir familie			1	21	2	15	3	11
Vrede			3	11	1	19	5	7
Burgerlike plig			5	8			1	25
Beter regering wat omgee					4	12		
Orde en stabiliteit					5	10		
Verhoed swart regering							4	8

Bron: Booysen (1994); Matla Trust Voter Education Survey (Appendix 1)

Die vier hoofredes onder verskillende bevolkingsgroepe word in Tabel 4.1 aangegee as: vryheid, gelykheid en demokrasie (23%), dat dit hul burgerlike plig is (25%), om 'n beter lewe vir familie te skep (21%) en ook vrede (19%).

4.3 ONTLEDING VAN PERIODE 1: 1994-2004 (STYGING IN KIESERSTEUN)

In die oorgangsfase (Periode 1), gekenmerk deur 'n styging in kiesersteun vir die ANC-regering, val die fokus op die volgende aspekte:

- Prosedurele en substantiewe verpligtinge van die transformasionele regering
- Ontwikkelingsdoelwitte en beloftes soos in die verskillende ANC-manifeste en -beleidsdokumente vervat
- Uitslae van die drie nasionale en twee munisipale verkiesings
- Tendense in die verkiesingsuitslae van nasionale en plaaslike verkiesings.

Periode 1 behels dus die bevryding en oorgang en word na verwys as die oorgangsfase, terwyl Periode 2 meer gerig is op die konsolidering van die demokrasie en in die studie beskryf word as die konsolideringsfase.

4.3.1 Prosedurele en substantiewe verpligtinge van die transformasionele regering in Periode 1

In die oorgangsfase (1994-2004) moes die nuutverkose regering die transformasie van 'n outoritêre staat na 'n konstitusionele demokrasie fasiliteer. Die ontwikkeling van SA as 'n doeltreffende en suksesvolle demokrasie sou grootliks afhang van die mate waarin die bevrydingsregering voldoen aan die prosedurele en substantiewe vereistes⁵² vir demokratiese konsolidering en die verwesenliking van ontwikkelingsdoelwitte (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.3.6).

4.3.1.1 Prosedurele doelwitte en verpligtinge van die transformasionele regering in die oorgangsfase

Volgens Kotze (2015a:9) is die skep van sterk verteenwoordigende demokratiese institusies, prosedures en prosesse dus die eerste taak wat in 'n demokratiese ontwikkelingskonteks deur die oorgangsregering onderneem moet word. Die fokus is op die institusies en meganismes nodig vir die instelling van die verteenwoordigende en konstitusionele politieke sisteem (Kotze, 2015a:5). In die ANC se 1994 verkiesingsmanifes word verskeie bevrydingsbeloftes gemaak en verkiesingsdoelwitte uiteengesit. Sien Tabel 4.2.

⁵² Die navorser se interpretasie van die spektrum van prosedurele en substantiewe verpligtinge soos beskryf in die studie, is gebaseer op Kotze (2015a, 4-9) se beskrywing van hierdie dimensies. Die identifisering van die belangrikste verpligtinge is gebaseer op 'n kombinasie van die ontleding van ANC verkiesingsbeloftes en die toepassing daarvan binne Kotze se kriteria.

Tabel 4.2: Die vyf belangrikste prosedurele verpligtinge van die Suid-Afrikaanse regering in Periode 1

PROSEDURELE VERPLIGTINGE	ANC-VERKIESINGSBELOFTES soos per die 1994 MANIFES
Aanvaarding van die grondwet en handves van menseregte	<i>"A government of the people: One of the most urgent challenges facing South Africa is the adoption of a new democratic constitution and Bill of Rights which guarantee human rights for all including the right to a minimum standard of life".</i>
Implementering van die konstitusionele beginsels: onafhanklike regsorde, skeiding van magte, en gelykheid voor die reg	<i>"An independent judiciary and constitutional court protected from any government or party political interference; In the Constitutional Assembly, whatever our majority, the ANC will strive through consultation and debate to reach national consensus".</i>
Instelling en bestuur van vrye en regverdige verkiesings	<i>"The right of all people to elect a government of their choice in regular, free and fair elections in a multi-party democracy".</i>
Doeltreffende en verteenwoordigende provinsiale en plaaslike rade	<i>"Democratic government at provincial and local levels, with the powers and resources to meet people's needs. Public works programme: An ANC government will immediately start a national public works programme which will address community needs and create jobs".</i>
Instelling van sterk, nie-rassige institusies in die nasionale en plaaslike sektor om vrede en veiligheid te verseker	<i>"All security forces will be reformed to reflect the national and gender character of our country. They will be non-partisan, professional, uphold the constitution and respect human rights. For the anti-crime measures to succeed, it will be necessary to have a court system that broadly reflects society's racial and gender composition and provides fairness and equality for all before the law".</i>

Bron: Kotze (2015a:4); ANC-manifes (1994a)

Die prosedurele dimensie staan nie los van die substantiewe dimensie nie, en die twee dimensies oorvleuel ook in terme van ontwikkelingsdoelwitte en verkiesingsbeloftes.

4.3.1.2 Substantiewe doelwitte en verpligtinge van die transformasionele regering

In die substantiewe dimensie is die fokus op sosiale geregtigheid en om 'n omgewing te skep waarbinne die demokrasie kan konsolideer en verdiep (Kotze, 2015a:7). Die twee dimensies is interafhanklik: doeltreffende uitvoering van die prosedurele funksies kan gekortwiek word as faktore in die substantiewe dimensie die volle deelname van alle burgers belemmer, en vice versa. Daar moet 'n verbondenheid wees tot individuele vryheid en die staat moet 'n omgewing skep wat geleenthede vir selfontwikkeling bied. Soos per die verkiesingsmanifes van 1994 en 1999 word die volgende ontwikkelingsdoelwitte (soos aangedui in Tabel 4.3) op substantiewe vlak beklemtoon.

Tabel 4.3: Die vyf belangrikste substantiewe verpligtinge van die regering in Periode 1

SUBSTANTIEWE DIMENSIE	ANC VERKIESINGSBELOFTES soos per 1994/1999 MANIFES
Beskerming van regte en vryhede van alle burgers	<i>"It is not enough to talk of equality. Opportunities must be opened to all who were discriminated against as Africans, Coloureds and Indians, as women, the disabled and as people staying in rural areas. South Africa as a whole will benefit if all levels of society represent the broad spectrum of its people".</i>
Bevrediging van sosio-ekonomiese behoeftes soos armoedeverligting en persoonlike welsyn, deur die voorsiening van basiese dienste	<i>"Central in the development programme will be job creation through industrial development and opportunities for small business, alongside land reform. We will focus on provision of water, clinics, schools, toilet facilities, electricity, telephones and roads. A caring approach to children, senior citizens, the disabled and victims of violence will be central to our welfare policy. Government will assist in the provision of facilities for the aged".</i>
Uitbouing van 'n deelnemende politieke kultuur, nasionale identiteit en gemeenskapsbronne (sosiale kapitaal)	<i>"Forums representing government and workers, business, education and other groups will be strengthened to help in policy formulation. In government, the ANC will continue the tradition of People's Forums – meetings in which ordinary people can voice their opinions".</i>
Bevordering van deursigtigheid en toerekenbaarheid in die uitvoering van regeringsfunksies	<i>"The ANC will ensure democratic, efficient and open local government which works closely with community structures in providing affordable housing and services."</i>
Bekamping van korrupsie en wanadministrasie op alle vlakke van regering	<i>"Government administration exists to serve the people. It must be answerable to them. The ANC will encourage private citizens to use the independent Public Protector to investigate corruption, dishonesty or violation of rules of conduct on the part of government officials – those found guilty will be dealt with".</i>

Bron: Kotze (2015a:5); ANC-manifes (1994a)

Die beplanningstrategie vir die uitvoering van dié verpligtinge en verkiesingsbeloftes soos in beleidsprogramme vervat, word vervolgens uiteengesit.

4.3.1.3 Beleidsprogramme geloots in Periode 1 (die oorgangsfase)

Terwyl daar groot prosedurele veranderinge op politieke gebied plaasgevind het (soos byvoorbeeld die instelling van 'n verteenwoordigende parlement en skeiding van magte met nasionale, provinsiale en plaaslike federale regeringstrukture), het die ontwikkelingsdoelwitte van die transformasionele regering in Periode 1 hoofsaaklik gesentreer rondom die substantiewe dimensie en verbetering van die swart gemeenskappe se sosio-ekonomiese omstandighede in SA. Aan die kiesers is die toekomsvisie voorgedra van 'n vreedsame, vrye en demokratiese SA. Die ANC se belofte in die 1994-manifes is: *"A better life for all ... working together for jobs, peace and freedom"* (ANC, 1994a). Beter geleenthede vir behuising, sanitasie, onderwys, eiendomsbesit en werksgeleenthede word voorgedra as die oplossing vir die dekades lange onderdrukking en materiële ontneming (Twala, 2014:563). Die ANC het ook die slagspreuk *"ready to govern"* in die 1994 verkiesingsveldtog gekombineer met 'n wenformule: die belofte van 'n beter lewe aan die ANC se hoofsaaklik verarmde kieserskorps binne die eerste vyf jaar van die nuwe bedeling (Twala, 2014:563). Die verwesenliking van

ontwikkelingsdoelwitte in Periode 1 word in verskeie beleidsdokumente vervat, maar vir die doel van dié studie word vier beleidsprogramme uitgelig, naamlik: die Heropbou- en Ontwikkelingsplan (HOP), die Growth and Redistribution-program (GEAR), die Witskrif vir die Transformasie van Openbare Dienste (1997) en die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997). Hierdie programme spreek die kern van burgers se behoeftes in die oorgangsfase aan, in beide die prosedurele en substantiewe dimensies, soos vervat in die studie.

4.3.1.3.1 Die ANC se welsyn- en ontwikkelingsbeleid (HOP)

Die staat se doelwit om die diskriminerende beleid van apartheid uit te wis, lei tot die instelling van een van die omvattendste welsynprogramme ter wêreld (Terreblanche, 1999). Die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) word vrygestel voor die 1994 verkiesing deur die drieparty-alliansie (ANC, SAKP en COSATU) as sy primêre beleidsdokument. Die HOP se ontwikkelingsfokus is dat dit ten volle “mensgesentreerd” moet wees en fokus op die “aanvraag”-aspekte van die ekonomie (Gumede, 2014:233). Die HOP identifiseer die volgende hoofdoelwitte:

- Om in die basiese behoeftes van die armer 40% van die bevolking (17 miljoen) te voorsien
- Om fundamentele hervorming van menslike bronne onder agtergeblewe gemeenskappe teweeg te bring en so die ekonomie, tot voordeel van alle burgers, te hervorm
- Om die demokratisering van staat en gemeenskap teweeg te bring (Terreblanche, 1999).

In aansluiting tot die 1994 verkiesingsmanifes sentreer die aksieplanne vervat in die HOP om die bou van een miljoen huise binne die eerste vyf jaar van demokrasie; elektrisiteitsverskaffing aan alle skole, klinieke en 2,5 miljoen huishoudings; herdistribusie van produktiewe grond; die instelling van 'n uitgebreide welsynbeleid; watervoorsiening aan alle huishoudings; gratis mediese sorg aan kinders onder ses jaar en verwagte vroue; werkskepping en opvoedingsprogramme om ongeletterdheid aan te spreek; implementering van programme vir die bekamping van tuberkulose en vigs (Gumede, 2015:233).

In die 1994-manifes word spesifiek verwys na die HOP as die ANC se primêre beleidsdokument. Die ANC skep dus die verwagting by kiesers dat spesifieke programme soos per die HOP-Witskrif geïmplementeer sal word. Die ANC se verkiesingsmanifes spesifiseer duidelik:

“These are the principles which will guide us as we work together to build a new society. The detailed framework is contained in our Reconstruction and Development Programme” (ANC, 1994).

Terwyl die oogmerke van die HOP grootliks intervensioneel van aard was en op sosiale vlak resultate begin lewer het, kon dieselfde nie van ekonomiese hervorming gesê word nie. Ekonomiese programme het in die twee jaar, 1994 tot 1996, nie wesentlike positiewe uitkomstes

getoon nie, en dus 'n herondersoek van die fiskale beleid genoodsaak, soos hierna bespreek word.

4.3.1.3.2 Neo-liberale ekonomiese beleid (GEAR) 1996

Die verspreiding van rykdom word grootliks teweeggebring deur werkskepping. Met baie hoë werkloosheidsvlakke in SA, is die bereiking van die HOP se doelstellings bemoeilik deur onstabiele en vertraagde ekonomiese groei. In Junie 1996 wysig die ANC se Departement van Finansies skielik die intervensionele ekonomiese beleid na 'n meer neo-liberale ekonomiese beleid met die publikasie van 'n makro-ekonomiese strategie genaamd Growth, Employment and Redistribution (GEAR). Die doel van dié dokument was om 'n omvattende en geïntegreerde makro-ekonomiese strategie daar te stel wat die standpunt handhaaf dat onderhoudende groei, om die nodige ekonomiese kapasiteit te skep, transformasie vereis na 'n meer kompeterende uitwaarts-georiënteerde ekonomiese beleid (Terreblanche, 1999).

Met die aanvang van die alles-insluitende demokrasie in 1994, en spesifiek met die bekendstelling van GEAR in 1996 (die formulering van die ekonomiese beleid), word die regering sterk beïnvloed deur neo-liberale ekonomiese idees⁵³, soos 'n streng monetêre beleid, privatisering van staatsbates, verlaging van handelsversperrings, konserwatiewe fiskale beleid en 'n uitvoergebaseerde ekonomie in lyn met vryemarkbeginsels (Venter, 2014:16). GEAR fokus op 'n kompeterende strategie wat 'n hoër groeikoers teweegbring deur die herprioritisering van die regering se begroting en sluit in: die spandering op sosiale programme, herstrukturering van die openbare sektor en 'n toename in privaat sektor-investering, gefinansier deur buitelandse belegging (Terreblanche, 1999). Die hoofverskil tussen die HOP en GEAR is dat die HOP in beginsel 'n mensgeoriënteerde ontwikkelingsbeleid verteenwoordig, terwyl GEAR die redding, uitbouing en versterking van die Suid-Afrikaanse ekonomie deur 'n verhoogde ekonomiese groeikoers in 'n onbeperkte kapitalistiese stelsel voorsien. Ekonomiese groei stimuleer arbeidsgeleenthede en die uitkoms van 'n verbeterde arbeidsmark stimuleer weer die nodige herdistribusie van inkomste (Terreblanche, 1999). Die HOP se hoofdoel was die direkte aanspreek van die verlede se ongelykhede, terwyl GEAR die neo-liberale beginsels van vryemark, privatisering en deregulering voorstaan.

4.3.1.3.3 Witskrif vir die Transformasie van Openbare Dienste (1996)

Ook bekend as die “Batho Pele”-Witskrif, wat beteken “die mense eerste”, is die doelwit van hierdie beleidsdokument om standarde te stel vir die lewer van voortreflike kliëntediens aan die gebruikers van regeringsbronne. Die Witskrif behels beginsels, riglyne, voorstelle en programme vir sosiale welsynsontwikkeling wat sentreer rondom konsultasie, dienslewering,

⁵³ Neoliberalisme word in Hoofstuk 2, afd 2.2.3.1 gedefinieer.

deursigtigheid, beleefdheid en toegang tot inligting. Die Witskrif dien, volgens Naidoo (2005:95) as basis van die oorgangsregering se doelwitte om die wanbalanse en ongelykhede in dienslewering te herstel. Die rol van SA se openbare dienslewering word herdefinieer as 'n vennootskap tussen regering en burgers, wat nie die rigiede, gesentraliseerde stelsel van pre-1994 vervat nie, maar 'n meer aanpasbare en strategiese ontwikkelingsmodel wat doeltreffer is, en aan die behoeftes van agtergeblewe gemeenskappe voldoen (Naidoo, 2005:95).

4.3.1.3.4 Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997)

Openbare spandering sentreer rondom 'n welsynsbeleid om onder agtergeblewe gemeenskappe armoedeverligting te bring en ook die ANC se magsbasis te versterk. In 1994 word beraam dat werkloosheid op 31,5% lê (Statistics SA, 1994). In die 1994/1995 fiskale begroting beloop welsynstoelae die totale bedrag van 10 biljoen rand, of 6,6% van die totale begroting. Welsynstoelae is uitbetaal aan 2,9 miljoen ontvangers, wat toelae ingesluit het vir ouderdomspensioen, oorlogsveterane, onderhoud, afhanklikes, pleegsorg en mediese onbevoegdheid (ANC, 1994a).

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, vrygestel in 1997, bevat beginsels, riglyne, voorstelle en intervensionele programme vir maatskaplike welsynsontwikkeling wat die regering in staat stel om 'n beleid te implementeer wat welsynstoelae uitbrei en verhoog (Potts, 2011:76). Gedurende die eerste dekade word 90% van die welsynsbegroting na toelae geallokeer. Die maatskaplike welsynbeleid se doel is nie net om ekonomiese vooruitgang te stimuleer en armoede uit te wis nie, maar ook om meer gelyke maatskaplike ontwikkeling te bevorder (Potts, 2011:76). Teen 2004 word R34 biljoen in totale welsynstoelae aan meer as 7 miljoen begunstigdes uitbetaal (ANC, 2004).

Die beloftes en doelwitte soos in dié vier beleidsdokumente uiteengesit, vorm die basis van die ANC se verkiesingsveldtogte in die oorgangsfase (Periode 1). In die volgende afdeling word die drie nasionale en twee plaaslike verkiesings se uitslae bespreek en patrone van kiesersdeelname geïdentifiseer wat 'n sterk aanduiding is van die trajek wat ondersteuning vir die ANC-beleid en -beginsels in Periode 1 volg.

4.3.2 Uitslae van nasionale/provinsiale en munisipale verkiesings in Periode 1 (1994-2004)

Kiesers se persepsies van die suksesse en/of mislukkings van regeringsinisiatiewe soos uitgevoer in Periode 1 word deur kiesers gesanksioneer in die trajek wat stempatrone en verkiesingsuitslae volg. Drie nasionale/provinsiale en twee munisipale verkiesings vind gedurende Periode 1 plaas. Ontleding van stempatrone is instrumenteel om kiesers se persepsies te bepaal ten opsigte van die demokratiese proses, ondersteuning vir die regerende party, leiers, opposisie en verkiesingsveldtog-strategieë. Persepsies rakende die responsiwiteit

van die regering (politieke doeltreffendheid) word ook in stempatrone waargeneem. Die drie nasionale/provinsiale verkiesings en twee plaaslike verkiesings se uitslae in Periode 1 word vervolgens in besonderhede bespreek.

4.3.2.1 Die 1994 nasionale/provinsiale verkiesing

Die geskiedkundige bevrydings- (“Uhuru”-) verkiesing⁵⁴ vind plaas op 26 April 1994 en is die eerste verkiesing waarin alle volwasse Suid-Afrikaners, op een kieserslys vervat, kon stem. Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) was die institusie verantwoordelik vir administrasie en moes verseker dat die verkiesing vry en regverdig verloop (SAHO, 2017). In die Suid-Afrikaanse konteks het die oorgang van apartheid na demokrasie, soos genoem, hoë verwagtinge onder kiesers geskep. Stemopkoms was hoog en as “bevryder van die nasie”, is die ANC met ’n oorweldigende meerderheid verkies. Op 9 Mei 1994 is Nelson Mandela as SA se eerste swart president aangewys. Soos per die interim grondwet van 1993 is ’n regering van nasionale eenheid gevorm, met die ANC, Inkatha Vryheidsparty (IVP) en Nasionale Party (NP) proporsioneel verteenwoordig in die regering⁵⁵, in verhouding met die uitslag van die verkiesing. In Julie 1994 is die eerste demokratiese regering in SA internasionaal erken, en SA word hertoegelaat tot die Statebond.

In die 1994 verkiesing stem 19 726 610 kiesers (sien Tabel 4.4) Die ANC, in koalisie met die SAKP en COSATU, wen 62,65% van die geldige stemme. 19 politieke partye neem deel aan SA se eerste demokratiese verkiesing. Volgens Booysen (1994:22) is ’n akkurate berekening van die deelname nie moontlik nie, aangesien daar nog nie ’n formele kiesersrol of akkurate getalle van die SOP (stemouderdompopulasie) bestaan het nie. ’n Redelike akkurate, aanvaarde skatting plaas die SOP op 23 063 910, wat dus ’n beraamde stemopkoms van 85,5% beteken (McKinley, 2001). Vir die doeleindes van dié studie word hierdie getal aanvaar as verteenwoordigend van die geldige SOP in 1994. Booysen beskou die hoë kiesersopkoms as die eerste stap in die verdieping en konsolidering van die demokrasie, maar beklemtoon dat, hoewel die verkiesing demokraties was, dit nog nie beteken dat SA ’n suksesvolle demokrasie is nie: *“the entrenchment and continued acceptance of the rules of democracy still had to be proven”* (Booyesen, 1994:22).

⁵⁴ “Uhuru” beteken “vryheid” in Swahili en is ’n begrip wat in Afrika-state gebruik word om die aanvanklike bevrydingsverkiesing te beskryf. Soos in Hoofstuk 3, afd. 3.2.2 beskryf, is die verwagtinge van kiesers, sowel as die legitimiteit van die regering, tydens die bevrydingstydperk hoog.

⁵⁵ Die kieserstelsel van 1994 was gebaseer op die beginsel van proporsionele verteenwoordiging, waarvolgens elke stem getel word. Die totale aantal stemme vir ’n party bepaal die aantal setels wat in die parlement vir daardie party gewen word. Die lys van kandidate word deur die party opgestel en die aantal kandidate wat die party in die parlement verteenwoordig, word bepaal deur die aantal setels wat gewen word. Hierdie vorm van kiesstelsel is in 1994 ingestel en alle verkiesings daarna word volgens hierdie metode uitgevoer (Mediaclubsa, 2016).

Tabel 4.4 toon die 1994 verkiesingsuitslae, insluitende die ondersteuning van opposisiepartye en wegblystemme.

Tabel 4.4: Oorhoofse uitslae van die 1994 nasionale verkiesing

SOP	23 063 910			100%
Geregistreerde kiesers	22 709 152		100%	
Stemopkoms	19 726 610		86,86	85,53
Geldige stemme	19 533 498	100%	86,01	84,77
ANC-stemme	12 237 655	62,65	53,88	53,01
Opposisiestemme	7 396 191	37,35	31,28	30,79
Wegblystemme	3 337 300			14,47
Bedorwe stemme	193 112	0,97% van stemopkoms		

Bronne: SAHO (2017); McKinley (2001); IEC (1994)

Die ANC wen die meerderheid in al die provinsies, behalwe die Wes-Kaap, waar die NP 23 setels verower teenoor die ANC se 14, en KwaZulu-Natal, waar die IVP die oorwinning behaal met 41 setels teenoor die ANC se 26 (SAHO, 2017; IEC, 1994). In die Nasionale Vergadering verower die ANC 252 setels teenoor die NP se 82. 43 setels word deur die IVP ingepalm en die VF wen 9 uit die 400 setels beskikbaar. Provinsiaal lyk die uitslae min of meer dieselfde as nasionaal met 266 uit 425 setels wat deur die ANC gewen word (IEC, 1994). Die 1994 verkiesing is suksesvol afgehandel onder die beheer van 'n tydelike OVK. Ná die verkiesing is die name van vier provinsies as volg verander: die Oos-Transvaal word Mpumalanga, Noord-Transvaal word Noordelike Provinsie, die Oranje-Vrystaat word die Vrystaat en die PWV word Gauteng.

4.3.2.2 Die 1999 nasionale/provinsiale verkiesing

Die grondwet van 1996 bepaal dat verkiesings elke vyf jaar gehou word (Suid-Afrika, 1996: Hoofstuk 4:49:1 & 2) Die tweede nasionale verkiesing is gehou op 2 Junie 1999. Ná vyf jaar van demokratiese regering behaal die ANC en president Thabo Mbeki, as Nelson Mandela se opvolger, 'n groot oorwinning in die 1999 demokratiese verkiesing. Die ANC voer die verkiesingsveldtog saam met sy alliansievennote, die SAKP en COSATU. Werkers se belange bepaal grootliks die aard van hierdie alliansie, aangesien kiesers glo dat hul belange slegs onder ANC-leierskap beskerm en hul omstandighede in die werksplek verbeter kan word (Letsholo, 2005:6).

4.3.2.2.1 Regeringsprestasies in die eerste vyf jaar van demokrasie

In die ANC se verkiesingsmanifes van 1999 het die ANC al hul prestasies van die vorige vyf jaar beklemtoon: ekonomiese beleid is hervorm met die implementering van 'n nuwe neo-liberale ekonomiese program (GEAR). Die gesondheidssektor is in die proses van hervorming. In die

verkiesingsveldtog is die dominante kwessies wat aangespreek word die gaping tussen ryk en arm wat steeds vergroot, die hoë werkloosheidsyfer, en die swak toestand van die onderwysstelsel. President Mbeki beklemtoon die ANC se toewyding tot ekonomiese groei en rekonstruksie, sowel as die bekamping van misdaad, korrupsie en selfverryking (ANC, 1999). In die 1999-manifes verklaar die ANC die regering is, in lyn met die HOP se doelwitte, stadig besig om die geweldige ongelykhede en armoede uit te wis (ANC, 1999). Die volgende statistieke word in die manifest genoem in terme van uitkomst behaal (1994-1999):

- Ongeveer 3 miljoen mense verkry toegang tot behuising en water en 2 miljoen huishoudings het elektrisiteit bygekry, terwyl 3 miljoen mense van Telkom-landlyne voorsien is.
- Meer as 500 klinieke is gebou en gratis mediese sorg word voorsien aan kinders onder 6 jaar en verwagte vroue.
- 220 000 hektaar grond is aan 68 000 huishoudings oorgedra.
- 10 000 nuwe klaskamers is gebou en 2,5 miljoen addisionele kinders word in die onderwysstelsel ingebring.

Hierdie positiewe uitkomst dra grootliks by tot die toename in kiesersteun vir die regerende party en word as sulks in die 1999 uitslae weerspieël.

4.3.2.2.2 Uitslag van die 1999 nasionale verkiesing

Volgens die OVK se verkiesingsuitslae stem 16 228 462 kiesers vir 26 partye en die kiesersopkoms is 89,3% van geregistreerde kiesers. Tabel 4.5 toon die oorhoofse uitslae as volg:

Tabel 4.5: Oorhoofse uitslae van die 1999 nasionale verkiesing

SOP	25 411 573			100%
Geregistreerde kiesers	18 172 751		100%	
Stemopkoms	16 228 462		89,30	63,86
Geldige stemme	15 977 142	100%	87,92	62,87
ANC-stemme	10 601 330	66,35	58,33	41,72
Opposisiestemme	5 375 812	29,58	29,58	21,15
Wegblystemme	9 183 111			36,13
Bedorwe stemme	251 320	1,54% van stemopkoms		

Bron: Alvarez-Riviera (1999); IEC (1999) Election Results

Die ANC versterk sy meerderheid met die tweede nasionale/provinsiale verkiesing deur 66,35% van die totale geldige stemme en 266 parlementêre setels uit 400 te wen. Die DP wen 9,56% van die stemme en daarmee saam 38 setels nasionaal. Die IVP volg met 8,6% en 34 setels in die nasionale stem (Alvarez-Riviera, 1999). Die NNP volg kort op die DP se hakke met 28 setels op nasionale vlak. Hoewel die ondersteuning van opposisiepartye as 'n geheel verswak, versterk

die DP se ondersteuning en vervang die NPP as amptelike opposisieparty (Potgieter, 2005:7). Op provinsiale gebied behaal die ANC die meerderheid in al die provinsies (in die Wes-Kaap met 42,62% teenoor die NNP se 34,38%), maar in KwaZulu-Natal kry die ANC net-net minder stemme: 39,77% teenoor die IVP se 40,45%.

4.3.2.3 Die 2004 nasionale/provinsiale verkiesing

In die inleiding tot die 2004-manifes stel die ANC sy oorhoofse doelwitte as *“a people's contract to create work and fight poverty”* (ANC, 2004).

4.3.2.3.1 ANC se nasionale verkiesingsmanifes van 2004

In die ANC se 2004-manifes, waarna verwys word as 'n kontrak tussen die ANC-regering en kiesers, word die suksesse van die ANC in die eerste dekade as volg deur president Mbeki uitgelig: die ideale van demokrasie en gelyke regte is vasgelê in die Grondwet; daar is vrede en stabiliteit in die staat; bronne word aangewend om alle burgers se lewensomstandighede te verbeter; die uitskakeling van rassisme, seksisme en alle ander vorme van diskriminasie word grondwetlik onderskryf. President Mbeki verklaar verder dat toegang tot kwaliteit onderwys daargestel is, diskriminasie in die werksplek verwyder is, 'n kompeterende en produktiewe ekonomie geskep is en dat SA strategies deelneem aan internasionale aktiwiteite, op sportgebied, op sakegebied en kulturele en humanitêre kwessies (ANC, 2004). Prestasies wat uitgewys word, is dat die ANC teen 2004 1,6 miljoen huise gebou het, skoon water aan 9 miljoen mense en elektrisiteit aan 70% van huise in SA voorsien het. Problematies vir die ANC-regering is die feit dat ongeveer 5,3 miljoen mense op daardie stadium as HIV-positief gediagnoseer is – meer as in enige ander land ter wêreld. Die werkloosheidsyfer is steeds aan die toeneem en die gaping tussen ryk en arm het vergroot (EISA, 2004). Die persepsie van korrupsie, veral op plaaslike regeringsvlak, veroorsaak ook ontevredenheid onder gemeenskappe. Die voortdurende armoede, werkloosheid en korrupsie is van die belangrikste redes vir die afname in kiesersondersteuning, wat in Periode 2 lei tot teleurstellende verkiesingsuitslae vir die ANC, en eindelijk tot die erosie van kiesersvertroue.

4.3.2.3.2 Uitslag van 2004 nasionale/provinsiale verkiesing

In SA se derde nasionale en provinsiale verkiesing op 14 April 2004 word Thabo Mbeki onbestrede verkies as president vir 'n tweede termyn. 21 partye neem aan die verkiesing deel. Die aantal geregistreerde kiesers beloop 20 674 926, 'n toename van ongeveer 2,5 miljoen sedert die 1999 verkiesing (sien Tabel 4.6 vir uitslae van die verkiesing). Die stemopkoms beloop 15 863 558 (76,73%), waarvan die ANC met 'n stemtotaal van 69,68% teenoor die DA se 12,36% spog. Alhoewel die ANC se ondersteuning dus toeneem, toon die stemopkoms, as persentasie van SOP, 'n afname van 13% vanaf die 89% in 1999 na 56% teen 2004 (EISA, 2004).

Tabel 4.6: Oorhoofse uitslae van die 2004 nasionale verkiesing

SOP	27 994 712			100%
Registrasie	20 674 926		100%	
Stemopkoms	15 863 558		69,58	56,55
Geldige stemme	15 612 671	100%	55,77	55,77
ANC-stemme	10 880 915	69,68	52,62	38,86
DA-stemme	1 931 201	12,36	9,34	6,90
Wegblystemme	12 311 154		58,68	43,98
Bedorwe stemme	250 887	1,58% van stemopkoms		

Bron: IEC (2005:14)

Die ANC wen 279 setels (uit 400) in die parlement en 304 (uit 430) in die provinsiale rade teenoor die DA se 50 setels nasionaal en 51 provinsiaal. Die IVP kry 34 setels nasionaal en 37 provinsiaal. Die res van die opposisiepartye deel 'n totaal van 27 setels nasionaal en 26 provinsiaal. Die drie nasionale verkiesings toon oorwegend dat daar sterk ondersteuning vir die ANC se beleid en programme was tydens die oorgangsfase na demokratisering. Die munisipale verkiesings volg egter 'n minder positiewe trajek, wat onderliggend reeds kiesers se ontevredenheid aandui.

4.3.2.4 Munisipale verkiesings in Periode 1

Die wet op plaaslike regering: Munisipale Strukture (Wet 117 van 1998), word as die “grondwet” vir plaaslike regerings in SA beskou. Volgens dié wet is 284 munisipale rade daargestel: ses stedelike (metro-) rade, 231 plaaslike rade en 47 distriksrade. Die afbakeningsraad het ook 3754 wyke in 229 munisipaliteite ingestel. In die munisipale, of plaaslike verkiesings, stem kiesers vir:

- **Stedelike rade:** een proporsioneel-verteenwoordigende stem vir 'n party wat meeding om die stadsraad; een stem vir die individuele kandidaat wat meeding in die wyk (kiesafdeling)
- **Plaaslike raadslede:** een proporsioneel-verteenwoordigende stem vir 'n party wat meeding vir die raad; een stem vir die individuele kandidaat wat meeding vir die kiesafdeling; een proporsioneel-verteenwoordigende stem vir die distriksraad
- **Distriksbestuur:** een proporsioneel-verteenwoordigende stem vir DBA-verteenwoordigers (distrikbestuursgebied) in die distriksraad. In baie klein plaaslike rade waar daar net 'n paar raadslede is, mag daar dalk in terme van proporsionele verteenwoordiging net een plaaslike raadstem en een distriksraadstem wees (Local Government Elections, 2016).

Die instelling van plaaslike rade verseker dat die demokratiese beginsels van verteenwoordiging en deelname tot op grondvlak deurgevoer word, om sodoende in die behoeftes van gemeenskappe te voorsien en beloofde doelwitte te bereik.

4.3.2.4.1 Ontwikkelingsdoelwitte op munisipale vlak

Die munisipale rade se hoofdoelwit is om dienslewering op grondvlak in die gemeenskappe te bestuur en verbeter, soos per die 1995/96 Witskrif vir die Transformasie van Openbare Dienste (sien afd. 4.3.1.3.3). Die ANC-manifes in al drie verkiesings (Periode 1) beklemtoon die rol van die plaaslike rade as verteenwoordigers van die nasionale regering op grondvlak:

“The ANC will ensure democratic, efficient and open local government which works closely with community structures in providing affordable housing and services” (ANC, 1994a).

Die HOP beklemtoon ook die belangrike rol wat munisipale rade in die verskaffing van dienste aan gemeenskappe speel. In Artikel 2.7 van die HOP-Witskrif onderneem die regering die doeltreffende koördinerende van programme op plaaslike vlak. Die sleutelrol van plaaslike regering word beklemtoon as die lewering van openbare dienste, in samewerking met gemeenskapsgebaseerde organisasies, in die toepassing van die beginsels van “voortreflike regering” en die bestuur van ontwikkelingsprojekte. Die HOP onderneem om infrastruktuur te herstel, dienste uit te brei, plaaslike regering te legitimeer, en die doeltreffende aanwending van bronne in plaaslike regering te verseker sodat hervorming oor die breë sosio-ekonomiese spektrum van die gemeenskap kan plaasvind (RDP, 1994).

4.3.2.4.2 Kiesersbehoefte op plaaslike vlak

Kiesersbehoefte op plaaslike vlak kan hoofsaaklik saamgevat word as die verligting van armoede en lewering van basiese dienste. Die Afrobarometer-studies oor “lived poverty” (bestaande armoede) gee ’n duidelike uiteensetting van die behoeftes van individue en gemeenskappe vir kontantinkomste (werk), elektrisiteit en watervoorsiening, kos, brandstof (hoofsaaklik paraffien) en gesondheidsdienste (Mattes, 2014:4). Die faktore wat kiesers se besluitneming beïnvloed of hulle in plaaslike verkiesings sal stem, word deur Mattes (2014:4) uitgelig as: tevredenheid met demokratiese prosesse; persepsie van dienslewering; toeganklikheid van stembokke; reiskoste verbonde en tyd wat dit neem om te stem.

Volgens Booysen (2011:2) is dit in die plaaslike sfeer waar *“the hearts and minds of the people of SA are shown to a larger extent than in comparable national spaces”*. Booysen beklemtoon dat daar plaaslik meer geleentheid vir “political-electoral dissent” en rebellie voorkom, en die plaaslike verkiesings word gesien as ’n referendum op die regering en status van die politieke partye. Booysen wys uit plaaslike verkiesings beklemtoon faktore soos:

- Hoër blootstelling van swakhede in die regering, veral korrupsie en wanadministrasie
- Meer direkte blootstelling van verkose amptenare aan die kieserspubliek
- Protesaksie om die plaaslike politici en burokrate verantwoordbaar te hou
- Institusionele onderontwikkeling en tekort aan voldoende menslike bronne en kapasiteit
- Plaaslike verkiesings word dikwels verantwoordelik gehou vir foute en swakhede in die nasionale en provinsiale regering

- Provinsiale en nasionale partyleiers se taktiek om plaaslike verteenwoordigers te manipuleer (Booyesen, 2011:2).

In die uitslae van die plaaslike regeringsverkiesings, hieronder aangedui, word die tendens van die deurlopende swak stemopkoms van kiesers gerapporteer en as 'n belangrike aanwyser van lae kiesersvertroue gereken.

4.3.2.4.3 Die 1995/96 munisipale verkiesing

Die 1995/96 munisipale verkiesing – buiten in KwaZulu-Natal en dele van die Wes-Kaap, waar die verkiesing as gevolg van afbakeningsdispute eers in Mei en Junie 1996 plaasvind – vind landswyd op 1 November 1995 plaas. Die oorhoofse uitslae van die verkiesing word hieronder in Tabel 4.7 getabuleer

Tabel 4.7: Oorhoofse uitslae van die 1995/96 munisipale verkiesing

Party	PV-stemme	Persentasie	Setels
ANC	5 033 855	59,4	6032
NP/DP	1 865 471	21,6	1952
IVP	757 704	8,7	754
VF	230 845	2,6	159
ACDP	66 985	0,7	8
PAC	104 455	1,2	27
ANDER	559 750	5,8	2436
TOTAAL	8 619 065	100	11 368

Bron: EISA (1995/96)

Die oorgangsmunisipaliteite (met proporsionele verteenwoordiging) vervang die plaaslike rade van die apartheids-era. Ongeveer 17 782 694 kiesers registreer, maar slegs 8 619 065 stem in die verkiesing. Resultate toon dat die ANC 59,4% van stemme werf, die DA (Demokratiese Alliansie wat bestaan uit DP, NNP en FA) 21,6% van die stemme, die IVP 8,7%, VF 2,6% en die PAC 1,2%. Die ANC wen die meerderheid met 6032 setels, terwyl die NP/DP 1952 setels wen (EISA, 1995/96).

4.3.2.4.4 Die 2000 munisipale verkiesing

Op 5 Desember 2000 vind die tweede munisipale verkiesing in die nuwe politieke bedeling vir die bestuur van 225 munisipaliteite plaas. Tabel 4.8 sit die belangrikste partye se uitslae uiteen. In die 2000 plaaslike verkiesing registreer 18 511 975 kiesers, maar slegs 8 707 625 kiesers stem (48,06%) – dus ongeveer dieselfde stemopkoms as in die 1995/96 verkiesing (ook slegs 48%). Die ANC domineer egter die uitslae met oorwinnings in 170 van die 225 munisipaliteite, wat onder ANC beheer kom, en werf 59,91% van die geldige stem.

Tabel 4.8: Oorhoofse uitslae van die 2000 munisipale verkiesing

Party	PV-stemme	Persentasie	Munisipale Rade
ANC	5 216 390	59,91	170
DA	1 946 091	22,35	18
IVP	795 264	9,13	36
UDM	234 253	2,69	1
ACDP	103 570	1,19	0
PAC	115 861	1,33	0
VF+	7 450	0,09	0
ANDER	288 746	3,31	2
TOTAAL	8 707 625	100	225

Bron: IEC (2004:62, 66); EISA (1995/1996); Booysen (2012:104)

4.3.3 Tendense in die verkiesingsuitslae van nasionale en plaaslike verkiesings in Periode 1

Die vyf verkiesings (nasionaal en munisipaal) wat in Periode 1 plaasgevind het, is almal deur die OVK as vry en regverdig verklaar, en dit het tot 'n groot mate tot die verdieping en uitbouing van die demokrasie in die eerste dekade bygedra. (IEC, 2004:59). Kiesers was oor die algemeen tevrede met die verkiesingsproses en beskou die verkiesings as vry en regverdig, en voel dit voldoen aan die standaard van deursigtigheid en legitimiteit. Stemlokale was toeganklik en stemprosedures maklik om te volg. Prosedureel slaag die transformasionele regering dus daarin om demokratiese beginsels en prosedures rondom vrye verkiesings te vestig en suksesvol te bestuur, 'n proses wat grootliks in die ander Afrika-state misluk het (Sien Hoofstuk 3, afd. 3.3.2.2.2). Tendense in stempatrone in die vyf verkiesings word geïdentifiseer as:

- Ondersteuning vir die ANC as dominante party
- Oorhoofse afname in kiesersdeelname
- Ondersteuning van opposisiepartye.

Hierdie tendense is beduidende tekens van die demokrasie se gesondheid, die vlakke van kiesersvertroue, en speel 'n deurslaggewende rol in die mate waartoe suksesvolle demokratiese konsolidering plaasvind.

4.3.3.1 Ondersteuning van die ANC as dominante party

In Periode 1 het die ANC deurlopend met elke verkiesing die boodskap herhaal dat die ANC histories die draer is van demokrasie, sowel as die party van die onderdrukte swart gemeenskap, die werkersklas en die armes. Volgens Letsholo (2005:6) het die ANC politieke retoriek gemanipuleer

om die opposisie as rassisties voor te hou en sosiale verskille uit te wys. Hierdie dominante posisie van die ANC versterk in Periode 1 as volg:

- Die ANC wen elke nasionale/provinsiale verkiesing met toenemende kiesersondersteuning, wat die ANC as 'n dominante, hegemoniese party vestig. ANC ondersteuning neem toe in die nasionale verkiesings van 62,65% in 1994 na 66,35% in 1999, en 69,68% in 2004. (Verwys Tabel 4.9 vir 'n uiteensetting van die ANC se toenemende ondersteuning op nasionale vlak.) In die parlement domineer die ANC in 2004 met 279 uit 400 setels. De Jager (2015:159) beklemtoon die volgende: *“The party appears to have reached its electoral high water mark in 2004”*.
- Hoewel die stemopkoms op plaaslike vlak slegs 48% in 1995/1996 en 49% in die 2000 plaaslike verkiesing is, domineer die ANC ook hier deur al die metrorade in 2000 te wen en in totaal 170 uit 225 munisipaliteite te beheer, sowel as 304 uit 430 setels (71%) in die provinsiale rade te wen.
- Piombo en Nijzink (2005:274) is van mening die debat oor die ANC as dominante party neem nie in ag dat die ANC nie outomaties dominansie verkry het nie. Die dominansie en sentralisering van mag binne die ANC moet ontleed word in die konteks van die pogings wat die ANC moes insit om NIE in die voetspore van ander bevrydingsbewegings in Afrika te volg, wat kort ná onafhanklikheidswording as transformasionele demokrasieë misluk het nie (Piombo & Nijzink, 2005:274). Voortgesette partydominansie is egter een van die faktore wat demokratiese konsolidering kan kortwiek en lei tot mislukking van die demokrasie, aangesien politieke mag ongelyk verdeel word. Veelparty-deelname aan politieke prosesse, wat een van die voorwaardes van suksesvolle demokratisering is, word in die proses benadeel. In Hoofstuk 2, afd. 2.2.6.1, word die eienskappe van 'n gesonde pluralistiese demokrasie gedefinieer as insluitend van 'n wye verspreiding van politieke mag onder kompeterende groepe, met geen mag behou in elite-groepe nie (Heywood, 2013:101).

Booyesen (2011:4) maak egter die stelling dat:

“Popular trust and loyalty are the key phenomena that give the ANC and government these powers”.

Booyesen is dus van mening dat die ANC se magsbasis deur kiesers gelegitimeer word, soos deur Dahl in Hoofstuk 2, afd.2.3.4.1, beklemtoon.

Tabel 4.9: Die ANC as dominante party

Jaar	ANC-stemme	% van opkoms	Setels
1994	12 237 655	62,65	252
1999	10 601 330	66,35	266
2004	10 878 251	69,68	279

Bron: EISA (2005:11)

4.3.3.2 Oorhoofse afname in kieserdeelname

Terwyl die ANC sy eie posisie as dominante party teenoor die opposisie versterk, toon ontleding van die breër kiesersgemeenskap se stempatrone dat daar wel onderliggende ontevredenheid is met die regerende party se uitvoering van beleid en programme. Marais (2015:376) dui aan die persentasie van SOP wat stem, het skerp gedaal van 89% in 1994 tot 72% in 1999, en verder tot 58% in 2004. Die persentasie van stemgeregtigde kiesers wat wegbly van die stembus styg met meer as 300% oor die tydperk. Dus het slegs 'n bietjie meer as 50% van Suid-Afrikaners wat stemgeregtig is (volgens SOP) in 2004 hul stemme uitgebring.

SOP neem toe van 23 miljoen in die eerste demokratiese verkiesing na 27,4 miljoen in 2004. Ses miljoen burgers bly egter ongeregistreerd. Dus is daar ook 'n afname in die proporsie registrasies teenoor die geldige SOP van 80% in 1999 na 75% in 2004 (IEC, 2004), soos in Tabel 4.10 getabuleer.

Tabel 4.10: Ontleding van kiesersdeelname teenoor SOP in nasionale verkiesings:

Periode 1

KIESERSDEELNAME	1994	1999	2004
Geldige SOP	23 063 910 (beraamde syfer)	25 411 573	27 436 926
% kiesers wat registreer	--	80	75
% SOP wat stem	86	72	58
% SOP wat nie stem nie	14	30	43
% SOP wat vir ANC stem	54	46	40
% SOP wat stem vir DP/DA	2	7	7
% SOP wat vir ander partye stem	30	17	10

Bron: IEC (2004); Schulz-Herzenberg (2014a:2); Piombo en Nijzink (2005:255)

Alhoewel die ANC 'n onbetwisbare stygende stemsyfer toon, moet die resultate gesien word teen die vlakke van registrasie en stemopkoms, waar 'n afname teen die agtergrond van 'n groeiende bevolking plaasvind. Vyf miljoen meer mense tree toe die SOP toe, maar die

ANC werf net 279 585 van hierdie potensiële stemme. Die % van SOP wat vir die ANC stem, krimp van 54% in 1994 na 39,7% in 2004 as gevolg van kiesers wat wegbly van die stembus. In 1999 het 1,6 miljoen minder mense vir die ANC gestem as in 1994.

- In die 2004 verkiesing toon provinsies met groter landelike bevolkings (Oos-Kaap, Mpumalanga en die Vrystaat) hoër stemopkoms as stedelike gebiede.
- Al was die stemopkoms in die 1999 nasionale verkiesing baie hoog (89%), stem slegs 8 882 734 kiesers in die 2000 munisipale verkiesing (48,06%). Die stemopkoms in die 1995/1996 verkiesing was ook slegs 48%.
- Kiesersvertroue is hoog in die 1994 nasionale verkiesing en die stemopkoms as persentasie van die beraamde SOP is 85,53% en 86,9 % van die geregistreerde kiesers. Die persentasie van die SOP wat stem, daal egter van 86% na 72% in 1999, en na 58% in 2004 (minder mense stem).
- Die persentasie stemgeregtigde kiesers wat nie stem nie styg van 14% na 30% in 2004 – meer mense bly weg van die stembus as in 1994 (verwys Tabel 4.10) (IEC, 2004).

Die oorhoofse afname in kieserdeelname raak aan die kern van demokrasie in die praktyk: die deelname van alle stemgeregtigde burgers aan demokratiese prosesse verseker die legitimiteit van die demokrasie (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.2.7). Kiesersdeelname word ook direk verbind aan kiesersvertroue – lae deelname is 'n aanwyser van lae vertroue in die regerende party en lae vlakke van interne politieke doeltreffendheid.

4.3.3.3 Ondersteuning van opposisiepartye

'n Gesonde demokrasie word ook gemeet aan die mag en invloed wat plurale groepe, soos opposisiepartye, onder kiesers behou (Hoofstuk 2, afd 2.2.6.1). In SA vaar die opposisiepartye in die oorgangsfase nie goed nie, soos hieronder uitgelig.

- Teen die einde van Periode 1 vestig die DA homself as die amptelike opposisie. As gevolg van kiesers se veranderende behoeftes in die opposisiepartye vorm die hoofopposisie, (aanvanklik 'n koalisie tussen die DP, NNP, FA en VF), eindelik teen 2004 as 'n meer eenvormige party, die DA (Demokratiese Alliansie), deur 12,37% van stemme in die 2004 nasionale verkiesing in te palm (Letsholo, 2005:1-13).
- Die wegblystemme beïnvloed nie net die ANC nie, maar ook die opposisiepartye. Die stemme wat die ANC verloor, word nie deur die opposisie gewen nie. Twee miljoen minder mense stem vir opposisiepartye as in 1994. Die wegblystemme is 'n tendens wat meer onder jonger kiesers voorkom (Marais, 2015: 376).
- Die DA, as opkomende hoofopposisieparty, se ondersteuning neem egter toe en die DA werf 38 setels in 1999 en 60 in 2004. Die IVP se aandeel krimp van 43 setels in 1994 na 28 setels in 2004. Die Nuwe Nasionale Party (NNP), aan die kwyn, krimp van 62 setels in

1994 na 7 setels in 2004, saam met die res van die opposisieparty wat almal steun verloor (Schulz-Herzenberg, 2014:5).

- Hoewel die hoofopposisie as een party (die DA) konsolideer, bly opposisieparty betreklik swak in terme van breë ondersteuning onder kiesers (slegs 10,2% van SOP in 2004).
- 23 partye het deelgeneem aan die verkiesing, maar 15 werf geen setels in die nasionale regering nie. Teenoor die ANC se 252 setels wen opposisieparty in totaal slegs 148. Die opposisiefrent vaar dus swak in die nasionale verkiesing (sien Tabel 4.10).
- Die persentasie kiesers wat vir opposisieparty stem, daal van 30,6 % na 16,9%; ondersteuning vir opposisieparty verswak dus met die 1999 nasionale verkiesing en daal verder na 10,2% in 2004.

In Periode 1 is dit duidelik die opposisieparty kan nie daarin slaag om ondersteuning vir die ANC te verminder nie. Ontevrede kiesers bly eerder weg van die stembus as om teen die ANC te stem. Letsholo (2005:5) bevestig kiesers wat diep ontevrede is met die ANC se prestasie bly eerder tuis as om opposisieparty te ondersteun.

4.3.4 Bevrydingsideologie as die verkiesingsboodskap in Periode 1

In die 2004 verkiesing maak die ANC steeds op sy geskiedenis as bevrydingsbeweging staat as die primêre verkiesingsboodskap. Volgens Letsholo (2005:3) is geen werklike politieke alternatief deur die ANC aangebied nie⁵⁶. Ten spyte van die dramatiese toename in werkloosheid en sosiale ongelykhede tydens die eerste dekade van ANC-regering bly swart kiesers, insluitende die werkersunies, lojaal teenoor die ANC en is die stemresultate vir die ANC die hoogste in die dekade (verwys Tabel 4.9). Tendense wat egter begin manifesteer, is die geleidelike afname in die breë ondersteuningsbasis, stemapatie en toenemende wegblyksies, toename in openbare protesaksies, asook toename in ontvanklikheid vir radikale en populêre politiek. Dit word dus reeds in Periode 1 duidelik dat daar tendense in kiesersgedrag en kiesersdeelname begin manifesteer wat 'n aanduiding is van ontevredeheid met regeringsaksies en institusies, behoeftes wat nie bevredig word nie, swak dienslewering en ook 'n afname in politieke belangstelling. Die afname in stemopkoms het reeds in 2004 spekulasie laat ontstaan dat die Suid-Afrikaanse demokrasie in 'n afwaartse trajek is, maar verdere ontleding toon die stemopkoms stem ooreen met soortgelyke dominante partystelsels in ander

⁵⁶ Lodge (in Piombo & Nijzink, 2005:117) is van mening die ANC gebruik die retoriek van die HOP deurlopend in sy verkiesingsmanifeste en verwys na dieselfde "vaag-gedefinieerde kontrak" tussen "*each citizen, community and sector of society ... to build a better South Africa*" as in vorige manifeste. Volgens Letsholo (2005:3) spreek die ANC herhaaldelik dieselfde kwessies soos werkloosheid, gesondheidsorg, HIV/vigs, en misdaad aan. Die relevansie van die bevrydingsboodskap as deurlopende tema, sonder enige "nuwe" of "alternatiewe" oplossings vir sosio-ekonomiese probleme word egter in Periode 2 bevraagteken.

state⁵⁷. Norris (soos aangehaal deur Piombo & Nijzink, 2005:256) het bevind dat meeste ontwikkelingstate op SA se ekonomiese ontwikkelingsvlak en lengte van demokratiese regering 'n gemiddelde stemopkoms van ongeveer 70% van geldige SOP lewer, terwyl die stemopkoms in dominante party-demokrasieë rondom 57% vertoon. Die stemopkoms in die 2004 verkiesing was 57,8% wat ooreenstem met die dominante party-tendens en word deur sommige kritici beskou as normalisering van die demokrasie teenoor ander wat kiesers se apatie as die verlies van vertroue in demokratiese prosesse beskou (Piombo & Nijzink, 2005:256).

In Periode 2 word die afwaartse trajek van regeringsondersteuning verder ontleed met die bespreking van kiesersresultate in nasionale en munisipale verkiesings ná 2004.

4.4 ONTLEDING VAN PERIODE 2 (2005-2017): DALING IN KIESERSTEUN VIR DIE ANC

In Periode 2 word klem gelê op die prosesse wat tot die konsolidering van die demokrasie sal lei en die ontleding van kiesers se persepsie van die ANC se doeltreffendheid as transformasionele regering. Uitdagings en hindernisse tot demokratiese konsolidering word bespreek en die prosedurele en substantiewe verpligtinge van die staat in die konsolideringsproses ontleed. Hierdie afdeling het ten doel om die stelselmatige afname in ondersteuning vir die ANC uit te wys en aan die erosie van kiesersvertroue in die regering en demokratiese prosesse te verbind.

4.4.1 Uitdagings en hindernisse in Periode 2

In Junie 2011 word die Nasionale Beplanningskomiteeverslag van 2007 (*kyk* Commission Diagnostic Report, 2011) deur die Departement van Beplanning, Monitering en Evaluasie as deel van die NOP-Witskrif vrygestel, wat SA se suksesse en mislukkings sedert 1994 identifiseer. Volgens die verslag het die regering nie daarin geslaag om ontwikkelingsbeleid doeltreffend te implementeer nie. Die verslag identifiseer nege primêre uitdagings wat terselfdertyd as hindernisse tot demokratiese konsolidering dien, soos in Figuur 4.2 geïllustreer.

⁵⁷ In die tydperk 1988-2013 is die gemiddelde stemopkoms in dominante sub-Sahara-state soos Tanzanië 52%, in Botswana 48%, en in Mosambiek 51% (Schraufnagel & Gowen, 2014:14).

Figuur 4.2: Uitdagings en hindernisse tot demokratiese konsolidering



- Te min mense werk.
- Die kwaliteit van swart onderwys is swak.
- Infrastruktuur is swak versprei, onvoldoende en word swak onderhou.
- Geïntegreerde ontwikkeling word gekortwiek deur ruimtelike skeiding van wit en swart woongebiede.
- Ekonomiese bronne is onvoldoende.
- Gesondheidsdienste kan nie in die aanvraag voldoen nie en kwaliteit van diens is swak.
- Dienslewering in die openbare sektor is swak.
- Korrupsievlakke is hoog.
- SA bly steeds 'n ongelyke samelewing.

Bron: Soos vertaal en aangepas uit die Commission Diagnostic Report (2011)

Hierdie probleme wat die ANC-regering ná 'n dekade nog in die gesig staar, definieer tot 'n groot mate die aard van die demokrasie in Periode 2 en die fokus in hierdie fase val hoofsaaklik op dienslewering en armoedeverligting as ontwikkelingsdoelwitte (substantief). In die ontleding van Periode 2 word daar dus gefokus op die volgende vier aspekte om die aanname van 'n afwaartse trajek in ondersteuning vir die ANC te substansieer:

- Rol van die staat, met klem op die prosedurele en substantiewe verpligtinge van die transformasionele regering
- Ontwikkelingsdoelwitte en beloftes soos in die verskillende ANC-manifeste en -beleidsdokumente vervat
- Die uitslae van die drie nasionale en twee munisipale verkiesings
- Tendense in die verkiesingsresultate van nasionale en plaaslike verkiesings.

Die rol van die staat in die verwesenliking van hul beloofde ontwikkelingsdoelwitte is ook in Periode 2 prioriteit en die verpligtinge van die oorgangsregering in die konsolideringsfase word vervolgens ontleed.

4.4.2 Rol van die staat, met klem op die prosedurele en substantiewe verpligtinge van die transformasionele regering

Soos in Hoofstuk 3 (afd. 3.3.1) uitgewys, is die konsolidering van die demokrasie die einddoel van die demokratiseringsproses. Kotze (2015a:20) beklemtoon veral staatskapasiteit en die rol van 'n funksionerende regeringstruktuur met 'n geïnstitusioneerde ekonomiese gemeenskap wat ekonomiese ontwikkeling en herdistribusie kan fasiliteer as 'n sleutelement van demokratiese konsolidering. Hierdie proses behels die uitvoering van prosedurele en substantiewe verpligtinge van die staat op alle vlakke van die demokrasie.

4.4.2.1 Prosedurele en substantiewe verpligtinge van die staat in Periode 2

Die prosedurele verpligtinge in Periode 2 sentreer rondom die uitbouing en konsolidering van die demokrasie, deur die beskerming van demokratiese prosedures en instellings soos die grondwet en OVK, en die implementering van regeringsprogramme. In die substantiewe dimensie word die regte en vryhede van burgers beskerm en vind die sosio-ekonomiese uitbouing en opheffing van die gemeenskap plaas.

Vyf verpligtinge, soos in die prosedurele dimensie deur Kotze (2015a:2-19) geïdentifiseer, word as ontwikkelingsdoelwitte in die 2004 verkiesingsmanifes vervat. Tabel 4.11 tabuleer hierdie pligte teenoor die verkiesingsbeloftes van die ANC.

Tabel 4.11: Prosedurele verpligtinge van die regering in Periode 2

PROSEDURELE VERPLIGTINGE	ANC VERKIESINGSBELOFTES soos per 2004/2009 MANIFES
Uitbouing van konstitusionele beginsels en strukture in gemeenskappe en die regte van agtergeblewe gemeenskappe	<i>“Ensure that all South Africans, including especially the poor and those at risk – children, youth, women, the aged, and people with disabilities – are fully able to exercise their constitutional rights and enjoy the full dignity of freedom”.</i>
Beskerming en bestuur van demokratiese institusies soos vrye en regverdige verkiesings, onafhanklike regstelsel, doeltreffende burokrasie.	<i>“Strengthen all institutions of democracy, including the legislatures and bodies such as the Constitutional Court, Human Rights Commission, Auditor-General and the Public Protector so as to improve citizens' exercise of their rights”.</i>
Investerings in infrastrukturele projekte en die verbetering van openbare dienste	<i>“A review of the structure of government will be undertaken, to ensure effective service delivery. More jobs, decent work and sustainable livelihoods. Complete the land restitution programme and speed up land reform. Create 1 million job opportunities through the Expanded Public Works Programme. Through government and state-owned enterprises, invest more than R100 billion in improving roads, rail and air transport, as well as telecommunications and energy”.</i>
Stryd teen korrupsie en misdaad, en toepassing van toerekenbaarheid en deursigtigheid	<i>“Ensure efficient functioning of all anti-corruption structures and systems, implementation of laws to ensure exposure of, and action against, private sector corruption, and quicker processes to deal with any corrupt civil servants and public officials. Significantly reduce the number of serious and priority crimes as well as cases awaiting trial, with a society that actively challenges crime and corruption”.</i>
Doeltreffende bestuur van verteenwoordigende provinsiale en plaaslike rade	<i>“Compassionate government service to the people; national, provincial and local public representatives who are accessible; Ensure better co-operation among national, provincial and local governments with integrated planning and monitoring of implementation, and a common system of public service. Realise Batho Pele principles and improve services in government offices. Fully integrate the institution of traditional leadership into democratic governance and development”.</i>

Bron: ANC (2004); ANC (2009); Kotze (2015a:5-6)

Op substantiewe vlak moet die regering 'n gemeenskap skep wat vry is van rassisme, seksisme, en op sosio-ekonomiese vlak ten volle geïntegreer is. Uitbouing van die ekonomie, deelname van alle groepe in die politieke prosesse, en toerekenbaarheid van politieke leiers word vooropgestel in die ANC se manifes van 2004 (Kotze, 2015a:2-19), soos in Tabel 4.12 uiteengesit.

Tabel 4.12: Die vyf belangrikste substantiewe verpligtinge vir konsolidering van die Suid-Afrikaanse demokrasie in Periode 2

SUBSTANTIEWE DIMENSIE	ANC VERKIESINGSBELOFTES soos per 2004 MANIFES
Beskerming van regte en vryhede van alle burgers	<i>"Guided by the Reconstruction and Development Programme (RDP), our vision is to build a society that is truly united, non-racial, non-sexist and democratic. Fully integrate the institution of traditional leadership into democratic governance and development".</i>
Uitbouing van die ekonomie en die bevrediging van sosio-ekonomiese behoeftes soos armoedeverligting en die persoonlike welsyn van burgers	<i>"Reduce poverty by half through economic development, comprehensive social security, land reform and improved household and community assets. Next 5 years: spend over R15 billion to facilitate broad-based Black Economic Empowerment. Our economic and social programmes will work together to ensure they support each other. The developmental state will play a central and strategic role in the economy."</i>
Die uitbouing van 'n deelnemende politieke kultuur, nasionale identiteit en gemeenskapsbronne (sosiale kapitaal)	<i>"Ensure involvement of communities in local economic development initiatives to provide work, build community infrastructure and ensure access to local opportunities. Intensify efforts aimed at building a spirit of community, good citizenship, social activism, moral regeneration and solidarity at the local level".</i>
Bevordering van deursigtigheid en toerekenbaarheid in die uitvoering van regeringsfunksies	<i>"Improve interaction between government and the people through accountable public representatives, one-stop government centres, izimbizo and the use of electronic government services".</i>
Bekamping van korrupsie en wanadministrasie op alle vlakke van regering	<i>"Ensure efficient functioning of all anti-corruption structures and systems including whistle-blowing, blacklisting of corrupt companies, implementation of laws to ensure exposure of, and action against, private sector corruption, and quicker processes to deal with any corrupt civil servants and public officials".</i>

Bron: ANC(2004); Kotze (2015a:16-19)

4.4.3 Ontwikkelingsdoelwitte in Periode 2

Die ontwikkelingsdoelwitte vir die tweede dekade sentreer dus in die ANC se manifes van 2004 rondom armoedeverligting, die lewering van dienste en geleenthede soos water en sanitasie, gesondheid, behuising, werksgeleenthede en vaardigheidsopleiding, uitbreiding van die ekonomiese basis en 'n meer gelyke verdeling van die land se rykdom. Die uitskakeling van korrupsie word ook as 'n prioriteit genoem.

Die vraag is dan: Hoe responsief is die regering teenoor hierdie kwessies? Wat beskou die regering as ontwikkelingsdoelwitte in Periode 2? Vir die doeleindes van dié studie word die volgende twee dokumente uitgelig om hierdie vraag aan te spreek: Die oorsigtelike verslag van die Nasionale Beplanningskomitee (2007) en die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) vrygestel in 2011 wat die ANC se toekomsblik vir SA tot en met 2030 uiteensit.

4.4.3.1 Nasionale Beplanningskomiteeverslag (2007)

Hierdie diagnostiese oorsig, soos reeds in afdeling 4.1 beskryf, beklemtoon die nege hoofuitdagings wat die regering intervensioneel moet hanteer om aansluiting te vind by die openbare agenda. Daar is 'n sterk ooreenkoms tussen hierdie hindernisse en doelwitte en die prioriteite soos per die behoeftes van die publiek, wat steeds sentreer rondom armoedeverligting, werkverskaffing en basiese dienslewering.

4.4.3.2 Die Nasionale Ontwikkelingsplan (2011)

Terwyl die HOP die basis van die regering se plan vorm om armoede te bekamp en 'n verenigde nie-rassige, gelyke gemeenskap tot stand te bring, is dit die regering se plig om hierdie doelwitte in beleid, programme en begrotings te implementeer (HOP, 2011). Gebaseer op die bevindinge van die 2007 diagnostiese verslag is die NOP 2011 deur die regering aanvaar as die raamwerk vir die uitbouing van die beginsels van die HOP. Die NOP het ten doel om teen 2030 armoede en alle maatskaplike ongelykhede uit te skakel. Die inleiding van die NOP haal uit die HOP (1994) as volg aan:

“No political democracy can survive and flourish if the mass of our people remain in poverty, without land, without tangible prospects for a better life. Attacking poverty and deprivation must therefore be the first priority of a democratic government” (NDP, 2011:24).

Die NOP is SA se bloudruk vir sosio-ekonomiese ontwikkeling en fokus op:

- Uitskakeling van armoede deur die hoeveelheid huishoudings met 'n maandelikse inkomste van minder as R419 per persoon te verminder en ook ongelykhede uit te skakel
- Skep van werksgeleenthede: van 13 miljoen betrekkings in 2013 na 24 miljoen in 2030
- Uitbreiding van eienaarskap van die land se bates aan agtergeblewe gemeenskappe
- Die waarborg dat alle kinders ten minste twee jaar se voorskoolse onderwys ontvang, en teen Graad 3 kan lees en skryf
- Bekostigbare gesondheidsdienste en doeltreffende en betroubare openbare vervoer (NDP 2011:34).

Die NOP het as 'n strategiese langtermyn plan die volgende breë riglyne: om 'n aanvaarbare lewenstandaard daar te stel deur die uitskakeling van armoede en vermindering van korrupsie. Die belangrikste elemente vervat in 'n “aanvaarbare lewenstandaard” word geklassifiseer as: behuising, water, elektrisiteit en sanitasie, veilige en betroubare openbare vervoer, kwaliteit opleiding, ontwikkeling van individuele vermoëns, en werksgeleenthede; veiligheid, sekuriteit en beskerming van gemeenskappe; kwaliteit gesondheidsdienste en ontspanning; 'n skoon omgewing en voldoende voedselverskaffing (NDP, 2011:38). In die NOP word die behoeftes van burgers in die vasstelling van 'n aanvaarbare lewenstandaard as volg geïdentifiseer:

Figuur 4.3: Behoeftes van burgers soos in die NOP vervat



Bron: Soos vertaal en aangepas uit NDP (2011:38)

Daar is dus sterk ooreenkomste tussen die ontwikkelingsdoelwitte soos uiteengesit in die NOP en die behoeftes en verwagtinge van burgers in Periode 2, soos hierna bespreek. Tussen Periode 1 en Periode 2 is dit opvallend dat daar met verloop van tyd minder klem gelê word op die ideologiese behoeftes en die fokus toenemend verskuif na die oplossing van sosio-ekonomiese probleme.

4.4.3.3 Kiesersverwagtinge in Periode 2: Sosio-ekonomiese behoeftes van kiesers

Studies onderneem deur SASAS (11 rondtes vanaf 2003 tot 2014) toon die volgende kwessies as prioriteit vir burgers, wat deur die regering aangespreek moes word. Die volgende vyf kwessies word vooropgestel deur respondente (verwys Figuur 4.3):

- **Werkloosheid** – Deur die dekade bly die lesing hoog: 82% in 2005 en 74% in 2014 toon dat werkloosheid die belangrikste probleem is wat die regering moet oplos
- **Misdaad en veiligheid** – Ongeveer die helfte van die volwasse bevolking beskou hierdie kwessie as 'n nasionale prioriteit (42% in 2005 en 45% in 2014).
- **HIV/vigs** – In 2003 beskou 46% van die publiek HIV/vigs as een van die grootste probleme. Dit daal egter in 2014 na 22%, wat dui op tevredenheid met die regering se programme.
- **Armoede** – het gefluktueer oor die dekade. Tussen 2004 en 2007 het armoedevlakke effens gedaal, maar neem weer toe ná 2008, deels vanweë die uitwerking van die wêreldwye resessie.

- **Korrupsie** – Korrupsie is hoog op die openbare agenda. In 2003 het slegs 9% van die bevolking korrupsie as 'n belangrike probleem uitgewys. In 2014 beskou 24% van die bevolking korrupsie as 'n nasionale probleem – 'n toename van 15% (SASAS, 2003-2014).

Tabel 4.13: Die belangrikste probleemareas/behoeftes oor die dekade (2003-2014) soos uitgewys deur respondente

Die gemiddelde persentasie van respondente wat die item oor die dekade noem.

	2003 %	2014 %	GEMIDDELTE %	VERANDERING
WERKLOOSHEID	78	74	75	-4
MISDAAD/ VEILIGHEID	47	45	47	-1
HIV/VIGS	49	22	42	-27
ARMOEDE	38	31	35	-7
KORRUPSIE	9	24	18	+15
DIENSLEWERING	12	20	16	+8
BEHUISING	13	7	11	-5
ONDERWYS	9	15	11	+6
FINANSIËLE SAKE	5	7	6	+2
RASSISME	5	5	5	0

Bron: SASAS (2003-2014)

Tabel 4.12 toon die 10 hoofkwessies wat kiesers voel deur die regering opgelos moet word. In aansluiting by die kwessies wat reeds genoem is, is daar ook dienslewering, behuising, opvoeding ekonomiese kwessies en rassisme. Die grootste toename word aangemeld in die kwessie van korrupsie (+15%), terwyl resultate in die behandeling van HIV/vigs in prioriteit afneem met 27%. Om te bepaal tot watter mate burgers die regering se uitvoering van beleidsprogramme en ander sosio-ekonomiese ontwikkelinge ondersteun, word die uitslae van nasionale en munisipale verkiesings in die tydperk ontleed.

4.4.4 Nasionale/provinsiale en munisipale verkiesings in Periode 2 (2005-2017)

Twee nasionale/provinsiale verkiesings en drie plaaslike verkiesings vind plaas in Periode 2. Die ANC se 2009 verkiesingsmanifest is 'n verlenging van 2004 s'n, en identifiseer hoofsaaklik dieselfde aspekte: werkloosheid, gesondheid, onderwys, landelike ontwikkeling en misdaadbekamping (Twala, 2014:566).

4.4.4.1 Die 2009 nasionale/provinsiale verkiesing

Die vierde nasionale/provinsiale verkiesing, waaraan 26 partye deelneem, is gehou op 22 April 2009. Dit was ook die eerste verkiesing waar oorsese stemme toegelaat is. Die 2009 verkiesing word gekenmerk deur faksiegevegte en die voorafgaande herroeping van Thabo Mbeki as president van die republiek. Die leierskapstryd wat in hierdie periode plaasvind tussen Mbeki en Jacob Zuma, nuutverkose president van die ANC, het 'n negatiewe invloed op ANC

ondersteuning en gevolglik verloor die party ongeveer 3% ondersteuning. Leierskapsprobleme in die Wes-Kaap en diensleweringprotesaksies kos die ANC ook stemme (Russon, 2011:96,97). 'n Nuwe party, COPE, wat hoofsaaklik uit afvalliges van die ANC bestaan, neem vir die eerste keer deel. Die ANC wen 66,35% van die stemme. Op 9 Mei 2009 is Jacob Zuma beëdig as president van die Republiek van Suid-Afrika. Die oorhoofse uitslag van die nasionale verkiesing word hieronder in Tabel 4.14 uiteengesit:

Tabel 4.14: Oorhoofse uitslae van 2009 nasionale verkiesing

SOP	30 224 145			100%
Geregistreerde kiesers	23 181 997		100%	
Stemopkoms	17 919 966		77,30	59,29
Geldige stemme	17 680 729	100%	76,26	58,49
ANC-stemme	11 650 748	66,35	50,26	38,55
DA-stemme	2 945 829	16,43	12,70	9,75
Wegblystemme	1 230 4179			40,71
Bedorwe stemme	239 237	1,33% van stemopkoms		

Bron: SAHO (2009); Fakir, et al. (2014); IEC (2009)

In die Wes-Kaap domineer die ANC nie meer die politieke landskap nie. In die 2004 verkiesing het die ANC 45% van die stemme gewen, maar kon slegs in koalisie met die NPP (11%) die provinsie beheer. Gedurende die 2005 vloerkruisingsperiode het al die NPP-lede van die provinsiale regering oorgeloop na die ANC en so die ANC 'n totale meerderheid in die provinsie gegee. In 2004 is die DA egter nasionaal en in die Wes-Kaap ingestem as amptelike opposisie deur 27% van die stemme te wen. Die Kaapstad-metroraad word ook sedert die 2006 plaaslike verkiesing deur 'n veelparty-koalisie gelei bestuur deur die DA. In die 2009 verkiesing word die ANC oortuigend deur die DA in die Wes-Kaap verslaan. Die DA verkry 51,46% van die stemme – die eerste algehele oorwinning van 'n ander party as die ANC in die Wes-Kaap sedert 1994 (SAHO, 2009).

4.4.4.2 Die 2014 nasionale en provinsiale verkiesing

Die ANC se 2014-verkiesingsmanifes verklaar: *“Together we can move South Africa forward: 2014 Election Manifesto: A better life for all”*, en word opgedra aan Nelson Mandela, wat in 2013 oorlede is. Die ANC se verkiesingsboodskap sentreer dan ook rondom hierdie tema: dat groot vooruitgang gemaak is, maar dat Suid-Afrikaners meer moet saamwerk. Die ANC erken die organisasie moet meer mensgesentreerd optree en dienslewering verbeter. Die ANC belowe dat elke staatsamptenaar, en veral die verkose amptenare, hard sal werk vir die kiesers en ook dat toerekenbaarheid vooropgestel word (SAHO, 2014).

4.4.4.2.1 Kiesersverwagtinge voor die 2014 verkiesing en die politieke “klimaat” onder kiesers

In die IEC Voter Participation Survey (2013/2014) soos bespreek deur Schulz-Herzenberg (2014a:1) in aanloop tot die 2014 verkiesing, word die volgende bevind:

- Nasionale trots is hoog – 86% van Suid-Afrikaners sê hulle is trots om Suid-Afrikaanse burgers te wees.
- Erkenning van demokratiese beginsels is hoog, maar kiesers is ontevrede met die manier waarop demokrasie in SA werk – 48% sê hulle is ontevrede en 63% voel die demokrasie beweeg in die verkeerde rigting.
- Kiesers voel dat die demokratiese uitkomst en resultate tekortskiet in vergelyking met die ideaal.
- Werkloosheid is steeds vir kiesers 'n prioriteit (78%).
- Vertroue in politieke institusies bly daal – vertroue in die nasionale regering daal van 61% in 2009 na 44% in 2013. Vertroue in provinsiale regering is ook op 44%, en slegs 34% van respondente vertrou hul plaaslike regering.
- In 2013 vertrou slegs 36% van respondente hul politieke leiers.

Houdings ten opsigte van stemming en algemene politieke belangstelling toon as volg:

- Slegs 38% van kiesers is geïnteresseerd in politieke gebeure en 79% voel dit is hul plig om te stem (redelik stabiel sedert 2003).
- Interne en eksterne politieke doeltreffendheid: 71% van kiesers glo hul stem kan verandering bring; 38% glo hul verkose party verteenwoordig en beskerm nie hul belange nie.
- 71% van respondente is egter op een of ander gebied teleurgesteld met die demokratiese prosesse (meestal as gevolg van tekort aan toerekenbaarheid en on vervulde politieke beloftes).

Schulz-Herzenberg is van mening dat, ten spyte van verlaagde ondersteuning in 2014, die ANC steeds as dominante party mag behou aangesien agt uit nege provinsies steeds onder ANC beheer bly. Schulz-Herzenberg spreek die opinie uit dat die geleidelike afname in kieserdeelname 'n negatiewe uitwerking kan hê op die legitimiteit van die regering en die kwaliteit van die demokrasie (Schulz-Herzenberg, 2014:1).

4.4.4.2.2 Die 2014 nasionale en provinsiale verkiesingsuitslae

SA se 2014 nasionale en provinsiale verkiesing vind op 7 Mei 2014 in 22 264 stemdistrikte plaas. 29 partye neem aan die verkiesing deel. Die totale getal geregistreerde kiesers is 25 388 082 en volgens die OVK 81% van die SOP. Die ISS (2014) bereken die stemregistrasies egter op 78%, met meer as 7 miljoen ongeregistreerd indien die bevolkingsgroei sedert 2011 in ag geneem word (SOP van 32,6 miljoen). Die stemopkoms in die 2014 nasionale verkiesing is 18 654 771.

Tabel 4.15 illustreer die afname in ondersteuning vir die ANC (35% van die SOP). Die ANC wen 249 setels in die nasionale vergadering – ’n verlies van 15 setels. Die DA wen 89 setels, ’n toename van 22 setels sedert 2009. Die DA vaar dus uitstekend met 22,23% ondersteuning (’n toename van 16,7% sedert 2009). Op provinsiale vlak behou die ANC 279 setels teenoor die 91 van die DA (IEC, 2014). Die EFF kom ook in met 25 setels in albei huise (SAHO, 2014).

Tabel 4.15: Oorhoofse uitslae van die 2014 nasionale verkiesing

SOP	32 687 600			100%
Geregistreerde kiesers	25 388 082		100%	77,70
Stemopkoms	18 654 771		73,62	57,06
Geldige stemme	18 402 497	100%	72,62	56,29
ANC-stemme	11 436 921	62,14	45,13	34,98
DA-stemme	4 091 584	22,23	16,06	12,51
Wegblystemme	14 032 829			42,93
Bedorwe stemme	252 274	1.35% van stemopkoms		

Bron: SAHO (2014); Schulz-Herzenberg (2014a:1-7); IEC (2014a)

Provinsiale resultate toon die ANC wen agt provinsies, terwyl die DA die Wes-Kaap behou. Die EFF kry meer as 10% van die stemme in Gauteng, Limpopo en die NoordWes-Provinsie en behaal beter resultate as die DA in die laaste twee provinsies. In KwaZulu-Natal wen die DA teenoor die IVP en neem die plek in as tweede grootste party. In die Wes-Kaap vermeerder die DA hul aandeel van 51,5% tot 59,4%. Schulz-Herzenberg (aangehaal deur February & Faull, 2014:2) maak die opmerking dat die ANC se volgehoue dominansie op nasionale vlak die party se verliese op plaaslike en provinsiale vlakke verberg. Die verskuiwing in ondersteuning vir die DA en EFF dui volgens haar op die verandering in kiesers se behoeftes, soos hulle meer krities raak ten opsigte van die party wat hulle verteenwoordig. Sy beklemtoon ook dat die groot afname in stemopkoms (as % van SOP) van 86% in 1994 na 57% in 2014 die verswakking van die kwaliteit van die demokrasie kan beteken.

4.4.4.3 Munisipale verkiesings in Periode 2

Drie munisipale verkiesings in Periode 2 vind plaas in 2006, 2011 en 2016. In hul verkiesingsmanifes van 2006 beklemtoon die ANC die plaaslike verkiesings bied aan kiesers die geleentheid om die demokrasie te bevorder en verdiep:

“We have an opportunity further to put the people at the centre of development, not merely as beneficiaries, but as drivers of transformation” (ANC, 2006).

Die manifest plaas klem op die deelname van kiesers in die identifisering en bestuur van plaaslike behoeftes en prioriteite (ANC, 2006).

4.4.4.3.1 Die 2006 munisipale verkiesing

In die 2006 munisipale verkiesingsveldtog fokus die verskillende partye almal op doeltreffender dienslewering. Opstande en grootskaalse protesaksie het landswyd voor die verkiesing uitgebreek in swart woongebiede weens ontevredenheid teenoor die swak dienslewering van plaaslike rade. Kiesersregistrasie neem toe vanaf 18 476 526 in die 2000 verkiesing na 21 054 957 in 2006 in 18 873 stemdistrikte (IEC, 2006), maar stemopkoms is slegs 48,46% van geregistreerde kiesers (IEC, 2011), soos in Tabel 4.16 geïllustreer word.

Tabel 4.16: Uitslae van die 2006 munisipale verkiesing

Party	PV-Stemme	Persentasie	Rade
ANC	6 469 420	65,67	203
DA	1 608 154	16,32	7
IVP	744 486	7,56	26
ID	217 761	2,21	0
UDM	129 047	1,31	0
ACDP	128 990	1,31	0
PAC	109 816	1,11	0
VF+	93 921	0,95	0
ANDER	350 285	3,56	1
TOTAAL	9 851 880	100	237

Bron: IEC (2006)

In die 2006 plaaslike verkiesing staan twee tendense uit: die ANC versterk sy dominansie, en die DA behaal 'n belangrike oorwinning in die Kaapstad-metro wat beskou kan word as die begin van die DA se groei as amptelike opposisieparty.

4.4.4.3.2 Die 2011 munisipale verkiesing

Die derde munisipale verkiesing in SA onder die demokratiese bedeling vind op 18 Mei 2011 plaas. Die aanloop tot die verkiesing word weereens gekenmerk deur protes teen swak dienslewering, en veral die kwessie van oop toilette wat 'n simbool word van die onervulde beloftes rondom die verskaffing van basiese dienste. Die ANC trotseer groeiende DA-opposisie – die DA het reeds beheer oor die Wes-Kaap, sowel as die Kaapstad-metro sedert 2006. Die opposisiepartye kritiseer die ANC veral oor kwessies rakende swak dienslewering, toename in korrupsie en werkloosheid, ondoeltreffende hervorming in gesondheidsdienste, en groeiende armoede.

Die 2011 munisipale verkiesing lewer 'n rekordgetal van 23 654 578 geregistreerde kiesers, 'n 2% toename sedert die 2009 nasionale/provinsiale verkiesing. Volgens die OVK wen die ANC 198 plaaslike rade (62,9% van die PV-stemme) teenoor die DA se 18 munisipaliteite, en 24,1% van

die PV-stemme. Hoewel stemregistrasie toeneem van 69,8% in 2000 na 72,4% in 2006 en 75,3% in 2011 (sien Tabel 4.17) beteken dit ook dat ongeveer 25% van die totale SOP van 31,4 miljoen nie geregistreer het om te stem nie (Schulz-Herzenberg, 2011). Tabel 4.17 tabuleer die uitslag van die 2011 munisipale verkiesing.

Tabel 4.17: Uitslae van die 2011 munisipale verkiesing

Party	PV-stemme	Persentasie	Rade
ANC	8 405 429	62,9	198
DA	3 216 006	24,1	18
IVP	475 621	3,6	5
NVP	318 352	2,4	2
COPE	296 624	2,2	0
UDM	84 623	0,6	0
ACDP	78 737	0,6	0
VF+	53 931	0,4	0
ANDER	428 188	3,2	2
TOTAAL	13 357 511	100	225

Bron: IEC (2011)

Daar is 'n afname in ondersteuning vir die ANC en 'n toename in ondersteuning vir die DA. Die ANC verloor stemme in al die provinsies, behalwe KwaZulu-Natal, waar die party stemme optel van IVP-ondersteuners wat oorloop en vir die ANC stem. In 2011 is die stemopkoms 57,5% van geregistreerde kiesers – 'n 9% toename teenoor die 2006 opkoms. Dit is egter steeds laag en wanneer die Suid-Afrikaanse situasie ontleed word, is gevind daar kom lae vlakke van vertroue in plaaslike regeringsinstitusies, politieke partye en partyleiers voor. Meer onlangs is studies onderneem deur die Comparative National Elections Project 2009 (CNEP) en die RGN/OVK in 2010 (Schulz-Herzenberg, 2011) dat vertroue in hierdie drie politieke institusies die laagste gemeet word van alle institusies in SA. 'n Verdere faktor is die hoë vlakke van frustrasie en ontevredenheid met dienslewering deur plaaslike regerings. Kiesers demonstreer hul ontevredenheid met protes- en wegbly-aksies van die stembus, as 'n vorm van straf. Die 9% toename in die plaaslike verkiesing word deur Schulz-Herzenberg (2011) geïnterpreteer as 'n situasie waar protesaksie kiesers gemobiliseer het om wel te gaan stem. Protesaksie kan kiesers ook motiveer om te gaan stem, juis omdat hulle ontevrede is, soos wat in 2011 in Ficksburg in die Vrystaat en Ermelo in Mpumalanga gebeur het – die stemopkoms was heelwat hoër as in 2006.

4.4.4.3.3 Die 2016 munisipale verkiesing

Die 2016 munisipale verkiesing is gehou op 3 Augustus 2016, om rade in al die metro's, distrikte en plaaslike munisipaliteite in nege provinsies te verkies. Te midde van stygende ontevredenheid onder kiesers oor werkloosheid, voortdurende armoede en swak dienslewering word die verkiesing grootliks as 'n referendum oor die ANC beskou. Die resultate weerspieël kiesers se ontevredenheid: die ANC wen slegs 54,91% van die totale stem. Die DA verbeter hul stempersentasie na 27,02% en die EFF na 8,24%. Populêre ondersteuning vir die ANC daal tot sy laagste vlak sedert 1994, soos in Tabel 4.18 aangedui word. Die ANC ly ook verliese en verloor die meerderheid in drie metro's, naamlik Nelson Mandelabaai, Tswane, en Johannesburg. Die DA behaal hul beste resultate tot op datum en die EFF, in hul eerste plaaslike verkiesingsveldtog, verbeter op hul 2014 basis (IEC, 2016). Die munisipale verkiesing van 2016 kan as 'n keerpunt in die politieke landskap in SA beskou word, aangesien uitslae toon dat die ANC se posisie as die dominante party tot 'n groot mate bedreig word deur minderheidsregerings en koalisies op plaaslike vlak. Stemopkoms in die 2016 verkiesing is effens hoër as in die 2011 verkiesing – van 57,6% na 57,8%. Die SOP is 26,3 miljoen. 'n Rekordgetal van 203 partye neem aan die 2016 munisipale verkiesing deel.

Tabel 4.18: Oorhoofse uitslae van die 2016 munisipale verkiesing

Party	PV-stemme	Persentasie	Setels
ANC	8 124 223	54,48	176
DA	4 028 765	27,02	24
EFF	1 229 548	8,24	7
IVP	632 722	4,26	1
AIC	145 759	0,98	0
VF+	113 288	0,76	0
UDM	91 271	0,61	0
ANDER	544 758	3,65	0
TOTAAL	14 910 334	100	208


Bron: IEC (2016)

Die provinsie wat die hoogste stemopkoms toon, is die Wes-Kaap, (hoewel daar 'n afname is van 64,4% in 2011 na 63,3 % in 2016 (Van Papendorp & Packirisamy, 2016). Limpopo toon die laagste stemopkoms met net oor die 50%. Stemdeelname vermeerder met meer as 2% in Gauteng. Die uitslae van die 2016 munisipale verkiesing toon 'n omvattende afname in ondersteuning vir die regerende party. In verhouding met die 2011 munisipale verkiesing, verloor die ANC ongeveer 7,5% van die stem – wat na die DA en EFF toe swaai. In die Noordwes-Provinsie ervaar die ANC die grootste verlies (van 74,0% in 2011 tot 59,4% in 2016). Gauteng (van 59,7% in 2011 na 45,6% in 2016) en Limpopo (van 80,6% tot 68,8%). Ondersteuning vir die

DA neem toe in die Wes-Kaap (van 57% in 2011 na 63,3% in 2016 – 66% en 'n twee-derde meerderheid) en in Gauteng (van 33,4% in 2011 na 37,7% in 2016). Die DA verloor slegs 1% in Mpumalanga en die NoordWes-Provinsie. COPE verloor heelwat ondersteuning in al nege provinsies, en die IVP versterk hul basis effens in KwaZulu-Natal – van 15,7% in 2011 na 18,4% in 2016 (IEC, 2016).

Stempatrone het ook verander in SA se stedelike (metro-) gebiede. In 2016 was die grootste afname in stemdeelname vir die ANC in Johannesburg-metro, waar die ANC stemopkoms 'n 17% daling na 52,28% toon, in Tshwane van 55,3% na 42,7% in 2011, en Ekurhuleni van 61,6% na 48,4%. Figuur 4.4 toon die afname in stedelike stemme oor die tydperk 2004 tot 2014 (February & Faull, 2014).

Figuur 4.4: ANC ondersteuning: Persentasie stedelik teenoor landelik



Bron: February en Faull (2014)

Die landelike stem het min of meer konstant gebly.

4.4.5 Tendense in die verkiesingsuitslae van nasionale en plaaslike verkiesings: Periode 2

Verdere tendense in die verkiesingsresultate in Periode 2 kan ook waargeneem word in die afname in dominansie van die regerende party, veranderende patrone in kiesersdeelname en verskuiwings in ondersteuning van opposisiepartye.

4.4.5.1 Die ANC as dominante party

Die ANC verloor verder steun, maar bly steeds die dominante party; kiesers is steeds bereid om hul verkose party nog 'n kans te gee, al sou die party nie aan hul verkiesingsbeloftes voldoen nie. 45% sal weer vir die ANC stem en 8% sal wag om 'n verduideliking en dan besluit of hulle dalk na 'n ander party sal oorskakel (Van Papendorf & Packirisamy, 2016:2). ANC-stemme neem egter af vanaf 2004 (69,8%) met net meer as 7% na 62,2%, en 213 827 minder stemme, ten spyte van 'n toename van 10% in registrasies).

Die ANC se stemme vermeerder in Oos-Kaap, KwaZulu-Natal, die Noordkaap en Wes-Kaap met een of twee persentasiepunte, maar die ANC word in al die ander provinsies verslaan, hoofsaaklik weens laer vlakke van kiesersdeelname. Die DA se ondersteuning vermeerder in al die provinsies. In Gauteng is die afname in ondersteuning vir die ANC veral duidelik, vanaf 64% na 53,6%. Die ANC se dominansie word dus vir die eerste keer bevraagteken en 'n duidelike keerpunt word bereik met voorspellings dat die ANC in toekomstige verkiesings verdere steun kan verloor (Schulz-Herzenberg, 2014a:2).

4.4.5.2 Oorhoofse afname in kiesersdeelname

Ontleding van die 2014 stemopkoms toon dat daar 'n afname van 4% is na 73,48% sedert die 2009 verkiesing (IEC, 2014). Die afname in kieserstemopkoms teenoor die SOP is 28,47% sedert 1994 (verwys Tabel 4.19). In 1994 het 53,01% van die SOP vir die ANC gestem. In 2014 daal dit na 36,39% van SOP – 11,4 miljoen kiesers stem vir die ANC uit 'n geldige kieserspopulasie van 32,6 miljoen (Schulz-Herzenberg, 2014a:2).

4.4.5.3 Ondersteuning van opposisieparty

DA ondersteuning neem toe van 16,7% in 2004 na 22,2% in 2014 en die EFF, as tweede grootste opposisieparty, kry 6,4% van stemme. Verder vertoon die opposisie swak met slegs 9,2% wat tussen die 29 partye gedeel word. Die DA kry 'n ekstra 1,1 miljoen stemme, 'n 39% toename vanaf 2009. Buitelandse stemme ondersteun die DA met 84% van geldige stemme.

4.5 VERGELYKING VAN VERKIESINGSUITSLAE EN STEMPATRONE (PERIODE 1 TEENoor PERIODE 2)

Wanneer kiesersgedrag oor die twee periodes ontleed word, is daar spesifieke tendense wat direk verband hou met aspekte van kiesersvertroue. Ter ondersteuning van die sentrale teoretiese stelling dat kiesersvertroue in Periode 1 'n toename toon, maar in Periode 2 'n duidelike erosie, word verkiesingsdata oor die twee periodes in die volgende areas vergelyk:

- Ondersteuning van die ANC as dominante party
- Evaluasie van stempatrone in verkiesings
- Die impak van opposisieparty op verkiesings
- Houdings van kiesers teenoor stemprosesse en verkiesings.

4.5.1 Ondersteuning vir die ANC as dominante party

Die tendens van partydominansie is een van die kenmerke van demokrasieë in Afrika. Die dominante party verskil van die eenpartystelsel in die sin dat daar steeds demokratiese veelparty-verkiesings gehou word, maar dat die dominante party die verkiesings met 'n groot meerderheid wen. Prosedureel voldoen die staat dus aan die vereistes van 'n konstitusionele demokrasie, maar in terme van die mag en invloed van die partye, besit die regering al die mag. Dominansie behels dus veel meer as net die meerderheidstem. De Jager, (2015:163) stel dit as volg:

“In terms of determining the threshold for dominance, the number of votes or seats in the legislature is less important than determining whether a certain party dominates the political polity and policy-making”.

Letsholo beskryf 'n party as dominant wanneer die party ononderbroke 'n tydperk lank (gewoonlik vier of meer) verkiesings wen, volle beheer en bestuur van die regering het, en die openbare agenda vorm en domineer (Letsholo, 2005:2). Die ANC wen al vyf nasionale verkiesings met meer as 60% en is teen 2016 reeds 22 jaar aan bewind, wat die dominansie van die ANC in SA se politieke landskap vestig. Die toename van ondersteuning in Periode 1 vir die ANC, van 63% in 1994 tot 70% in 2004, toon egter die teenoorgestelde tendens in Periode 2 met 'n duidelike afname in ANC ondersteuning na 66% in 2009 en 62% in 2014.

Die politieke kultuur van 'n dominante partystelsel⁵⁸ word gekenmerk deur lae vertroue en politieke en konstitusionele vryhede word oortree (De Jager, 2015:163). Die vraag is dus of hierdie verliese werklik die mag van die ANC inkort en of die ANC steeds die ongelyke speelvlak⁵⁹ kan uitbuit in terme van nepotisme in regeringsinstansies en die oorvleueling van staat- en partygrense om beheer oor staatsinstansies uit te oefen (De Jager, 2015:167). In Hoofstuk 5 word hierdie argument verder onder die soeklig geplaas, aangesien dit sterk verband hou met die erosie van politieke en institusionele vertroue.

Die ontleding van die SOP as 'n faktor in die breë ondersteuning van die demokrasie en demokratiese prosesse word verder in afdeling 4.5.2.1 bespreek.

4.5.2 Evaluasie van stempatrone in verkiesings

Hoofstuk 2 (afd. 2.2.6.1) gee noukeurig aandag aan die deelname van burgers in die demokratiese

⁵⁸ Die dominante partystelsel manifesteer in 'n demokrasie wat prosedureel demokraties is, maar die politiek oorheers in terme van mag, invloed en bronne (De Jager, 2015:166). Terwyl die ANC daarin geslaag het om vyf agtereenvolgende verkiesings met meer as 62% te wen, stel die afname in die breë ondersteuningsbasis en stemapatie onder kiesers voor dat vertroue aan die afneem is as gevolg van lae politieke doeltreffendheid (De Jager 2015:169).

⁵⁹ Die ANC se ondersteuning ná die 2014 nasionale verkiesing is nog steeds bo 60% en die ANC behou nog steeds dominante mag en invloed in die regering oor staatinstansies en partylede (De Jager, 2015:163).

prosesse. Aktiewe kiesersdeelname word deur verskeie teoretici uitgewys as noodsaaklik vir 'n gesonde demokrasie om doeltreffend te funksioneer. SA se kiesersdeelname in nasionale verkiesings is oor die algemeen hoër as in munisipale verkiesings (ook wêreldwyd). In die 1994 nasionale verkiesing was daar 'n 85,53% stemopkoms (sien Tabel 4.19), met 'n 8,5% afname na 77,3% in 2009. Stemopkoms in die plaaslike verkiesing was 48,06% in 2000 en 48,4% in 2006 (Booyesen, 2012). Die tendense in kiesersdeelname is 'n sterk aanwyser van die vlakke van kiesersvertroue (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.4.2.8). Terwyl daar verskeie veranderlikes is wat kiesers se persepsie en houding teenoor die regering, demokratiese prosesse en partye kan voorspel, word die volgende patrone in kiesersgedrag geïdentifiseer as die manifestasie van lae vlakke van kiesersvertroue:

- Stemopkoms as persentasie van SOP
- Stemapatie onder jong kiesers (vrygeborenes).

Hierdie tendense word vervolgens verduidelik ter ondersteuning van die argument dat kiesersvertroue in Periode 2 erodeer.

4.5.2.1 Stemopkoms as persentasie van SOP

In aansluiting by bostaande punt toon Tabel 4.19 die toename in stemregistrasies vanaf 1999 tot 2014. Die aantal geregistreerde kiesers, wat in 2014 net meer as 25 miljoen van die ongeveer 33 miljoen geldige SOP⁶⁰ verteenwoordig, dui op 'n afwaartse neiging. Stemdeelname het duidelik van 19,5 miljoen in 1994 gedaal na 18,4 miljoen in 2014 (ná 'n redelike toename in 2009).

Tabel 4.19: Tendense in stemdeelname in nasionale verkiesings: 1994-2014

Gemeet teen SOP	1994	1999	2004	2009	2014
SOP	23 063 910	25 411 573	27 994 712	30 224 145	32 687 600
Geregistreerde kiesers	22 709 152	18 172 751	20 674 926	23 181 997	25 388 082
Stemopkoms	19 726 610	16 228 462	15 863 558	17 919 966	18 654 771
Stemopkoms as % van SOP	85,53%	89,30%	76,73%	77,30%	73,50%
Geldige stemme	19 533 498	15 977 142	15 612 671	17 680 729	18 402 497
% Bedorwe stemme	0,99%	1,55%	1,58%	1,34%	1,4%
ANC-stemme (% van SOP)	53,01%	41,72%	38,87%	38,55%	36,39%
Wegblystemme (% van SOP)	14,47%	37,13%	44,23%	40,71%	40,66%


Bron: Fakir (2014:13); IEC (2014); Schulz-Herzenberg (2014a:2)

In terme van stemopkoms as persentasie van die SOP is daar dus 'n sistematiese daling sedert 1999, wat daarop dui dat minder mense deurlopend oor die twee periodes stem. Hierdie

⁶⁰ Die SOP-syfer word verskillend verklaar, afhangende van die studie geraadpleeg. Fakir, *et al.*, gee die syfer aan as 31,4 tot 34,4 miljoen. Vir die doeleinde van dié studie word die syfer van 32 687 600, soos deur Schulz-Herzenberg, (ISS Policy Brief 61, 2014) verklaar, as die aanvaarde syfer gebruik.

tendens dui ook op 'n daling in vlakke van vertroue in demokratiese prosesse, aangesien kiesers belangstelling verloor in politieke prosesse en nie langer glo dat hulle as “agente van verandering” kan optree nie (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.4.2.3.2). Soos beide Tabel 4.19 en Figuur 4.5 aandui, is daar 'n geleidelike daling in die persentasie van stemopkoms teenoor stemregistrasie sedert 1994: van 89,30% na 73,3% in 2014. Stemregistrasie, as persentasie van SOP, neem af van 80% in 1999 na 75% in 2004, maar styg weer na 78% in 2014 (Schulz-Herzenberg, 2014a:2).


Figuur 4.5: Verhouding tussen die SOP, geregistreerde kiesers en stemopkoms oor Periode 1 en 2



Bron: Soos aangepas en vertaal uit Schulz-Herzenberg (2014(b):3)

Soos Figuur 4.5 aandui, neem die SOP toe van 23/25 miljoen in 1999 na ongeveer 33 miljoen in 2014. Stemregistrasie styg van 18 miljoen in 1999 na 25 miljoen in 2014, maar daal teen die SOP met 3%. Stemopkoms daal van 20 miljoen na 19 miljoen, en in totaal 14% teenoor die SOP vanaf 1999 tot 2014. Daarteenoor toon die ondersteuning vir die ANC as persentasie van die SOP reeds sedert 1999 'n geleidelike afname, wat impliseer dat kiesers reeds ná die 1994 verkiesing stelselmatig politieke vertroue begin verloor het in demokratiese prosedures en verkiesingsprosesse. Figuur 4.6 toon dat terwyl die ANC dus in 2004 amper 70% van die stemme wen, dit slegs 40% van die SOP is, met 'n verdere daling na 35% in 2014 (Schulz-Herzenberg, 2014a:4).

Figuur 4.6: Persentasie ANC-kiesersondersteuning teenoor SOP (Periode 1 en 2)




Bron: Schulz-Herzenberg (2014a:4)

Die volgende tendense in kiesersgedrag is dus van belang:

- 7,2 miljoen kiesers is sedert 1999 tot die kiesersrol toegevoeg – meer as 2 miljoen met elke verkiesing. Slegs 34% van daardie kiesers (2,4 miljoen) het in 2014 gestem.
- Die ANC het sedert 1999 slegs 'n totaal van 835 581 stemme bygekry.
- Die DA het sedert 1999 2,6 miljoen stemme bygekry – 1,7 miljoen meer as die ANC.
- Stemopkoms sedert 1999 daal met 16% van 89,3% na 73,5% in 2014, soos in Tabel 4.25 geïllustreer.

Figuur 4.7: Stemopkoms as persentasie van kiesersregistrasie en SOP in die nasionale verkiesings vanaf 1994 tot 2014



Bron: Schulz-Herzenberg (2014a:2)

4.5.2.2 Die impak van opposisiepartye in verkiesings

Volgens Mattes (2005:62) het Suid-Afrikaanse kiesers 'n baie negatiewe persepsie van opposisiepartye. Kiesers wat ontevrede is met regeringsprestasie, en alternatiewe soek, word gekonfronteer met 'n spul opposisiepartye, waarvan hulle feitlik niks weet nie⁶¹. Hulle bly dus eerder weg van die stembus, wat bydra tot die skerp daling in stemopkoms. In SA het die opposisiepartye tot onlangs (2016) nie werklik 'n impak op die nasionale politieke landskap uitgeoefen nie (verwys Tabel 4.20). Die rol van opposisie is noodsaaklik (soos in Hoofstuk 3, afd. 3.2.4 beskryf) as 'n belanghebbende in die formulering van wetgewing, en om as "hekwagter" op te tree. Terwyl daar 'n menigte klein partye aan die verkiesings oor albei periodes deelgeneem het, het net twee opponerende partye in die laaste dekade 'n merkbare impak gehad: die DA en die EFF. Sadie (2014:190) is van mening dat meeste opposisiepartye in eiebelang opgetree en nie noodwendig die kiesers verteenwoordig het nie. Ernstige interne konflik asook 'n tekort aan ideologiese grondslag het tot gevolg gehad dat meeste opposisiepartye nie werklik 'n houvas as kompeterende politieke alternatief kon kry nie en hul lewensduur was dus beperk. In die 2014 nasionale en 2016 plaaslike verkiesings het beide die DA en EFF egter strategiese oorwinnings behaal, wat aandui dat die politieke simpatie van kiesers sedert 2014 besig is om te verskuif na politieke alternatiewe, en dat daar 'n afwaartse trajek – wat Booysen (2015:188) beskryf as "*gradual but relentless*" – sigbaar is. Dit manifesteer in die sistematiese toename in ondersteuning vir die opposisie onder kiesers wat ontnugterd raak met die ANC-regering. Tabel 4.20 toon die geleidelike afname in ANC-ondersteuning sowel as die toename in DA-ondersteuning.

Tabel 4.20: Vergelykings in party-ondersteuning: 2004 tot 2014

Vergelyking	2004	2009	2014	% Verandering 2004-2009	% Verandering 2009-2014
Geregistreerde kiesers	20 674 926	23 181 997	25 390 150	12	10
Stemopkoms	15 863 554	17 919 966	18 654 771	13	4
ANC	10 880 915	11 650 748	11 436 921	7	-2
DA	1 931 201	2 945 829	4 091 584	53	39

Bron: Booysen (2015:199); February en Faull (2014)

Met die 2016 munisipale verkiesings vind die eerste werklike deurbraak van opposisiepartye plaas met die twee-derde oorwinning van die DA in die Wes-Kaap en koalisie-oorwinnings in

⁶¹ Belangstelling in opposisiepartye is histories laag in Afrika-demokrasieë as gevolg van die feit dat die regerende party, as die bevryder, aanvanklik gesien word as die enigste legitieme regering. Kennis van opposisiepartye is dus min, ook omdat in vele state media en openbare blootstelling van opposisiepartye aan bande gelê is deur die regerende party. In Periode 2 begin ondersteuning vir 'n gekonsolideerde opposisie (DA) geleidelik toeneem.

Tshwane en Nelson Mandelabaai-metro's (27 munisipaliteite in totaal), waarin die ANC die meerderheid verloor.

4.5.2.3 Stemapatie onder jonger kiesers

Wêreldwyd, en veral in ontwikkelende state, word die tendens geïdentifiseer dat jonger kiesers apaties raak teenoor politieke prosedures⁶² en daar 'n afname in stemregistrasie onder jonger burgers voorkom (Potgieter & Lutz, 2014:10); (Schulz-Herzenberg, 2014a:2). Volgens Potgieter en Lutz (2014:19, 25) identifiseer jonger kiesers, veral die wat as "vrygebore" geklassifiseer word (ná 1994 gebore) minder met die bevrydingsideologie van die ANC. Jonger kiesers toon 'n groter voorkeur vir die bevrediging van sosio-ekonomiese behoeftes soos opleiding en werkseleenthede as dryfkrag tot politieke besluitneming, teenoor die toenemende irrelevante strydpolitiek van 20 en selfs 10 jaar gelede.

Die stemregistrasie- en opkomsgetalle van jonger kiesers het wesentlike implikasies vir kiesersdeelname in Periode 2, aangesien SA se bevolking jonger word en nie dieselfde lojaliteit as ouer kiesers teenoor die ANC toon nie. Na beraming was daar in 2014 10,9 miljoen stemgeregtigde kiesers tussen die ouderdom van 18 tot 29 jaar (34% van die bevolking) in SA. Slegs 6,4 miljoen het egter geregistreer om te stem (Potgieter & Lutz, 2014).

Figuur 4.8: Nasionaal geregistreerde kiesers tussen die ouderdomme 18-29 jaar

Verkiegingsjaar	1999	2004	2009	2014
Ouderdomsgroep				
18-20	5 834 918	5 877 131	6 283 630	6 376 383
Almal	18 172 000	20 674 926	23 174 279	25 335 265

Bron: Potgieter en Lutz (2014:14)

4.5.3 Houding van kiesers teenoor stemprosesse (Interne politieke doeltreffendheid)

Kiesers se houding teenoor en persepsies van stemprosesse en die doeltreffendheid van die kiesstelsel word ook beïnvloed deur die regering se prestasies, en aspekte soos korrupsie en onetiese optrede deur politieke leiers. Tabel 4.20 toon die verskillende lesings van studies gedoen tussen 2004 en 2013. Die afname in ondersteuning vir sekere demokratiese beginsels is duidelik in die onderstaande tabel. Hier word, onder andere, kiesers se gevoel teenoor stem

⁶² Hierdie stelling word ondersteun in Afrobarometer-studies (2014/2015) in ontwikkelende state (Afrika) waar jonger kiesers (18-35 jaar) laag meet in terme van politieke doeltreffendheid (Potgieter & Lutz, 2014:16). Redes hiervoor word deur Afrobarometer aangegee as die werkloosheidskrisis in Afrika. Jonger kiesers toon 'n laer belangstelling in politieke prosesse hoofsaaklik as gevolg van die tekort aan ekonomiese geleenthede en opleiding, wat vertroue in regerings erodeer (Potgieter & Lutz, 2014:16).

as 'n plig, die invloed van die kieser se stem, en die lae vlakke van vertroue in politieke verteenwoordigers uitgewys.

Figuur 4.9: Houdings van kiesers teenoor stemprosesse: 2004 tot 2013

		Stem saam	Neutraal	Stem nie saam nie	Weet nie	Totaal
Plig om te stem: <i>"Dit is alle burgers se plig om te stem"</i>	2004	84	7	8	2	100
	2013	79	10	11	1	100
Interne doeltreffendheid: <i>"My stem maak 'n verskil"</i>	2004	68	6	23	2	100
	2013	46	8	45	2	100
Eksterne doeltreffendheid (1): <i>"Nadat hulle verkies word, is alle partye dieselfde, dus is dit sinneloos om te stem"</i>	2004	20	11	66	4	100
	2013	41	11	46	2	100
Eksterne doeltreffendheid (2): <i>"Stem is betekenisloos, want geen politikus kan vertrou word nie"</i>	2004	19	15	63	4	100
	2013	43	15	40	1	100

Bron: Roberts, et al. (2014:23); IEC (2014b)

Tussen 2003 en 2014 neem wantroue in politieke verteenwoordigers met 21% toe, vanaf 19% in 2003 tot 41% in 2013. Politieke doeltreffendheid, intern en ekstern, word hoofsaaklik beïnvloed deur die lae vlakke van interpersoonlike kiesersvertroue en vertroue in verkiesingsprosesse, soos in Figuur 4.9 waargeneem kan word, en sluit ook aan by kiesers se gevoel van demokratiese vermoedheid (verwys Hoofstuk 5, afd. 5.4.1.2.4).

4.6 SAMEVATTING

Volgens Russon (2012:95) is dit duidelik dat daar 'n tendens ontstaan in terme van die stempatrone van kiesers, wat hy noem 'n "bell curve" – met groei aan die begin en 'n afname daarna. Tussen 1994 en 2004 groei ondersteuning vir die regerende party, maar volgens Russon is die keerpunt in die tydperk tussen 2007-2009. Gedurende hierdie tydperk vind die leierskapstryd binne die ANC plaas tussen president Mbeki en sy vise-president, Jacob Zuma, wat lei tot Mbeki se vroeë herroeping as president en Zuma se verkiesing in 2009 as die nuwe president van die Republiek van SA. Die geboorte van COPE is grootliks die gevolg van dié binnegevegte, en een van die redes waarom die ANC se stemgetalle in die 2009 verkiesing 'n afname getoon het (Russon, 2012:95).

Die afname in kiesersdeelname in verhouding tot kiesersregistrasie en die groeiende SOP, is aanduidend van 'n onderliggende afname in vertroue in en ondersteuning van demokratiese prosesse. In die laaste twee verkiesings het die ANC meer as 200 000 kiesers verloor, terwyl die kiesersbevolking met 2,5 miljoen gegroei het. Die verkiesingsuitslae in die verskeie metro's in die 2014 en 2016 verkiesings dui, volgens Booysen (2014a:164), op die kern van die saak: In Gauteng-metro's soos Ekurhuleni, Tswane, Johannesburg en Nelson Mandelabaai in die Oos-Kaap ondersteun kiesers nie meer die ANC se ikoniese status as die helde van die bevryding,

of die beweging se potensiaal om bevrydingsbeloftes na te kom nie. Kiesers se veranderende behoeftes noodsaak dat meer klem gelê word op die verbetering van die gemeenskappe se sosio-ekonomiese welsyn en die lewering van basiese dienste. ANC-ondersteuners is ook tradisioneel merendeels landelik – in die stedelike gebiede verloor die ANC ondersteuning, te midde van die kwessies rondom swak regering, ondoeltreffende verteenwoordiging en die kompromittering van leierskap en beleid (Booyesen, 2014a:164). Verder is vertroue sedert 2012 in meeste van die regeringsinstitusies aan die afneem. Ontleding van kiesers se persepsie van politieke insluiting en deelname toon dat kiesers se “sense of agency” om institusies te beïnvloed ook laag is (politieke doeltreffendheid). 62,3% van respondente stem saam met die stelling dat “leiers nie gepla is met mense soos ek nie.” 51,6 % stem saam daar is geen manier om openbare amptenare te laat luister nie, terwyl 48% tog sê dat hulle leiers vertrou om die regte ding te doen (Fakir, *et al.*, 2014:20).

Eloff (2015:13) verklaar in sy boek *The Turning Point* dat SA belas is met vele uitdagings waarvan wydverspreide armoede en werkloosheid die grootste is. Die ekonomie is swakker as ooit tevore, daar is rass spanning en wydverspreide studente-onrus, protes oor dienslewering is ’n alledaagse gebeurtenis en groot kommer heers oor die vermoëns en vaardighede van die president, regering en staatsdiens. Eskom sukkel om in die land se elektrisiteitsbehoeftes te voorsien en beweerde grootskaalse korrupsie en staatskaping⁶³ vind plaas, veral in staats- en semi-staatsinstansies. Ontwikkeling word gekortwiek en ontevredenheid begin manifesteer wat lei tot onrus, stemapatie en ’n afname in vertroue in die regerende party (Eloff, 2015:13). In *The President's Keepers* (2017) ontbloom Pouw die omvang en uitwerking van korrupsie en beweerde staatskaping binne die ANC-regering op die hoogste vlak en kom tot die gevolgtrekking dat toerekenbaarheid in die ANC-regering begrawe word onder wat hy noem “*rubbish heaps of sleaze and corruption*” (Pouw, 2017:328).

Die ontleding van stempatrone in Hoofstuk 4 skep ’n duidelike trajek van toename in ondersteuning vir die ANC in Periode 1 en afname in ondersteuning in Periode 2. Die redes vir die erosie van kiesersvertroue word vervolgens ontleed soos per die sentrale teoretiese stelling (Hoofstuk 1, afd. 1.6). Hoofstuk 5 fokus dus op die aanspreek van die navorsingsvraag: Om die oorsake en omvang van die erosie in kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse regering ná 2004 in oënskou te neem.

⁶³ Die verskynsel van staatskaping behels die misbruik van staatsfondse en die bevordering van privaatbelange deur staatsinstansies te infiltrer.

HOOFSTUK 5

DIE OMVANG VAN EN REDES VIR DIE EROSIE VAN KIESERSVERTRoue IN DIE SUID-AFRIKAANSE DEMOKRASIE NÁ 2004

5.1 INLEIDING

In die studie se inleiding word na kiesersvertroue verwys as 'n omvattende aanwyser van burgers se persepsie van die regering. In die sentrale teoretiese stelling (Hoofstuk 1, afd.1.6) word die redes vir erosie van kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokrasie ná 2004 voorgehou as:

- Kwynende relevansie van die bevrydingstryd en ideologie
- Integriteit en geloofwaardigheid van politieke leiers wat bevraagteken word
- Voortgesette armoede, werkloosheid en sosiale ongelykheid in die samelewing
- Verkiesingsbeloftes wat nie nagekom word nie
- Die persepsie van korrupsie⁶⁴, nepotisme en wanbesteding.

Vyf navorsingsvrae is in Hoofstuk 1 (afd.1.5) gestel en vrae 1 tot 3 is reeds in die studie as volg aangespreek:

- **Navorsingsvraag 1:** *Wat is die rol van die staat in verskillende demokratiese bedelings en waarom is kiesersvertroue belangrik vir die doeltreffende funksionering van die demokrasie?*

In Hoofstuk 2 is die teoretiese basis van die studie vasgelê deur die bespreking van verskillende demokratiese beginsels, met verwysing na die demokratiseringsproses in ontwikkelingstate. In transformasionele state (‘n staat in oorgang van outokrasie na demokrasie) word demokratiese konsolidering teweeggebring deur die uitvoering van prosedurele en substantiewe pligte, in ooreenstemming met verkiesingsbeloftes en -doelwitte. Dit sluit die beskerming van burgers se regte en vryhede, doeltreffende bestuur van die ekonomie, armoedeverligting, werkverskaffing en openbare dienslewering in. Die intervensionele rol van die staat wissel tussen minimale intervensie, waar die staat glad nie inmeng met sosio-ekonomiese prosesse nie, tot totalitarisme waar die staat volle beheer oor alle funksies van die demokrasie uitoefen (verwys Hoofstuk 2,

⁶⁴ In Suid-Afrika verwys die woord korrupsie na die oneerlike, omkoopbare, bedrieglike of onetiese optrede deur ‘n politieke ampsdraer, openbare beampte of enige ander persoon. Die wetlike definisie vir korrupsie is vervat in die Wet op Voorkoming van Korrupsie, Wet 94 van 1992, en verwys na korrupsie as die misbruik van openbare mag vir onwettige profyt (Kalombo, 2005:49). In 2004 word die wet (Wet 12 van 2004) uitgebrei om omkoperij deur openbare amptenare, privaat persone en agente ook in te sluit as korrupte optrede (Kalombo, 2005: 51). Kalombo praat van “grande corruption” (grootskaalse korrupsie) wat deur korrupte politici, amptenare en korporasies soos ministers, senior amptenare en staatshoofde beoefen word en “petty corruption” (burokratiese korrupsie) wat op ‘n laer vlak, en daaglik, plaasvind tussen lede van die publiek en staatsamptenare soos doeanbeamptes en polisiebeamptes (Kalombo, 2005:55).

Figuur 2.1). Die transformasionele staat fokus op welsynprogramme en spesifiek die doeltreffende lewering van basiese dienste soos water, elektrisiteit, en behuising. Op makrovlak is die staat, as houër van vertroue, verantwoordelik vir die handhawing van etiese en morele waardes, soos die bekamping van korrupsie en uitbouing van demokratiese institusies. Kiesersvertroue waarborg legitimiteit waarsonder die staat nie doeltreffend kan funksioneer en die demokrasie kan konsolideer nie. Die teoretiese aspekte van kiesersvertroue op makro-, meso- en toepassingsvlak van die demokrasie word gedefinieer as bestaande uit drie oorvleuelende kategorieë, naamlik politieke (morele), institusionele (ekonomiese) en interpersoonlike (sosiale) vertroue. Kiesersvertroue is instrumenteel tot burgers se persepsie van regeringsprestasie, politieke leiers se gedrag, die doeltreffende uitvoering van beleid en proses, besluitnemingsprosesse van die individu, en kiesers se waarneming van interne en eksterne politieke doeltreffendheid.

- **Navorsingsvraag 2:** *Watter invloed het die bevrydingstryd op demokratiese regering en kiesersvertroue in die post-koloniale Afrika-konteks en watter verantwoordelikhede en verpligtinge het die regering, binne die konteks van 'n transformasionele staat, teenoor die bevolking?*

In Hoofstuk 3 word hierdie tema verder gevoer deur die ontleding van demokratiseringsprosesse in sub-Sahara Afrika, en 'n raamwerk is geskep waarbinne transformasionele state ontleed word in terme van suksesvolle oorgang en konsolidering. Die demokratiseringsproses in sub-Sahara Afrika-state is dus onder die soeklig geplaas om tendense in kiesersvertroue te identifiseer wat ook in die Suid-Afrikaanse demokrasie van toepassing kan wees. Die nalatenskap van kolonialisme het 'n negatiewe impak op die verloop van die bevrydingstryd gehad, en was in die meeste sub-Sahara Afrika-state instrumenteel in die evolusie van bevrydingsbewegings na politieke partye. Die meerderheid van hierdie state word steeds gekenmerk deur aspekte soos partydominansie, korrupsie, nepotisme, sentralisering van die regering, en die ondoeltreffende bestuur van regeringsinstitusies en die burokrasie. Die tekort aan staatskapasiteit, swak opposisie en die anti-demokratiese ingesteldheid onder leiers van bewegings het 'n impak op die suksesvolle implementering van demokratiese prosesse en kiesersvertroue oor die breë spektrum van Afrika-state. Ontwikkelingsdoelwitte is dus grotendeels nie bereik nie en bevrydingsbeloftes in die meeste sub-Sahara Afrika-state nie nagekom nie. Staatspligte soos die beskerming van burgers se regte en vryhede, bestuur van vrye verkiesings, en die beskerming van die grondwet is eenvoudig geminag en wanadministrasie van bronne ter verryking van 'n bemagtigde elite was aan die orde van die dag. Dié aspekte word as redes aangevoer waarom soveel Afrika-demokrasieë misluk het, of demokratiese konsolidasie in dié state vertraag is.

- **Navorsingsvraag 3:** *Wat is die eienskappe van en tendense in kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokratiese politieke bestel tussen 1994 en 2004 (Periode 1), en 2005 tot 2017 (Periode 2)?*

In Hoofstuk 4 is die trajek van kiesersdeelname in Periode 1 en 2 ontleed om vas te stel tot watter mate die stempatrone van kiesers manifesteer as 'n aanwyser van kiesersvertroue in die ANC en die Suid-Afrikaanse demokrasie. Die verkiesingsuitslae in die periode 1994 tot 2004 toon 'n toename in ANC-ondersteuning, wat ook 'n toename in kiesersvertroue impliseer. Redes vir hierdie toename kan saamgevat word as:

- Geloof in die ANC as bevryder en die ideologie rondom die bevrydingstryd wat nog relevant is
- Opposisiepartye wat nie die vertroue van kiesers wen nie en swak vertoon in nasionale verkiesings
- Uitbreiding van welsynstoelae aan 'n veel groter deel van die bevolking verseker ondersteuning vir die ANC-regering
- Instelling van demokratiese institusies soos vrye en gereelde verkiesings, die Konstitusionele Hof en ander instellings wat die burgers se regte en vryhede beskerm.

Periode 1 toon dus toenemende ondersteuning vir die ANC, maar in Periode 2 manifesteer verkiesingsuitslae in 'n geleidelike afname in kiesersteun vir die ANC en demokratiese prosesse. Aanduidings uit die studie (in Hoofstuk 4) is dat ondersteuning vir die ANC-regering in Periode 2 afneem as gevolg van:

- Verkiesingsbeloftes wat nie nagekom word nie
- Die bevrydingsboodskap wat nie meer so relevant is nie, as gevolg van kiesers se veranderende behoeftes
- Ondoeltreffende uitvoering van prosedurele en substantiewe staatsbeleid en -pligte
- Kiesers se persepsie van korrupsie, nepotisme en wanadministrasie in staatsinstitusies, op nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlakke
- Kiesers se ontevredenheid met swak dienslewering
- Die vrygebore generasie wat belangstelling verloor in demokratiese deelname en prosesse.

Hierdie gedragspatroon word verbind aan lae politieke doeltreffendheid en jonger kiesers se persepsie dat hulle stem geen verskil maak aan verkiesingsuitslae nie. Die ANC se dominante partystatus, opposisiepartye se swak vertoning in verkiesings, en die regering se onvermoë om die kwessies rondom werkloosheid en armoedeverligting op te los, veroorsaak tot 'n groot mate die erosie van vertroue in die ANC as legitieme regeerder. Die meerderheid van kiesers se persoonlike welsyn het nie oor 'n tydperk verbeter nie, en kiesers begin by alternatiewe aksies betrokke raak soos onrus en geweld, wegblyaksies met verkiesings en beperkte ondersteuning van opposisiepartye.

- **Navorsingsvraag 4:** *Wat is die omvang van en redes vir die erosie in kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokrasie ná 2004?*

In hierdie hoofstuk (Hoofstuk 5) word die redes vir die afname in ANC-ondersteuning by die stembus verbind aan resultate van empiriese studies wat die omvang van die erosie in kiesersvertroue bepaal. Studies onderneem deur Afrobarometer (Rondte 5 en 6) skep 'n duidelike beeld van die verlies aan kiesersvertroue op die makro-, meso- en toepassingsvlak van die demokrasie. Kritiese aspekte van “voortreflike regering” (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.2.10) in die uitvoering van die ANC se beleid- en regeringsaksies in Periode 2 word onder die soeklig geplaas en die verpligtinge van die Suid-Afrikaanse staat soos in Hoofstuk 4 (afd. 4.4.2) gekwalifiseer, word krities ontleed. Die ondoeltreffende uitvoering van hierdie verpligtinge (beleid), as oorsaak van die erosie in kiesersvertroue, word ondersoek om te bepaal of dié verskynsel demokratiese konsolidering vertraag of die demokrasie kwesbaar gelaat het.

Hoofstuk 5 vervat dus die volgende hoofpunte wat die erosie van kiesersvertroue as faktor in die Suid-Afrikaanse demokrasie beskryf:

- Eienskappe van die Suid-Afrikaanse demokrasie in Periode 2 wat 'n impak op kiesersvertroue het
- Resultate van studies oor kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokrasie
- Ondoeltreffende beleidsimplementering as oorsaak vir die erosie van kiesersvertroue ná 2004
- SA as kwesbare of mislukte demokratiese staat
- Teoretiese raakpunte binne die sub-Sahara Afrika-konteks.

Die fokus in hierdie hoofstuk is dus om die omvang en erosie van kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokrasie te ontleed teen die agtergrond van demokratisering in sub-Sahara Afrika, en binne die teoretiese raamwerk van liberalisme, transformasie en die sosio-ekonomiese ontwikkeling van agtergeblewe gemeenskappe in SA. Navorsingsvraag 5 (sien Hoofstuk 1, afd.1.5), wat 'n vooruitskatting na die 2019 nasionale verkiesing behandel, word in Hoofstuk 6 saamgevat.

5.2 EIENSKAPPE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE DEMOKRASIE IN PERIODE 2 WAT 'N IMPAK OP KIESERSVERTROUEN HET

'n Dekade ná die afskaffing van apartheid funksioneer die Suid-Afrikaanse demokrasie op prosedurele vlak grootliks volgens die vereistes van die 1996 grondwet. SA is teen 2005 'n funksionerende, konstitusionele demokrasie met die skeiding van uitvoerende, wetgewende en regsmagte in plek en nasionale, provinsiale en plaaslike regerings wat deur gereelde, vrye verkiesings ingestel word.

Kiesersvertroue, soos in Hoofstuk 2 (afd. 2.4.4) bespreek, bestaan uit die onderstaande drie dimensies wat op die verskillende vlakke van demokrasie oorvleuel:

- **Politieke vertroue:** vertroue in en tevredenheid met demokrasie in die makro-omgewing, behels vertroue in demokratiese regte en vryhede, etiese en morele aspekte van politieke leierskap, die persepsie van korrupsie onder staatsinstansies en -leiers, sowel as vertroue in politieke en gemeenskapsleiers (vervat morele vertroue)
- **Institusionele vertroue:** vertroue in institusies in die meso-omgewing behels die vertroue wat kiesers plaas in instansies soos die howe, polisie, die OVK, parlement en die ekonomie (vervat ekonomiese en algemene vertroue)
- **Interpersoonlike vertroue:** vertroue in mense op toepassingsvlak behels die vertroue wat kiesers plaas in nasionale en plaaslike regeringsamptenare, gemeenskappe en die verbetering van hul persoonlike welsyn en lewenstandaard. Interne en eksterne politieke doeltreffendheid sluit aan by interpersoonlike vertroue, en verwys na die vertroue wat die kieser het in die mag van sy stem, politieke besluitneming en sy persepsie van responsiwiteit van die regering ten opsigte van sy sosio-ekonomiese behoeftes (vervat sosiale vertroue).

In Periode 2 word die klem toenemend geplaas op die lewering van ontwikkelingsuitkomst deur die oorgangsregering en tot watter mate demokratiese konsolidering bevorder of vertraag word. Die bevindinge van studies hier aangehaal, versterk die argument dat ondersteuning vir die ANC en demokratiese prosesse afneem in die tweede dekade van demokrasie, vanweë die erosie van kiesersvertroue en dat hierdie afname in vertroue die proses van demokratiese konsolidering kan vertraag. Eienskappe wat hier uitgelig word en wat 'n impak op kiesersvertroue het, sluit in:

- Sterk staatsinstitusies wat demokrasie ondersteun
- Die ANC as legitieme regering
- Die ANC as dominante party
- Veranderinge in die demografiese status van die bevolking.

Dié dinamiese eienskappe beïnvloed die persepsies en besluitnemingsprosesse van kiesers en het dus 'n direkte uitwerking op die trajek wat kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokrasie volg.

5.2.1 Sterk staatsinstitusies wat demokrasie ondersteun

Sterk staatsinstitusies is een van die pilare van 'n suksesvolle demokrasie soos in Hoofstuk 2 (afd. 2.4.2.2) uitgewys word. Vertroue in hierdie institusies is noodsaaklik in die handhawing van voortreflike regering, as maatstaf vir demokratiese konsolidering. Spesifieke staatsinstitusies is in Periode 1, soos deur die grondwet bepaal, ingestel om die wigte en teenwigte in die

demokrasie te verseker. Dié institusies sluit onder andere in: die Openbare Beskermer (Ombudsman), die Kommissie vir Menseregte, die Ouditeur-Generaal en die Konstitusionele Hof. Ander staatsinstitusies, soos die Onafhanklike Verkiesingskomitee (OVK), die Teenkorrupsie-Kommissie, 'n sterk geïntegreerde polisiemag wat alle rasse verteenwoordig, en 'n meer toeganklike regstelsel, vorm ook deel van die institusies wat burgers se regte en vryhede waarborg. 'n Doeltreffende openbare administrasie, oftewel burokrasie, op nasionale en plaaslike vlak om die publiek te bedien, versterk die demokrasie en dus ook kiesersvertroue in demokratiese prosesse. Op beide nasionale en provinsiale vlak is raadgewende liggame ingestel wat ook tradisionele leiers verteenwoordig. In Periode 2 word kiesers se negatiewe persepsie van die suksesvolle bestuur en doeltreffendheid van bogenoemde institusies duidelik in die trajek wat stempatrone volg, soos in Hoofstuk 4 uitgelig. Aanduidings is dat die staat grootliks misluk het in die doeltreffende bestuur van staatsinstitusies en die uitvoering van beleid, weens 'n tekort aan staatskapasiteit en die voorkoms van korrupsie, nepotisme en wanadministrasie soos verder in die hierdie hoofstuk (afd. 5.3) gestaaf word.

5.2.2 Die ANC as legitieme regering

Demokratiese gesag kan toegepas word omdat die regering 'n mandaat toegestaan is deur die kiesers. Hierdie gesamentlike ondersteuning stel leiers in staat om besluite te neem, openbare bronne aan te wend, en wette toe te pas. Populêre vertroue en lojaliteit is volgens Booysen (2011:4, 10) die sleutelkomponente wat die ANC-regering sy mag gee:

“Electoral mandates are crucial expressions of the affirmative popular orientations. Without these forms of power, governments rule by force, coercion and outright violence. The ANC’s saviour has been the reservoir of popular goodwill” (Booyesen, 2011:4).

Met die aanvang van Periode 2 identifiseer die meerderheid kiesers met die ANC, vertrou die organisasie en glo die ANC as regering stuur die demokrasie in die regte rigting. Hierdie “core ANC constituency”, volgens Booysen (2011:11), sal beswaar aanteken en selfs wegbly van die stembus – maar nie oorloop na die opposisie nie. Die ANC behou dus, ten spyte van kwesbaarheid, sy vermoë om mag te hergenereer en uit te oefen (Booyesen, 2011:11). Teen 2014 is daar egter aanduidings dat die ANC, as gevolg van onder andere korrupsie en swak dienslewering, legitimiteit begin verloor, wat bydra tot die erosie van kiesersvertroue in die regering.

5.2.3 Die ANC as dominante party in die Suid-Afrikaanse demokrasie

Du Toit en De Jager (2014:93) stel die vraag: Wat is die redes vir die onderhoudende dominansie van die ANC in verkiesings, en wat beteken die afname in kiesersondersteuning vir die ANC as dominante party?


In Hoofstuk 4 (afd. 4.5.1) word 'n dominante politieke party gedefinieer as 'n party wat ten minste vier opeenvolgende verkiesings gewen het. Die ANC se vyfde oorwinning in die 2014 nasionale verkiesing kan aan verskeie faktore toegeskryf word. Volgens Du Toit en De Jager (2014:113) het dit minder te doen met swak opposisiepartye; dit is eerder die ANC se historiese posisie as bevryder van die nasie wat die ANC se dominansie verseker. Die charismatiese leierskap en nalatenskap van Nelson Mandela, konstitusionele aspekte van proporsionele verteenwoordiging (wat die ANC bevoordeel), sowel as die uitgebreide magsbasis van die ANC – versterk deur nepotisme in staatsinstitusies – dra by tot die ANC se dominante posisie. Die ANC se doelwit is, volgens Du Toit en De Jager (2014:13), om hegemoniese dominansie te bereik, wat volle beheer van die staatsburokrasie vervat, sowel as beheer oor informasie en die integrasie van party en staat.

Die uitslag van die 2014 verkiesing toon egter dat die ANC sistematies die vertroue van kiesers verloor as gevolg van die afname in die relevansie van die bevrydingstryd, en die ANC se beleid van begunstiging en selfverryking eerder as dienslewering en verteenwoordiging (Du Toit & De Jager, 2014:113).

5.2.4 Veranderinge in die demografiese status van die bevolking: verstedeliking, swart middelklas en die vrygebore generasie

Die totale bevolking staan op 51,7 miljoen in 2011 en bereik 54 miljoen teen 2014 (Statistics SA, 2014). Die proporsie Suid-Afrikaners wat in landelike gebiede woon, krimp met ongeveer 10% sedert 1994. Volgens data beskikbaar gestel deur die Verenigde Nasies (Businesstech, 2014), woon 64,3% (34,17 miljoen) van die bevolking in stedelike gebiede, teenoor 35,7% (18,9 miljoen) wat in landelike gebiede woon. Figuur 5.1 illustreer die trajek van stedelike/landelike verskuiwing (1950 tot 2050).

Figuur 5.1: Stedelike/Landelike verskuiwing /Stedelike teenoor landelike bevolking



Bron: Businesstech (2014)

In terme van bevolkingsaanwas is Gauteng en die metro's soos eThekweni en Kaapstad die vinnigste groeiende areas, wat 'n direkte impak op die lewering van basiese dienste soos behuising, vervoer, werkskepping, energieverskaffing en gesondheid het. Immigrasie verhoog die stedelike bevolking op 'n jaarlikse basis met ongeveer 0,2%.

5.2.4.1 Die impak van verstedeliking in SA op stempatrone van kiesers

In die Suid-Afrikaanse politieke landskap word die dualisme van die "rural/urban divide" (Venter, 2014a:11) as een van die oorsake van veranderende stempatrone erken. Ekonomiese aktiwiteite vind grootliks in stedelike gebiede plaas, terwyl uitgebreide armoede in die landelike gebiede voorkom. Die ander faktor is ook dat verstedeliking teen so 'n vinnige tempo plaasvind dat die ontwikkeling en bestuur van stedelike fasiliteite en strukture nie kan byhou nie, wat eindelik lei tot swak infrastruktuur en dienste (Venter, 2014a:11). Volgens Booysen (2015:184) beïnvloed die proses van verstedeliking die ANC se steun negatief. Terwyl die bevolking stadig stede toe migreer, verswak die stedelike ANC-ondersteuning teenoor die landelike ondersteuning (Booyesen, 2015:184). Die 2011 sensus toon 62% van SA se bevolking woon in stedelike gebiede, terwyl 56% van geregistreerde kiesers stedelik en 44% landelik is. Stedelike stemopkoms styg van 76% in 2004 na 80% in 2009, maar daal weer in 2004 na 76%. Landelike stemopkoms daal van 78% in 2004 na 75% in 2009 en 70% in 2014. Booysen (2015:186) wys verder uit dat die ANC ernstige verliese in stedelike gebiede begin ervaar. In 2004 het die ANC 67,8% van die stedelike stem verower, met 'n afname in 2009 na 61,3% en in 2014 na 55,8%. Onder opposisiepartye is die DA se ondersteuning hoofsaaklik stedelik, terwyl ondersteuning vir die EFF in Gauteng toeneem (Booyesen, 2015:184). Aansluitend by die kwessie van verstedeliking moet die swart middelklas uitgesonder word as belangrike faktor in die veranderende stempatrone van kiesers in Periode 2.

5.2.4.2 Die opkomende swart middelklas as politieke faktor

Die groei van die DA as opposisieparty in Periode 2 het tot 'n groot mate sy sukses te danke aan die swart, stedelike middelklas se ondersteuning. Booysen (2015:183) beskou hierdie groep "opwaarts-mobiele" kiesers hoofsaaklik as 'n byproduk van die ANC se transformasionele agenda. Dit is ook hoofsaaklik hierdie groep wat voordeel trek uit die ANC se beleid van die transformasie van openbare dienste – 'n groot aantal van dié kiesers word in die burokrasie, in swart bemagtigingsprogramme, en in tenderpreneuriële ondernemings ontplooi. Terwyl die swart middelklas, veral in Gauteng, meer prominente ekonomiese, sosiale en politieke invloed dra, is dit duidelik dat daar ook in hierdie kiesersbasis verskuiwing plaasvind in terme van politieke ondersteuning en die magsbalans (Booyesen, 2015:184). Wat, volgens Booysen, duidelik na vore kom, is die tendens dat die opwaarts-mobiele middelklas nie gedwonge voel om vir die ANC te stem nie. Kwessies soos korrupsie, die stadige tempo van ekonomiese transformasie, en hoë lewenskoste dra ook meer gewig as die ideologiese boodskap van


bevryding, wat tot 'n groot mate nie meer by hierdie sektor van die gemeenskap aanklank vind nie.

5.2.4.3 Die impak van SA se jonger bevolking (vrygeborenes) op kiesersvertroue

SA het 'n jong bevolking – die gemiddelde ouderdom is 24,9 jaar – en laer as die meeste ontwikkelende ekonomieë in die wêreld (Fakir, *et al.*, 2014:12). Uit die bevolking van meer as 53 miljoen is 77,6% onder 35 jaar. Die 18- tot 29-jarige ouderdomsgroep (vrygebore generasie) verteenwoordig ongeveer 34% van alle potensiële kiesers (sien Figuur 5.2). In die laaste verkiesing het slegs 59% van kiesers in hierdie ouderdomsgroep geregistreer om te stem. 'n Uitvloeisel van jeugapatie is natuurlik openbare opstand en protesoptogte, wat dikwels die vorm van politieke deelname is wat jonger kiesers bo die stemproses verkies (Fakir, *et al.*, 2014:12). Fakir wys uit stemapatie en lae politieke doeltreffendheid kan lei tot protesaksies as uitdrukking van politieke ontevredenheid, en dien vervolgens ook as 'n waarskuwing wat die gesondheid van die Suid-Afrikaanse demokrasie aanbetref.

Figuur 5.2 dui die verandering in die stemouderdompopulasie (SOP) aan, soos jonger kiesers tot die kieserskorps toetree.

Figuur 5.2: SA se politieke generasies in die post-apartheid era



Bron: Mattes (2011:6); Afrobarometer (Working paper 131)

Dit is duidelik dat die proporsie vrygeborenes vinnig toegeneem het van een in 20 stemgeregtigde kiesers in 2000 (5%) tot amper een-derde, slegs agt jaar later. Teen 2008 verteenwoordig die vrygebore generasie die tweede grootste politieke groepering (43%) ná die struggle generasie (Bratton, 2011:5). Hierdie demografiese veranderinge in die bevolking het 'n wesentlike invloed op die erosie van kiesersvertroue in Periode 2.

In die volgende afdeling word studies uitgelig wat die erosie van kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokrasie, in die tydperk 2005-2017, ontleed en beskryf.

5.3 DIE EROSIE VAN KIESERSVERTROUWEN IN DIE SUID-AFRIKAANSE DEMOKRASIE: RESULTATE VAN EMPIRIESE STUDIES

Studies oor politieke (morele), institusionele (ekonomiese) en interpersoonlike (sosiale) vertroue onder Suid-Afrikaanse kiesers word vervolgens uitgelig en bespreek ter ondersteuning van die sentrale teoretiese stelling dat kiesersvertroue in Periode 2 erodeer. Kiesers se opinies oor die waarde en betekenis van demokrasie word gemeet en daar word gepoog om vanuit die kieser se perspektief te bepaal tot watter mate die oorgang na demokrasie, ná twee dekades, as onsuksesvol of kwesbaar beskou kan word.

SA is een van slegs 'n handvol Afrika-state wat as 'n liberale demokrasie geklassifiseer kan word. Daar is gereelde verkiesings, 'n (debatteerbare) vrye media⁶⁵, en 'n tradisie van burgerlike sosiale aktivisme, wat 'n mate van toerekenbaarheid in Periode 2 verseker. Soos in Hoofstuk 3 en 4 uitgewys, word SA beskou as 'n "vry" staat, maar, weens die aspekte wat konsolidering van die demokrasie vertraag, nie as 'n suksesvolle demokrasie nie (Marais 2012:70-72). Die ANC, in alliansie met die SAKP en Cosatu, toon al die eienskappe van 'n dominante party, met betreklike swak opposisie. Alhoewel die ANC se ondersteuning by die stembus ná 2004 begin afneem, versterk die party sy magsbasis en hegemonie in Periode 2 in die breë politieke deur die toepassing van nepotisme, kliëntelisme en sentralisering in wat Booysen beskryf as "*the ANC's duet of dominance and decline*" (Booyesen, 2014a:7). In haar ontleding van die ANC se oorwinning in die 2014 verkiesing beskryf Booysen (2014a:7) die nasionale verkiesingsresultate in Periode 2 as 'n "serial decline" as gevolg van uitdagings op verskeie vlakke, soos die afname in stemopkoms as gevolg van stemapatie onder kiesers, en verskuiwings in die demografiese eienskappe van burgers. Ten spyte van die ANC se rol in die bevrydingstryd, en die feit dat die ANC steeds hoër vertrouensvlakke as die opposisiepartye handhaaf, word die kwaliteit van die ANC-regering bevraagteken in terme van die bestuur van die ekonomie, openbare dienslewering, werkverskaffing en toerekenbare leierskap. Studies oor die omvang van en redes vir die erosie van kiesersvertroue word hiernaas op makro-, meso- en toepassingsvlak van die Suid-Afrikaanse demokrasie in oënskou geneem.

⁶⁵ Freedom House se Freedom of the Press Report 2015, lys SA as 39ste uit 180 state, en laer in persvryheid as Cape Verde, São Tomé en Príncipe, Mauritius, Ghana en Namibië. Die kontroversiële *Wetsontwerp* op die Beskerming van Staatsinligting dra 'n 25 jaar vonnis vir 'n persoon wat staatsgeheime verklik. Die Publikasieraad stel voor dat aanlyninhoud gekontroleer word wat die vryheid van spraak sal beperk. Die SAUK bevoordeel openlik die regerende ANC gedurende die Zuma-era, deur politieke advertensies van opposisiepartye weg te wys ter bevoordeling van die ANC, en joernaliste is beveel om nie moeilike vrae aan President Zuma te stel tydens onderhoude nie (Du Plessis, 2017).

5.3.1 Die erosie van kiesersvertroue op makrovlak in die Suid-Afrikaanse demokrasie

Kiesersvertroue op makrovlak behels vertroue in en tevredenheid met demokratiese beginsels en ideologie, aspekte van etiese leierskap en die verskynsel van korrupsie op regeringsvlak (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.4.2). Resultate van studies in die volgende drie areas word uitgelig:

- Kiesers se vertroue in en tevredenheid met die manier waarop demokrasie werk
- Vertroue in etiese leierskap: die president, politieke leiers, partye en institusies
- Korrupsie soos waargeneem deur kiesers en die uitwerking daarvan op kiesersvertroue.


5.3.1.1 Kiesers se vertroue in en tevredenheid met die manier waarop demokrasie werk

Resultate van RGN-studies (Wa Kivulu, *et al.*, 2005:1) toon dat, net ná die 1994 verkiesing, 16 % van kiesers *baie tevrede* en 41% *tevrede* was met die manier waarop demokrasie werk, met 'n wisselende toename tot in 2004, waarna kiesers se tevredenheid met demokrasie weer 'n afname begin toon het. Teverdenheid met demokrasie verskil ook onder die verskillende rasse-groepe, maar ten spyte van hoë werkloosheid en toenemende armoede voel meeste Suid-Afrikaners tog dat hul persoonlike lewe en die van mede-Suid-Afrikaners verbeter het in die tydperk 1994 tot 2004 (Wa Kivulu, *et al.*, 2005:5-6). Volgens die SASAS-studies (2003-2013) neem ondersteuning van demokratiese beginsels in Periode 1 ook toe. In 2004 bereik hierdie ondersteuning 'n hoogtepunt (63%), waarna dit in 2013 begin daal tot 36%. Kiesers verloor vertroue in demokratiese prosesse: 35% is ontevrede in 2003, en teen 2013 styg dit tot 48% (Roberts, *et al.*, 2014:5). Tussen 2011 en 2015 neem die persentasie Suid-Afrikaners wat SA beskou as 'n "volle demokrasie", of "een met net 'n paar probleme", af met 18%, van 66% na 47% (sien Figuur 5.3). Minder as die helfte van burgers (47%) is tevrede met die manier waarop demokrasie werk, 'n afname van 13% sedert 2011 (Lekalake, 2016:6).

'n Baie interessante uitkoms van die studies is dat ses uit 10 Suid-Afrikaners (61%) aandui dat hulle bereid is om deelname aan verkiesings te verruil vir 'n nie-demokratiese regering wat basiese dienste soos veiligheid, regsreël, behuising en werksgeleenthede waarborg (Lekalake, 2016:2).

Figuur 5.3: Kiesers se persepsie van die Suid-Afrikaanse demokrasie as ten volle suksesvol of met 'n paar probleme (2000-2015)

Respondente is gevra: *In jou opinie, is SA 'n volle demokrasie? Oorhoofs, hoe tevrede is jy met die manier waarop demokrasie werk in SA?*



Bron: Lekalake (2016:7); Afrobarometer (Dispatch No 71)

Mattes (2002:30) rapporteer dat Suid-Afrikaners se ondersteuning vir demokrasie en verwerping van outoritêre regering reeds in 2002 laer was (44%) as meeste van die Suidelike Afrika-state waar Afrobarometer studies onderneem het. In Periode 2 is kiesers se tevredenheid met demokrasie teen 2015 op slegs 47% beraam, soos per die Afrobarometer-resultate in Figuur 5.4 uiteengesit.

5.3.1.2 Vertroue in etiese leierskap: die president, politieke leiers, partye en institusies


Suttner (2014) beklemtoon leierskap moet “people driven” en “people centred”⁶⁶ wees – twee terme wat prominent in die HOP gebruik word (as deel van die HOP se ses basiese beginsels) om die transformasionele agenda te dryf (ANC, 1997). In die oorgangsfase van demokratisering, volgens Fakir (2009:10) moet politieke leiers poog om die aard, karakter, kultuur en praktyke van die gemeenskap wat hulle bedien, te verstaan – dit behels 'n legitieme binnedringing van die gemeenskap. Stabiliteit moet geskep word deur duidelike beleidsprogramme wat aansluit by die waardes, behoeftes en aspirasies van die breë gemeenskap en ook verantwoordelikheid toon wat die aard van politieke retoriek en debat aanbetref (Fakir, 2009:10). (Verwys ook Hoofstuk 2, afd. 2.3.6.)

⁶⁶ Nelson Mandela gebruik in sy openingsadres voor die parlement op 24 Mei 1994 die term “people centred” om die regering se toewyding om die doelwitte van vryheid op alle vlakke van die samelewing te bereik, te demonstreer (RDP, 1994:11).

In die eerste dekade van demokrasie toon studies reeds wisselende vlakke van vertroue in politieke leiers en institusies, grootliks as gevolg van beriggewing oor korrupsie onder regeringstrukture, wat 'n sterk aanduiding is van die tekort aan etiese leierskap. Vertroue in die president was aanvanklik hoog, maar teen 2002 het vertroue egter gedaal tot 37% voor dit in 2004 weer styg tot 66%, soos in Figuur 5.4 aangedui word.

Figuur 5.4: Tekort aan vertroue in die president (2000-2015)

Respondente is gevra: Hoeveel vertrou jy elkeen van die volgende, of het jy nie genoeg gehoor om te kan sê nie? Die President; Glad nie/net 'n bietjie; Baie/heelwat; Weet nie




Bron: Lekalake (2015:4); Afrobarometer (Dispatch no 66)

Nadat Mandela die leiers in 1999 aan Mbeki oorhandig het, en tot en met 2004, neem vertroue in die president toe met 24% (Lekalake, 2015:4). Vertroue in die president styg tot in 2006, waarna dit, soos in Figuur 5.4 getoon, skerp begin daal. President Zuma se goedkeuringslesing was 'n aanvaarbare 62% in 2011, maar kiesersvertroue daal oor die volgende vier jaar met amper 30% na 34%. Lekalake (2015:4) is van mening dat die persepsie van swak regeringsprestasie en korrupsie 'n bydraende faktor tot die dramatiese afname in kiesersvertroue was. In 2015, te midde van vele ekonomiese uitdagings, maak die Nkandla-korrupsieskandaal opslae en vertroue in die president daal tot sy laagste vlak sedert 2000 (Chingwete, 2016:1). Volgens Chingwete toon die resultate van die Afrobarometer-studies (Rondte 6) dat vertroue in parlamentslede, provinsiale premiers, plaaslike regeringsrade, die regerende party en opposisiepartye ook dramaties afgeneem het – politieke leiers is dus die amptenare wat die minste vertrou word onder alle vorme van openbare amptenare, soos in Tabel. 5.5 geïllustreer word. Onder 11 state ingesluit by die Afrobarometer-studies (Rondte 6) oor vertroue in institusies, is dit net in een staat, naamlik Malawi, waar president Banda laer

gelys word op die presidensiële vertrouensindeks (slegs 21%) as president Zuma, wat 21% laer meet in vertroue as die Afrika-streeksgemiddeld van 55% (Merten, 2016; Chingwete, 2016:5).

Figuur 5.5: Vertroue in politieke leiers en institusies (2000 – 2015)

Respondente is gevra: Hoeveel vertroue het jy in elk van die volgende, of het jy nie genoeg gehoor om te kan sê nie? (% wat sê “redelik” of “baie”)



Bron: Chingwete (2016:5); Afrobarometer (Dispatch No 90)

Soos Figuur 5.5 aandui, neem vertroue in die regerende party af, van 61% in 2006 na 43% in 2015 en 34% vertroue in die president. Tevredenheid met munisipale regerings toon dat 43% van respondente vertroue het in hul plaaslike rade. Booyesen (2011:26) beklemtoon dat die meerderheid van Suid-Afrikaners, wat politiek aktief is, teen 2011 nog grotendeels hul vertroue in die ANC behou (62%), en glo dat die organisasie nog 'n beter lewe vir almal sal lewer. In die geval van waar die ANC misluk, behou kiesers die geloof dat die ANC steeds die verkose politieke alternatief is om hul lewensomstandighede te verbeter (Booyesen, 2011:26). Maar, sê Booyesen, die ANC is stadig besig om na die punt te beweeg waar die meerderheid van sy

ondersteuningsbasis die regering begin evalueer in terme van resultate gelewer (Booyesen, 2011:26) en die daling in kiesersvertroue ná 34% in 2015 bekragtig hierdie tendens.

5.3.1.2.1 Kiesersvertroue in opposisieparty in Periode 2

Matlosa (2007:7) verklaar dat 'n politieke stelsel sonder kompeterende politieke partye nie as demokraties beskou kan word nie. Mahler (soos aangehaal deur Nelson, 2012b:560) beskryf politieke partye as die voertuie van 'n demokratiese politieke stelsel. Ten spyte van die swak ondersteuning vir opposisieparty was daar oor die twee periodes 'n toename in die aantal partye wat in al die verkiesings, nasionaal en plaaslik, deelgeneem het. Hoewel ondersteuning vir kleiner partye afneem, het hierdie opposisiepartye as 'n geheel in die laaste drie verkiesings tussen 9% en 10% van stemme gehandhaaf (Schulz-Herzenberg, 2014a:4). Schulz-Herzenberg is van mening dat daar dus steeds 'n behoefte is aan kleiner, meer streeksgebonde partye onder 'n groot deel van die kieserskorps. Vertroue in opposisieparty styg geleidelik van 12% in 1994 na 36% in 2015. Die DA wen stadig ondersteuning en begin as 'n veelrassige party sukses behaal op plaaslike gebied, en in terme van groei op nasionale vlak, hoewel die DA geen bedreiging vir die ANC is nie. Die EFF konsentreer op jong en ontevrede kiesers. Volgens Booyesen (2014a:31) bly die ANC steeds dominant, maar met bedenkinge oor die behoud van hierdie dominansie. Die ANC se hegemoniese magsbasis kom dus in gedrang en word in die 2014 en 2016 verkiesings bedreig. Booyesen beklemtoon die ANC se magsbasis lê grootliks in die hernuwing van sy hegemoniese karakter:

“Much of contemporary ANC power depends on it being seen to be the winner and in control of the renewal of its hegemony. With results that veer towards the loss of more of its outright majorities the decay will gain momentum” (Booyesen, 2014a:9-10).

Lekalake (2017) wys uit dat ten spyte van die institusionalisering van veelpartystelsels in Suidelike Afrika-state, dit selde 'n verandering in regering teweegbring. Volgens 'n Afrobarometer-studie in 2014/2015 in Botswana, Mosambiek, Namibië, SA and Zimbabwe, is bevind dat, alhoewel daar ondersteuning is vir veelparty-demokrasie in dié state, opposisiepartye nog minder as regeringspartye vertrou word en nie as 'n lewensvatbare alternatief⁶⁷ beskou word nie. Lekalake (2017) verduidelik verder:

“This suggests that opposition parties might put off potential voters if they are seen to be constantly criticising the ruling party rather than contributing to the country's development. Opposition parties might do better if they highlight their policy platforms and gain citizen confidence in their plans and capabilities”.

Al vyf bogenoemde state word tans regeer deur partye wat uit bevrydingsbewegings ontwikkel het, en reeds dekades in beheer is (Lekalake, 2017). In al hierdie state word die opposisiepartye

⁶⁷ Opposisiepartye word waargeneem as met 'n tekort aan kapasiteit om te regeer, met swak distribusie van mag en bronne, en onenigheid onder kompeterende faksies (Lekalake, 2017).

die minste vertrou uit twaalf tipes institusies en leiers. Terwyl vertrou in die regeringspartye self maar op 46% lê, is dit slegs 36% vir opposisiepartye. Aanduidings is egter dat vertrou in opposisiepartye wel aan die toeneem is, aangesien dit in die tydperk 2011 tot 2013 op 21% gelê het en in 2015 'n styging toon na 36% (Lekalake, 2017).

In SA het die opposisie se sterk vertoning in die 2016 plaaslike verkiesings 'n mate van optimisme teweeggebring en vertrou in opposisiepartye versterk. Lekalake (2017) is van mening dit stel ook wydverspreide ontevredenheid met die regerende ANC, politieke institusies en die prestasie van die ANC rakende beleidskwessies en -uitvoering voor. Terwyl daar dus optimisme bestaan dat hierdie situasie in die 2019 verkiesing die opposisie kan bevoordeel, beklemtoon Lekalake dat burgerlike ontevredenheid met regeringsprestasie nie noodwendig realiseer in ondersteuning vir die opposisie nie. Die openbare befondsing van politieke partye in die demokrasie is ook 'n debatteerbare onderwerp. Booysen en Masterson (2009:415) is van mening dat dit juis openbare befondsing is wat daartoe bygedra het om die dominante posisie van die ANC te konsolideer, ten koste van die ander partye⁶⁸. Volgens hulle bevoordeel die oneweredige toekenning van fondse die ANC "to become extremely well-resourced, also reaping benefits from beneficiaries of its period in government and investment and direct business interests – and other political parties found it hard to compete" (Booyesen & Masterson, 2009:415).

5.3.1.3 Persepsie van korrupsie onder regeringsleiers

Die eerste dekade van SA se demokrasie word gekenmerk deur toenemende aantygings en berigte van korrupsie in regeringsinstitusies (Kalombo, 2005:4). Tussen 1995 en 2000 voel ongeveer helfte van Suid-Afrikaners dat "alle" of "meeste" amptenare in nasionale of plaaslike regering betrokke is by korruptiewe aksies (Kalombo, 2005:32; Afrobarometer, 2006:2). In 2002 daal hierdie negatiewe persepsies en bly laag deur 2004 (Afrobarometer, 2006:3), moontlik vanweë die suksesvolle en openbare vervolging van Winnie Mandela en Tony Yengeni⁶⁹. In 2006 styg persepsies van korrupsie weer te midde van die verhoor van adjunkpresident Jacob Zuma se finansiële adviseur, Shabir Shaik, waar bevind is dat hy 'n korrupte verhouding met Zuma gehad het. 45% van respondente voel dat alle of meeste amptenare in die presidensie korrupt is – 'n toename van 4% sedert 2004 en 9% sedert 2000 (Afrobarometer, 2006:2). 'n Stortvloed aantygings rondom ongerymdhede met tenderaansoeke en

⁶⁸ Hier word verwys na die reuse wanbalans tussen die allokasie van openbare fondse aan die ANC teenoor die twee grootste opposisiepartye: "Of the R88 million that the IEC distributed to parties in 2009, R61 million went to the ANC, R10,5 million to the DA (Democratic Alliance) and R5,4 million to the Inkatha Freedom Party" (Booyesen & Masterson 2009, 415). Die ANC ontvang dus vyf en 'n half keer meer van die belastingbetaler se geld in 2009 as die ander twee partye saam.

⁶⁹ Winnie Mandela is skuldig bevind en gevonnissen tot vier jaar tronkstraf op 26 April 2003 op aanklagte van diefstal en bedrog. Tom Yengeni, die voormalige ANC hoofseep in die Nasionale Vergadering is in Maart 2003 gevonnissen tot vier jaar gevangenisstraf vir bedrog wat verband hou met die 1999-wapentransaksie (Helen Suzman Foundation, 2004).

indiensnemingsprogramme veroorsaak sinisisme onder kiesers teenoor plaaslike regering. 45% voel in 2006 dat plaaslike amptenare korrup is, 'n 21%-styging oor 2004 (Kalombo, 2005:32).

Volgens Camerer (soos aangehaal deur Kalombo, 2005:78) het die oorgang van outoritêre regering na demokrasie 'n "vacuum of authority" geskep deur die verwydering van outoritêre kontroles, die skep van teenstrydige waardes en 'n nuwe opwaarts-mobiliserende elite, privatisering, en die oopstel van die ekonomie vir internasionale deelname. In Februarie 1997 is korrupsie deur die International Finance Corporation (die privaat investeringsarm van die Wêreldbank) geïdentifiseer as die ernstigste hindernis wat internasionale belanghebbendes daarvan weerhou om met SA besigheid te doen (Kalombo, 2005:32). President Mandela het 'n veldtog in "morele regenerasie" aanbeveel en vinger gewys na *"elements of the new administration that become as corrupt as the apartheid-era civil servants they have replaced"* (Kalombo 2005:30). Hierdie argument word deur Afrobarometer-data ondersteun (sien Tabel 5.1), wat 'n negatiewe verband toon tussen die persepsies van korrupsie en vertroue. Daarteenoor toon vertroue 'n positiewe verband met die waargenome prestasie van verkose leiers. Waar respondente in Tabel 5.1 dink dat geen of min korrupsie voorkom nie, is hul vertroue in die president hoër (46%) as diegene wat glo dat daar baie korrupsie onder regeringsleiers voorkom (vertroue in die president slegs 19%). Die redes vir korrupsie in SA in die eerste dekade van demokrasie som Camerer (in Kalombo, 2005:79) op as 'n algemene afname onder regeringsleiers in morele en etiese waardes, swak wigte en teenwigte, wanbestuur, hebsug en selfverryking, en sosio-ekonomiese omstandighede (hoofsaaklik armoede).

Volgens Anderson en Tverdova (soos aangehaal deur Chingwete, 2016:1) het burgers in lande waar hoë vlakke van korrupsie voorkom, minder vertroue in hul politieke stelsel en plaas minder waarde op hul politieke institusies.

Tabel 5.1: Vertroue, waargenome korrupsie en prestasie van verkose leiers (2015)

Respondente is gevra: **1)** Hoeveel vertrou jy elkeen van die volgende, of het jy nie genoeg gehoor om te kan sê nie: Die president; die parlement; jou plaaslike regering. **2)** Hoeveel van die volgende mense dink jy is betrokke by korrupsie, of het jy nie genoeg gehoor om te kan sê nie? Die president en amptenare in sy kantoor? Lede van die parlement? Plaaslike regeringsamptenare? **3)** Keur jy goed of nie: die manier waarop die volgende mense in hul poste presteer het oor die afgelope 12 maande, of het jy nie genoeg gehoor om te kan sê nie? President Jacob Zuma? Jou verteenwoordiger in die parlement? Die premier van die provinsie? Jou verkose plaaslike raadslid?

	Assessering deur burgers	Vertrou effens/baie	Vertrou glad nie/'n bietjie
President en sy kantoor	Geen/van hulle is korrupt	46%	53%
	Meeste/almal is korrupt	19%	81%
	Keur prestasie goed/baie goed	69%	31%
	Is ontevrede/baie ontevrede met prestasie	13%	87%
Parlement	Geen/van hulle is korrupt	53%	47%
	Meeste/almal van hulle is korrupt	28%	71%
	Keur prestasie goed/baie goed		
	Is ontevrede/baie ontevrede met prestasie		
Plaaslike regeringsraad	Geen/van hulle is korrupt	44%	54%
	Meeste/almal van hulle is korrupt	26%	73%
	Keur prestasie goed/baie goed	62%	35%
	Is ontevrede/baie ontevrede met prestasie	20%	79%
Provinsie se premier	Geen/van hulle is korrupt	Korrupsievraag is nie oor premiers gevra nie	
	Meeste/almal van hulle is korrupt		
	Keur prestasie goed/baie goed	68%	31%
	Is ontevrede/baie ontevrede met prestasie	22%	75%

Bron: Chingwete (2016:9); Afrobarometer (Dispatch 90)

Die Afrobarometer-resultate hou verband met hierdie stelling en toon 'n negatiewe verband tussen persepsie van korrupsie en vertroue, soos in Tabel 5.1 geïllustreer word. Respondente wat die president se werksrekord goedkeur, plaas ook hier vertroue in hom (69%). Die wat nie

sy werksrekord goedkeur nie, vertrou ook nie die president nie (13% vertroue). Dieselfde patroon geld vir parlamentslede, regeringsverteenwoordigers en premiers (Chingwete 2016:9). Chingwete is van mening dat vertroue in politieke leiers en institusies, veral die ANC, dramaties afgeneem het:

“The govenment faces a huge task in building public trust in all its institutions – a task of fundamental importance in a democratic society. Among possible strategies for resuscitating citizens’ trust, South Africans appear to expect strong measures against corruption and improved government job performance” (Chingwete, 2016:10).

Die persepsie van korrupsie onder kiesers is een van die hoofredes vir die afname in vertroue in die regerende party. Korrupsie strek natuurlik oor die breë politieke en ekonomiese spektrum en beïnvloed dus ook kiesersvertroue op institusionele vlak.

5.3.2 Erosie van kiesersvertroue op mesovlak

Die vlak van kiesers se tevredenheid met dienslewering van openbare institusies, sowel as resultate gelewer, kan gesien word as aanduidend tot die rol wat hierdie organisasies in die sukses van die demokrasie speel. Kiesersvertroue op mesovlak behels die vertroue in staatsinstitusies, sekuriteitsinstitusies en nie-regeringsinstitusies, sowel as vertroue in regeringsprestasie en hantering van die ekonomie. In hierdie afdeling word die volgende aspekte uitgelig:

- Vertroue in demokratiese institusies en strukture
- Persepsie van en vertroue in regeringsprestasie
- Ekonomiese vertroue onder kiesers.


Volgens Mattes (2005:35) is Suid-Afrikaners reeds teen 2004 pessimisties oor hul staatsinstitusies. Dié institusies sluit regsinstusies, soos die howe, en sekuriteitsinstansies, soos die polisie en weermag, in. Die Onafhanklike Verkiesingskommissie vorm ook deel van die institusies wat ontleed word in terme van institusionele vertroue

5.3.2.1 Ontleding van vertroue in demokratiese institusies en strukture

In die National Qualitative Study (GCIS, 2013) word bevind dat vertroue in Suid-Afrikaanse institusies, soos in ander demokrasieë, aan die afneem is. Institusionele vertroue erodeer wanneer die integriteit van amptenare en deursigtigheid van staatsinstitusies bevraagteken word. Vertrouensvlakke in regs- en sekuriteitsinstitusies volg 'n soortgelyke patroon as politieke institusies. Ná 'n styging in 2004-2006 daal vertroue in 2008 en styg weer in 2011. Afrobarometer rapporteer dat, terwyl vertroue in die Valke en die weermag in 2015 bo 50% stabiliseer, vertroue in die polisie en howe afneem (verwys Figuur 5.6). Hoewel vertroue in 2015 met net 4% afneem, weerspieël die resultate dat die polisie, uit die vier sekuriteitsinstansies, die minste vertrou word.

Figuur 5.6: Vertroue in regs- en sekuriteitsinstitusies (2000-2015)

Respondente is gevra: Hoeveel vertroue jy elkeen van die volgende, of het jy nie genoeg gehoor om te kan sê nie? (% wat sê “redelik” of “baie”)




Bron: Chingwete (2016:6); Afrobarometer (Dispatch 90)

Vertroue in die howe daal met 10% van 66% in 2011 tot 56% in 2015, soos in Figuur 5.6 aangetoon. Nie-politieke institusies wat belangrik is in die bevordering van institusionele vertroue, en wat ingesluit is by die studie, is onder andere, tradisionele leiers, die uitsaaidiens, die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en die Openbare Beskermer. Figuur 5.7 gee 'n aanduiding van kiesers se vlakke van vertroue in hierdie organisasies.

Figuur 5.7: Vertroue in ander institusies (2000-2015)

Respondente is gevra: Hoeveel vertrou jy elkeen van die volgende, of het jy nie genoeg gehoor om te kan sê nie? (% wat sê “redelik” of “baie”)



Bron: Chingwete (2016:6); Afrobarometer (Dispatch 90)


Kiesers toon hoë vlakke van vertroue in die uitsaaidiens, maar die enigste institusie, uit die 18 politieke en sosiale institusies ingesluit in die studie, wat 'n wesentlike toename in vertroue toon, van 69% in 2011 na 79% in 2016, is die onafhanklike uitsaaidienste. Vertroue in die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID), die Openbare Beskermer en die Nasionale Vervolgingsowerheid stabiliseer tussen 2011 en 2015, in kontras met die OVK, waarvan die vertrouensvlak daal met 11%, van 69% tot 58%, soos in Tabel 5.11 uiteengesit. Onder staatsinstitusies neem vertroue in die OVK, polisie en howe dus af oor die laaste vier jaar, terwyl vertroue in die SAID, Openbare Aanklaer en die Nasionale Vervolgingsowerheid stabiel bly.

5.3.2.2 Persepsie van en vertroue in regeringsprestasie

Die 2013 Edelman Trust Barometer (GCIS, 2013) toon dat die erosie van institusionele vertroue gedryf word deur persepsies van swak regeringsprestasie en onetiese gedrag. Die GCIS-studie toon verder dat 27% van respondente die regering wantrou as gevolg van waargenome korrupsie. Nepotisme, 'n tekort aan deursigtigheid op nasionale en plaaslike vlak, werkloosheid,

en 'n tekort aan behuising en basiese dienste veroorsaak wantroue in die regering. 21% van die respondente voel dat erosie van vertroue veroorsaak word deur amptenare wat nie hul beloftes nakom nie (sien Figuur 5.8). Burgers voel nie dat die regering en die president (verwys Figuur 5.9) in hul beste belang optree nie.

Figuur 5.8: Die top vyf redes vir wantroue in die regering




Bron: GCIS (2013)

(Nie vertaal nie, aangesien daar direkte aanhalings van individue voorkom in figuur.)

Resultate van die Afrobarometer-studie (Rondte 6) in 2016 toon dat die ANC-regering deur 84% van respondente waargeneem word as suksesvol in die uitvoering van die welsynbeleid (sien Figuur 5.9). In terme van die bekampings van korrupsie word die regering se sukses egter op 20% gemeet, en in terme van die verligting van armoede op slegs 22%.

Figuur 5.9: Regeringsprestasie onder Zuma (2015)

Respondente is gevra: Hoe goed of sleg sou jy sê hanteer die regering die volgende kwessies, of het jy nie genoeg gehoor om te kan sê nie? Sleg ■ Goed ■



Bron: Afrobarometer (Rondte 6, 2015)


Oor die tydperk van die Zuma-regering, soos Figuur 5.9 aandui, is die persepsie van kiesers dat die regering nie suksesvol was in terme van die vermindering van misdaad (77%), armoedeverligting (78%), bestuur van die ekonomie (66%), werkverskaffing (77%) en die bekamping van korrupsie nie (80%).

5.3.2.3 Ekonomiese vertroue onder kiesers

Afrobarometer se 2016-resultate toon dat 54% van burgers die land se ekonomiese situasie as “sleg” of “baie sleg” beskou, ’n 7%-toename sedert 2011 en ’n amper 100%-toename sedert 2006. Op ’n persoonlike vlak beskou slegs een-derde (36%) van Suid-Afrikaners egter hul persoonlike lewensomstandighede as sleg of baie sleg, ’n 5%-afname sedert 2011. Die proporsie burgers wat nie toegang het tot die vyf basiese noodsaaklikhede (kos, skoon water, mediese sorg, kookolie, en kontantinkomste) nie, het tussen 2011 en 2015 met amper 50% afgeneem. Toegang tot kontantinkomste bly ’n uitdaging vir meeste burgers. In terme van die bestuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie toon Afrobarometer-studies dat kiesers se persepsies toenemend negatief aangemeld word, soos Figuur 5.10 illustreer.

Figuur 5.10: Regeringsprestasie ten opsigte van die bestuur van die SA ekonomie (2015)

Respondente is gevra: Hoe goed of hoe sleg sou jy sê hanteer die regering die volgende kwessies: of het jy nie genoeg gehoor om te kan sê nie?




Bron: Chingwete en Nomdo (2016:9); Afrobarometer (Dispatch No 83)

Terwyl Suid-Afrikaners wel verbetering in hul persoonlike lewensomstandighede sien, vergroot kiesers se ervaring van rasse-ongelykhede in die samelewing. Burgers is ook toenemend pessimisties oor die nasionale ekonomie, soos Figuur 5.11 aandui. Bykans twee-derdes (64%) van Suid-Afrikaners dink in 2015 dat die demokrasie besig is om in die verkeerde rigting te beweeg, met 'n 18 % toename sedert 2011. Hierdie is die derde hoogste vlak van afkeuring onder state in Suidelike Afrika, na Malawi (78%) en Madagaskar (75%) (Chingwete en Nomdo,2016:3). Die afleiding kan dus gemaak word dat politieke en institusionele vertroue in Periode 2 'n duidelike afname toon wat, soos in Afrobarometer-studies uitgewys word, die gevolg is van korrupsie, nepotisme, beloftes wat nie nagekom word nie, swak dienslewering en swak regeringsprestasie.

Figuur 5.11: Oorhoofse (regte of verkeerde) rigting (2011-2015)

Respondente is gevra: Party mense dink dat die land in die verkeerde rigting beweeg. Ander voel weer dat die land in die regte rigting beweeg. Wat sê jy: beweeg die land in die regte of verkeerde rigting?



Bron: Chigwete en Nomdo (2016:4); Afrobarometer (Dispatch No 83)

5.3.3 Erosie van kiesersvertroue op toepassingsvlak

Op toepassingsvlak word na aspekte verwys soos vertroue in ander mense, groepe en gemeenskappe, en veranderlikes soos subjektiewe welsyn. Interpersoonlike vertroue behels die vertroue in mense en is 'n aanwyser van die vertroue wat burgers het in hul gemeenskapsleiers en lede van ander rassegroepe. Die volgende aspekte van interpersoonlike vertroue, soos in Hoofstuk 2 (afd. 2.4.2.3) uiteengesit, word hier bespreek:

- Interpersoonlike vertroue tussen rassegroepe in SA
- Die persoonlike welsynsituasie van kiesers (bestaande armoede)
- Interne en eksterne politieke doeltreffendheid as aanwysers van kiesersvertroue.

Kiesersvertroue op persoonlike vlak is 'n belangrike faktor in die bou van sterk sosiale strukture en sosiale kapitaal in die gemeenskap (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.4.2.5). Kiesers se persepsie van hul persoonlike welsyn en ekonomiese situasie word ook op toepassingsvlak gemeet, sowel as kiesers se kognitiewe funksies, soos wanneer hulle besluite moet neem oor deelname aan demokratiese prosesse, verkiesings, protesoptogte en ander politieke aktiwiteite in die demokrasie.

5.3.3.1 Interpersoonlike vertroue tussen rasse-groepe in SA

Interpersoonlike, of sosiale vertroue word as laag gemeet onder al die rasse-groepe in SA soos in Tabel 5.2 aangedui.

Tabel 5.2: Interpersoonlike vertroue onder die verskillende rasse-groepe in SA

Respondente is gevra: Oor die algemeen, sou jy sê dat meeste mense vertrou kan word, of moet jy baie versigtig wees tydens jou interaksie met mense?

	Swart	Wit	Kleurling	Indiër	Totaal
Jy moet baie versigtig wees	67	86	91	89	72
Meeste mense kan vertrou word	30	13	8	11	26
Weet nie	3	1	<1	0	2

Respondente is gevra: Voel jy na aan enige politieke party?

	Swart	Wit	Kleurling	Indiër	Totaal
Nee (ervaar NIE 'n band met ENIGE party nie)	28	70	50	62	35
Ja (ervaar 'n band met 'n party)	63	24	41	20	56
Het geweier om te antwoord	7	3	7	10	7
Weet nie	2	3	3	8	3

Bron: Mattes, et al. (2004)


Studies onderneem deur SASAS (2008 en 2009) toon dat Suid-Afrikaners laag rapporteer op die sosiale vertrouensindeks. In 2008 meet 62% van respondente laag, 17% op die middelpunt van die indeks en slegs 20% van respondente in die hoër helfte van die indeks. Die 2009-resultate vertoon effens hoër, met 52% wat ander wantrou, en 26% van respondente wat sê dat hulle ander mense vertrou. Hierdie resultate vergelyk met die World Value Surveys s'n wat, oor die tydperk 1990 tot 2007 (vier studies), sosiale vertroue onder Suid-Afrikaners gemeet het as 28% in 1990, met 'n daling na 19% in 2007 (Mmotlane, et al., 2010:4).

Vertroue is sentraal tot die individu se vermoë om sosiale verhoudinge te vorm. Sedert 2003 is respondente se ooreenstemming met die stelling "mense van verskillende rasse-groepe vertrou mekaar nie werklik nie" in SASAS studies gemeet. Terwyl burgers se vlakke van vertroue in ander rasse-groepe wissel (ooreenstemming met die stelling staan op 64% in 2011), styg die persentasie tot 69% in 2015 (verwys Figuur 5.12). 55% van respondente stem in 2015 saam dat mense in verskillende rasse-groepe mekaar nooit werklik sal vertrou nie. Hierdie patroon dui op breë skeptisisme onder burgers oor die toekoms van rasseverhoudinge in SA (Roberts & Struwig, 2016:23)

Figuur 5.12: Vertroue tussen rassegroepe (2003 tot 2015)

Persentasie respondente wat saamstem met die stellings:

■ Verskillende rassegroepe vertrou mekaar nie werklik nie
 ■ Verskillende rassegroepe sal mekaar nooit werklik vertrou nie



Bron: Roberts en Struwig (2016:23); 2003-2015 SASAS; HSRC review (Volume 14, No 2, 2016:23)


Die persoonlike welsyn van kiesers is, soos reeds uitgewys in Hoofstuk 2 (afd. 2.4.2.3), 'n bepalende faktor in kiesers se vlakke van vertroue in demokratiese prosesse en veral plaaslike regering en word vervolgens as een van die oorsake van die erosie van kiesersvertroue ontleed.

5.3.3.2 Persoonlike welsynsituasie van kiesers (bestaande armoede)

In die tydperk 2002 tot 2015 verbeter Suid-Afrikaners se persoonlike ekonomiese situasie volgens die kriteria wat bestaande armoede verteenwoordig. Alhoewel die uitkyk op die breër ekonomie meer negatief voorkom, toon resultate in die SASAS Afrobarometer-studie (verwys Figuur 5.13) dat burgers se toegang tot basiese noodsaaklikhede soos kos, skoon water, mediese sorg, kookolie, en kontantinkomste verbeter het. Op al vyf aanwysers is Suid-Afrikaners beter daaraan toe in 2015 as in 2011. Drie uit 10 burgers (30%) het ten minste een keer sonder kos gegaan, 31% sonder skoon water, en 29% sonder mediese sorg, wat tussen 8% tot 10% beter is as in 2011. Die kleinste afname (3%) is gemeet teen die kontantinkomste-aanwyser, wat 'n moontlike weerspieëling kan wees van die hoë werkloosheidsyfer wat deurlopend ongeveer helfte van die respondente raak, en 'n negatiewe impak op die kwaliteit van burgers se lewe het. Resultate toon dat SA een van 22 Afrika-state is waar bestaande armoede tussen 2011 en 2015 afgeneem het (Mattes, *et al.*, 2016:11)

Figuur 5.13: Leef sonder basiese noodsaaklikhede (2002-2015)

Respondente is gevra: Oor die laaste jaar, hoe dikwels, indien ooit, moes jy of enigeen in jou familie klaarkom sonder: genoeg kos om te eet, genoeg skoon water vir tuisgebruik, medisyne of mediese sorg, genoeg kookolie, en kontantinkomste?



Bron: Mattes, et al.(2016)

Interpersoonlike of sosiale vertroue word dus beïnvloed deur die persepsie wat kiesers het van hul eie ekonomiese situasie en van ander groepe in die gemeenskap. Aansluitend hierby word politieke doeltreffendheid as beskrywend van kiesers se persepsie van hul eie rol of magposisie in die demokrasie beskou en die persepsie van kiesers rondom die responsiwiteit van die regering teenoor hul probleme. Politieke doeltreffendheid beïnvloed veral stemopkoms in verkiesings – dalende stemopkoms is 'n sterk aanduiding van die erosie van kiesersvertroue.


5.3.3.3 Interne en eksterne politieke doeltreffendheid as aanwysers van kiesersvertroue

In Hoofstuk 2 (afd. 2.4.2.3.2) word verwys na politieke doeltreffendheid as een van die aanwysers van kiesersvertroue. Hoe word die ANC-regering en staatsinstitusies waargeneem deur die Suid-Afrikaanse kiesers in terme van hul rol in die uitvoering van beleid, die mag van hul stem, en die responsiwiteit van die regering in terme van die bevrediging van kiesers se behoeftes. Is die bevrydingsboodskap nog van toepassing en voel kiesers dat hulle regeringsaksies kan beïnvloed en as agente van verandering kan optree? Het kiesers se vertroue in die demokrasie toegeneem of toon dit tekens van erosie? Figuur 5.14 toon dat feitlik die helfte van alle volwasse Suid-Afrikaners (46%) nie glo dat hul stem 'n verskil maak in verkiesingsuitslae nie. Daarteenoor is 45% positief oor die mag van hul stem. Die persepsie van

politieke doeltreffendheid met die 2014 verkiesing is aansienlik laer as in 2004 waar lesings so hoog as 75% gemeet is ten opsigte van die doeltreffendheid van kiesers se stem.

Figuur 5.14: Interne politieke doeltreffendheid (2003-2013)

Respondente is gevra: *Stem jy saam of nie: “Of ek stem of nie, maak nie ’n verskil nie”?*



Bron: SASAS (2014)

SA het ’n geleidelike afname in kiesersdeelname beleef in die eerste 20 jaar van demokrasie, wat hand aan hand gaan met die erosie van kiesersvertroue (verwys Hoofstuk 4, afd. 4.5.2). Schulz-Herzenberg (2014a:1) se analise ondersteun die tendens dat terwyl nasionale verkiesingsuitslae in die periode 1994 tot 2014 redelik stabiel was, die oorhoofse kiesersdeelnamesyfer afgeneem het. Sy skryf hierdie verskynsel toe aan die groeiende apatie onder jonger kiesers, sowel as die beperkte uitwerking van partypolitieke keuses wat kiesers aangebied word (Schulz-Herzenberg (2014a:3). Terwyl stemopkoms toeneem in die groter stedelike gebiede, kan die afname in landelike ondersteuning toegeskryf word aan toenemende teleurstelling in mislukte regeringsinisiatiewe en swak dienslewering. In stedelike gebiede weer, word kiesers meer blootgestel aan kompeterende verkiesingsveldtogte en ’n verskeidenheid van politieke opinies wat ’n mobiliserende uitwerking het op kiesers om in groter getalle deel te neem aan politieke prosesse en verkiesings (Schulz-Herzenberg, 2014a:3). 25% van Suid-Afrikaners in die ouderdomsgroep 18-34 jaar staan egter apaties teenoor stemming om die volgende redes: die geloof dat dinge dieselfde sal bly, maak nie saak wie die verkiesing wen nie (44%), en dat daar geen party is wat die moeite werd is om voor te stem nie (31%) (News24, 2014.). Hierdie resultate dui volgens SAIRR-navorsers Georgina Alexander (soos aangehaal in News24, 2014) op die onderliggende probleem van die negatiewe persepsie wat kiesers het met betrekking tot die regering en regeringsinstitusies (politieke doeltreffendheid):

"Rife corruption and lack of accountability among public officials have caused people in South Africa to lose confidence in political and governmental structures" (Alexander, 2014).

Schulz-Herzenberg (2014a:20) bevind dat Suid-Afrikaners die minste vertroue het in politieke partye (46,2%), die polisie (47,9%) en plaaslike regering (48,6%) en dat vertroue sedert 2012 in al die regeringsinstitusies ingesluit by die studie, afgeneem het. Die afleiding word dus gemaak dat daar erosie van kiesersvertroue in Periode 2 in al drie dimensies van die demokrasie plaasgevind het, wat demokratiese konsolidering vertraag het. Ter ondersteuning van die bogenoemde redes vir erosie van kiesersvertroue word die rol van die Suid-Afrikaanse staat ontleed, in terme van die bereiking van ontwikkelingsuitkomst soos in verkiesingsbeloftes uiteengesit.

5.4 ONDOELTREFFENDE PROSEDURELE EN SUBSTANTIEWE BELEIDSIMPLEMENTERING AS REDE VIR DIE EROSIE VAN KIESERSVERTROUEN IN SA

In die sentrale teoretiese stelling (Hoofstuk 1, afd.1.6) word ondoeltreffende beleidsimplementering uitgewys as een van die hoofoorake van die erosie van kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse regering. In Hoofstuk 4 (afd. 4.4.2) word die prosedurele en substantiewe verpligtinge van SA as transformasionele staat uiteengesit en vergelyk met verkiesingsbeloftes soos in die verskeie verkiesingsmanifeste vervat. In aansluiting by hierdie uiteensetting vervat die volgende afdeling die volgende twee besprekingspunte:

- Ondoeltreffende implementering van regeringsprogramme in die verwesenliking van ontwikkelingsdoelwitte
- Tot watter mate SA aan die kriteria van 'n suksesvolle, kwesbare of mislukte staat voldoen.

Kiesersvertroue is nou verweef met die beginsels van legitimiteit van die demokrasie, wat deur kiesers in die proses van vrye en regverdige verkiesings aan die regering toegesê word (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.2.7). Die kwaliteit van beleidsimplementering, in lyn met die beloftes gemaak tydens verkiesings, het 'n impak op die suksesvolle konsolidering van die demokrasie. Ter ondersteuning van dié stelling word die resultate behaal in die implementering van staatsbeleid ontleed teenoor beloofde ontwikkelingsuitkomst en die vereistes vir 'n suksesvolle Suid-Afrikaanse staat.

5.4.1 Ondoeltreffende implementering van regeringsprogramme in die verwesenliking van ontwikkelingsdoelwitte in Periode 2

Vir 'n demokrasie om suksesvol te wees, moet dit gebaseer wees op 'n stabiele infrastruktuur van bekwame, betroubare staatsinstitusies (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.4.2.2). Demokrasie is nie net 'n tipe regime of ideologie nie. Demokrasie is ook 'n vorm van regering. Die staat moet binne die

konstitusionele raamwerk mag en outoriteit hê om staatsfunksies doeltreffend uit te voer, soos deur Przeworski (aangehaal deur Wang, 2002:17) beskryf:

“If a government cannot perform basic state functions, no matter how democratic its form is, the people of the country would not be able to benefit from it”.

Demokrasie bestaan dus uit twee prosesse: die proses van transformasie van 'n nie-demokratiese regime na 'n meer demokratiese een, sowel as die proses van staatsbou (Rose & Shin, 2001:333). Die konsolidering van demokrasie behels nie net die instelling van demokratiese prosedures en praktyke en internalisering van demokratiese waardes nie (Wang, 2002:7), maar ook die doeltreffende bestuur van die territoriale gebied, staatsbronne en burgerlike belange waaroor die staat soewereine mag het. Oor hierdie konsep is daar, volgens Wang, ooreenstemming onder verskeie teoretici soos Przeworski, Linz en Stepan, en Rose en Shin, dat 'n sterk staat nodig is om suksesvolle transformasie te bewerkstellig:

“Thus, state-(re)building should be an indispensable undertaking throughout democratization and consolidation. It is ill advised for third wave countries to damage or weaken essential state capacities during their transition. Wherever and whenever the efficacy of the state is in doubt, a crisis of governance is likely to emerge; if unsettled in due course, the crisis of governance may eventually give rise to the crisis of democracy” (Wang, 2002:7).

Suksesvolle staatsbou is afhanklik van die suksesvolle verwesenliking van ontwikkelingsuitkomst. Sonder 'n doeltreffende staat verloor die demokrasie betekenis (Wang, 2002:7). Hierdie stelling word gevolglik krities bespreek, ter ondersteuning van die argument dat die ANC-regering nie hul ontwikkelingsdoelwitte, soos in verkiesingsmanifeste belowe, verwesentlik het nie.

5.4.1.1 Ontwikkelingsuitkomst in die prosedurele dimensie van die demokrasie

In Hoofstuk 4 (afd. 4.4.2) word vyf prosedurele verpligtinge uitgelig as noodsaaklik vir demokratiese konsolidering in Periode 2 (soos vervat in verkiesingsbeloftes). Die mate waartoe die regering suksesvol was in die uitvoer van hierdie verpligtinge word vervolgens bespreek.

5.4.1.1.1 Uitbouing van konstitusionele beginsels en strukture en die beskerming van agtergeblewe gemeenskappe se regte

Onmiddellik ná die 1994 verkiesing het die ANC-regering hervormings op konstitusionele vlak begin implementeer, waaronder die aanvaarding van die grondwet in 1996, met die Handves van Menseregte, 'n prioriteit was. Volgens die grondwet is 'n reeks wetlike institusies daargestel om demokrasie te vestig en burgers se regte en vryhede te beskerm (Graham, 2015:111). Institusies sluit in die Openbare Beskermer, die Onafhanklike Verkiesingskommissie, die Nasionale Vervolgingsowerheid en die Ouditeur-Generaal. Kommissies vir menseregte, geslagsgelykheid, grondhervorming en die beskerming van kulturele, religieuse, en taalregte word ook ingestel. Nuwe wette is geïmplementeer wat werkers beskerm, gelyke beregtiging is

bevorder, en sosiale programme is geloots wat hierdie grondwetlike beginsels in die demokrasie vestig (Husy, 1999).


Verskeie kwessies word voor die kommissies gebring wat veral in Periode 2 die stabiliteit van die demokrasie konfronteer en toets⁷⁰. Prosedureel vind uitgebreide hervorming egter plaas, wat die demokratiese beginsels van gelyke regte vestig en die raamwerk skep vir die doeltreffende bestuur van staats- en demokratiese institusies.

5.4.1.1.2 Beskerming en bestuur van demokratiese institusies soos vrye en regverdige verkiesings, 'n onafhanklike regstelsel en doeltreffende burokrasie

Die mate waartoe kiesers tevrede is met die bestuur van verkiesings speel 'n deurslaggewende rol in die bepaling van die suksesvolle demokratisering van die transformasionele staat (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.4.2.8). Die tevredenheid van kiesers hou direk verband met hul behoeftes en persoonlike welsyn (EISA, 2005:22).

Respondente in verskeie studies toon dat hulle tevrede is met die OVK se rol in die bestuur van nasionale en plaaslike verkiesings. In die 2016 plaaslike verkiesings voel 91% van kiesers dat die verkiesing vry en 93% dat verkiesings regverdig was (sien Figuur 5.15). Hierdie resultate vertoon redelik konstant oor die tydperk 2009 tot 2014.

Figuur 5.15: Waargenome regverdigheid in 2009 tot 2016 verkiesings (persentasie)



Bron: Struwig, et al. (2016:60); HSRC Election Survey (ESS) 2009, 2011, 2014, 2016

Kiesers voel egter nie dieselfde wanneer dit kom by die bestuur van die regstelsel nie. Resultate van studies toon dat vertroue in die regstelsel en burokrasie laag is hoofsaaklik weens korrupsie en nepotisme (verwys Tabel 5.10). Volgens die Suid-Afrikaanse Korrupsieverslag (Corruption

⁷⁰ Die Department van Binnelandse Sake word beveel om die sentrum vir uitgewekenes in Kaapstad oop te hou. Lawyers for Human Rights het op 20 Junie 2013 'n oorwinning in die hooggeregshof in hierdie saak behaal wat die regte van uitgewekenes beskerm. In die Marlboro Gardens-saak behaal die Lawyers for Human Rights op 1 November 2012 'n oorwinning in die Konstitusionele Hof wat die Johannesburgse Munisipaliteit beveel om die bewoners wat in Augustus 2012 onwettig uitgesit was, van boumateriaal en grond te voorsien (Lawyers for Human Rights, 2018).

Report, 2017) is daar aantygings van korrupsie op alle vlakke van die burokrasie: howe, polisie, openbare dienste, die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en doeane. Openbare verkrygingsprosesse is veral geneig tot korruptiewe transaksies, en omkoperij voer hoogty in die sentrale regering. Alhoewel SA 'n sterk teen-korrupsie raamwerk het, word die bekampings daarvan nie doeltreffend toegepas nie, ten spyte daarvan dat korrupsie in openbare en privaat sektore 'n kriminele aktiwiteit is, en openbare amptenare verplig is om korrupte aktiwiteite te rapporteer (Corruption Report, 2017). Die voormalige Hoofregter, Arthur Chaskalson, beklemtoon as volg:

“Judicial independence is a requirement demanded by the Constitution, not in the personal interests of the judiciary, but in the public interest, for without that protection judges may not be, or be seen by the public to be, able to perform their duties without fear or favour” (Siyo & Mubangizi, 2015).

Die ANC se kader-ontplooiing het egter 'n uitgebreide beskermheer-netwerk daargestel waardeur ANC-lede in strategiese posisies in die openbare sektor aangestel word, wat, volgens Du Toit en De Jager (2014:112), die skeiding tussen staat, regering en party verdoesel. Ministers, pleks van die Direkteur-Generaal, stel departementele beamptes aan wat die politieke en uitvoerende beheer oor die openbare sektor versterk. In so 'n beskermheerstelsel, geskep deur kader-ontplooiing, is die denkwys dat die magsbeheer en toegang tot staatsbronne, in ruil vir politieke lojaliteit en selfbelang, belangriker is as verteenwoordiging en dienslewering (diens aan ander). Du Toit en De Jager (2014:112) wys uit binne die ANC begin stemme opgaan oor die tekort aan toerekenbaarheid vanweë die feit dat aanstellings in die staatsdiens nie op meriete gemaak word nie, maar onder die vaandel van baantjies vir boeties (ter bevoordeling van familie en vriende).

Volgens Du Toit en De Jager is die sukses van die 2030 NOP afhanklik van 'n doeltreffende staat met duidelike skeiding tussen staat, regering en party (Du Toit & De Jager, 2014:112).

5.4.1.1.3 Investering in infrastrukturele projekte en die verbetering van openbare dienste

In die Twenty Year Review (2015) word uitgelig dat SA beduidende vooruitgang gemaak het in die verskaffing van basiese dienste soos water en elektrisiteit, veral aan agtergeblewe gemeenskappe. Die oorgangsregering het 'n moderne kragopwekkingsvloot geërf, in staat daartoe om elektrisiteit goedkoop te verskaf. Teen 2008 ervaar die land egter 'n krisis weens swak bestuur en onderhoud van die elektriese netwerk. In die 20 Year Review (2015) word dit toegeskryf aan buitengewone ekonomiese groei en 'n tekort aan kapasiteit, maar die probleem lê eerder in die feit dat Eskom geërf was deur entiteite wat nie die land se belange op die hart dra nie, maar die maatskappy gebruik het om hulself en sekere elite-groepe te verryk⁷¹.

⁷¹ Die Openbare Ondernemingskomitee word aangewys om die ondersoek na staatskaping in September 2017 te begin. Die fokus word aanvanklik geplaas op drie staatsinstitusies: Eskom, Transnet en Denel, wat volgens bewering

Terselfdertyd was daar 'n afname in die funksionaliteit van munisipale infrastruktuur vanweë swak bestuur en onderhoud in sommige munisipaliteite (20 Year Review, 2015: 71-72).

Volgens die Management Performance Assessment Tool (MPAT)⁷²-verslag, in September 2013 vrygestel deur die presidensie, voldoen 80% van regeringsdepartemente nie aan diensleweringstandaarde nie. Die MPAT het staatsdepartemente in 2012/2013 teen 29 bestuurstandaarde gemeet en bevind dat daar ernstige kommer is oor die volgende kwessies:

- Beheer van verkrygingsprosesse in groot semi-staatsinstitusies en veral die wyse waarop hierdie maatskappye uitgebuit word vir politieke eiegewin.
- 'n Verslag van die Openbare Beskermer, gepubliseer op 24 Maart 2014 bevraagteken transaksies tussen Eskom en die polities-gekonnekteerde Gupta-familie.
- Die Nasionale Tesourie wys 'n herfinansieringsaansoek vir Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL) vliegtuie af wat ook polities gemotiveerd was.
- PRASA (SA Passenger Rail Agency) plaas 'n multimiljoen bestelling vir lokomotiewe wat, ná 'n twyfelagtige verkrygingsproses, bevind is as te groot om deur tunnels in SA te pas.
- In nog 'n hoë-profiel saak ontvang president Zuma gunsgeld van 'n Franse wapenmaatskappy, Thales, as betaling vir die verkryging van hul wapensisteem. Hierdie aanklagtes word herhalend deur die NVO ingestel en weer teruggetrek (Corruption Report, 2017).

Dit is veral op plaaslike vlak wat korrupsie in verkrygingsprosesse voorkom, soos in die volgende afdeling bespreek.

5.4.1.1.4 Doeltreffende bestuur van verteenwoordigende provinsiale en plaaslike rade

Graham wys uit dat provinsiale en plaaslike rade toenemend disfunksioneel begin raak het as gevolg van 'n tekort aan responsiwiteit met dienslewering, finansiële administrasie en korrupsie (Graham, 2015:104). Volgens Graham is kiesers teleurgesteld in terme van hul verwagtinge oor dienslewering, wat direk lei tot die afname van vertroue in provinsiale en plaaslike regerings en negatiewe persepsies van hierdie instellings. Ondoeltreffende onderhoud en bestuur lei in verskeie munisipaliteite tot toenemende protesaksies oor swak dienslewering. Marais (2015:457) merk op dat protesaksie ná 2004 op plaaslike gebied sterk toegeneem het. Volgens Marais het tussen 6000 tot 7000 protesaksies tot op hede jaarliks plaasgevind, waarvan die meeste in Gauteng, NoordWes-Provinsie en KwaZulu-Natal. Meeste van hierdie protesaksies vind plaas weens ontevredenheid met plaaslike dienslewering, korrupsie, onbekwaamheid en

sentraal is tot die grootskaalse korrupsie wat politieke leiers, staatsentiteite en polities-gekonnekteerde elite insluit (Eberhard & Godinho, 2017:1). In Januarie 2018 kondig president Zuma aan dat 'n kommissie van ondersoek na staatskaping saamgestel sal word om staatskaping te ondersoek.

⁷² MPAT is 'n meganisme wat standarde stel vir voortreflike bestuurspraktyk. Dit ontleed die kwaliteit van bestuurspraktyke soos strategiese bestuur, regering en toerekenbaarheid, die bestuur van menslike bronne, en finansiële bestuur (MPAT, 2013).

onverskilligheid onder plaaslike raadslede. Bestuursvermoëns onder plaaslike leiers is onvoldoende, infrastruktuur verouderd en die pas van ontwikkeling stadig (Marais, 2015:458). Tekort aan kapasiteit lei tot kwesbaarheid in die institusies en munisipaliteite ervaar finansiële probleme vanweë korrupsie en ondoeltreffende institusionele bestuur. Marais haal die minister van koöperatiewe regering en tradisionele aangeleenthede aan in sy beskrywing van die agteruitgang van die plaaslike ANC-rade:

“The relationship between the communities and local government is irretrievably broken: Compounding matters is the fact that the ANC is, at branch and district level, dishevelled, rife with factionalism, and poisoned with patronage, and expediency” (Marais, 2015:459).

In die Twenty Year Review (2015:24) word hierdie situasie beskryf as ’n uitdaging vir die regering om oplossings te vind.

5.4.1.1.5 Die instelling van sterk, nie-rassige institusies in die nasionale en plaaslike sektor om vrede en veiligheid te verseker

In hul 1994-manifes (verwys Hoofstuk 4, afd. 4.3.1.1) belowe die ANC die volgende met betrekking tot sekuriteitsmagte:

“They will be non-partisan, professional, uphold the constitution and respect human rights”.

Die manifestes spesifiseer verder:

“For the anti-crime measures to succeed, it will be necessary to have a court system that broadly reflects society’s racial and gender composition and provides fairness and equality for all before the law”.

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens het verklaar dat 1448 in-diens offisiere skuldig bevind is aan ernstige kriminele oortredings (Rademeyer & Wilkenson, 2013). Onder hierdie oortreders: ’n majoor-generaal, 10 brigadiers, 21 kolonels, 10 majore, 43 luitenant-kolonels, 163 kapteins, 84 luitenant-e en 716 adjudant-offisiere. Beloftes is gemaak om teen Junie 2014 van hierdie ongewenste elemente ontslae te raak. Daar word beraam dat daar in 2013 tot 2014 meer as 8400 kriminele klagtes teen polisiebeamptes ondersoek is. In 2010 is die nasionale polisiekommissaris, Jackie Selebi, skuldig bevind aan korrupsie en tot 15 jaar tronkstraf gevonnis. In die laaste dekade is vier polisiekommissarisse geskors of ontslaan as gevolg van korruptiewe optrede en Wanadministrasie⁷³. Kort ná Zuma se verkiesing tot President van die Republiek van SA word die teenmisdaad-eenheid, die Skerpioene, ontbind. Op daardie stadium was die Skerpioene in die proses om meer as 700 bedrog- en korrupsieklagtes teen president

⁷³ Die voormalige polisiekommissaris, Riah Phiyega, is die enigste polisiekommissaris wat haar vyf-jaar termyn voltooi het, terwyl geskors met volle salaris. Haar opvolger, kommissaris luitenant-generaal Khomotso Phahlane is ook ontslaan onder beweerde korrupsie-aanklagte. Luitenant-generaal Lesetja Mothiba, wat in Junie 2017 aangestel is, is tans nog in die pos. Voor Phiyega was Bheki Cele in die posisie van Kommissaris, maar is deur president Zuma ontslaan, onder aanklagte van wanadministrasie. Cele het Jackie Selebi opgevolg nadat hy skuldig bevind is aan korrupsie en gevonnis tot 15 jaar tronkstraf. Selebi sterf terwyl op mediese parool, ná minder as een jaar in aanhouding (Khoza, A., 2012).

Zuma te ondersoek. Die Skerpioene is vervang met die Valke, wat deur De Vos (soos aangehaal in die Corruption Watch 2015-verslag) as 'n "toothless body" verklaar word. Die Interne Klagtesdirektoraat (IKD), nou bekend as die Onafhanklike Polisie-Ondersoekdirektoraat (IPOD), word beskou as magteloos – met 'n tekort aan bronne, personeel en fondse, en hul ondersoekpogings word deur die polisie (wat hulle veronderstel is om te ondersoek), gefnuik (Africa Check, 2013). Konstitusionele vakkundige Pierre De Vos en politieke ontleder Justice Malala bevraagteken of die Valke werklik onafhanklik van die uitvoerende vleuel van die regering optree, en beskryf die Valke as 'n politieke instrument:

"While a neo-patrimonial governing party depends on institutions such as the Hawks, the Public Protector and the judiciary to deal with factional opponents and to legitimise its rule, the dominant faction needs to be able to exert some control over such institutions to protect the members of the dominant faction from some of the consequences of patrimonial politics" (Corruption Watch, 2015).

Studies oor vertroue in die Valke, howe en die polisie, meet dan ook van die laagste onder staatsinstitusies, veral in Periode 2 (verwys afd. 5.3.2.1, Figuur 5.10).

5.4.1.2 Ontwikkelingsuitkomst in die substantiewe dimensie van die demokrasie

Terwyl prosedurele verpligtinge die instelling van demokratiese strukture vervat, fokus doelwitte en pligte in die substantiewe dimensie op die beskerming van burgers se regte en vryhede, uitbouing van die ekonomie, en die verbetering van gemeenskappe se welsyn.

5.4.1.2.1 Beskerming van regte en vryhede van alle burgers onder die grondwet

Waarskynlik die sterkste wapen om die regte en vryhede van burgers in 'n demokratiese staat te beskerm, is die grondwet en, voortvloeiend daaruit, die instelling van die Konstitusionele Hof. President Mandela verklaar die doel van die Konstitusionele Hof as volg:

"People come and people go. Customs, fashions and preferences change. Yet the web of fundamental rights and justice which a nation proclaims, must not be broken. It is the task of this court to ensure that the values of freedom and equality which underlie our constitution, are nurtured and protected so that they may endure" (Kotze, 2015:107).

Sedert sy instelling tot en met 2012, het die Konstitusionele Hof in totaal 464 sake hanteer. Onder hierdie sake wat verhoor is, was mylpaalbeslissings soos die 1995-beslissing dat die doodstraf afgeskaf word, en 'n 2005-beslissing wat geslagsgelyke huwelike wettig (Rautenbach, 2013).

Meer onlangs het die saak wat deur die EFF en DA teen die Speaker van die Nasionale Vergadering gemaak is en ook 'n mylpaalbeslissing was, opslae gemaak. Die Konstitusionele Hof

het in 2016 bevind dat president Jacob Zuma die grondwet geskend het deur sy weiering om die aanbevelings van die Openbare Beskermer se Nkandla-verslag uit te voer⁷⁴.


5.4.1.2.2 Uitbouing van die ekonomie en die bevrediging van sosio-ekonomiese behoeftes soos armoedeverligting en persoonlike welsyn van burgers

Terwyl daar dus betekenisvolle veranderinge op prosedurele vlak plaasvind, kan dieselfde, volgens Husy (2000), nie gesê word van hervorming op substantiewe vlak nie. In 1999, ná vyf jaar van demokratiese hervorming, verklaar die ANC in hul 1999-manifes sukses in die area van die bekamping van armoede en ongelikheid: progressiewe beleidsuitvoering en wetgewing van sosiale programme is geïmplementeer in areas soos menseregte, geslagsgelykheid en burgerlike vryheid (ANC, 1999).

In terme van armoedeverligting het die ANC se welsynsbeleid wel tot 'n groot mate daarin geslaag om die armste mense in die gemeenskap te bereik en die vlakke van bestaande armoede te verlaag. Die regering se uitgebreide openbare werke-program speel 'n groot rol in werkskepping en regstellende aksie dra by tot die groei van die swart middelklas. Terwyl die ANC aanspraak maak op sukses, vertel die werklikheid egter 'n storie van voortgesette armoede en ongelikheid: 24 jaar ná die instelling van demokrasie is die meeste swart burgers steeds nie ekonomies bemagtig nie en grootliks ontevrede met die stadige pas van ekonomiese vooruitgang sedert bevryding. Statistiek SA verklaar dat blanke huishoudings steeds vyf keer meer as swart huishoudings verdien (Statistics SA, 2014:51). Onder die sosio-ekonomiese uitdagings is een van die belangrikste die kwessie van armoedeverligting. Die Gini-koëffisiënt vir SA neem effens af vanaf 0,67 in 2006 na 0,65 in 2009 met geen verandering tot en met 2011 (verwys Figuur 5.16). Hierdie telling weerspieël egter steeds die hoë vlakke van ongelikheid wat voortduur in SA, soos in Figuur 5.17 geïllustreer word.

⁷⁴ CASAC (Council for the Advancement of the South African Constitution) se uitvoerende sekretaris, Lawson Naidoo, maak die volgende stelling in hul persverklaring in Maart 2014, na aanleiding van die Openbare Beskermer se verslag oor Nkandla: *"The Public Protector has found that the President violated both constitutional duties. First, by wearing 'two hats' as guardian of the country's resources and as a direct personal beneficiary of improper privileges, he violated the duty to avoid placing his personal interests in conflict with those of the state. Second, by failing to cause an investigation as soon as he became aware of the expenditure into his home, he acted in a manner inconsistent with the duty to protect public funds"* (CASAC, 2014).

Figuur 5.16: GINI-koëffisiënt per bevolkingsgroep



Bron: Statistics SA (2014:35)

Die hoogste vlakke van ongelykheid kom onder die swart gemeenskap voor met 'n telling van 0,55 in 2011. Onder blankes is die telling 0,42 in 2011. In terme van armoedeverligting het die ANC se welsynsbeleid tot 'n groot mate daarin geslaag om die armste mense in die gemeenskap te bereik en die vlakke van bestaande armoede ("lived poverty") te verlaag. In 1996 ontvang drie miljoen mense welsynstoelae. Teen 2014 word welsynstoelae aan 12,5 miljoen mense uitbetaal. Agt miljoen kinders onder die ouderdom van 14 jaar ontvang toelae teenoor slegs 34 000 in 1996 (Statistics SA, 2014:35).

5.4.1.2.3 Intervensionele en ekonomiese beleidsprogramme: Die HOP, GEAR en die NOP

Die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram sou dien as 'n nasionale intervensionele program van aksie vir die regering in sy eerste vyf jaar. Die burgerlike gemeenskap en die sakesektor het deelgeneem aan die bepaling van die sosiale ontwikkelingsdoelwitte van die HOP. Verder het die HOP 'n uitgebreide stel riglyne en doelwitte daargestel in die sosiale en institusionele sektore, wat kon dien as 'n verwysingspunt vir ontwikkelingsuitkomst (verwys Hoofstuk 4, afd. 4.3.1.2). Volgens Terreblanche (1999) was die implementering van die HOP egter vanuit die staanspoor problematies. Terreblanche beskryf die program as oorambisieus en is van mening dat regeringsdepartemente nie daarin kon slaag om aan die program se vereistes te voldoen nie. Terreblanche wys uit dat daar basies drie beperkinge in die implementering van die HOP bestaan het:

- 'n Fiskale beperking weens die swak ekonomiese nalatenskap van 50 jaar van apartheid
- 'n Organisasionele beperking wat verwys na die tekort aan doeltreffende openbare diensleweringse kapasiteit, wat aansluit by die totale onvermoë van die nuwe regering om die nodige staatskapasiteit te bou

- Die onvermoë van die nuwe regering om die HOP te prioriseer en integreer as die rigtinggewende beginsels van sy sosio-ekonomiese beleid.

Aan die begin van 1996 is die werkloosheidsyfer steeds baie hoog, internasionale en plaaslike investering laag, openbare skuld- en misdaadsyfers hoog en die rand het ook skerp begin daal teen die dollar (Terreblanche, 1999). Gedurende 1996 word die HOP “vervang” met die Growth, Employment and Redistribution program (GEAR), wat Terreblanche beskryf as ’n *“defining point in the evolution of South African development policy”*. Wat ekonomiese beleid betref, verander die regering ideologies van koers aangesien GEAR duidelik gebaseer was op neo-liberale ekonomiese beginsels om fiskale en monetêre hervorming⁷⁵ teweeg te bring. Volgens Gumede (2015:236) het GEAR meeste van sy doelwitte nie bereik nie (sien Tabel 5.3). As ’n makro-ekonomiese program om die ekonomie te stabiliseer, was GEAR teen laat 2000 tot ’n mate suksesvol (Gumede, 2015:236). Kritici (veral COSATU) is egter van mening dat die fokus van GEAR op die privaat sektor ’n verreikende, negatiewe invloed op die pas van sosiale ontwikkeling en uitwissing van armoede gehad het. Gevolglik het daar tydens die uitvoering van regeringsprogramme ’n magdom probleme ontstaan.

Tabel 5.3: Resultate gelewer deur GEAR van 1996 tot 2000

	GEAR-doelwit (%)	Werklike prestasie (%)
GDP-toename	4,2	2,5
Inflasie	8,2	6,7
Toename in indiensneming	2,9	-0,3%
Nuwe betrekkings per jaar	270 000	-30 000
Werklike toename in uitvoere (%) GDP	10,8	6,6

Bron: Gumede (2015:236)

Wetgewing rondom werkers is nie suksesvol deurgevoer nie en vele water- en elektrisiteitsprojekte is gekanselleer omdat die ontvangers van die dienste nie daarvoor kon betaal nie. Huise is gebou, maar is van swak gehalte, en skole en klinieke het ’n tekort aan bronne en personeel. Terreblanche (1999) beskou dit as ironies dat die duisende korttermyn openbare werksgeleenthede wat geskep is die selfhelpprogramme en werkskeppingsprojekte in die gemeenskappe ondermyn het. ’n Verdere probleem is ook dat teen-armoede doelwitte nie

⁷⁵ Die GEAR-hervormings het behels dat uitgawes ingekort word en ekonomiese groei deur die uitbreiding van die industriële sektor en buitelandse investering gestimuleer word. Sosiale hervormingsbegrotings is ingekort en grondhervormingbeplanning teruggesnoei. Die fokus is geplaas daarop om bestaande entrepreneursbronne te ontwikkel in plaas van die fokus op programme wat armoede beveg. Die vervaardigings-, uitvoer- en landbousektore is gesien as “produktiewe” sektore en die fokus van die ontwikkeling het in hierdie sektore plaasgevind. (Terreblanche, 1999).

vasgestel was nie, wat volgens Husy (2000) kritiese swakheid in die koördinerings van nasionale ontwikkelingsprogramme geskep het:

“It has become clear that despite the design and enactment of progressive social policy and programmes and the establishment of mechanisms to entrench and promote democracy, South African economic policy is eroding the opportunities and gains made amongst the poor. Unless serious political support is given to promoting poverty eradication targets, such as those developed through the WSSD⁷⁶ review process, the omens are not good for the poor as South Africa experiences a ‘GEPI’ phenomenon: a growth of economy, but also of poverty and inequality” (Husy, 2000).

Alhoewel die ekonomie ná 1994 ’n positiewe groeikoers toon, staan werkloosheid in 2004 op 26% – min of meer dieselfde as in 1994 (Terreblanche, 1999). Werkloosheid is gekonsentreer in die meer agtergeblewe groepe en die hoogste onder landelike, vroulike, ongeskoolde en jonger dele van die bevolking. Hoewel hoër werks groei dus plaasgevind het, het dit nie pas gehou met die toename in die werkersmag nie. In 1995 tot 2003 het werkloosheid jaarliks toegeneem met 1,25%, terwyl die werkersmag toegeneem het met 4%. ’n Groot deel van die toename in werksgeleenthede vind plaas in die informele sektor, terwyl formele werksgeleenthede afneem. Hierdie formele afname is die gevolg van afskaling in die mynindustrie (laer goudpryse) en rasionalisering van die vervaardigingsindustrie (Arora & Ricci, 2006:23). Die grondwet, wat veronderstel is om veelparty-kompetisie te bevorder, word oorskadu deur eenparty-dominansie (Mattes, 2002:23) en beperkte toerekenbaarheid van regeringsamptenare. Terwyl SA dus prosedureel gesond voorkom, is daar, volgens Mattes, probleme op substantiewe vlak:

“Seven years into its new dispensation, South Africa’s democracy in form appears to be relatively healthy, but in substance shows signs of early decay” (Mattes, 2002:23).

Teen 2013 het ’n totaal van 15,2 miljoen mense werk, maar werkloosheid neem egter steeds toe. Redes hiervoor is bevolkings groei, toenemende verstedeliking en meer vroue wat tot die arbeidsmark toetree. Werkloosheid onder die jeug word ’n toenemende bekommernis. Regstellende aksie is ’n werklikheid en die regering onderneem om die beleid deur te voer tot apartheid en ongelykheid ten volle in die werksplek verwyder is (20 Year Review, 2015:75). Die NOP wat in 2011 bekendgestel is, slaag ook nie daarin om die beplande doelwitte uiteengesit te verwesentlik nie. Volgens Peyper (2017) staan werkloosheid teen die eerste kwartaal van 2017 op 27,7%, die hoogste syfer sedert 2003 – met ongeveer 9,3 miljoen mense wat werk soek. Die NOP spesifiseer as een van sy ontwikkelingsdoelwitte dat die

⁷⁶ Die WSSD (World Summit on Sustainable Development) oftewel die “Earth Summit” wat jaarliks plaasvind, spreek aspekte aan wat ’n bedreiging is vir die volgehoue ontwikkeling van gemeenskappe, en beklemtoon, onder andere, hongersnood, wanvoeding, gewapende konflik, korrupsie, misdade, HIV, tuberkulose en malaria. Terwyl die bekamping van armoede hoog op die lys is, is die befondsing van hierdie doelwitte problematies weens die beperking van fondse deur donateurlande (United Nations, 2002).

werkloosheidsyfer teen 2020 op 14% moet staan – die gaping op die oomblik is 13,7% (Peyper, 2017). Die ISS wys die positiewe aspekte van die NOP uit, soos programme om korrupsie te bekamp, terwyl COSATU die NOP kritiseer omdat dit nie armoede doeltreffend aanspreek nie en die werkskeppingsprogramme in die NOP die gaping tussen ryk en arm sal vergroot (Tamukamoyo, *et al.*, 2013)

In terme van die bereiking van spesifieke dienslewingsdoelwitte lyk die NOP se resultate op medium termyn so: slegs 44% van die 2019-behuisingsdoelwit is bereik; 58% van die 2019-elektrifiseringsdoelwit is bereik; in terme van onderwys is die halfmerkdoelwitte vir die befondsing van universiteitstudente wel bereik, sowel as die 2016/2017-doelwit vir die kwalifisering van ambagsmanne. Die uitdagings is egter steeds groot. In onderwys bly kwaliteit en uitkomstes 'n probleem: daar is geen kontinuïteit in die voorsiening van basiese dienste nie; die beheer van protesaksie is 'n daaglikse gebeurtenis; misdaad en korrupsie ruk handuit en sosiale kohesie in gemeenskappe is swak. Die eerste kwartaal van 2017 se BBP-data toon dat die ekonomie in 'n tegniese resessie is. Die werkloosheidsyfer staan tans op 26,4% (agste hoogste ter wêreld), met werkloosheid onder die jeug op 52,5% (vyfde hoogste ter wêreld) (News24, 2015). Ongeveer twee-derdes van die werkloos is jong mense (18-29 jaar). Hierdie ouderdomsgroep bly op die rand van die ekonomiese gemeenskap en is kwesbaar in terme van geweld, misdaad en dwelmmisbruik.

Habib (2013:6) is van mening die kombinasie van 'n konserwatiewe makro-ekonomiese program (GEAR) en wat hy noem 'n "narrow black-empowerment agenda" het die verdeelde sosiale struktuur wat deur apartheid tot stand gebring is, versterk. Terwyl water, elektrisiteit en kommunikasie se infrastruktuur uitgebrei is, het die instelling van 'n nuwe koste-herwinningsmodel volgens Habib beteken dat miljoene mense toegang tot water en elektrisiteit geweier is omdat hulle nie vir die dienste kon betaal nie. Terwyl GEAR wel 'n mate van ekonomiese groei teweeggebring het, wat 'n beperkte groep bevoordeel het, het dit miljoene werkloos gelaat. Die toename van swart vaardigheid in die professionele en openbare sektor het die totstandkoming van 'n klein, maar polities-verbonde swart elite beteken, wat hoofsaaklik voordeel getrek het uit polities-onderhandelde en staatsgefinansierde oordrag van korporatiewe eienaarskap (Habib, 2013:7). Terwyl armoedevlakke eers gedaal en daarna weer toegeneem het, het vlakke van ongelykheid deurlopend toegeneem.

Die Swart Ekonomiese Bemagtigingsprogramme (SEB) is geïmplementeer om die deelname van swart Suid-Afrikaners aan die ekonomie te fasiliteer en ondersteun (20 Year Review, 2015:98). Die BB-SEB-wet van 2003 verseker dat finansiële ondersteuning beskikbaar is vir die implementering van programme. Saam met die regstellende verkrygingsbeleid in beide die openbare en privaat sektor het die swart bemagtigingsprogramme 'n groot hoeveelheid klein en medium maatskappye tot stand laat kom in verskeie sektore van die ekonomie, byvoorbeeld in konstruksie-, sekuriteit-, vervoer- en die voedsel- en toerisme-industrieë. Die swart

bemagtigingsprogramme was bedoel, soos Thomas (2014:94) dit stel: *“to be a driver of economic transformation in SA to break through the wall of whiteness around SA’s economy”*.

Die breë basis swart ekonomiese bemagtiging (BB-SEB) is hoofsaaklik verantwoordelik vir die ontwikkeling van die swart middelklas en bemagtiging van die swart elite. Thomas (2014:100) wys uit dat korporatiewe regeringstransaksies die norm in swart bemagtigingstransaksies geword het, wat politieke elite, *“who believed that the acquisition of wealth is something that is their due”* (Thomas, 2014:99) bevoordeel het. Volgens Thomas (2014:100) het die swak bestuur van swart bemagtigingspraktyke sosio-ekonomiese vooruitgang egter vertraag, veral in die mynbedryf. Thomas beklemtoon die tekort aan betekenisvolle transformasie en die duidelike gaping wat nog tussen ryk en arm in SA bestaan. Die wêreld se aandag was in 2012 op SA gevestig toe onwettige stakings in die Marikana-myn in Rustenburg uitbreek het – wat tot die dood van meer as 34 stakers en polisiebeamptes gelei en vyf maande lange stakings tot gevolg gehad het. Die wyse waarop baie van die SEB-transaksies gestruktureer was, het gelei tot bedrog en nepotisme in frontmaatskappye met die samewerking van historiese blanke korporasies. Die gevolg was die uitsluiting van agtergeblewe gemeenskappe waarvan die Aurora-verhaal ’n toepaslike voorbeeld is⁷⁷.

5.4.1.2.4 Die uitbouing van ’n deelnemende politieke kultuur, nasionale identiteit en gemeenskapsbronne (sosiale kapitaal)

Die substantiewe siening van demokrasie impliseer die plasing van ’n morele verpligting op die Suid-Afrikaanse staat om die sosio-ekonomiese erfenis van apartheid uit te wis. Mattes (2002:22) identifiseer ’n ondersteunende politieke kultuur as een van die omvattende faktore wat demokratiese konsolidasie bevorder. In SA is die bou van ’n nasionale identiteit gebaseer op die beginsel van *“unity in diversity”* (Kotze, 2015b:248). In Punt 1.3.5 van die HOP word die doelwitte in terme van nasiebou as volg geartikuleer:

“The Nationbuilding Project will be an all-encompassing project that aims at economic, political and social transformation. Central to the crisis in our country are the massive divisions and inequalities left behind by apartheid ... Nation-building is the basis on which to build a South Africa that can support the development of our Southern African region. Nation-building is also the basis on which to ensure that our country takes up an effective role within the world community. Only a programme that develops economic, political and social viability can ensure our national sovereignty” (HOP, 1994).

SA se nasiebouprojek sluit ’n gemeenskaplike identiteit en respek vir diverse etniese en ander groepe in. Die proses van nasiebou is bekendgestel met die instelling van die Waarheid- en

⁷⁷ Aurora-myn, besit deur ’n swart bemagtigingskonsortium, was nie net verantwoordelik vir ’n massiewe sosiale krisis wat meer as 40 000 mense verarm het nie, maar ook vir die stroping van die myn se bates, en die feit dat salarisse vir ’n lang tydperk nie aan werkers uitbetaal is nie. Die eienaars van die myn het egter miljoene verdien met die verkope van goud en afval uit die myn (Thomas, 2014:100).

Versoeningskommissie (WVK) waarmee die proses van versoening 'n aanvang geneem het. Mattes (2002:23) wys uit dat SA in die eerste dekade 'n paradoks verteenwoordig: terwyl die Suid-Afrikaanse gemeenskap 'n sleutelrol gespeel het in die stryd teen apartheid, en 'n wye verskeidenheid van burgerlike organisasies op grondvlak bestaan in die vorm van gemeenskapsgroepe, werkersunies, en nie-regeringsorganisasies, was daar reeds in Periode 1 'n relatiewe lae vlak van ondersteuning vir demokrasie en politieke en gemeenskapsdeelname. Die aard en omvang van sosiale kapitaal in SA moet ook gesien word in die konteks van 'n transformasionele staat, die kort tydperk van demokrasie, en in ag genome dat SA nog worstel met die ontwikkeling van nasionale eenheid, burgerskap, en sosiale kohesie onder die verskillende gemeenskappe. Die huidige data stel voor dat daar 'n effense toename in hierdie verband voorkom, gegewe dat sosio-politieke transformasie dikwels lank neem voor duidelike tekens van sosiale kapitaal se belang waargeneem kan word. McEwan (2003:480) dui as volg aan:

“Processes of democratic transformation are still unfolding in South Africa. Only time will tell whether experiences here will point towards workable alternative notions of citizenship, towards locally-rooted and participatory democracy that can affect ‘good governance’”.

Hoe lyk die politieke kultuur in SA in die tweede dekade van demokrasie en tot watter mate word dit deur die regering bevorder? Kotze (2015b:256) bevind die ondersteuning vir demokrasie in Periode 2 is hoofsaaklik instrumenteel. Suid-Afrikaanse burgers verbind dus die waardes van demokrasie aan die verbetering wat dit in hul persoonlike omstandighede teweegbring, naamlik werkskepping en toegang tot basiese dienste. Vir baie Suid-Afrikaners beteken demokrasie dus die lewering van sosiale en ekonomiese goedere en welvaart, en neem prioriteit oor die ideologiese beloftes van vryheid en gelykheid. Mattes (2002:33) wys uit dat in terme van burgerlike deelname, SA een van die mees passiewe burgerlike gemeenskappe in Suidelike Afrika het. Deelname van Suid-Afrikaners aan gemeenskapsorganisasie (soos kerke en selfhelpgroepe) is laag en deelname aan politieke besprekings is laer as in state soos Zimbabwe, Zambië, Malawi en Namibië (Mattes, 2002:32). Kotze en Du Toit (2005:251) kom tot die gevolgtrekking dat die stand van die burgerlike gemeenskap en organisasies bydraend kan wees tot die oorsaak van transformasie, asook die gevolg van transformasie:

“It then follows that the type of civil society becomes contingent upon the type of consolidation process”.

Politieke vertroue vorm ook deel van die kern van 'n nasie se politieke kultuur en is dus 'n belangrike aspek van suksesvolle demokratiese konsolidering. Vertroue bevorder verdraagsaamheid. Kotze en Du Toit (2005:256) verwoord dit soos volg: *“tolerance is important, because without it no widespread contestation, that essential ingredient of a democracy, will be possible”*. Kotze en Du Toit (2005:328) kom verder tot die gevolgtrekking dat 'n afname in

vertroue 'n negatiewe invloed op die konsolidering van die demokrasie het. Waar politieke verteenwoordigers en regeringsamptenare nie langer die vertroue van die gemeenskap dra nie, word die heropbou van 'n sterk burgerlike gemeenskap in gevaar gestel. Hierdie verlies in vertroue word oorgedra in negatiewe gevoelens oor die demokratiese proses in geheel in wat Kotze (2015b:255) beskryf as demokratiese vermoeidheid ("democratic fatigue") – die resultaat van te veel leë beloftes gemaak aan kiesers.

Kotze en Du Toit (2005:256) voer egter aan dat solank as wat daar verdraagsaamheid tussen diverse groepe bestaan, dit kan help om vertroue tussen groepe te bou en hulle saam te bind in nuwe affiliasies en sosiale identiteit, wat weer nuwe verhoudinge kan skep en interpersoonlike vertroue bevorder. Die kern van sosiale kapitaal sluit dus in: gedeelde waardes en handeling, vertroue, erkenning en gemeenskaplike pligte. Hierdie elemente bevorder menslike interaksie en verhoudinge in 'n gemeenskaplike vertrouensverhouding om gesamentlike aksies uit te voer en gemeenskaplike probleme op te los (Mbaya, 2010:368).

5.4.1.2.5 Bevordering van deursigtigheid en toerekenbaarheid in die uitvoering van regeringsfunksies

Ingevolge Artikel 195 van Wet 108 van 1996 word openbare toerekenbaarheid beklemtoon as een van die demokratiese beginsels wat deur die verkose regering nagestreef moet word (Pretorius, 2006:121). Daar is dus verskeie wette aanvaar en instansies in die lewe geroep wat, volgens Pretorius, die deursigtigheid en toerekenbaarheid onder politieke ampsdraers en openbare amptenare bevorder en bestuur⁷⁸. Dié Hoofstuk 9-institusies word beskerm deur wetgewing om onafhanklik en onpartydig op te tree en geen persoon of openbare institusies mag met hul werksaamhede inmeng nie. Die onderskeie howe, spesiale ondersoekenhede, parlementêre komitees, die media, en drukgroepe het ten doel om openbare amptenare tot verantwoording te roep (Pretorius, 2006:212). Hierdie ondersoekenhede kan slegs doeltreffend optree indien hulle onafhanklik hul werksaamhede kan uitvoer, wat volgens Pretorius nie die geval is nie. Pretorius lig uit dat interne ouditeenhede en kantore van die Ouditeur-generaal dikwels oor onvoldoende fondse beskik en 'n gebrek aan kapasiteit vir die tydig beskikbaarstelling van auditverslae ervaar⁷⁹.

⁷⁸ Wette wat deursigtigheid en toerekenbaarheid bevorder, is onder andere Wet 1 van 1999 en Wet 56 van 2003 wat fiskale deursigtigheid en voortreflike begrotingsbestuur en verantwoordbaarheid verseker. Die Wet op Beskermde Bekendmakings (Wet 26 van 2000), beskerm fluitjieblasers wat inligting oor onwettige of onreëlmatige optredes deur hulle werkgewers of mede-werknemers bekendmaak (die sogenaamde "Whistle-blowing Act"); en die Batho Pele Witskrif, oftewel die Witskrif vir Transformasie van Openbare Dienslewering (Pretorius, 2006:212), beklemtoon dienslewering en deursigtigheid.

⁷⁹ Pretorius verwys ook na berigging oor die omstrede wapentransaksie-debakel waarin een van die tenderaars wat onsuksesvol in die korvet-transaksie was, hom na die howe gewend het om te bewys dat bepaalde sleutelbevindinge uit die finale verslag gelaat is. Ná 'n uitgerekte hofgeding van sowat drie jaar is die konsepverslag eers openbaar gemaak deur die kantoor van die Ouditeur-generaal (die instelling wat oor deursigtigheid en integriteit van openbare finansies moet waak) (Pretorius, 2006:24).

In die laaste dekade is daar ook pogings deur die regering aangewend om die media te beperk met die Wet op Inligting⁸⁰. Ingevolge Artikel 16(1) van Wet 108 van 1996 beskik elke ingesetene oor die reg op vryheid van uitdrukking, insluitende die pers en ander media. Die grondwet onderskryf ook die vryheid van die media (punt 16.1a.). Volgens die jongste Freedom of the Press-verslag (FOTP, 2017) heers daar kommer oor die betrokkenheid van regeringsbelange by media-institusies⁸¹. SA se media-omgewing word geklassifiseer as “gedeeltelik vry” terwyl die Internet-omgewing as “vry” geklassifiseer word (FOTP, 2017).

Verskeie ander regeringsinstansies word ook daarvan beskuldig dat deursigtigheid ontbreek in hul handelings. 'n Voorbeeld is die Nasionale Vervolgingsowerheid (NVO) se hantering van die saak teen die voormalige minister van finansies, Pravin Gordhan, en die direkteur van die NVO, Shaun Abrahams, se onwilligheid om kriminele sake in die politieke sfeer te vervolg. Die SAUK word daarvan beskuldig dat dit deur die Guptas gekoop is, en 'n kommissie van ondersoek word ingestel om die voormalige hoof-uitvoerende beampte Brian Molefe se werkkontrak en pensioenvoordele te ondersoek, sowel as 'n R30 miljoen pensioenuitbetaling wat aan hom gemaak is.

In 2017 word twee groot skandale oopgeplek, naamlik die Estina-suiwelplaasprojek in die Vrystaat wat veronderstel was om die lewensomstandighede van die gemeenskap in daardie omgewing te verbeter en ongeveer 100 plaaslike swart boere te vestig. Die befondsing van hierdie projek (ongeveer R220 miljoen) is egter, volgens bewering, gekoop deur die Gupta-familie en die geldspoor het gelei na hul besigheidsbelange in die buiteland⁸². Ander skandale wat in 2017 in die media blootgestel word, is die Life-Esedemeni tragedie waar meer as 140 verstandelik gestremde pasiënte sterf weens die onbevoegdheid en nalatigheid van die Gautengse Gesondheidsdepartement. Die SASSA-welsynuitbetalingskandaal is nog 'n voorbeeld van uitgebreide onbevoegdheid in die burokrasie, met die onwettige aanstelling van CPM (Cash Paymasters) as die betaalmeesters van welsynuitbetalings en SASSA se onvermoë om 'n wettige betaalmeester in die geallokeerde tydspanne aan te stel, soos deur die

⁸⁰ Op 12 November 2013 is die Wet op Informasie goedgekeur in die nasionale vergadering met 225 stemme teenoor 88. Die wet was hewig teengestaan deur verskeie burgerlike organisasies en politieke partye, hoofsaaklik omdat dit die publiek se toegang tot inligting sou beperk, sowel as die vermoë van joernaliste en fluitjieblasers om korrupsie bloot te stel (Du Toit & De Jager 2014:108)

⁸¹ In November 2016 is die redakteur van The Citizen afgedank nadat hy 'n ondersoek oor korruptiewe handelinge gepubliseer het wat die voormalige minister van finansies sowel as die huidige minister betrek het (FOTP, 2017).

⁸² In 2013 het die Vrystaatse regering 'n 99 jaar huurpag toegestaan aan 'n onbekende maatskappy, Estina. 4400 hektaar is aan die maatskappy toegestaan om 'n suiwelboerdery in Vrede, in die Vrystaat, tot stand te bring. Estina was egter slegs 'n frontmaatskappy wat die meer as R220 miljoen, toegestaan aan die eienaars om swart boere te bemagtig, te koop en herlei na 'n maatskappy met die naam van Gateway Limited in Augustus 2013. Hierdie fondse is uiteindelik in Gupta-rekeninge inbetaal en die papierspoor wat Estina verbind aan die geldwasseryskema van miljoene rande, lei terug na die Vrede-suiwelplaas (Cowan, 2018).

hooggeregshof beveel (Du Toit, 2017). Die vraag ontstaan dus of SA wel aan die kriteria vir 'n suksesvolle gekonsolideerde demokrasie voldoen, en hierdie kwessie word vervolgens bespreek.

5.4.2 Tot watter mate voldoen SA aan die kriteria vir 'n suksesvolle gekonsolideerde, kwesbare of mislukte staat?

Daar word uit verskeie oorde kritiek gelewer oor die feit dat SA ná 20 jaar van demokratiese regering nog nie as 'n demokratiese staat gekonsolideer het nie. Diamond maak die opmerking dat demokrasie vanuit 'n ontwikkelingsoogpunt “open-ended” is (Diamond, 1999:39). Die elemente van liberalisme soos toegepas in die demokrasie word nie altyd in dieselfde volgorde of tot dieselfde graad toegepas nie, en hang af van die pas van hervorming, wat uiteraard 'n dinamiese proses is (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.3.7.2) Diamond lig die argument uit dat net soos demokrasieë meer demokraties, meer liberaal, konstitusioneel toerekenbaar en deelnemend kan word, kan state ook minder demokraties word. Demokratiese veranderinge kan in twee rigtings beweeg en regerings kan afneem in toerekenbaarheid, toeganklikheid, en responsiwiteit. Diamond maak die stelling dat alle demokrasieë die risiko van korrupsie en stagnasie loop, en ondoeltreffend kan word in die afwesigheid van hervorming en hernuwing (Diamond, 1999:39). Hierdie siening sluit aan by Huntington se stelling dat demokratiese golfbewegings ook in die teenoorgestelde rigting kan beweeg, soos in Hoofstuk 3 (afd. 3.2.1) verduidelik.

State wat nie die demokratiese konsolideringsproses voltooi nie, word in die literatuur geklassifiseer as kwesbare of mislukte state (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.3.8). Die moontlikheid dat SA as 'n mislukte staat verklaar kan word, word deur futuroloog Clem Sunter bevraagteken ná wat deur die media as die “Marikana massacre” (wat in 2012 plaasgevind het) beskryf word. Volgens Sunter is daar 'n 25% kans dat SA 'n mislukte staat kan word (Eloff, 2017:13). Sy siening word ondersteun deur doktor Alex Borain, met die waarskuwing dat SA die risiko van 'n mislukte staat loop vir die volgende redes:

- Aanhoudende druk op die Konstitusionele Hof en regstelsel
- Kritiek op die Openbare Beskermer
- Die feit dat baie min staatsdepartemente en provinsiale regerings skoon oudits kry
- Uitgebreide korrupsie in regeringsdepartemente
- Aantygings van polisiebrutaliteit
- Misbruik van die SAUK vir propaganda-doeleindes (Eloff, 2017:14).

Volgens die Fragile State Index (Eloff, 2017:15) word 'n staat se kwesbaarheid gemeet aan spesifieke aanwysers soos in Hoofstuk 2, afd. 2.3.8.1 uiteengesit. Die volgende aanwysers is van toepassing op die Suid-Afrikaanse demokrasie:

- Groeiende demografiese druk (oorbevolking) – veral in stedelike gebiede

- Faksies met griewe wat vergelding soek deur geweld (veral in KwaZulu-Natal)
- Ongelyke ekonomiese ontwikkeling vir verskillende groepe en radikale ekonomiese afname
- Die agteruitgang van openbare dienste
- Dispute oor grondhervorming en eienaarskap
- Omstandighede soos uiterste armoede waarin mense leef
- Voorkoms van xenofobiese aanvalle
- Faktore soos 'n hoë Gini-koëffisiënt⁸³
- Hoë vlakke van korrupsie (Eloff, 2017:14).

Volgens Max du Preez (skrywer en joernalis) is die Suid-Afrikaanse samelewing te oop en vry vir SA om as mislukte staat te kwalifiseer (Du Preez, 2014). Wanneer burgers se persoonlike vryhede deur die staat beperk begin word, beweeg die staat, volgens Du Preez, in die rigting van mislukking. Die feit dat soveel transformasionele Afrika-state wel as demokrasieë misluk het en dat SA in baie opsigte dieselfde trajek volg, skep beslis, volgens Suttner (2004:757) die indruk dat SA in die rigting van 'n mislukte staat beweeg. Suttner wys uit dat transformasie nie presies volgens 'n voorafbepaalde stel reëls plaasvind nie (soos in die geval van SA), maar dat dit nie beteken die staat het nie suksesvol getransformeer nie. Teoretici wys egter uit dat demokratiese konsolidasie in SA die gevaar loop om te misluk weens die dominante karakter van die ANC en swak opposisie wat nie in staat is om die ANC in 'n verkiesing te verslaan nie. Jung en Shapiro, (soos aangehaal deur Suttner, 2004:757) beskryf hierdie verskynsel as: *“in breach of a fundamental rule derived from the theory of ‘successful consolidation’”*. SA kan dus ná 23 jaar van demokratisering, volgens die bostaande kriteria, as “vry” maar terselfdertyd as 'n kwesbare demokrasie beskryf word. Terwyl daar heelwat ooreenstemming is met die prosesse in ander Afrika-state in terme van die anti-demokratiese ingesteldheid van leiers, die pogings om mag te sentraliseer, neopatrimonialisme en eenparty-dominansie, volg die proses na demokratiese konsolidering in SA sy eie unieke pad. Voormalige voorsitter van die Reserwebank, en die NUK, Tito Mboweni, is egter van mening dat die ANC verskeie prestasies behaal het en word as volg in die Sunday Independent van 7 September 2012 aangehaal:

“There are many reasons to remain proud of the ANC, the governing party, and what it has achieved together with the people of SA: a great Constitution, a Bill of Rights, many laws which seek to undo the suffering and hurt occasioned by the Apartheid system, an independent judiciary that works, a strong macro-economic framework, an intact defence force which understands that it is subordinate to the political leadership, massive improvements in the living standards of black

⁸³ SA word geskat as die vierde mees ongelyke samelewing ter wêreld met 'n Gini-koëffisiënt van 0,65 (Statistics SA, 2014).

people in general and African people in particular, a recognisable place among the international community of nations, a member of Brics, etc". (IOL, 2012)

Vanuit 'n teoretiese perspektief kan dus geargumenteer word dat SA prosedureel tot 'n groot mate suksesvol getransformeer het. Sterk institusies soos die OVK en die Konstitusionele Hof verseker dat demokratiese verkiesings gereeld en sonder intimidasie en bedrog plaasvind. In die meeste Sub-Sahara Afrika-state waar demokratisering misluk het, kan dit tot 'n groot mate toegeskryf word aan die kaping van verkiesings deur die heersende party en/of selfs die totale eliminasië van opposisiepartye, of die inperking van hul vermoëns om op 'n gelyke vlak mee te ding. Die geskiedenis in Afrika-state toon dat veranderinge in die konstitusies ter bevoordeling van die regerende party aan die orde van die dag was, en verskeie voorbeelde daarvan is in die studie uitgelig (verwys Hoofstuk 3, afd. 3.3.2.2.1).

Op substantiewe vlak het SA egter minder sukses behaal met hervorming. Verhoogde ekonomiese groei het nie gepaard gegaan met groter populêre welvaart nie. Lewis (soos aangehaal deur Nelson, 2012:571) verwys na SA, Nigerië, Ghana, en Tanzanië as voorbeelde waar redelike substansiële ekonomiese groei plaasgevind het, maar waar hierdie welvaart nie deurgesyfer het na die gewone burgery nie. Lewis verwys hier na die wanverband tussen makro-ekonomiese aanwysers en mikro-ekonomiese prestasie as die paradoks van groei sonder welvaartskepping (Nelson, 2012:571) – in aansluiting by afdeling 5.3.2.1.3 en Husy (2000) se beskrywing van die “GEPI”-verskynsel.

5.5 TEORETIESE RAAKPUNTE BINNE DIE AFRIKA-KONTEKS

In Hoofstuk 3 is die demokratiseringsproses in Afrika-state ontleed en die debat rondom die suksesvolle konsolidering van transformasionele demokrasieë op die voorgrond geplaas. Menocal (2007:9) verwys na die strukturele faktore, soos die onderliggende ekonomiese, sosiale en institusionele toestande, wat 'n beduidende invloed uitoefen op die prospek van demokratiese konsolidering, en haal Przeworski se definisie van demokratiese konsolidering aan:

“Democratic consolidation requires the evolution of a democratic political culture where all the main political players (both in the elite and the mass public), parties, organised interests, forces and institutions, view and accept democracy as ‘the only game in town’” (Menocal, 2007:10).

Vier teoretiese raakpunte word hier uitgelig wat die stelling ondersteun, naamlik:

- SA as 'n kombinasie van 'n ontwikkelings- en welsynstaat
- Transformasionele geregtigheid en die rol van Ubuntu
- Transformasionele konstitusionalisme as demokratiese struktuur
- Dimensies van vertroue: die balans in transformasionele demokrasieë.

Die vestiging van 'n demokratiese politieke kultuur behels die bestuur van ontwikkelingsuitkomst, en transformasie van die ekonomie en gemeenskap. Die terme transformasionele geregtigheid en transformasionele konstitusionalisme beklemtoon die feit dat demokratiese strukture en beginsels in die institusies van die staat gevestig moet word, terwyl die balans van kiesersvertroue belangrik is om doeltreffende interaksie en deelname tussen belangegroepe te verseker. Hierdie aspekte word hierna bespreek.

5.5.1 SA as kombinasie van ontwikkelings- en welsynstaat

Terwyl daar argumente vir en teen die rasionaal bestaan vir SA om as ontwikkelingstaat en/of welsynstaat gedefinieer te word, stem teoretici saam dat demokratiese prosesse en uitkomst dikwels onseker is. Przeworski (soos aangehaal deur Menocal, *et al.*, 2008:32) noem dit “institutionalized uncertainty” (wie gaan die verkiesing wen, en watse beleid sal geïmplementeer word). Wat van belang is, is dat uitkomst binne die raamwerk van vooraf-ingestelde demokratiese reëls bepaal sal word. Demokratiese konsolidasie is 'n proses, en impliseer dus 'n tydsfaktor – dit is volgens Menocal die uitdaging vir transformasionele regerings vandag – dat demokratiese konsolidering binne 'n sekere tydperk moet kan plaasvind (Menocal, *et al.*, 2008:32). In hierdie proses van transformasie moet beleidsformulering en -implementering in lyn met die behoeftes van die gemeenskap, die kapasiteit van die staat en die bronne tot hul beskikking aangewend word. Hierdie omstandighede noodsaak dat transformasionele beleid oor die breë spektrum van verskillende demokratiese vorme en tipes ontwikkel word, en eienskappe van verskillende demokratiese bedelings insluit. Die staat moet 'n liberaal ekonomiese aanslag hê om investering aan te moedig, maar 'n intervensionele beleid in die ontwikkeling van menslike kapitaal. Meyer en van der Elst (2014:77) verwoord hierdie konsep as volg:

“On the one hand the government remains committed to free market principles, but simultaneously supports firm intervention in order to steer the economy towards specific developmental objectives such as housing, improved health services, job creation, education and infrastructure development etc”.

Meyer en van der Elst (2014:79) ondersteun dus die argument dat SA 'n kombinasie is van 'n ontwikkelings- en welsynstaat, met ekonomiese groei deur 'n vryemarkstelsel. Sosiale welsynuitbetalings maak 60% van die fiskale begroting uit, en 16 miljoen begunstigdes uit 'n bevolking van ongeveer 51 miljoen ontvang tans welsynstoelae. Meyer en van der Elst (2014:80) ondersteun Gumedes siening dat SA beperkinge het in terme van die ontwikkelingsagenda, weens hoë vlakke van ongelykheid in die samelewing en die verantwoordelikheid van nasiebou in 'n betreklik nuwe demokrasie.

Die bostaande bespreking beklemtoon die rol van die staat om beloofde beleidsprogramme suksesvol uit te voer, binne 'n sekere tydperk en in lyn met verkiesingsbeloftes. Wanneer kiesers

vertroue begin verloor in die regering as gevolg van ondoeltreffende implementering en korrupsie, bestaan die potensiaal dat die demokrasie nie kan konsolideer nie.

5.5.2 Transformasionele geregtigheid: Die rol van Ubuntu in demokratiese konsolidering

Die voorkoms van geregtigheid is van kardinale belang om stabiliteit in transformasionele demokrasieë, waar daar menseregte-oortredinge plaasgevind het, te verseker. Die herstel van menseregte en menswaardigheid word in tradisionele Afrika-terme verbind aan die konsep van vergifnis en geregtigheid (Kotze, 2015c:122). Sedert die afskaffing van apartheid het die regering die beleid van Ubuntu (wat menslikheid beteken) aangeneem om 'n sterker sin van eenheid onder diverse groepe in die samelewing te bewerkstellig. Die beleid van Ubuntu word aangehaal in die Witskrif vir die Transformasie van Openbare Dienslewering (1997, punt 24.9) as respek vir menseregte en ander se welsyn (verwys Hoofstuk 4, afd. 4.3.1.3.3).

Die uitbouing van sosiale solidariteit behels dat klem gelê word op die menslikheid van groepe wat betrokke was in die revolusie, sodat partye in die konflik kan begin fokus op hul algemene welvaart. Volgens Kotze (2015c:127) speel Ubuntu, as die kern van menslikheid, 'n sentrale rol in die konstruksie van vrede en sosiale solidariteit en dra by tot die “Afrikanisering” van demokrasie. Hierdie beginsel is veral van toepassing wanneer aspekte van transformasionele geregtigheid hanteer word. Deur die aanvaarding van Ubuntu, wat die beginsels van vergifnis en versoening vervat, word positiewe strategieë vir vrede daargestel en die menswaardigheid van die oortreder herstel:

“By adopting and internalising ubuntu, principles of forgiveness and reconciliation create positive strategies for peace-building” (Kotze, 2015c:127).

Die kern van Ubuntu kan saamgevat word as die siening of geloof dat die wêreld en al sy lewende wesens (mense, plante en diere) in 'n sekere orde en in harmonie met mekaar bestaan. Binne hierdie orde word sosiale verhoudings en identiteit in die gemeenskap vooropgestel (Forster, 2006:20). Die inhoud en waardes van hierdie interaksie word uitgedruk in die etiek van Ubuntu:

“In Africa, a person is identified by his or her interrelationships and not primarily by individualistic properties. The community identifies the person and not the person the community. The identity of the person is his or her place in the community. In Africa it is a matter of ‘I participate, therefore I am.’⁸⁴ Ubuntu is the principle of ‘I am only because we are, and since we are, therefore I am’. Ubuntu is African humanism” (Du Toit, in Forster, 2006:17).

⁸⁴ Du Toit verwys hier na Shutte, A, Philosophy for Africa, 1993:46-51 (Rondebosch: UCT Press).


In 1997 word die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK) ingestel in ooreenstemming met die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, Wet no. 34 van 1995. Die hoofdoel van die WVK in SA was om verdere menseregte-oortredinge te verhoed en 'n forum te skep waar die oortredinge (1960 tot 1993) teen die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking, in die openbare domein bespreek kon word. Die fokus was juis om vergifnis en aanvaarding te bewerkstellig sodat die transformasie na 'n demokratiese bestel in SA en die herstel van verhoudinge tussen die plurale gemeenskappe bevorder word. Kotze praat van oorgangsgeregtigheid ('transitional justice') en assosieer dit met straf en beloning en die herstel van respek en menslikheid deur vergifnis (Kotze, 2015c:141).

Heydenreych (2016:132) vat die konsep van Ubuntu in die Afrika-konteks saam as 'n meganisme om die kernbeginsel van demokrasie, naamlik dat mense bemagtig word om hul eie politieke meesters te wees, te balanseer:

"The values emphasized in African politics relating to communality and the 'we' and 'us' of politics, need to speak as one voice with democracy, and this is true in any of the democratic values mentioned above, be it justice, be it rights, be it political or economic freedom etc."

Figuur 5.17 illustreer die gestruktureerde benadering van die proses wat die WVK gevolg het. Die proses van versoening het plaasgevind op verskillende vlakke tussen slagoffer en oortreder.

Figuur 5.17: 'n Gestruktureerde benadering tot versoening in die WVK



Bron: Soos vertaal uit Kotze (2015c:138)

Transformasionele geregtigheid is dus 'n stel reëls, meganismes en benaderings wat daarop gemik is om die erfenis en oortredings van die verlede te deel en die oortreders toerekenbaar te

hou. (Kotze, 2015c:124) Hierdie proses bevorder ook versoening en vrede, en dra by tot die bou van vertrouensverhoudinge tussen slagoffers en oortreders, asook tussen diverse groepe en gemeenskappe.

5.5.3 Transformasionele konstitusionalisme

Verskeie teoretici praat van transformasionele konstitusionalisme en beskryf die Suid-Afrikaanse grondwet as “met ’n anti-armoede oriëntasie” wat fokus op die ongelykhede binne die post-apartheid konteks (Siyo & Mubangazi, 2008:133). Die gedagte is dat howe, in die toepassing van die reg, die transformasionele agenda van menseregte⁸⁵ in ag moet neem. Volgens Klare (1998:150) is die hoofdoel van die transformasionele grondwet om ’n beter lewe vir almal te skep, *“by establishing a society based on democratic values, social justice and fundamental human rights, and improving the quality of life of all citizens in the Republic”*.

Die gelykmaking van die ekonomiese speelvak verhoed deur die beleid van apartheid, moet sentraal wees tot enige konsep van transformasionele konstitusionalisme (Langa 2006:352). Die regstelsel moet dus hierdie konsep ondersteun en ook transformeer om ’n positiewe bydrae te lewer tot die daargestelling van ’n gelyke samelewing. Langa gee toe dat transformasie ’n aaneenlopende proses is wat Suid-Afrikaners help in hul strewe na ’n beter lewe:

“Transformation is not a temporary phenomenon that ends when we all have equal access to resources and basic services and when lawyers and judges embrace a culture of justification. Transformation is a permanent ideal, a way of looking at the world that creates a space in which dialogue and contestation is truly possible, in which new ways of being are constantly explored and created, accepted and rejected and in which change is unpredictable but the idea of change is constant” (Langa, 2006:354).

Die transformasionele grondwet, wat die sosiale kontrak tussen regering en burgers in die nuwe dispensasie verteenwoordig, is reeds meer as 17 keer gewysig (meesal tegniese veranderinge) (Graham, 2015:111). In Maart 2012 word daar veranderinge voorgestel in die areas van grondhervorming en die regstelsel. Volgens Graham het die meer substantiewe veranderinge die grondwet verswak, wat as ’n bedreiging vir die wigte en teenwigte, soos in die grondwet gestel, gesien word. Volgens Kotze (2015c:139) is dit nie ’n verrassing dat die stadige ekonomiese vooruitgang en ondoeltreffende beleidsuitvoering, veral op die gebied van openbare dienslewering, gelei het tot die persepsie dat die Waarheid- en Versoeningskommissie sosiale en ekonomiese geregtigheid ingeboet het vir politieke


⁸⁵ Siyo en Mubangazi beklemtoon in Artikel 26 en 27 van die Suid-Afrikaanse grondwet as die belangrikste van al die sosio-ekonomiese regte in die Handves van Menseregte. Artikel 26(1) maak voorsiening vir die reg op toegang tot voldoende behuising, terwyl Artikel 27(1) die reg op toegang tot gesondheidsdienste vaslê sowel as voldoende kos, water en sekuriteit, en dus die reg op toegang tot basiese lewenstandaard en basiese noodsaaklikhede. Die grondwet voorsien die verbetering van lewensomstandighede en die potensiaal van alle burgers (Siyo & Mubangazi, 2008:133)

geregtigheid nie. Vir baie burgers is die konstitusionele belofte van 'n beter lewe nie 'n werklikheid nie, wat lei tot frustrasie, teleurstelling, en destruktiewe en selfs gewelddadige protesaksie oor dienslewering.

5.5.4 Balans tussen dimensies van kiesersvertroue

In Hoofstuk 2 (afd. 2.3.7.1) maak Wnuk-Lipinski en Fuchs die stelling dat vryheid die oorwegende behoefte in die eerste fase van transformasie is. Gedurende die tweede fase begin gelykheid oorneem as die primêre dryfveer. Wat duidelik uit die studie na vore kom, is dat die drie dimensies van kiesersvertroue deur die proses van demokratisering verandering ondergaan, afhangende van die fase van demokrasie waardeur beweeg word, en die persepsie van regeringsprestasie, leierskap, en die pas waarteen transformasie plaasvind. Oor 'n tydperk vind veranderinge in kiesersbehoefte plaas wat ook hul besluitnemingprosesse beïnvloed, sowel as kiesers se persepsie van die responsiwiteit van die regering om sosio-ekonomiese kwessies by te lê. Figuur 5.18 illustreer die balans tussen die drie dimensies van kiesersvertroue in die demokratiseringsproses, en die verloop daarvan soos die demokrasie ontwikkel.


Figuur 5.18: Balans van kiesersvertroue in die proses van demokratiese konsolidering



Bron: Eie samestelling

Die teorie van Wnuk-Lipinski en Fuchs word dus verder uitgebou met die stelling dat, in 'n suksesvolle demokrasie, die drie oorvleuelende vlakke van vertroue ewe veel gewig dra en interafhanklik is (soos in Figuur 5.19 aangedui). Vertroue in die politieke stelsel bewerkstellig vertroue in institusies en vice versa. Die verbetering van burgers se persoonlike welsyn bewerkstellig kiesers se vertroue in die institusies en ekonomie, wat weer vertroue in die demokrasie stimuleer (verwys Hoofstuk 2, afd. 2.4.2.4).

Figuur 5.19: Ideale verspreiding van kiesersvertroue in die demokrasie



Bron: Eie samestelling

In 'n demokrasie waar bevrydingsbeloftes egter nie nagekom word nie, verander die balans van vertroue en word interpersoonlike vertroue belangriker, wat sterk aansluit by politieke doeltreffendheid – die geloof in die regering as responsief tot die behoeftes van die individu, en die vertroue dat die kieser deur die mag van sy stem as 'n agent van verandering kan optree.

5.6 SAMEVATTING

Hoofstuk 5 fokus op die spesifieke oorsake en omstandighede wat gelei het tot die erosie van kiesersvertroue in Periode 2. Studies wat hierdie stelling ondersteun is uitgelig en die resultate van, onder andere, die Afrobarometer-studies (Rondte 5 en 6), bevestig dat op al drie vlakke van die demokrasie vertroue in demokratiese prosesse, institusies en politieke leiers in Periode 2 afgeneem het, wat 'n negatiewe invloed op kiesersdeelname gehad het.

Argumente is voorgelê wat die stelling ondersteun dat die huidige kieserskorps, wat toenemend deur 'n jonger generasie verteenwoordig word, nie meer die ideologiese beginsels van die vryheidstryd aanhang nie. Daar is 'n kritiese ontleding gedoen van die ondoeltreffende uitvoering

van regeringsbeleid vervat in regeringsprogramme soos die HOP, Gear en die NOP, op beide prosedurele en substantiewe vlak. Die stelling dat die huidige regering instrumenteel is in die vertraging van die demokratiese konsolideringsproses weens hul denkwyse rondom partydominansie en hegemonie, word ondersteun deur die data voorgelê in hierdie hoofstuk. 'n Verdere oorsaak van die afname in vertroue in regeringsleiers en institusies behels die aktiewe betrokkenheid van regeringsamptenare op die hoogste vlakke by beweerde korrupsie en staatskaping wat lei tot verreikende gevolge op sosio-ekonomiese vlak.

In Hoofstuk 6 word die resultate van die studie sinopties binne die raamwerk van die sentrale teoretiese stelling saamgevat. Aanbevelings word gemaak ten opsigte van die hervormings nodig om verdere erosie te bekamp, en 'n vooruitskouing na die 2019 verkiesing word as 'n besprekingspunt voorgehou.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING VAN DIE SENTRALE TEORETIESE STELLING, MET 'N VOORUITSKOUING VAN TENDENSE IN KIESERSVERTRoue IN DIE SUID-AFRIKAANSE DEMOKRASIE

6.1 INLEIDING

Terwyl vertroue in die regerende party hoog vertoon en die ANC aan die einde van Periode 1 as dominante party voorkom, voorspel die stelselmatige afname in kiesersdeelname in Periode 2 dat daar wel groeiende ontevredenheid en wantroue onder kiesers voorkom wat kiesersvertroue in die regering en die demokrasie erodeer. Uit die data voorgehou in hierdie studie kan die volgende afleidings gemaak word ten opsigte van die erosie van kiesersvertroue:

Die basis van die ANC se mag in Periode 1 is ongetwyfeld sy status as die bevrydingsbeweging wat die staat en sy mense bevry het van apartheid, kolonialisme en onderdrukking. Hierdie mag word verder bevestig deur die feit dat die ANC as die verkose regerende party legitieme staatsmag uitoefen. In Periode 2 vind daar egter 'n verskuiwing plaas in kiesers se persepsie van die demokrasie en die ANC as bevryder. Daar is 'n duidelike erosie in vertroue in demokratiese beginsels en prosedures wat manifesteer in die geleidelike afname in ondersteuning vir die ANC, en toenemende apatie, veral onder jonger kiesers, soos in Hoofstuk 4, afd. 4.5.2.1 en Hoofstuk 5, afd. 5.3.1.1 uiteengesit. Terwyl die eienskappe van doeltreffende demokratiese regering en ontwikkelingsdoelwitte deurentyd in die verkiesingsmanifeste voorgehou is, toon die uitkoms tot op hede dat sosio-ekonomiese ontwikkeling en die uitkakeling van armoede en ongelykhede belemmer is deur stadige, ondoeltreffende implementering en, in party gevalle, selfs lei tot die disintegrasie van belangrike dienste soos pensioenuitbetalings, infrastruktuurontwikkeling en regeringsubsidies (Kolombo, 2005:4). In hierdie hoofstuk word die uitkomste van die demokratiseringsproses kripties saamgevat en teenoor die sentrale teoretiese stelling as volg beskou:

- Samevatting van redes vir die erosie van kiesersvertroue in Periode 2
- Gevolgtrekkinge ten opsigte van die status van kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokrasie
- 'n Vooruitskouing van moontlike tendense in kiesersvertroue in die aanloop tot die 2019 verkiesing

Die doel van hierdie hoofstuk is dus om die bespreking te konsolideer rondom die argument dat kiesersvertroue in Periode 2 erodeer het. Op grond van bewyse gelewer in Hoofstuk 4 (afname in kiesersdeelname) en Hoofstuk 5 (erosie van kiesersvertroue) word 'n vooruitskouing gemaak van tendense in kiesersvertroue wat die ANC in die 2019 nasionale verkiesing kan beïnvloed.

Die leierskapsveranderinge binne die ANC wat in Desember 2017 plaasgevind het, toon in die onmiddellike nadraai van Cyril Ramaphosa se verkiesing as leier van die ANC en sy oorname as President van die Republiek van SA⁸⁶, positiewe tekens in terme van ondersteuning vir die nuwe ANC-leierskap.

Ter afsluiting van die studie word moontlike tendense voorgehou wat die 2019 nasionale en provinsiale verkiesing kan beïnvloed. Hierdie tendense sluit in: verdere afname in ondersteuning vir die ANC, die impak van moontlike verandering in die leierskap, die waarskynlikheid dat landwye protesaksies sal toeneem, toenemende ondersteuning vir opposisiepartye, en die moontlikheid dat die dominante posisie van die ANC en die drieparty-alliansie tussen die ANC, COSATU en die SAKP verder kan verswak.

6.2 SAMEVATTING VAN DIE REDES VIR DIE EROSIE VAN KIESERSVERTROUWEN SOOS PER DIE SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die sentrale teoretiese stelling (Hoofstuk 1, afd 1.6) verklaar as volg:

As gevolg van die ideologiese migrasie van kiesers weg van historiese bevrydingspolitiek, in kombinasie met ondoeltreffende beleidsimplementering, is daar 'n merkbare erosie van kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse regering.

Hierdie verklaarde hipotese, gebaseer op die vyf hoofoorsake soos in Hoofstuk 1, afdeling 1.6 voorgehou, word hiernaas, met verwysing na die ontleding in Hoofstuk 5, kripties saamgevat.

6.2.1 Die kwynende relevansie van die bevrydingstryd en ideologie

Ná meer as 20 jaar van demokrasie beskou die ANC homself steeds as 'n bevrydingsbeweging (Hutchings, 2017). Die relevansie hiervan is debatteerbaar en dit is duidelik uit die voorafgaande ontleding van die erosie van kiesersvertroue dat kiesers begin wegbeweeg van die ideologiese fokus van die bevrydingsboodskap en, volgens Zhangazha (2017), meer bekommerd is oor kwessies wat hul daaglikse lewenskwaliteit beïnvloed:

“The legacy of the various liberation struggles is easily defeated by bread and butter concerns such as the search for employment, better livelihoods” (Zhangazha, 2017).

Kiesers se dimensie van politieke vertroue krimp soos dit in Periode 2 duidelik word dat armoede, wanadministrasie en korrupsie onder regeringsamptenare hoogty vier. Die demokrasie lewer vir miljoene burgers nie die belofte van gelykheid en uitwissing van armoede nie. Die

⁸⁶ Met die ANC se 54ste Nasionale Konferensie in Desember 2017 wen Cyril Ramaphosa die leierskapstryd teen Nkosazana Dlamini-Zuma (beskou as President Zuma se verkose kandidaat). Kort daarna, op 14 Februarie, kondig Zuma – onder druk van die ANC-leierskap – sy bedanking as President van SA aan, en op 15 Februarie 2018 word Cyril Ramaphosa ingesweer as President van die Republiek van SA.

bevrydingstryd en -ideologie is nie meer die primêre oogmerk van die stryd nie – nou gaan dit oor werkgeleenthede, basiese dienslewering en die verbetering van lewensomstandighede.

Die verandering in die gemiddelde ouderdom van kiesers het ook 'n duidelike impak op die relevansie van die bevrydingstryd, soos in Hoofstuk 5, Figuur 5.2 aangedui. Ongeveer een derde van SA se huidige kiesers is te jonk om enige direkte herinneringe van apartheid en die bevrydingstryd te hê (Mattes, 2011:3). Die vrygebore generasie word gekonfronteer met nog hoër vlakke van werkloosheid, armoede, ongelykhede en wanhoop as hul ouers (Mattes, 2011:6). Terwyl 'n klein minderheid van die jonger generasie ontsnap het na “wit” skole en universiteite, is die meerderheid, volgens Mattes, steeds blootgestel aan disfunksionele skole met swak opgeleide onderwysers. Die jonger generasie is ook uitgelewer aan geweld en misdaad en die gevaar van HIV-infeksie. Die behoeftes en verwagtinge van jonger Suid-Afrikaners verskil van dié van hul ouers, en ontnugterd met die feit dat bevrydingsbeloftes nie vervul word nie, begin meer vrygeborenes fokus op hul persoonlike welsyn, eerder as die breër kwessies van politieke, sosiale en ekonomiese welsyn (verwys Hoofstuk 4, afd. 4.5.2.3).

6.2.2 Die integriteit en geloofwaardigheid van politieke leiers wat bevraagteken word

Kura (2007:48 & 56), beklemtoon dat die sukses van die demokratiseringsproses grootliks bepaal word deur die wyse waarop die politieke partye en hul leiers daarin slaag om demokrasie nie alleen te institusionaliseer nie, maar ook te ontwikkel, verdiep en konsolideer. In hierdie proses speel die integriteit en geloofwaardigheid van leiers 'n beslissende rol (verwys Hoofstuk 2, afd 2.4.2.3.2). *Insight*, in hul 2012-studie, (verwys Figuur 6.1) bevind dat Suid-Afrikaanse kiesers hul leiers vertrou wanneer hulle eienskappe openbaar soos eerlikheid en integriteit, wat doeltreffend en taakgerig optree, responsief is, en prosedureel korrek en regverdig teenoor ander mense optree.

Figuur 6.1: Eienskappe van goeie leierskap wat burgers verwag van hul leiers



Bron: *Insight*, 2012 (GCIS, tracker, 2012)

Tydens die duur van sy twee termyne as president (2009 tot 2017) is daar aantygings van persoonlike korrupsie, afpersing en geldwassery teen president Zuma. Deur die volharding van die DA, en veral Patricia de Lille wat aanvanklik, as parlamentslid (en verklikker), die aantygings van korrupsie gemaak het, is die Seriti-kommissie in 2011 deur president Zuma aangestel om ondersoek in te stel na die 1999-wapentransaksie. Die kommissie het geen bewyse van korrupsie gevind nie, en president Zuma en ander belanghebbendes onthef van skuld in die multimiljoenrand-transaksie. Kritici beskryf hierdie bevinding as 'n "whitewash" (Jamaal, 2016). Zuma se eerste termyn eindig ook waar hy 'n aanklagdebat in die parlement vryspring (Booyesen 2014a:9-10.) Die ongemagtigde landing van die Gupta-vliegtuig op die Waterkloof-lughawe het, volgens Booyesen, in 'n debakel ontaard, aangesien dit 'n blatante voorbeeld was van spesiale voorregte vir spesiale burgers (baantjies vir boeties en dus ongelyk voor die reg), en die integriteit van die regering bevraagteken het.

Moontlik die grootste skandaal het sentreer rondom die hoë koste van die sekuriteitsopgraderings geïnstalleer by die president se privaat woning in Nkandla, wat die kwessie van presidensiële toerekenbaarheid uitgelik het en in die Openbare Beskermer se 2013-verslag veroordeel word (Booyesen 2014a:9-10).

Vele sulke berigte word in die media gerapporteer met geen gevolge vir die beweerde skuldiges nie. Gedurende Zuma se termyn is dit asof daar geen verantwoordbaarheid bestaan vir politici wat verdink word van korrupsie nie. Die integriteit van politieke leiers word dus bevraagteken en as een van die hoofredes vir die verlies aan kiesersvertroue in die regering beskou, soos in Hoofstuk 2 (afd. 2.4.2.1) uitgewys, en in Hoofstuk 5 (afd 5.3.1.2) bevestig word.

6.2.3 Voortgesette armoede, werkloosheid en sosiale ongelykheid in die samelewing

In die Business Day van 11 November 1998 verwys president Thabo Mbeki na *"the existence of two nations: one rich and white and the other one poor and black"* (verwys Kalombo, 2005:261). Mbeki verwys hier na die ekonomie wat op twee vlakke funksioneer: die een 'n gesofistikeerde, ontwikkelde ekonomie wat gebaseer is op 'n opgeleide en produktiewe werksmag, en die ander informeel, swak opgelei, gemarginaliseerd, werkloos en nie geskik om in die formele sektor in diens geneem te word nie. Lewis (soos aangehaal deur Ranis, 2004:712-723) noem dit "economic dualism" en verwys na die verhouding tussen "growth en equity" (Ranis, 2004:720). Die voordele en groei in die eerste ekonomie het nog nie die tweede ekonomie bereik nie en kan nie sonder regeringintervensie ontwikkel nie (Kalombo, 2005:261).

Een van die deurlopende temas in die studie is dié van voortgesette armoede, werkloosheid en ongelykhede in die SA samelewing. Daar word verwys na die Gini-koëffisiënt, en die onvermoë van die regering om ontwikkelingsdoelwitte in hierdie verband te verwesentlik (verwys Hoofstuk 5,

afd. 5.4.1.2.2). In die HOP (RDP, 1994) word armoedeverligting deurlopend as 'n doelwit gestel en weer in die NOP (NDP, 2011:6) as volg beklemtoon:

“No political democracy can survive and flourish if the mass of our people remain in poverty, without land, without tangible prospects for a better life ... attacking poverty and deprivation must therefore be the first priority of a democratic government”.

Die (ambisieuse) visie van die NOP (bevestig deur die Nasionale Beplanningskomitee) is om teen 2030 armoede ten volle te elimineer en sosio-ekonomiese ongelykheid uit te skakel (Pali, 2014:6). Ongeveer R31,7 biljoen is nodig om hierdie doelwit te bereik – 'n beraamde 16,3 miljoen mense leef nog teen 2011 onder die broodlyn van R443 per maand (Pali, 2014:14).

6.2.4 Verkiesingsbeloftes wat nie nagekom word nie

Wanneer dit by die uitvoering van verkiesingsbeloftes kom, is dit duidelik uit die data soos in Hoofstuk 5, afd. 5.4 uiteengesit dat die ANC se poginge tekortsiet. Prosedureel slaag die regering daarin om demokratiese institusies daar te stel, maar hierdie institusies word nie doeltreffend bestuur nie, en op substantiewe vlak word kiesersbeloftes nie suksesvol uitgevoer nie (verwys Hoofstuk 5, afd 5.4.1.1)

Mseleku (2016) is van die opinie dat die fokus vir die ANC op magstryd is en nie dienslewering nie en dat die ANC sy ontwikkelingsagenda oorbeklemtoon, terwyl daar nie die politieke wil is om in die belang van kiesers op te tree nie, maar eerder in die belang van die president en regerende elite. Volgens Pillay (2014) het die ANC, as gevolg van onvervulde beloftes, nie daarin geslaag om vertroue by kiesers te bou gedurende die 2014 nasionale verkiesing nie. Fikeni (in Pillay, 2014) wys uit dat kiesers die ANC se vlak van toewyding en eerlikheid bevraagteken en maak die stelling dat die ANC in terme van die uitvoering van verkiesingsbeloftes tekort kom: *“the ANC are lacking at the track record of implementation”.*

Volgens Friedman (in Pillay, 2014) het die ANC die fout gemaak om verdere beloftes te maak, plaas daarvan om te fokus op die breuk in die vertrouensverhouding tussen die party en kiesers.

6.2.5 Die persepsie van korrupsie, nepotisme en wanbesteding

Oor die laaste dekade veral word die ANC deurentyd gekonfronteer met teenstrydighede tussen sy idealistiese beginsels en die onetiese gedrag van sy verkose amptenare. Terwyl deursigtigheid en toerekenbaarheid in die grondwet onderskryf word, poog ANC-leierskap om regeringsbeheer oor die regbank en die media te versterk⁸⁷. Daar is 'n duidelike weerstand teen

⁸⁷ Op 25 April 2013 is die Wet op die Beskerming van Staatsinformasie finaal goedgekeur in die Nasionale Vergadering met 225 teenoor 88 stemme. Die wet is heftig teengestaan deur verskeie belangegroepe en burgerlike

die gesag van die reg om uitvoerende mag in te kort, en regeringsleiers toon ook 'n algemene afkeur teenoor enige kritiek van uitvoerende beleid en aksies, wat kommerwekkend vir die toekoms van die demokrasie is (Beck, 2012).

Die Human Rights Watch World Report (2012) maak die volgende stelling oor korrupsie:

“SA continues to grapple with corruption, growing social and economic inequalities, and the weakening of state institutions by partisan appointments and one-party dominance”.

Die 2011 Mo Ibrahim Index of African Governance (Beck, 2012) toon dat terwyl SA vyfde geplaas word onder Afrika-regerings in terme van demokratiese lesings, daar 'n afname oor die laaste paar jaar was, in die lesings vir regsreël, toerekenbaarheid, en deelname (Beck, 2012). Onder president Zuma het die neopatrimoniale regeringstyl grootliks bygedra tot die erosie van kiesersvertroue in die president en regering, soos in Hoofstuk 5, Figuur 5.5 geïllustreer. Beresford (2015:7-8) wys uit dat die Nkandla-sage waar die Openbare Aanklaer, Thuli Madonsela, bevind het dat die president en sy familie onregverdig bevoordeel is deur die sogenaamde sekuriteitsopgraderings by sy Nkandla-woning, tot 'n groot mate die vlakke van korrupsie en neo-patrimonialisme wat in die Zuma binnekring en ANC regering bestaan, ontbloot het. In Pouw se kontroversiële boek *The President's Keepers* (2017) word die volle spektrum van bewerings oor staatskaping en korrupsie in die Zuma-regering ook blootgelê. Pouw (2017:11) maak die volgende stelling:

“Zuma and his small band have managed not only to capture our law enforcement agencies – put their pals in charge, make cases disappear, dismantle structures that work effectively – but also use these institutions to eliminate their opponent through trumped up charges and harassment”.

Die konsensus onder kritici is dat vir die ANC om in die 2019 nasionale/provinsiale verkiesing van uitslae bo 60% verseker te wees, daar wesentlike veranderinge in die denkwys van die leierskap in die organisasie sal moet plaasvind, sowel as hernuwing van hul verkiesingsboodskap.

6.3 VOORUITSKOUING VAN MOONTLIKE TENDENSE IN DIE AANLOOP TOT DIE 2019 NASIONALE/PROVINSIALE VERKIESING

Na aanleiding van die bevindinge in Hoofstuk 4 en 5, wat aandui dat die erosie van kiesersvertroue en gepaardgaande afname in kieserdeelname en ondersteuning vir die ANC 'n wesentlike impak op toekomstige partypolitieke ontwikkelinge kan uitoefen, word Navorsingsvraag 5, soos in Hoofstuk 1 (afd.1.5) gestel, vervolgens aangespreek.

organisasies, grootliks omdat dit beperkinge sou plaas op die publiek se vrye toegang tot informasie en die vermoë van joernaliste en fluitjeblassers om korrupsie te bekamp (Du Toit & De Jager, 2014:108).

6.3.1 Navorsingsvraag 5: *Op watter wyse kan moontlike tendense in die politieke landskap en kiesersvertroue ontvou in aanloop tot die 2019 nasionale verkiesing?*

Die huidige politieke landskap vertoon dus onstabiel, veral met die verandering in die ANC-presidensie in Desember 2017 en die aantygings van staatskaping wat politieke leiers op die hoogste vlakke impliseer. In die lig van negatiewe vooruitsigte rakende ekonomiese groei, gekombineer met toenemende werkloosheid en konstitusionele vraagstukke rondom grondhervorming, word die volgende vooruitskouing van moontlike tendense in die politieke landskap en kiesersvertroue in die Suid-Afrikaanse demokrasie ná die 2016 plaaslike verkiesings, en in aanloop tot die 2019 nasionale/provinsiale verkiesing gemaak:

- Verdere afname in ondersteuning vir die ANC wat kan lei tot toenemende erosie van kiesersvertroue
- Verandering van leierskap in die ANC: verandering in denkwyse met betrekking tot die uitskakeling van ondoeltreffende en onetiese leiers en die kultuur van korrupsie, nepotisme en patrimoniale regering
- Toenemende protesaksies weens swak dienslewering, wanadministrasie en korrupsie in die burokrasie, sowel as ontevredenheid met stadige grondhervorming
- Sterker opposisiepartye wat hegemoniese magsoorsprong van ANC kan inperk
- Moontlike verbrekking van die drieparty-alliansie tussen die ANC, Cosatu en die SAKP voorspel 'n legitimitetskrisis vir die ANC.

Hierdie kwessies het 'n direkte invloed op die persepsies wat kiesers mag hê van die demokrasie en die ANC as suksesvolle regering.

6.3.2 Verdere afname in ondersteuning vir die ANC, wat lei tot toenemende erosie in kiesersvertroue

Du Toit en de Jager (2014:113) is van mening dat verdere afname in ondersteuning en kiesersvertroue in die ANC kan beteken dat SA uiteindelik in die rigting van 'n kompetender politieke stelsel beweeg, wat potensieel 'n positiewe uitkoms voorspel, aangesien dit groter druk op toerekenbaarheid en dienslewering plaas. Du Toit en De Jager wys ook uit dat die negatiewe uitkoms van die afname in vertroue en ondersteuning beteken dat die ANC op een van twee maniere kan reageer: Die ANC kan hul beleid van kaderontplooiing verruil vir die nastreef van 'n regering wat kwaliteit dienste tot voordeel van die gemeenskap lewer. Dit sal ook, volgens Du Toit en De Jager (2014:113) die NOP se 2030-visie moontlik maak. Daarteenoor kan die ANC voortgaan met die uitputting en wanadministrasie van staatsbronne, en voortgesette kaderaanstellings in sleutelposte, in plaas van aanstellings wat op meriete en met objektiwiteit gemaak word. Gevolglik sal die kwaliteit van regering aanhou degenereer en kiesersvertroue verder

erodeer, wat die potensiaal vir radikalisme en populisme skep – soortgelyk aan die situasie in Zimbabwe (Du Toit & De Jager, 2015:113).

6.3.3 Verandering van leierskap in die ANC

Dit kom voor dat, onder die presidensie en leierskap van Jacob Zuma, die ANC in 'n party verander het wat in Periode 2 die president dien pleks van die mense. Ten aanskoue van Suid-Afrikaners en die wêreld het president Zuma sy konstitusionele mag gebruik om 'n netwerk van begunstiging en hegemoniese beheer op te bou (Eloff, 2014:224). Booysen (2015:2) beskryf die ANC se leierskap as:

“Near absolute presidential power, blending into state patronage, and a factional cadre reward system that nurtures the ANC government’s power structure”.

Popper (soos aangehaal deur Roets, 2015) verwys na die “paradox of democracy” wat beteken dat daar in 'n demokrasie 'n staatshoof verkies kan word wat sy mag kan gebruik om 'n tiranniese regering tot stand te bring. Huntington (volgens Roets, 2015) beskryf hierdie paradoks as die verskynsel waar 'n demokraties verkose regering die institusies tot sy beskikking (soos in die geval van SA: die regstelsel, Openbare Beskermer en selfs die parlement) onderdruk om ondemokratiese besluite en aksies te neem. Roets beklemtoon dat die demokratiese eienskappe van toerekenbaarheid en deursigtigheid ontbreek in die Suid-Afrikaanse regering, wat veral duidelik is in die kontroversiële aanstelling van onbevoegde ministers en ander leiers soos die polisiekommissaris wat een ná die ander weens korrupsie en wanadministrasie uit hul poste ontslaan is. Die ontslag van die minister van finansies, Nhlanhla Nene, in 2015, ten gunste van die onbekende en onbevoegde Des van Rooyen, is nog 'n voorbeeld. Onder druk van selfs lede van sy eie party, is Zuma gedwing om Van Rooyen se aanstelling terug te trek en Pravin Gordhan ('n vorige minister van finansies) in die pos te sit.

In sy boek *Architects of Poverty* identifiseer Moeletsi Mbeki (soos aangehaal deur Roets, 2015) die mislukking van leierskap onder Afrika se elite as die rede vir die onvermoë van die vasteland se regerings om bronne doeltreffend te ontgin en voorspoed vir burgers te bring. Ramphela sluit hierby aan en beskryf die ANC-regering en sy alliansievennote, sowel as leiers in die privaat sektor, se tekortkominge as volg:

“Our government has been found wanting both in anticipating the crisis and in its reaction to it. The ANC and its alliance partners, including the National Union of Mineworkers (NUM), are unable to respond to the challenge of legitimacy the workers pose to them. But neither is the rest of South Africa, including the private-sector leadership, that has been coasting and playing the game of power instead of leading the transformation process in the socioeconomic sphere” (Ramphela, 2012).

Suttner (2015) identifiseer die ontevredenheid met politieke leierskap as 'n probleem van vertroue. Kiesers glo dat leiers nie integriteit het nie en verloor dus vertroue in hul aksies en vermoëns. Volgens Suttner toon leiers dat hulle nie werklik belang stel om armoedeverligting teweeg te bring nie en dat daar op alle vlakke, en veral op plaaslike regeringsvlakke korrupsie voorkom:

“Clearly there is a problem of trust that lies at the root of current disquiet about leadership. People do not believe in the integrity of leadership. There is considerable evidence to show that leaders at all levels do not operate in good faith to better the lives of the poorest of the poor. In fact, the recent auditor general’s report on local government showed not only overwhelming evidence of misspending in local government but that very few people were held accountable for diversion of massive funding meant for the poor” (Suttner, 2015).

Verandering in leierskap vind plaas met die ANC se 54ste nasionale konferensie in Desember 2017 te Nasrec, Gauteng, waar vise-president Cyril Ramaphosa met 'n skrale meerderheid van 179 stemme die leierskap van die ANC oorneem. Die geleenheid bestaan dus vir die ANC om in die aanloop tot die 2019 verkiesing die kwessie van vertroue in regeringsleiers aan te spreek deur die aantygings van staatskaping, korrupsie en wanadministrasie te bespreek en amptenare op alle vlakke aanspreeklik te hou vir hul oortredinge.

6.3.4 Toenemende protesaksies as gevolg van swak dienslewering en wanadministrasie, korrupsie in die burokrasie, xenofobie en ontevredenheid met stadige grondhervorming

Sedert 2008 het meer as twee miljoen mense per jaar aan protesaksies deelgeneem. SA is selfs as "the protest capital of the world" gedoop met die hoogste lesing van protesaksie ter wêreld (Ngwane, 2017). Terwyl protesoptogte en massa-aksie deur die Suid-Afrikaanse geskiedenis as metode aangewend is om politieke, ekonomiese of sosiale regte te wen, het protesaksies sedert 2004 toegeneem – verskeie mediabronne berig in Februarie 2014 het ongeveer 3000 protesaksies, wat meer as een miljoen mense betrek het, plaasgevind (na beraming meer as 30 aksies per dag⁸⁸). In September 2013 word gerapporteer dat die polisie in die laaste vier jaar meer as 14 000 burgers in protesaksies gearresteer het.

Volgens Oosthuizen (2016a) word die oorgrote meerderheid van Suid-Afrikaners uitgesluit van die ekonomiese welvaart en bestaan die moontlikheid nie vir hulle om die entrepreneursroete te volg om hul lewensomstandighede te verbeter nie:

⁸⁸ Dit blyk dat betroubare statistieke oor die aantal protesaksies wat daagliks in SA plaasvind nie beskikbaar is nie. Volgens Bhardwaj (Africacheck, 2016) is die kriteria wat protesaksie identifiseer nie duidelik genoeg nie en word dit ook nie volledig deur die SAPD gerapporteer nie. Alhoewel die statistieke oor protesaksie in die parlement en ander forums weergegee hier aangehaal word, is dit volgens Africacheck nie verifieerbaar nie.

“In essence, South Africa’s post apartheid economy is unable to deliver on the social contract enshrined in the constitution. In its current form the political economy of the country simply cannot address the discrepancies between the society envisioned in the constitution and the lived reality of citizens rapidly enough” (Oosthuizen, 2016a).

Oosthuizen wys uit dat daar ’n aantal krisis in die Suid-Afrikaanse demokrasie voorkom wat tot ’n groot mate die onrus aanblaas. Hier verwys hy na die legitimiteitskrisis rondom president Zuma, veral in die laaste paar jaar van sy presidensie. Volgens Oosthuizen (2016a) verkeer die ANC en die drieparty-alliansie in ’n krisis, sowel as die werkersunies in SA. Daar is die krisis van groeiende populisme en die ekonomiese krisis met stygende werkloosheid, sosiale stagnasie en die groeiende bevolking. Die werklose en ongeskoolde status van die jeug is ’n krisis. Daar is lae ekonomiese groei en uitgebreide armoede onder gemeenskappe. Voeg hierby die misdaadsyfer, mishandeling van vroue en kinders, en die vrees en wanhoop wat mense daaglik ervaar. Suid-Afrikane is ook gefrustreerd met die stadige pas van grondhervorming. Hierdie krisis dra, volgens Oosthuizen, by tot die lae stemopkoms in die onlangse verkiesings en die toename in onrus, protesaksie en geweld.


Onder protesaksies wat ernstige gevolge gehad het, moet die volgende genoem word: die stakings in Marikana in 2012, wat tot die dood van meer as 40 mense gelei het, die vernietiging van 24 skole in VuWani, Limpopo, in 2016, en die uitgebreide “fees must fall”-veldtogte wat in 2015/2016 universiteite landwyd lamgelê het.

Protesaksies in SA word georganiseer deur sosiale aksie-organisasies soos, onder andere, die Treatment Action Campaign, die Anti-Eviction Campaign, Jubilee South Africa, Landless People’s Movement, en ander organisasies soos politieke opposisiepartye, die DA en EFF, werkersunies, en dan natuurlik diensleweringprotesbewegings in swart woongebiede. Die toenemende afname in lewenstandaarde skryf Ngwane (2017) toe aan die regering se neo-liberale ekonomiese beleid, swak dienslewering en die tekort aan staatskapasiteit in plaaslike regering. Gemeenskappe benodig water, elektrisiteit, behuising, paaie, klinieke, skole, maar daar word nie in hierdie behoeftes voorsien nie en frustrasie lei dus tot protesaksie. Protesaksie word ook beskou as ’n vorm van politieke deelname, aangesien dit ’n “legitieme” manier is om die regering bewus te maak van onvervulde beloftes. Volgens Ngwane kan protesaksie as ’n doeltreffende strategie gebruik word:

“Significantly, this position does not see the protests as a problem or nuisance that needs to be quickly done away with. Rather, the protests are seen as a legitimate course of action and possibly an effective strategy to press and win the demands of the oppressed and exploited” (Ngwane, 2017).

Die toename in protesaksies in Periode 2 word vervolgens in Figuur 6.2 uitgewys.

Figuur 6.2: Onrusvoorvalle in Suid-Afrika: 2010 tot 2013



Bron: SAPS National crime statistics (2012/2013 Report)

'n Verskynsel wat bydra tot onstabiliteit en verdere onrus, is die xenofobiese aanvalle wat in tandem met die diensleweringprotesaksies plaasvind. Volgens Nwadigwe (Geen Datum) het 15 "periodes" van xenofobiese geweld sedert 1994 in SA plaasgevind waarin Afrika-immigrante hoofsaaklik die slagoffers was. In 2008 bereik hierdie verskynsel 'n hoogtepunt met die dood van meer as 200 mense.

Xenofobiese aanvalle vind in Periode 2 toenemend in gemeenskappe soos Gugulethu, Khayelitsha en Philippi, Kaapstad, plaas. In Siyathemba-township, Balfour, in Mpumalanga het protesaksies in Februarie 2010 oor eise vir werk en basiese dienslewering in die gemeenskap verskeie kere in geweld ontaard. Bo en behalwe die skade aangerig aan regeringstrukture, het die betogers ook besighede wat aan immigrante uit Afrika behoort, aangeval. In 2012 vind xenofobiese aanvalle plaas in Botshabelo in die Vrystaat. Immigrante word verkwalik dat hulle werkseleenthede by Suid-Afrikaanse burgers wegneem en ook die oorsaak is van die toenemende misdaad in die staat. Durban ervaar 'n dodelike rondte van xenofobiese aanvalle in 2015 (ook gedoop as Afrofobia) waartydens honderde mense uit hul huise en besighede moes vlug. Nigeriese dwelmhandelaars en prostitute was die fokus van xenofobiese geweld in 2017 (Nwadigwe, Geen Datum)

Protesaksie oor grondhervorming begin ook toeneem sowel as stemme dat die grondwet gewysig moet word om onteiening van grond sonder vergoeding te wettig. Inwoners van Zwelihle naby Hermanus betoog in Maart 2018 en 'n satelliet-polisiestatie, motorvoertuig, biblioteek en 'n herwinningstasie word aan die brand gestee. Die City Press van 3 Maart 2018 berig as volg:

“What played out in Parliament this week was historic: the ANC and the Economic Freedom Fighters (EFF) joined forces and called for the expropriation of land without compensation. The motion called into question the constitutional settlement and provoked both triumphal delight and defensive anxiety as South Africans revert to polarised positions on land and property” (Hall, 2018).

Ramaphosa noem die grondkwessie die “original sin” en die “challenge of a generation.” Volgens kritici was die ANC nalatig in hul hantering van die grondkwessie en wys uit dat dit nou as ’n groot uitdaging beskou word (February, 2018).

In die aanloop tot die 2019 verkiesing is dit waarskynlik dat protesaksies oor al die kwessies soos die ondoeltreffende bestuur van grondhervorming, dienslewering en werkverskaffing sal toeneem en die gevaar bestaan dat legitieme demokratiese prosesse en kiesersvertroue verder daardeur benadeel sal word.

6.3.5 Sterker opposisieparty is nodig as teenwig vir die regerende party

Roets (2015) is van mening dat daar in ’n gesonde demokrasie gereelde, vreedsame verandering van regering moet plaasvind. Roets beskryf dit as ’n voorwaarde vir suksesvolle demokrasie. By implikasie moet die opposisieparty dus sterk genoeg wees om die risikofaktor te verhoog dat die regerende party die volgende verkiesing kan verloor as hulle nie doeltreffende regering toepas nie. In Hoofstuk 4 (afd. 4.5.2.2) word die rol van opposisieparty as belanghebbende in beleidsformulering uitgewys as “hekwagter” sowel as die voertuie van ’n politieke stelsel (Hoofstuk 5, afd. 5.3.1.2.1).

Die ANC loop slegs ’n skrale risiko om die volgende verkiesing te verloor, ten spyte van sy swak prestasierekord. Die ANC beskryf homself ook steeds as ’n bevrydingsbeweging, wat nog in ’n revolusie betrokke is, eerder as ’n politieke party (Roets, 2015). Die DA en EFF word op hierdie stadium as die enigste opposisieparty beskou wat die ANC aanspreeklik kan hou. Daar is egter sprake dat SACP moontlik in die 2019 verkiesing onafhanklik van die ANC sal meeding, iets wat die ANC beslis stemme sal kos. ’n Moontlike skeuring in die drieparty-alliansie kan die politieke landskap in die aanloop tot die 2019 verkiesing aansienlik verander, soos vervolgens bespreek.

6.3.6 Moontlike skeuring in die drieparty-alliansie

In ’n gesamentlike aankondiging ná president Zuma se middernagtelike kabinetskommeling op 30/31 Maart 2017 (wat hy sonder enige konsultasie met die alliansie-vennote gedoen het), het die SACP en COSATU die volgende verklaring uitgereik:

“The SACP and Cosatu will be making every attempt to sensitise the urgent, inescapable necessity for the alliance to function optimally. The absence of democratic, consensus-seeking consultation

on the direction of our shared national democratic revolution has created a gulf of leadership affecting both the alliance and society as a whole" (Gallens, 2017).

Cosatu en die SACP het President Zuma ook verban om enige van hul geleenthede by te woon, en hom ook versoek om uit te tree as president. Verder het hulle ook die ANC verkwalik vir tekortkominge in die politieke leierskap en die twee-stroom-politiek in die party. Cosatu sê in hul verklaring:

"People are increasingly turning to the courts, the mechanism of last resort, as an alternative for relief in the midst of glaring leadership failures."

Op daardie stadium is drie provinsies in hofsake betrokke. KwaZulu-Natal se 2015 ANC-kieskonferensie is in die Pietermaritzburgse Hoofgeregshof ongeldig verklaar terwyl ontevrede lede in die Oos-Kaap en Noordwes ook die ANC in die hof aanvat. Die SACP/COSATU-verklaring lei verder:

"Killings in our movement have increased and continued unabated. Provinces such as KwaZulu-Natal have become the glaring example of this painful experience reminiscent of apartheid-sponsored killings."

Die SACP en COSATU het hulle ook sterk uitgespreek teenoor korrupsie:

"It is a well-known fact that the malady of corruption, governance decay and state capture has worsened exponentially under the incumbency of President Zuma and his friends, the Gupta family."

In Oktober 2017, sewe maande ná die kabinetskommeling wat as die "night of the long knives" bekendstaan, kondig Zuma aan dat hy weer veranderinge in sy kabinet aanbring in wat kritici beskou as 'n handling om van dr. Blade Nzimande, minister van hoër onderwys en 'n sterk kritikus van Zuma, ontslae te raak. Die verwydering van Nzimande uit die kabinet deur president Zuma het, volgens die SACP, hulle net meer toegewyd gemaak om die leidende rol in die bekamping van korrupsie en staatskaping te neem. In 2017 het die SACP by hul 14de nasionale kongres onderneem dat die party in die toekoms onafhanklik van die alliansie aan verkiesings sal deelneem (Maune, 2017).

In die lig van die bogenoemde vooruitskattings word die volgende aanbevelings gemaak om verdere erosie van kiesersvertroue te bekamp.

6.4 AANBEVELINGS IN AANLOOP TOT DIE 2019 NASIONALE VERKIESING

Ter vooruitskouing na die 2019 nasionale/provinsiale verkiesing word die volgende aanbevelings gemaak om die erosie van kiesersvertroue in die ANC-regering te bekamp:

- Daar moet teruggekeer word na etiese en morele leierskap en toerekenbaarheid en die uitskakeling van die kultuur van korrupsie.

- Die denkwysse en praktyke rondom die uitbreiding van hegemoniese mag moet uitgeskakel word.
- Transformasie van die openbare sektor en plaaslike regering moet plaasvind.
- Sosio-ekonomiese ontwikkeling: die NOP en ander intervensionele regeringsinisiatiewe moet doeltreffend toegepas word soos in verkiesingsmanifeste belowe.
- 'n Nuwe politieke kultuur moet in die ANC en regering gevestig word en as houer van vertroue moet die ANC beleid implementeer wat vertroue op alle vlakke van die demokrasie bou.

Hierdie aanbevelings lê dus hoofsaaklik klem op kritiese aspekte soos etiese leierskap, die verbetering van die lewensomstandighede van agtergeblewe gemeenskappe en die herstel van die vertrouensverhouding tussen belangegroepe in die demokrasie.

6.4.1 Terugkeer na etiese en morele leierskap en toerekenbaarheid en respek vir die grondwet

Die oproep na leiers om terug te keer na die oorspronklike beginsels van demokrasie word daagliks in die media aangespreek. Volgens Mkosana, soos aangehaal deur Dames (2008), kan die beginsels van etiek nie verwyder word van die daaglikse lewe nie:

“Any reflection on ethical leadership should honour the philosophy of concepts such as ethics, morals, patriotism, and nationalism. Ethics and morality cannot exist in a vacuum or divorced from the interaction of people’s daily communal and public living. Leaders and ultimately ethical leaders emerge, function and are formed in the human interaction of communities. Virtues, the embodiment of values, should be both public and civic, and not only in the private domain” (Dames, 2008).

Volgens Mkosana (in Dames, 2008) moet die filosofie van Ubuntu as etiese en morele waarde verbind word aan die menslike waardes en gesindheid van mense in gemeenskappe teenoor mekaar. Mkosana doen 'n beroep op akademici om die waarde van Ubuntu te ondersoek, veral in die konteks van arm gemeenskappe waar gemeenskaplike waardes nog in sy oorspronklike vorm bestaan (Dames, 2008). Heydenrych (2016:121) verbind hierdie konsep aan die filosofiese waarde van die staat en konstitusionele gesag soos verwoord in die grondwet. Volgens Heydenrych (2016:131) kan die tekortkominge in die Suid-Afrikaanse demokrasie toegeskryf word aan *“a lack of society focus, and vulnerability of institutions and procedures”*.

Heydenrych (2016:130) beklemtoon dat die fokus op mense geplaas moet word en leiers 'n beter begrip van die grondwet en sy betekenis as 'n transformasionele konsep moet vorm. Respek vir die grondwet moet herstel word. Politieke kommentator Malala (soos aangehaal deur Eloff, 2014:215) waarsku teen politici wat die grondwet wil verander *“instead of lifting themselves and the people up to meet the expectations of the constitution”*. Die gees van die grondwet is net so belangrik soos die wetlike detail (Eloff, 2014:216).

Die leierskapsveranderinge binne die ANC wat in Desember 2017 plaasgevind het, toon in die onmiddellike nadraai van Cyril Ramaphosa se verkiesing as leier van die ANC en President van die Republiek van SA⁸⁹, moontlike herstellende regeringsaksies in terme van die bekamping van korrupsie, wanadministrasie en staatskaping. 'n Terugkeer na etiese en morele leierskap behels dat korrupsie en hegemonie op alle vlakke van die Suid-Afrikaanse demokrasie uitgeskakel moet word.

6.4.2 Die uitskakeling van hegemoniese mag: leiers se denkwysie moet verander

In Hoofstuk 3, afdeling 3.3.2.2.3 word die denkwysie van bevrydingsbewegings krities bespreek as een van die hoofredes waarom demokratisering in sub-Sahara Afrika-state grootliks misluk het. Ramphela (2012) verwoord hierdie argument as volg:

“The intolerance for differences of opinion within and outside the liberation movement and the assumption of the primacy of – even in the face of evidence that comrades broke the law or undermined accountability – are at the heart of the incompatibility between liberation and democratic politics. The strident voices against any form of criticism as anti-revolutionary are the most subversive sounds opposed to the democratic principles of our constitutional democracy.”

Du Plessis (soos aangehaal deur Kotze, 2015:265) maak die stelling dat terwyl die ANC steeds dominansie in verkiesings behou, die hegemonie van die party gekonfronteer word – *“not in parliament, but on the pavements”* – wat 'n fundamentele verskuiwing in die politieke kultuur teweeg kan bring. Du Plessis wys uit dat terwyl die ANC slegs 36,39% van die SOP in die 2014 verkiesing kon behaal, dit steeds meer as 60% van die kieserstem verteenwoordig het, wat die ANC se dominansie, volgens Du Toit en De Jager (2014:113), in die kort termyn vaslê. Du Toit en de Jager is egter van mening dat die ANC die vertroue van kiesers verloor:

“Sadly, however, the party has not always been a good steward of the trust placed in it” (Du Toit & De Jager, 2014:113).

Du Toit en De Jager sien die afname in ondersteuning vir die ANC as 'n positiewe ontwikkeling wat daartoe kan bydra dat SA se politieke landskap meer kompetender raak, wat groter toerekenbaarheid en meer doeltreffende beleidsimplementering sal genereer, tot voordeel van die gemeenskap.

⁸⁹ Met die ANC se 54ste Nasionale Konferensie in Desember 2017 wen Cyril Ramaphosa die leierskapstryd teen Nkosazana Dlamini-Zuma (beskou as President Zuma se verkose kandidaat). Kort daarna, op 14 Februarie, kondig Zuma – onder druk van die ANC-leierskap – sy bedanking as President van SA aan, en op 15 Februarie 2018 word Cyril Ramaphosa ingesweer as President van die Republiek van SA.

6.4.3 Transformasie van die openbare sektor en plaaslike regering moet plaasvind

Die grondwet, in Artikel 195 (1) (i) bepaal as volg:

“Public administration must be broadly representative of the South African people, with employment and personnel management practices based on ability, objectivity, fairness, and the need to redress the imbalances of the past to achieve broad representation” (Du Toit & De Jager, 2014:97).

Terreblanche (1999) is van mening dat een van die grootste probleme wat die transformasionele regering moet oorkom, die tekort aan staatskapasiteit is. Groot sektore van die openbare sektor is ondoeltreffend, met wydverspreide korrupsie en nepotisme wat hoogty vier. Volgens Terreblanche het die nuwe regering net aanvaar dat die nodige staatskapasiteit beskikbaar sou wees:

“Consequently it (government) did not do enough to build capacity deliberately. With the wisdom of hindsight we now realise that the new government should have acknowledged from the beginning the utmost importance of state capacity for a developmental state and especially for a government that wants to restructure the economy and society at large” (Graham, 2015:112).

Die grondwet bepaal verder dat die staatsburokrasie verteenwoordigend moet wees van die breë samelewing, met indiensnemings- en personeelbestuurspraktyke wat gebaseer is op vermoë, objektiwiteit, billikheid en die behoefte om die wanbalanse van die verlede reg te stel ten einde breë verteenwoordiging te bewerkstellig. Hierdie reël is deur die ANC geïnterpreteer as die fundasie vir die sogenaamde kader-ontplooingsrasionaal. Terwyl die beleid ten doel gehad het om gelyke demografiese verteenwoordiging in staatsektore te bereik, het die ANC partymag en invloed aangewend om partylojale kaders in sleutelposte binne die staatsopset te plaas. Du Toit en De Jager (2014:98) is van mening dat hierdie beleid van die ANC instrumenteel was in die vestiging van ANC-dominansie in die openbare sektor.

Naidoo (2005:25) wys uit dat daar in die openbare sektor wesentlike tekortkominge in leierskap voorkom. Goshi (soos aangehaal deur Naidoo, 2005:25) beskryf die openbare sektor as kortsigtig in hul optrede:

“The inclination of the South African public service is to always seek short term solutions to long term problems and to grab any leadership definition, technique or style that comes along, only to find after a short while that a better one is available.”

Naidoo (2005:26) argumenteer dat die Suid-Afrikaanse openbare sektor die positiewe eienskappe van beide Westerse en tradisionele Afrika-leierskapsbenaderings in ag moet neem. Tradisionele Afrika-leierskap is waardegebaseerd en fokus op interpersoonlike en groepsverhoudinge (die beginsels van Ubuntu). Naidoo (2005:26) definieer aktiwiteite soos

ywer, respek, empatie en 'n waardering vir verskeidenheid, deursigtigheid, toerekenbaarheid, menslikheid en eerlikheid as waardes – en deel van die morele basis waarop Afrika-gemeenskappe gebou is. Naidoo is van mening dat die toepassing van hierdie waardes bydra tot die skepping van 'n doeltreffende openbare diens.

Terwyl die beginsels van Batho Pele as oorhoofse gedragskode in die openbare sektor ingestel was, (verwys Hoofstuk 4, afd 4.3.1.3.3) was die uitvoering daarvan hoofsaaklik onsuksesvol. Volgens Naidoo (2005:76) moet die openbare sektor terugkeer na die beginsels van “Batho Pele” – soos in die 1997 Witskrif vir die Lewering van Openbare Dienste vasgestel – en met integriteit dienste aan gemeenskappe lewer.

“The emphasis should be on effective governance practices, such as accountability, participation, openness and transparency, which are the key to regaining public trust in the provision of public services”

Volgens Naidoo is die verhouding tussen nasionale, plaaslike en provinsiale regering en die dooeltreffende aanwending van menslike en finansiële bronne noodsaaklik om 'n omgewing te skep waarbinne openbare dienste met deursigtigheid aan burgers gelewer kan word (Naidoo, 2005:76-77).

6.4.4 Sosio-ekonomiese ontwikkeling: die NOP moet doeltreffend toegepas word

Die neo-liberale beleid wat die regering met die toepassing van die GEAR-program geïmplementeer het, het nie die verwagte ekonomiese resultate gelewer nie (verwys Hoofstuk 5, afd. 5.4.1.2.2). Trouens, ongelykheid in die samelewing het toegeneem. Lipset (soos aangehaal deur Natrass, 2013:4) wys uit dat die verhouding tussen demokrasie en ontwikkeling nie eenvoudig is nie, en demokrasie nie noodwendig ekonomiese groei verseker nie. Oosthuizen (2016a) wys ook uit dat die ekonomiese beleid nie noodwendig op een spesifieke ideologie gebaseer hoef te wees nie:

“South Africa’s choices are not between clear and simple ‘left’ versus ‘right’ economic ideologies. Rather, its future rests on an intricate set of inter-dependencies that match opportunities for capital with inefficiencies in the national development system. And South Africa needs a new economic regime that, over time, dynamically matches the structure of its labour market as skills are developed” (Oosthuizen, 2016).

SA se neo-liberale ekonomiese beleid het toenemend die elite bevoordeel, ten koste van 'n ongeskoolde werksmag. Gewone burgers was op die staat aangewese vir armoedeverligting, eerder as die sakektor. Die gevolg was dat ekonomiese groei plaasgevind het sonder die uitbreiding van die arbeidsmark.

Die NOP (verwys Hoofstuk 4, afd. 4.4.3.2) sluit egter ontwikkelingsdoelwitte en -programme in wat op grondvlak die welsyn van burgers, soos onderwys, gesondheid, behuising, sekuriteit en

landelike ontwikkeling, aanspreek. Doeltreffende implementering van hierdie programme, ook in die area van die bekamping van korrupsie, kan die lewenskwaliteit van agtergeblewe gemeenskappe aansienlik verbeter en ook ekonomiese vooruitgang bewerkstellig (Tamukamoyo, *et al.*, 2013). Eloff (2014:226) wys uit dat SA se probleem nie die ontwikkeling van beleid is nie, maar die implementering daarvan. Ekonomiese groei en werkverskaffing is bo-aan die lys. Eloff beklemtoon ook dat die ANC, in die area van onderwysstrukture, moet wegdoen met kader-ontplooiing om doeltreffender bestuurskapasiteit daar te stel, veral in die lig van die onlangse studente-onrus ("fees must fall"-veldtog), wat skadelike gevolge in die onderwyssektor tot gevolg gehad het.

6.4.5 'n Nuwe kultuur in die ANC-regering: bevordering van deelname van belanghebbendes en nasiebou

Die konsolidering van die demokrasie hang ook af van die betrokkenheid en deelname van kiesers tydens en tussen verkiesings, sowel as die deelname van outonome burgerlike organisasies – die organe van direkte demokrasie (Suttner, 2004:769). Volgens Suttner bestaan hierdie organisasies op 'n ongelyke vlak in die huidige demokrasie weens die ANC se onduidelike siening oor pluralisme, wat die gevoel onder lede skep dat die betrokkenheid in sosiale bewegings waargeneem kan word as dislojaal. Suttner (2004:769) beklemtoon dat die bestaan van selfbemaagte organe van direkte en deelnemende demokrasie 'n manifestasie van pluralisme is, en burgers word gemobiliseer om deel te neem omdat hulle 'n aandeel in die politieke stelsel het (verwys ook Hoofstuk 2, afd. 2.2.1, wat die gelyke deelname van die "demos" beklemtoon). In Hoofstuk 2, afdeling 2.2.6.1, word veelparty-deelname (poliargie) deur teoretici soos Held en Dahl as voorvereistes vir suksesvolle demokrasie beklemtoon. Die intervensionele rol van die staat behels ook die beskerming van individuele regte, die deelname van minderheidsgroepe aan politieke en ander assosiasies, wat bydra tot die uitbouing van 'n kultuur van vertroue. Hierdie eienskappe ontbreek grootliks in SA – soos die apatie van kiesers transformeer in xenofobiese aanvalle en gewelddadige onrusvoorvalle. SA se sosio-ekonomiese kultuur kort kohesie (die vermoë om op 'n gemeenskaplike basis saam te werk) en een van die belangrikste elemente van suksesvolle regering – politieke, ekonomiese en sosiale vertroue, soos in Hoofstuk 5, afd. 5.5.4 geïllustreer. Nasiebou behels die beskerming en bevordering van norme en waardes van alle groepe in die gemeenskap (Hoofstuk 2, afd. 2.4.2.5). In SA is die vertrouensverhouding tussen die verskillende rasse-groepe en kulture swak, en die strukture wat sosiale kapitaal bou ondoeltreffend. Die dominante posisie van die ANC benadeel die vorming van sosiale bande onder die verskillende bevolkingsgroepe, wat ook op ekonomiese vlak 'n impak het, aangesien ekonomiese aktiwiteit die sosiale samewerking van individue en groepe vereis (Hoofstuk 2, afd. 2.4.2.5).

Volgens Eloff (2014:223) is 'n nuwe kultuur in die ANC en regering nodig om suksesvolle demokratiese konsolidering te bereik. Lekalake wys uit dat Suid-Afrikaanse burgers se positiewe opinie van demokrasie sedert 2011 tot so 'n mate afgeneem het dat SA onder die Afrika-gemiddeld vir “pro-demokratiese”-houdings geklassifiseer word (Lekalake, 2016:2).

6.5 GEVOLGTREKKING

Die erosie van kiesersvertroue as faktor in die Suid-Afrikaanse demokrasie word deurgaans in die studie uitgelig as een van die oorsake van onsuksesvolle demokratisering. Kiesersvertroue is onlosmaaklik verbind aan die houdings, gedrag, waardes en belange van al die deelnemers in die demokrasie (verwys Hoofstuk 1, afd. 1.4.3) en kiesersvertroue is die “gom” wat die verskillende groepe aan mekaar bind.

In die geval van SA se transformasionele proses was die demokratiese ervaring vir die grootste deel van die bevolking nie een van vryheid, gelykheid en voorspoed soos deurgaans in die ANC-manifeste verkondig nie. Die feit dat die gaping tussen ryk en arm steeds een van die grootste uitdagings vir die ANC-regering bly, het hoofsaaklik gelei tot die demokratiese vermoeidheid (De Jager, 2015b:255) wat beslis te bespeur is veral onder die jonger kiesersbevolking. Die afname in stemgetalle, voorvalle van onrus en veral ook die groeiende ondersteuning van meer populistiese partye soos die EFF, is die resultaat van kiesers se ontevreidenheid met die manier waarop demokratiese prosesse bestuur word. Die boodskap van die meer populistiese partye vind aanklank by die arm en werklose gemeenskappe. De Jager verwys na populisme as “the policies of seduction” en haal as volg aan:

“The greatest political capital that populist leaders have is their appeal to the people as a legitimising force for a particular set of ideals or policy positions” (De Jager, 2015b:255).

In die huidige Suid-Afrikaanse politieke klimaat vind die boodskap van populisme – dat die sosio-ekonomiese behoeftes van 'n groot deel van die agtergeblewe gemeenskappe deur die ANC-regering en elite geïgnoreer is – sterk aanklank en kan beslis 'n deurslaggewende rol speel in die 2019 nasionale/provinsiale verkiesing.

Uit die studie is dit verder duidelik dat daar binne die Afrika-konteks sterk ooreenkomste tussen die demokratiese ervaring in SA en die res van sub-Sahara Afrika voorkom, veral wat die denkwysse van leiers aanbetref, sowel as die voorkoms van korrupsie, nepotisme en hegemonie. Lodge (2014) bevraagteken of die Suid-Afrikaanse ervaring van transformasionele demokrasie insigte bied wat universele waarde het. Hy beskryf SA se demokratiseringsproses as deel van die Afrika-geskiedenis:

“Within an African setting, the ANC belongs to a family of political organizations with their roots in liberation politics that attempted to mobilize a popular following on the basis of mass organization drawing on broad social solidarities among oppressed groups” (Lodge, 2014).

Lodge vergelyk SA se transformasie met ander Afrika-state soos Mosambiek, en Angola. Ná hul legitieme institusionalisering in die arena van prosedurele demokrasie, veelpartypolitiek en verkiesings, het die bevrydingsregerings hul organisatoriese basis uitgebrei om ruimte te skep vir 'n meer persoonlike basis van kliëntelitiese politiek. Volgens Lodge (2014) is hierdie “massapartye” besig om te degenerere en hul politieke houvas op industriële ekonomieë te verloor. Redes hiervoor dui hy aan as tegnologiese vooruitgang in verkiesingspolitiek en die afbreek van die tradisionele werkersklas. Die degeneratiewe veranderinge in die ANC weerspieël dus 'n wêreldwye tendens waarvolgens massapartye vervang word deur verkiesingsmasjinerie wat minder afhanklik is van militante aktivisme (Lodge, 2014).

Die trajek wat demokratiese konsolidering in 'n transformasionele staat volg, is die gevolg van 'n evolusionêre proses waardeur demokratiese waardes en strukture oor 'n tydperk gevestig word. Die sosiale kontrak, wat die basis van die grondwetlike ooreenkoms tussen regering en burgers vorm, kan slegs suksesvol tot uitvoer gebring word in 'n omgewing van legitiemiteit en vertroue. Kwame Nkrumah bevestig die rol van die regering as volg:

“We shall measure our progress by the improvement in the health of our people; by the number of children in school, and by the quality of their education; by the availability of water and electricity in our towns and villages, and by the happiness which our people take in being able to manage their own affairs. The welfare of our people is our chief pride, and it is by this that my Government will ask to be judged.” – Dr Kwame Nkrumah, Broadcast to the Nation, 24 December 1957.

In hierdie aanhaling word die kern van die regering se verpligtinge teenoor kiesers saamgevat as die voorsiening van basiese dienste en die verbetering van burgers se welsyn. Suksesvolle demokratisering kan slegs bereik word deur die doeltreffende implementering van beleidsprogramme, en die regering moet fokus op bevrediging van kiesers se werklike behoeftes, eerder as die retoriese boodskap van bevryding. Die rol van kiesersvertroue in die demokrasie is dus om legitiemiteit aan regeringsaksies te verleen deur toenemende deelname van kiesers aan demokratiese prosesse soos politieke aksie by die stembus, eerder as om apaties te wees of aan protesoptogte deel te neem. Rory Stewart, Britse diplomaat, politikus en skrywer, haal as volg aan:

“Democracy is not simply a question of structures. It is a state of mind. It is an activity. And part of that activity is honesty” (Klaukka, et al., 2012).

Konsolidering van die demokrasie kan slegs binne 'n kultuur van vertroue plaasvind, waar 'n gebalanseerde vertrouensverhouding tussen alle belangegroepe op makro-, meso-, en toepassingsvlak van die demokrasie bestaan.

BRONNELYS

(Ten tyde van hierdie studie, was alle skakels na aanlynbronne korrek soos getoon.)

Adebayo, W. 2017. Governance and legitimacy crisis in Africa in the 21st century. Witten: Herdecke University.

Adegboye, A.A. 2013. Consolidating participatory democracy in Africa: The challenges and the way forward. *European Scientific Journal*, 9(2):241-251.

Africa Check. 2013. Factsheet: South Africa's official crime statistics for 2013/14. <https://africacheck.org/factsheets/factsheet-south-africas-official-crime-statistics-for-201314/> Datum van toegang: 12 Apr. 2018.

African Democratic Institute (ADI). 2015. The role of opposition parties in Africa. <http://www.african-di.org/the-role-.of-opposition-parties-in-africa/> Datum van toegang: 11 Sept. 2017.

Afrobarometer. 2006. Resurgent perceptions of corruption in South Africa. Afrobarometer briefing paper no. 43. June. Cape Town: Institute for Justice and Reconciliation (IJR).

Afrobarometer. 2014. Malawi Round 6 survey results. 2nd Release: August 20. http://afrobarometer.org/sites/default/files/media-briefing/malawi/mlw_r6_presentation2_econ_trust.pdf Datum van toegang: 7 Sept. 2017

Afrobarometer. 2015. Government performance and leadership trends in SA; trust and accountability of the President. Afrobarometer Round 6. Cape Town: Institute for Justice and Reconciliation (IJR). http://afrobarometer.org/sites/default/files/media-briefing/south-africa/saf_r6_presentation_24112015.pdf Datum van toegang: 15 Sept. 2017.

Afrobarometer. 2016. *kyk* Mattes, R., Dulani, B. & Gyimah-Boadi, E. 2016.

Afrobarometer. 2017a. Highlights of Round 6 survey findings from 36 African countries. New data from 36 African countries. 20 March 2017.

Afrobarometer. 2017b. South Africa Round 6 Survey Analysis and Results. Institute for Justice and Reconciliation (IJR). 20 March 2017.

Afrobarometer. 2018. News release. 15 February. Report Card: The Zuma era in South Africa, 2009-2018. Institute for Justice and Reconciliation (IJR). Cape Town, South Africa.

Alexander, G. 2014. *kyk* News24, 2014.

Álvarez-Rivera, M. 1999. Election resources on the internet: Republic of South Africa 1999 General Election. <http://electionresources.org/za/system/> Datum van toegang: 22 Apr. 2016.

ANC. 1994a. (African National Congress). Election manifesto. www.anc.org.za/documents/Manifestos/ Datum van toegang: 10 Mei 2016. ^{*90}

ANC. 1994b. (African National Congress). Election results. National and provincial. www.anc.org.za/ Datum van toegang: 10 Mei 2016.*

ANC. 1999. (African National Congress). Election manifesto. www.anc.org.za/documents/Manifestos/ Datum van toegang: 10 Mei 2016.*

ANC. 2004. (African National Congress). Election manifesto. <http://www.anc.org.za/documents/Manifestos/> Datum van toegang: 10 Mei 2016.*

ANC. 2014. (African National Congress). Election manifesto. <http://www.anc.org.za/documents/Manifestos/> Datum van toegang: 10 Mei 2016.*

ANC. 2015. (African National Congress). 4th NGC (National General Council) Report, 8-11 Oct. <http://www.anc.org.za/docs/reps/2015/4> Datum van toegang: 10 Mei 2016.*

ANC. 2007. Strategy and tactics document. SAHO (South African History Online) <http://www.sahistory.org.za/archive/2007-anc-national-policy-conference-report-commission-strategy-and-tactics-30-june-2007> Datum van toegang: 1 Aug. 2018.

Arora, V. & Ricci, L.A. 2006. Unemployment and the labour market. (In Nowak, M. & Ricci, L.A., eds. Post-Apartheid South Africa: The first ten years. International Monetary Fund. p. 34-47).

Beck, K. 2012. South Africa: Democracy, rule of law, and the future. <https://freedomhouse.org/blog/south-africa-democracy-rule-law-and-future> Datum van toegang: 20 Aug. 2017.

^{90*} (Wanneer daar gepoog word om die webtuiste www.anc.org.za te besoek, verskyn die volgende boodskap:

"The ANC's website remains inaccessible amid allegations that it was shut down over an outstanding bill of R32m with its service provider.

If a user attempts to visit anc.org.za they are directed to a message which reads: "This website is suspended due to non-payment to the service provider"

Bron: News24, 29 September 2018).

Beresford, A. 2015. Power, patronage and gatekeeper politics in South Africa. *African Affairs*, February 3: p. 1-23.

Berman, S. 2008. Understanding social democracy. New York: Columbia University.

Bhardwaj, V. 2018. Are there 30 service delivery protests a day in South Africa?
<https://africacheck.org/reports/are-there-30-service-delivery-protests-a-day-in-south-africa-2/>
Datum van toegang: 12 Apr. 2018.

Blind, P.K. 2006. Building trust in government in the 21st century: Review of literature and emerging issues. Paper presented at the 7th Global Forum on Reinventing Government. Vienna, Austria. p. 1-31.

Booyesen, S. 1994. Democracy, liberation and the vote in South Africa's first democratic election: The Matla Trust Voter Education Survey. Paper presented at the Wits History Workshop: Democracy: popular precedents, practice and culture. Johannesburg: Rand Afrikaans University. p. 1-40.

Booyesen, S. 2011. The ANC and the regeneration of political power. Paper presented for the conference: One hundred years of the ANC: Debating liberation histories and democracy today. p. 1-21.

Booyesen, S., ed. 2012. Local elections in South Africa: parties, politics, people. Bloemfontein: Sun Press.

Booyesen, S. 2014a. Election 2014 and the ANC's duet of dominance and decline. *Journal of African Elections*, 14(1):7-34.

Booyesen, S. 2014b. 20 Years of South African democracy: Citizen views of human rights, governance, and the political system. Johannesburg: Freedom House.

Booyesen, S. 2015. Dominance and decline: The ANC in the time of Zuma. Johannesburg: Wits University Press.

Booyesen, S. & Masterson, G. 2009. South Africa (In Kadima, D. & Booyesen, S., eds. 2011. Compendium of elections in Southern Africa 1989-2009: 20 Years of multiparty democracy. Johannesburg: EISA (Electoral Institute for Sustainable Democracy in Africa). p. 412-414).

Botha, S. 1984. Teorie van elitegroepe: C. Wright Mills (In Faure, A.M. & Kriek, D.J., reds. Moderne politieke teorie. Durban: Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk. p. 100-116.)

Bratton, M., ed. 2013. Voting and Democratic Citizenship in Africa (excerpt). Boulder, CO: Lynne Rienner Publishers. p. 1-15.

Bratton, M., Bhavnani, R. & Chen, T. 2011. Voting intentions in Africa. Ethnic, economic or partisan. Afrobarometer working paper No. 127.

Bratton, M. & Gyimah-Boadi, E. 2016. Do trustworthy institutions matter for developments? Corruption, trust, and government performance in Africa. Afrobarometer Round 6, Dispatch no. 11. p. 1-17.

Bratton, M. & Mattes, R. 2001. Support for Democracy in Africa: Intrinsic or instrumental? *British Journal of Political Science*, 31(3):447-474.

Bratton, M., Mattes, R. & Gyimah-Boadi, E., eds. 2005. Public Opinion, democracy, and market reform in Africa. Cambridge: Cambridge University Press.

Brooks, H. 2004. The Dominant Party System: Challenges for South Africa's second decade of democracy. EISA occasional paper no. 25, October 2004.

Brouwer, P. 1984. Teorie van demokrasie: Dahl. (In Faure, A.M. & Kriek, D.J., eds. *Moderne politieke teorie*. Durban: Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk. p. 35-56.)

Businesstech Staff Writer. 2014. SA population flocking to cities.

<https://businesstech.co.za/news/general/62749/sa-population-flocking-to-cities/> Datum van toegang: 1 Jun. 2017.

Canovan, M. 2008. The people. (In Dryzek, J.S., Honig, B. & Phillips, A., eds. *The Oxford handbook of political theory*). Oxford: Oxford University Press. p. 349-362.

Council for the Advancement of South African Constitution (CASAC). 2014. Public Protector's Report on Nkandla. Media Statement. 24 March 2014. <http://www.casac.org.za/wp-content/uploads/2015/02/CASAC-Statement-on-PP-Report-on-Nkandla.pdf> Datum van toegang: 26 Mar. 2018.

Chambers, S. & Kopstein, J. 2008. Civil Society and the State. (In Dryzek, J.S., Honig, B. & Phillips, A., eds. *The Oxford handbook of political theory*. Oxford: Oxford University Press. p. 363-381).

Cheeseman, N. 2015. Democracy in Africa: Successes, failures, and the struggle for political reform. New York, NJ: Cambridge University Press.

Chingwete, A. 2016. In South Africa, citizens' trust in president, political institutions drop sharply. Afrobarometer Dispatch no. 90.

Chingwete, A. & Nomdo, A. 2016. Despite decline in lived poverty, South Africans increasingly pessimistic about the economy. Afrobarometer Dispatch no. 83.

Cilliers, J. 1984. Teorie van politieke ontwikkeling: Apter. (In Faure, A.M. & Kriek, D.J., reds. Moderne politieke teorie. Durban: Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk. p. 151-167.)

Citrin, J. 1974. Comment: the political relevance of trust in government. *The American Political Science Review*, 68(3):973-988.

Clapham, C. 2012. From liberation movement to government: part legacies and the challenge of transition in Africa. Discussion Paper 8. Johannesburg: The Brenthurst Foundation.

Cohen, J. 1999. Trust, voluntary association and workable democracy: the contemporary American discourse of civil society. (In Warren, M.E., red. Democracy and trust. Cambridge: Cambridge University Press. p. 208-289.)

Collins Dictionary. 2016. Born free. <http://www.collinsdictionary.com/dictionary/english/born-free>
Datum van toegang: 20 Aug. 2016.

Comerasamy, H. 2012. Literature based research. University of Brighton, UK.
www.slideshare.net/huguette_comerasamy/literature-based-research-methodology Datum van toegang: 18 Jun. 2016. [Powerpoint presentation].

Corruption Report. 2017. Corruption Watch. www.corruptionwatch.org.za/cw-2016-report-shows-increasing-intolerance-corruption/ Datum van toegang: 20 Mei 2018.

Corruption Report. 2018. *kyk* South Africa Corruption Report. 2019.

Corruption Watch. 2015. Corruption Watch. www.corruptionwatch.org.za/annual-report-2014-corruption-is-growing/ Datum van toegang: 20 Mei 2018

Cowan, K. 2018. Estina: From R9k to R34-million in one day – and how the Guptas stole it. *Sunday Times*, 22 Jan. <https://www.timeslive.co.za/news/2018-01-22-estina-how-the-guptas-stole-millions/> Datum van toegang: 20 Mei 2018.

Daniel, S. 2017. ANC fail: The ANC set South Africa up to fail. *News24*, 1 March.
www.news24.com/MyNews24/the-anc-set-south-africa-up-to-fail-20170228 Datum van toegang: 16 Jun. 2018.

Dahl, R.A. 1982. Dilemmas of pluralist democracy. New Haven: Yale University Press.

Dahl, R.A. 1999. The past and the future of democracy. No 5. Centre for the Study of Political Change (CIRCAP). Sienna: University of Sienna.

Dahl, R.A. 2015. On democracy. New Haven: Yale University Press.

Dames, G.E. 2008. Ethical leadership in and through labour, business and politics.

Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif, 49(3&4).

<http://ojs.reformedjournals.co.za/index.php/ngtt/article/view/805>. Datum van toegang: 20 Jan. 2016.

Davids, Y.D., Roberts, B. & Struwig, J. 2016. Fostering an inclusive development agenda in South Africa: Citizen voices and government policy responses. HSRC Policy Brief, March.

De Jager, N., ed. 2015. South African politics: An introduction. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.

Diamond, L.J. 1999. Defining and developing democracy. Baltimore: JHU Press.

Diamond, L.J. 2008. The spirit of democracy: The struggle to build free societies throughout the world. New York: Times Books/Henry Holt and Co.

Diamond, L.J. 2016. Democracy in decline. How Washington can reverse the tide. *Foreign Affairs*, 13 Jun. <https://www.foreignaffairs.com/articles/world/2016-06-13/democracy-decline>
Datum van toegang: 3 Sept. 2017.

Diamond, L.J. & Morlino, L. 2004. The quality of democracy. *Journal of democracy*, 15(4):20-31.

Diamond, L.J. & Plattner, M.F., eds. 2007. Democracy in decline? *Journal of democracy*. International forum of democratic studies. Washington, DC: John Hopkins University Press.

Dolamo, R. 2013. Botho/Ubuntu: The heart of African ethics. *Scriptura*, 112(1): 1-10.
<http://scriptura.journals.ac.za> Datum van toegang: 16 Feb. 2016.

Dr Kwame Nkrumah, *Broadcast to the Nation*: 24 December 1957. Quotes from Kwame Nkrumah. 1997-2018 Pan-African Perspective.

<http://www.panafricanperspective.com/nkrumahquotes.html> Datum van toegang: 20 Sept. 2018.

Dryzek, J.S., Honig, B. & Phillips, A., eds. 2008. The Oxford Handbook of Political Theory. Oxford: Oxford University Press.

Du Pisani, A. 1984. Afhanklikheidsteorie: Frank. (In Faure, A.M. & Kriek, D.J., reds. *Moderne politieke teorie*. Durban: Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk. p. 353-370).

Du Plessis, G.A. 2017. South Africa's media now rated 'partly free' as it drops in freedom rankings. *Rand Daily Mail*, 4 Mei. <https://www.businesslive.co.za/rdm/news/2017-05-04-south-africas-press-now-rated-partly-free-as-it-drops-in-freedom-rankings/> Datum van toegang: 18 Jun. 2018.

Du Toit, A. 2017. The real risks behind SA's social grant payment crisis. *Business Live*, 21 Feb. <https://www.businesslive.co.za/bd/opinion/2017-02-21-the-real-risks-behind-sas-social-grant-payment-crisis/> Datum van toegang: 18 Jun. 2018.

Du Toit, P. & De Jager, N. 2014. South Africa's Dominant-Party System in Comparative Perspective. *Taiwan Journal of Democracy*, 10(2):93-113.

Du Preez, M. 2014. Are we on a slippery slope to a failed state. *SA Good News*, 2 Dec. <https://www.sagoodnews.co.za/are-we-on-a-slippery-slope-to-a-failed-state-asks-max-du-preez/> Datum van toegang: 4 Aug. 2018.

Eberhart, A. & Godinho, C. 2017. Eskom inquiry reference book. Cape Town: Graduate School of Business, University of Cape Town.

Economist Intelligence Unit. 2011. The Democracy Index. Democracy under stress www.eiu.com/public/topical_report.aspx?campaignid=DemocracyIndex2011 Datum van toegang: 16 Jun. 2018.

Edelman Trust Barometer. 2013. Edelman Intelligence. <https://www.edelman.com/research/edelman-trust-barometer-archive> Datum van toegang: 2 Jul. 2017.

Edigheji, O., ed. 2010. Constructing a democratic developmental state in South Africa. Potentials and challenges. Cape Town: HSCR Press.

Eek, D. & Rothstein, B. 2005. Exploring a causal relationship between vertical and horizontal trust. QOG Working Paper Series. Gothenburg: Gothenburg University.

EISA. 1995/1996. (Electoral Institute for Sustainable Democracy in Africa). South Africa: 1995/96 Local government election results – votes per party. www.eisa.org.za/wep/sou1995results2.htm Datum van toegang: 19 Mei 2016.

EISA. 2004. (Electoral Institute for Sustainable Democracy in Africa). South African local government election 2000: Party support, proportional representation ballot. African Democracy Encyclopaedia Project. <https://www.eisa.org.za/wep/sou2000results1.htm> Datum van toegang: 19 Mei 2016.

EISA. 2005 *kyk* Letsholo, S. 2005.

EISA. 2011. (Electoral Institute for Sustainable Democracy in Africa). South Africa political party funding. African Democracy Encyclopaedia Project. <https://www.eisa.org.za/wep/souparties2.htm> Datum van toegang: 19 Mei 2016.

Eloff, T. 2017. Turning Point – South Africa at a crossroads. Cape Town: Tafelberg.

Ensor, L. 2017. State capture inquiry tackles Molefe's Eskom contract and R30m pension payout. *Business Day*, 5 Dec. <https://www.businesslive.co.za/bd/national/labour/2017-12-05-eskoms-molefe-full-time-employee-or-on-a-five-year-contract/> Datum van toegang: 19 Mei 2018.

Esterhuyse, W.P. 1984. Teorie van 'oop' organisasiesistels: Mayo. (*In* Faure, A.M. & Kriek, D.J., *reds.* Moderne politieke teorie. Durban: Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk. p. 511-523).

Evans, P.B. 2010. Constructing the 21st century development state: Potentials and pitfalls. (*In* Edigheji, O., *ed.* Constructing a developmental state in South Africa: Potentials and pitfalls. Cape Town: HSRC Press. p. 37-58).

Fakir, E. 2009. Politics state and society in South Africa: Between leadership, trust and technocrats. Development planning division working paper. Series no 1. DBSA.

Fakir, E., Holland, W. & Koter, K., *eds.* 2014a. South African youth: Politically pathetic? EISA (Electoral Institute for Sustainable Democracy in Africa). South Africa, Election updates. Issue 9. *kyk ook* Potgieter, E. & Lutz, B.F. 2014.

Fakir, E., Holland, W. & Kotler, K., *eds.* 2014b. South Africa 2014 election updates: The final issues – private funding of political parties, youth participation and new political entrants. EISA (Electoral Institute for Sustainable Democracy in Africa). South Africa, Election updates. Issue 9.

February, J. 2018. Protest Nation. *Daily Maverick*, 23 May. <https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2018-05-23-protest-nation/> Datum van toegang: 17 Jun. 2018.

- February, J. & Faull, J. 2014. 'Slicing and dicing the 2014 election data: What are the implications for the ANC, DA and EFF?'. ISS Presentation.
<https://oldsite.issafrica.org/uploads/2014-Election-Data-Jonathan-Faull.pdf> Datum van toegang: 20 Jun. 2017.
- Fieser, J. & Dowson, B., eds. 2017. Social contract theory. www.iep.utm.edu/soc-cont Datum van toegang: 25 Mei 2017.
- Foa, R.S. & Mounk, Y. 2016. The democratic disconnect. *Journal of Democracy*, 27(3):5-17.
- Fombad, C.M. 2016. The implementation of modern African democracies: Challenges and prospects. Pretoria: Pretoria University Law Press (PULP).
- Forrest, D. 2002. Slip-sliding away. *Mail & Guardian*, 1 Jan. <http://mg.co.za/article/2002-01-01-slip-sliding-away> Datum van toegang: 25 Mei 2016.
- FOTP. 2017. Freedom of the Press. South Africa's media now rated 'partly free' as it drops in freedom rankings. *Business Live*, 4 May. <https://www.businesslive.co.za/rdm/news/2017-05-04-south-africas-press-now-rated-partly-free-as-it-drops-in-freedom-rankings/> Datum van toegang: 5 Feb. 2018.
- Forster, D. 2006. Identity in relationship: The ethics of ubuntu as an answer to the impasse of individual consciousness. <https://www.scribd.com/document/319817778/Ubuntu-and-Identity-D-Forster-2006> Datum van toegang: 7 Mei 2017.
- Freedom House. 2009. Freedom in Sub-Saharan Africa. A survey of political rights and civil liberties. Washington, DC: Freedom House.
- Freedom House. 2016 *kyk* Puddington, A. & Roylance, T. 2016.
- Fritz, V. & Menocal, R. 2007. Developmental states in the new millennium: Concepts and challenges for a new aid agenda. *Development Policy Review*, 25(5):531-552.
